# Begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging: ’n Narratief-pastorale benadering


**M Barnard**

**orcid.org/0000-0003-3533-1339**


Proefskrif voorgelê ter nakoming vir die graad *Philosophiae Doctor in Pastorale Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Promoter: Dr HE Pienaar

Mede-promoter: Dr RA Denton


Gradeplegtigheid: Oktober 2018

Studentenommer: 26865327

# ERKENNINGS

Ek wil my opregte dank en waardering uitspreek teenoor elkeen wat die pad saam met my gestap het en ŉ bydrae gelewer het om hierdie studie moontlik te maak:

- Met dankbaarheid teenoor die Here vir die voorreg om hierdie studie te kon aanpak en te voltooi. Aan die Here al die eer en lof!
- Estelle, my eggenoot, baie dankie vir jou lojaliteit en ondersteuning. Jou aanmoediging en aansporing het die wa deur die drif getrek.
- My kinders, Marizelle, Elmarie en Marisa, baie dankie vir jul ondersteuning en dat jul verstaan het as ek moes deurdruk met die studies.
- My ouers, Martin en Louise Barnard. Baie dankie vir jul ondersteuning op ŉ wye front asook die praktiese hulp om dit moontlik te maak om by die klasse uit te kom via vervoer na Pretoria.
- Dr. Elmo Pienaar en Dr. Rudy Denton, my studieleiers, baie dankie vir die ondersteuning by wyse van jul kundigheid, wysheid en leiding.
- NG Vishoek, wat ŉ uiters besondere gemeente, wat betref haar leierskap asook gemeentelede. Hartlike dank vir jul ondersteuning deur hierdie proses.
- My kollega, Ds. Jan van Heerden. Die Here het my geseën met ŉ kollega duisend. Dankie vir al die gesprekke en gebede elke Donderdagoggend en ook vir jou motivering.
- My vriende, baie dankie vir jul belangstelling, gebede en ondersteuning.
- Hartlike dank ook aan elke gespreksgenoot wat bereid was om aan hierdie studie deel te neem.
- Prof. Franci Jordaan, baie dankie vir jou noukeurige taalkundige versorging van hierdie studie.

Martin Barnard; Junie 2018

# OPSOMMING


**BEGELEIDING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING: ʼn NARRATIEF-PASTORALE BENADERING**

Die middeljarige wit Afrikaanse man wat homself in die werkplek betref, vind homself in ʼn uitdagende situasie. Om afgelê te word by die werk, skep geweldige trauma veral as gevolg van die geskiedenis van Suid-Afrika. Wit Afrikaanse mans in hul middeljare word nie sommer meer in diens geneem nie as gevolg van die Gelykstellende Aksie Wet As hul in hul middeljare hul werk verloor is die krisis dat hul kinders normaalweg in die hoërskool of selfs universiteit is, hul ouers is ook in ʼn gevorderde lewensstadium en het ook die meeste van die tyd finansiële hulp nodig. Wit Afrikaanse mans word ook groot vanuit hul kultuur en identiteit dat hul die broodwinners moet wees wat verdere druk plaas op die wit Afrikaanse man. Die verlies aan status, inkomste en sekuriteit het ʼn traumatiese effek op die persoon se selfkonsep en identiteit.

Die doelstelling van die studie is om narratiewe pastorale teologiese hulpverlenings-riglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die vier take vir prakties-teologiese interpretasie, soos deur Osmer uiteengesit, gevolg te wete:

- Beskrywende-empiriese taak - “Wat gaan aan?”
- Interpreterende taak - “Waarom gebeur dit?”
- Normatiewe taak - “Wat behoort te gebeur?”
- Pragmatiese taak - “Hoe kan ons daarop reageer?”

ʼn Empiriese kwalitatiewe studie is gedoen onder die gespreksgenote waar daar gefokus is op die identiteitsbeskouing van die wit Afrikaanse man, hoe die groep werk beskou, asook die impak (emosioneel, finansieel en sosiaal) van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk verloor as gevolg van verpligte aflegging. Daar is ook besin oor die effek van werksverlies op hierdie groep se verhouding met die Here en wat vir hul sin gee asook die effek van regstellende aksie in die soeke na werk. Die reis saam met die gespreksgenote het getoon dat hierdie belewenis van werksverlies ʼn traumatiese impak het op die middeljarige wit Afrikaanse man en hul verhoudinge. Dit is nodig dat narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne

daargestel moet word vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Vanuit die interpreterende taak is daar beskryf waar die narratiewe benadering tuiskom in Praktiese Teologie. Die interpreterende taak vra die vraag: “Hoekom gebeur dit?” Die interpreterende taak gaan voort om ryker in gesprek te gaan met gewaarwordinge vanuit die beskrywende-empiriese taak. In hierdie hoofstuk is die aangrensende wetenskappe nagevors oor die beskouing van man wees deur die wit Afrikaanse man, hoe die wit Afrikaanse man werk beskou asook die kenmerke van werk, watter effek die middeljare op die wit Afrikaanse man het wat sy werk verloor asook emosionele aspekte wat die wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, met inbegrip van trauma en die rouproses, ervaar. Die soeke na nuwe werk is ook aan die woord gestel met spesifieke verwysing na regstellende aksie. Daar is ook ’n literatuurstudie oor sosiale geregtigheid asook ekonomiese geregtigheid gedoen.

By die normatiewe taak is die gespreksgenote se geloofsverhale reeds hier ingebind wat eintlik die wyse is waarop daar ’n keuse gemaak kon word waar om in die Skrif te soek. Voorts het die normatiewe taak gefokus op die identiteitsbeskouing van die Christengelowige vanuit die Skrif en wat die Skrif se siening is oor werk. Verlies en voorbeelde van verlies in die Skrif is bespreek en sosiale geregtigheid is aan die orde gestel. Daar is verhale uit die Skrif wat toon dat mense met God kan worstel oor hul situasie, waar hul, hul nood kan uitspreek. God is in die genoemde verhale van die Skrif by die noodlydende, al word die krisis situasie nie opgelos nie. Die gespreksgenote wys daarop dat om saam met God deur verlies te werk skep hoop. Hooploosheid is om sonder God te wees in verlies situasies.

Die beskrywende-empiriese-, interpreterende- en normatiewe take het voorts in die pragmatiese taak in gesprek getree met mekaar. Vanuit hierdie gesprek is narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging daargestel. Die Narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging wat voorgestel word, is ’n praktiese wyse waarop die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging begelei kan word om nuwe betekenis te gee aan hul situasie.

**SLEUTELTERME:** Wit; Afrikaanse; Mans; Middeljare; Aflegging; Werk; Pastorale Teologie; Narratief en Sosiale geregtigheid

# SUMMARY/ABSTRACT


**GUIDING OF THE MIDDLEAGED WHITE AFRIKAANS SPEAKING MAN UNDER COMPULSORY JOB-LOSS: A NARRATIVE PASTORAL APPROACH**

It has become an increasingly common phenomena in post-Apartheid South Africa to find the middle aged white Afrikaans speaking man in the workplace in a challenging situation. To be retrenched at work creates tremendous trauma, especially because of the history of South Africa. White Afrikaans speaking men in midlife are no longer employed as a result of the Employment Equity Act. If they lose their jobs in their midlife years, the crisis is twofold; loss of finances for their children and elderly parents. White Afrikaans speaking men's find their identity and culture under threat due to the pressure on them because they need to provide the main income and must provide housing, food, clothing etc. The loss of status, income and security has a traumatic effect on a person's self-concept and identity.

The aim of the study is to compile narrative pastoral theological guidelines for the assisting of middle aged white Afrikaans speaking man during compulsory job-loss. For the purposes of this study, the four tasks for practical theological interpretation, as outlined by Osmer, will be used as methodology.

- Descriptive empirical task - "What is happening?"
- Interpretative task - "Why does it happen?"
- Normative task - "What should happen?"
- Pragmatic task - "How can we respond to it?"

An empirical qualitative study was conducted among the fellow co-researchers who focused on the identity of the white Afrikaans speaking man; how the group regards work as well as the enormous impact (emotional, financial and social) of job loss in the white Afrikaans speaking man during his midlife. There is also research on the effect of job loss on this target group's relationship with the Lord and what gives them a sense of purpose, as well as the effect of Affirmative Action. It is essential that narrative pastoral guidelines be put in place for the guidance of middle aged white Afrikaans speaking man in compulsory job-loss.

The interpretative task is in conversation with the descriptive-empirical task. This chapter has its focus on the three key elements highlighted in the co-researchers

stories. A literature study of related sciences has been conducted to answer the question: “Why is this going on?” The co-researchers stories focussed on identity of the Afrikaans speaking man, his perception on work as well as characteristics of work. The co-researchers told stories of emotional and traumatic loss in compulsory job-loss. A Literature study on Affirmative action and social justice has been done.

The normative task focused on the Word of God and how characters in the Bible experience loss in their context. It is clear through the Word of God that people can struggle through their loss with God. They expressed their anger, frustration and need to God. It is also clear that God is present for the person in need, even though his crisis situation is not always resolved. To work alongside God through their dominant story and story of frustration brings hope. To be without hope is to be without God.

The pragmatic task is an integration of the descriptive-empirical task, interpretive task and the normative task. These different tasks are in conversation with each other and move from theory to practice. Through the stories of the co-researchers it is clear that the middle aged white Afrikaans speaking man doesn’t share his emotions and is somebody who is driven by pride. They need to realize that they can’t handle everything on their own and need to seek help. These men experience huge trauma that threatens their own lives, relationships with people and the future of their families. The Narrative pastoral theological guidelines for the guidance of the middle aged white Afrikaans speaking men in compulsory job-loss is suggested as a practical way in which these men can be guided to give new meaning to their situations.

**KEYWORDS:** White; Afrikaans; Men; Midlife; Job-loss; Pastoral Theology; Narrative and Social justice

ABC EDITING & PROOF-READING
DR FRANCI JORDAAN

Hiermee verklaar ek, **Franci Petra Jordaan (ID nommer: 620410 0010 083)**, dat ek die taalversorgingswerk vir **Martin Barnard (Studentenommer 26865327)** vir die tesis ter verwerwing van die graad ***Philosophiae Doctor in Pastorale Studies***, gedoen het.

My ondervinding is die volgende:

Taalversorging van:

- 16 PhD proefskrifte
- 24 Meestergraadverhandelings
- Wetenskaplike artikels in verskeie vakgebiede
- Taalversorging van bundels/boeke en artikels spesifiek vir Prof. Wentzel Coetzer (Praktiese Teologie, NWU – Potchefstroomkampus) en Prof. Jaco Fouche (Financial Training Institute – Skool vir Ekonomie, NWU – Vaaldriehoekkampus) gedoen het en steeds doen.
- Vertaling van boeke van Joseph Prince en Joel Osteen vanuit Engels na Afrikaans.
- Vertaling van Bybelstudiewerkstukke vanuit Engels na Afrikaans vir Every Nation Faith City in Potchefstroom.
- Skaduskrywer van twee boeke getiteld *Stille Avontuur* en *Wanneer die Onmoontlike Moontlik word.*



**DR. FP JORDAAN**

# INHOUDSOPGAWE


**ERKENNINGS**

**OPSOMMING**

**ABSTRACT**

**HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE NAVORSINGSONDERWERP........................................** 1

**1.1 INLEIDING.................................................................................................................** 2

**1.2 ORIëNTASIE/ AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING...............................................** 2

**1.3 OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIPPE.......................................................................** 5
1.3.1 Narratiewe benadering........................................................................................... 5
1.3.1.1 Sleutelterminologie in narratiewe benadering................................................ 6
1.3.1.1.1 Eksternalisering................................................................................................ 6
1.3.1.1.2 Metafore.......................................................................................................... 6
1.3.1.1.3 Dekonstruksie................................................................................................... 7
1.3.1.1.4 Dekonstruksie van mag.................................................................................... 7
1.3.1.1.5 Dominante narratief/verhaal............................................................................ 7
1.3.1.1.6 Alternatiewe narratief/verhaal......................................................................... 7
1.3.1.1.7 Identiteit deur die narratiewe lens.................................................................. 8
1.3.2 Praktiese Teologie.................................................................................................. 8
1.3.2.1 Verskeie definisies van Praktiese Teologie..................................................... 8
1.3.2.2 Die verhouding tussen Praktiese Teologie en Pastorale Teologie.................. 9
1.3.3 Middeljare/Middelvolwassenheid ........................................................................... 9
1.3.4 Wit Afrikaanse man................................................................................................ 10
1.3.5 Aflegging/ "verpligte werksverlies"......................................................................... 11
1.3.6 Werk....................................................................................................................... 11
1.3.7 Kultuur en Identiteit ............................................................................................... 12
1.3.8 Rouproses.............................................................................................................. 13

**1.4 STATUS VAN NAVORSING..........................................................................................** 13

**1.5 PROBLEEMSTELLING..................................................................................................** 15
1.5.1 Trauma van die afleggingsproses........................................................................... 16

**1.6 NAVORSINGSVRAAG....................................................................................................** 18

**1.7 DOELSTELLING EN DOELWITTE..................................................................................** 18
1.7.1 Doelstelling............................................................................................................. 18
1.7.2 Doelwitte................................................................................................................. 18

**1.8 DIE SENTRALE TEOLOGIESE ARGUMENT..................................................................** 19

**1.9 METODOLOGIE...........................................................................................................** 19
1.9.1 Beskrywende-Empiriese taak.................................................................................. 20
1.9.2 Interpreterende Taak.............................................................................................. 21
1.9.3 Normatiewe taak..................................................................................................... 22
1.9.4 Pragmatiese taak.................................................................................................... 23
1.9.4.1 Vrae wat hieruit voortgespruit het, is die volgende:........................................ 24

**1.10 SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSPROSEDURE.......................** 24

**HOOFSTUK 2: DIE BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK** ........ 28

**2.1 INLEIDING** ........ 29

**2.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING** ........ 30
2.2.1 Die Beskrywende-empiriese taak ........ 30
2.2.2 Die Interpreterende taak ........ 30
2.2.3 Die Normatiewe taak ........ 30
2.2.4 Die Pragmatiese taak ........ 30

**2.3 NAVORSINGSONTWERP** ........ 31

**2.4 NAVORSINGSMETODE** ........ 33
2.4.1 Navorsing omgewing ........ 34
2.4.2 Metode van data insameling ........ 34
2.4.2.1 Groepe, Steekproef en steekproefgrootte ........ 34
a) Groepe ........ 34
b) Voorgestelde grootte van groep en motivering ........ 35
c) Die proses van werwing ........ 35
2.4.3 Data analise metode ........ 35
2.4.4 Die rol van die navorser ........ 36

**2.5 ETIESE OORWEGINGS/ IMPLIKASIES OP DIE NAVORSING** ........ 38
2.5.1 Beraamde risiko vlak ........ 38
2.5.2 Wat word verwag van die respondente gedurende die insameling van data? ........ 38
2.5.3 Waarskynlike belewenisse van respondent ........ 39
2.5.4 Risiko's en voorsorgmaatreëls ........ 42
2.5.5 Voordele vir gespreksgenote ........ 42
2.5.6 Risiko/ voordele analise ........ 43
2.5.7 Kundigheid, vaardighede en wetlike bevoegdhede ........ 43
2.5.8 Fasiliteite ........ 43
2.5.9 Regsgoedkeuring ........ 43
2.5.10 Welwillendheidstoestemming ........ 44
2.5.11 Insentiewe en/of vergoeding van gespreksgenote ........ 44
2.5.12 Aankondiging/verspreiding van die resultate van die studie aan die gespreksgenote ........ 44
2.5.13 Privaatheid en konfidensialiteit ........ 44
2.5.14 Die bestuur, stoor en vernietiging van data ........ 44
2.5.15 Monitering van navorsing ........ 45

**2.6 DATAGROEPERING** ........ 45
2.6.1 Bondige weergawe van die gespreksgenote se verhale ........ 46
2.6.1.1 Gespreksgenoot 1: Danie ........ 46
2.6.1.2 Gespreksgenoot 2: Marc ........ 49
2.6.1.3 Gespreksgenoot 3: Brian ........ 51
2.6.1.4 Gespreksgenoot 4: Leon ........ 53
2.6.1.5 Gespreksgenoot 5: Shaun ........ 54
2.6.1.6 Gespreksgenoot 6: Gerrit ........ 55
2.6.1.7 Gespreksgenoot 7: Norman ........ 58
2.6.1.8 Gespreksgenoot 8: Stefan ........ 59
2.6.1.9 Gespreksgenoot 9: Riaan ........ 61
2.6.1.10 Samevatting ........ 62

**2.7 HOOFTEMA 1: IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING................................................ 62**

2.7.1 Subtema 1: Karaktereienskappe van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging........................................................................................................ 63
2.7.1.1 Kenmerke van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging............ 64
2.7.1.1.1 Dissipline.................................................................................................................. 64
2.7.1.1.2 Respek...................................................................................................................... 64
2.7.1.1.3 Praat nie oor emosies nie.......................................................................................... 65
2.7.1.1.4 Trots......................................................................................................................... 66
2.7.1.1.5 Sukkel om as Afrikaners saam te werk...................................................................... 66
2.7.1.1.6 Veerkragtig............................................................................................................... 67
2.7.1.1.7 Werksetiek................................................................................................................ 67
2.7.1.2 Primêre voorsiener in terme van behuising, voedsel, kleding en skoolfonds oftewel tersiêre kostes asook hoof van die huishouding.............................................. 68
2.7.1.2.1 Behuising.................................................................................................................. 68
2.7.1.2.2 Voedsel, kleding, skoolfonds en tersiêre kostes........................................................ 69
2.7.1.2.3 Hoof van die huishouding.......................................................................................... 71

**2.8 HOOFTEMA 2: WERKSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING................................................ 72**

2.8.1 Subtema 1: Werksgebaseerde identiteit as ŉ dinamiese aktiwiteit............................. 73
2.8.1.1 Algemene menslike behoeftes van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging............................................................................................ 73
2.8.1.1.1 Selfwaarde................................................................................................................ 74
2.8.1.1.2 ŉ Doel in die lewe...................................................................................................... 75
2.8.1.1.3 Gehoorsaamheid aan die Here se opdrag................................................................. 76
2.8.1.1.4 Sosiale kontekste...................................................................................................... 76

**2.9 HOOFTEMA 3: WERKSVERLIES BY DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING.......................................................................... 77**

2.9.1 Subtema 1 : Emosionele aspekte in sake die verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging........................................................... 80
2.9.1.1 Die rou fases en die verwerking van die verlies as gevolg van verpligte aflegging van die wit Afrikaanse man in sy middeljare............................................................... 80
2.9.1.1.1 Skok en ontkenning.................................................................................................. 80
2.9.1.1.2. Woede....................................................................................................................... 83
2.9.1.1.3 Gevoel van depressie................................................................................................ 84
2.9.1.1.4 Gevoel van selfdood pleeg......................................................................................... 87
2.9.1.1.5 Skuldgevoelens......................................................................................................... 87
2.9.1.1.6 Verlies van gesondheid............................................................................................. 88
2.9.1.1.7 Onderhandeling......................................................................................................... 89

2.9.2 Subtema 2 : Finansiële aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging................................................................. 90
2.9.2.1 Die effek van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging en sy siening van aftrede beplanning.......................................................... 90
2.9.2.1.1 Finansiële voorsorg vir naderende aftrede................................................................. 90
2.9.2.1.2 Kinders: finansies vir onderrig.................................................................................... 91

2.9.2.1.3 Finansiële ondersteuning vir ouers.......... 92
2.9.2.1.4 Finansiële skuldlas.......... 92

2.9.3 Subtema 3: Sosiale aspekte in sake verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.......... 94
2.9.3.1 Verandering aan die gesinslewe as gevolg van die middeljarige wit Afrikaanse man se verpligte verlies aan werk.......... 94
2.9.3.1.1 Effek op die gesin.......... 94
2.9.3.1.2 Effek op die verhouding met sy vrou.......... 95
2.9.3.1.3 Effek op die verhouding met die kinders.......... 97

2.9.3.2 Verandering wat die middeljarige wit Afrikaanse man beleef by die gemeenskap ten tyde van verpligte werksverlies.......... 99
2.9.3.2.1 Besigheidsektor laat hul in die steek.......... 100
2.9.3.2.2 Gemeenskap laat hul in die steek.......... 100
2.9.3.2.3 Vriende laat hul in die steek .......... 101
2.9.3.2.4 Introspeksie van die man ten opsigte van sosiale interaksie.......... 101

2.9.4 Subtema 4: Regstellende aksie en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, wat soekend is na nuwe werksgeleenthede.......... 102
2.9.4.1 Die effek van regstellende aksie op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.......... 102
2.9.4.1.1 Regstellende aksie is die oorsaak hoekom die middeljarige wit Afrikaanse man nie werk kry nie.......... 103
2.9.4.1.2 Regstellende aksie is nodig maar word verkeerd geïmplementeer.......... 104
2.9.4.1.3 Regstellende aksie noop die middeljarige wit Afrikaanse man om sy eie besigheid .............te begin.......... 105
2.9.4.1.4 Die land het my in die steek gelaat.......... 106

2.9.5 Subtema 5: Werksverlies se effek op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met God.......... 106
2.9.5.1 Die effek van werksverlies op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here.......... 106
2.9.5.1.1 Positiewe ervaring in sy verhouding met die Here.......... 107
2.9.5.1.2 "Wipplank" ervaring in sy verhouding met die Here.......... 109
2.9.5.1.3 Ervaring van kerke in werksverlies.......... 110
2.9.5.1.4 Ervaring dat God mense gebruik in werksverlies.......... 111
2.9.5.1.5 Here, hoekom ek?.......... 112

2.9.5.2 Wat gee sin en betekenis vir die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?.......... 113
2.9.5.2.1 Geloof in God.......... 113
2.9.5.2.2 Vrou en kinders.......... 113
2.9.5.2.3 Versorging van gesinne.......... 114

**2.10 VOORLOPIGE SAMEVATTING..........** 115

**2.11 SLOTOPMERKING..........** 118

**HOOFSTUK 3: DIE INTERPRETERENDE TAAK** .......... 119

**3.1 INLEIDING** .......... 120

**3.2 PRAKTIESE TEOLOGIE** .......... 121
3.2.1 Inleiding oor Praktiese Teologie .......... 121
3.2.2 Definiëring van Praktiese Teologie .......... 121
3.2.3 Die verhouding tussen Praktiese Teologie en Pastorale Teologie .......... 123

**3.3 DIE NARRATIEWE BENADERING** .......... 126
3.3.1 Inleiding tot die narratiewe benadering .......... 126
3.3.2 Beskrywing van die Narratiewe benadering .......... 127
3.3.2.1 Die narratiewe benadering en verhale .......... 128
3.3.2.2 Definisie van narratiewe benadering .......... 130

3.3.3 Die narratiewe benadering in aksie .......... 130
3.3.3.1 Die belangrikheid van taal en betekenis .......... 130
3.3.3.2 Dominante narratief/verhaal in die narratiewe benadering .......... 131
3.3.3.3 "Die probleem is die probleem." .......... 132
3.3.3.4 Eksternalisering in narratiewe benadering .......... 132
3.3.3.5 Metafore in narratiewe benadering .......... 133
3.3.3.6 "Nie-weet-nie" posisie .......... 134
3.3.3.7 Dekonstruksie in narratiewe benadering .......... 136
3.3.3.8 Dekonstruksie van mag in die narratiewe benadering .......... 137
3.3.3.9 Unieke uitkomste: Alternatiewe narratief/verhaal .......... 137
a) Landskap van aksie en identiteit .......... 138
3.3.3.10 Gespreksmodel van Müller .......... 139

**3.4 IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE WIT AFRIKAANSE MAN** .......... 141
3.4.1 Die wit Afrikaanse man voor 1948 .......... 141
3.4.2 Die wit Afrikaanse man tussen 1948 en 1994 .......... 142
3.4.3 Die wit Afrikaanse man na 1994 .......... 145

**3.5 WERKSBESKOUING IN DIE ALGEMEEN MAAR OOK IN DIE BESONDER VAN DIE WIT AFRIKAANSE MAN** .......... 147
3.5.1 Werk in die Algemeen .......... 147
3.5.2 Werkidentiteit .......... 148
3.5.3 Algemeen menslike behoeftes van werk .......... 150

**3.6 WERKSVERLIES BY DIE WIT AFRIKAANSE MAN IN SY MIDDELJARE TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING** .......... 150
3.6.1 Inleiding oor Middeljare .......... 151
3.6.2 Die belangrikheid van werk tydens Middeljare .......... 152
3.6.3 Verlies van werk as verpligte aflegging .......... 153
3.6.3.1 Inleiding tot verpligte aflegging .......... 153
3.6.3.2 Emosionele aspekte rondom die verlies van werk by die wit Afrikaner man .......... 154
3.6.3.2.1 Inleiding oor verlies .......... 154
3.6.3.2.2 Ervaring van Depressie .......... 155
3.6.3.2.3 Soorte verliese wat ervaar word .......... 158
a) Antisiperende rou of verlies .......... 158

b) Skielike verlies........ 159
c) Inkennige rou ........ 159
d) Gemaskerde roureaksie........ 159
e) Vertraagde roureaksie........ 159
f) Verborge roureaksie........ 159
g) Oordrewe roureaksie........ 160
h) Ingewikkelde roureaksie........ 160
i) Samevatting........ 160

3.6.3.2.4 Verliesverwerkingsmodelle........ 160
a) Rando se beskouing van rou........ 160
b) Meier *et al* se beskouing van rou........ 161
c) Coetzer se beskouing van roufases........ 161
d) Kübler-Ross se beskouing van die stadia van rou........ 161

3.6.3.2.5 Gevolgtrekking van beskouings van rou en verlies........ 162

3.6.4 Regstellende aksie........ 162
3.6.4.1 Aanloop tot regstellende aksie........ 163
3.6.4.2 "Employment Equity Act"........ 163
3.6.4.3 Regstellende aksie en die wit Afrikaanse man........ 165
3.6.4.4 Sosiale geregtigheid........ 165
3.6.4.4.1 Rawls se teorie oor sosiale geregtigheid........ 166

3.6.4.5 Ekonomiese geregtigheid........ 168

**3.7 SAMEVATTING........** 170

**HOOFSTUK 4: NORMATIEWE TAAK........** 172

**4.1 INLEIDING........** 172

**4.2 METODOLOGIE........** 172

**4.3 IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE CHRISTENGELOWIGE........** 173
4.3.1 Inleiding........ 173
4.3.2 Die mens se identiteit as deel van God se verbond........ 173
4.3.3 Die mens se identiteit as beeld van God........ 174
4.3.4 Die mens se identiteit in Jesus Christus........ 175
4.3.5 Velerlei teksgedeeltes oor die Christengelowige se identiteit in Christus........ 178
4.3.6 Samevattend opmerkings oor identiteitsbeskouing........ 180

**4.4 WERKSBESKOUING IN DIE SKRIF........** 181
4.4.1 Inleiding........ 181
4.4.2 Ou Testament en werk........ 183
4.4.2.1 Skepping en werk: Genesis 1........ 183
4.4.2.2 Heers en bewerk: Genesis 1:1-2:4........ 185
4.4.2.3 Rus: Genesis 2:1-3........ 185
4.4.2.4 Na die sondeval gaan werk voort........ 186
4.4.2.5 Verskeie ander Skrifgedeeltes oor werk in die Ou Testament........ 187
4.4.2.6 Samevattende opmerkings oor die Ou Testament en werk........ 189

4.4.3 Nuwe Testament en werk........ 190
4.4.3.1 Jesus en werk........ 190
4.4.3.2 Paulus en werk........ 192
4.4.3.3 Samevattende opmerking oor werk in die Nuwe Testament........ 194

4.4.4 Werk as roeping........ 194
4.4.5 Werkplek in Suid-Afrika........ 196
4.4.6 Samevattende opmerkings oor Werksbeskouing in die Skrif........ 197

**4.5 BYBELSE VERWYSING NA VERLIES, ROU EN HOOP........ 197**
4.5.1 Inleiding tot Bybelse voorbeelde van verlies, rou en hoop........ 198
4.5.2 Verlies deur God en mens is deel van die heel eerste oomblikke van die mens se interaksie met God in Genesis 1 tot 4........ 198
4.5.2.1 Struktuur van Genesis 1-4........ 198
4.5.2.2 God en mens ervaar verlies: Genesis 2-3........ 198

4.5.3 Verlies in die verhaal van Kain en Abel in Genesis 4........ 201
4.5.3.1 Struktuur van Genesis 4........ 201
4.5.3.2 Kain beleef verlies dat hy nie goed genoeg is nie........ 201
4.5.3.3 Adam en Eva beleef as ouers verlies met die dood van hul seun, Abel........ 202
4.5.3.4 Kain se verlies behels ook sy grondgebied........ 203

4.5.4 Verlies in die Rutverhaal........ 203
4.5.4.1 Inleiding tot die Rut verhaal........ 203
4.5.4.2 Outeurskap en datering van die boek Rut........ 204
4.5.4.3 Die opbou en struktuur van die boek Rut........ 204
4.5.4.3.1 Hoofstuk 1:1-22........ 204
4.5.4.3.2 Hoofstuk 2:1-23........ 204
4.5.4.3.3 Hoofstuk 3:1-18........ 205
4.5.4.3.4 Hoofstuk 4:1-17a........ 205
4.5.4.3.5 Hoofstuk 4:17b-22........ 205

4.5.4.4 Verskeie verliese in die boek Rut........ 205
4.5.4.4.1 Verlies van Naomi en haar twee seuns........ 205
4.5.4.4.2 Verdere verliese van Naomi, Orpa en Rut........ 206
4.5.4.4.3 Twee weduwees moet oorleef in 'n man se wêreld........ 207
4.5.4.4.4 Naomi se worstelstryd met God........ 208
4.5.4.4.5 God voorsien deur menslike handeling........ 208
4.5.4.4.6 Tussenkoms van God deur Sy seun Jesus Christus........ 209

4.5.4.5 Opsomming van die boek Rut........ 210

4.5.5 Verlies in die Job verhaal........ 211
4.5.5.1 Inleiding van die boek Job........ 211
4.5.5.2 Die struktuur van die boek Job........ 211
4.5.5.3 Inleiding in die Job verhaal........ 211
4.5.5.4 Job 1: Dialoog tussen God en Satan........ 213
4.5.5.5 Daaropvolgende reaksie van Job op die enorme verlies wat hy beleef........ 213
4.5.5.6 Job se drie vriende, Elifas, Bildad en Sofar, se reaksie op sy verlies........ 215
4.5.5.7 Verdere gesprekke tussen Job 29-42........ 216
4.5.5.7.1 Gesprekke met Job in Job 29-31........ 216

4.5.5.7.2 Gesprek van Elihu in Job 32-37 .......... 216
4.5.5.7.3 Gesprek van God in Job 38-42 .......... 216

4.5.5.8 Slot van Job in hoofstuk42:7-17 .......... 217
4.5.5.9 Gevolgtrekking van die boek Job .......... 217

4.5.6 Psalm 22 .......... 220
4.5.6.1 Die Struktuur van Psalm 22 .......... 220
4.5.6.2 Die Genre van Psalm 22, asook Klaagliedere in die besonder .......... 220
4.5.6.3 Inhoud van Psalm 22 .......... 221
4.5.6.3.1 Inleiding .......... 221
a) Psalm 22:1-11 .......... 222
b) Psalm 22:12-21 .......... 222
4.5.6.3.2 Godsverlatenheid: Psalm 22:1-11 .......... 222
4.5.6.3.3 Psalm 22:12-22 .......... 224
4.5.6.3.4 Psalm 22:23-32 .......... 224

4.5.6.4 Interpretering van die Psalm .......... 225
4.5.6.5 Wat leer Psalm 22 die leser van God? .......... 226
4.5.6.6 Opsommende gevolgtrekkings uit Psalm 22 .......... 226

4.5.7 Johannes 11: Die opwekking van Lasarus .......... 227
4.5.7.1 Inleiding .......... 227
4.5.7.2 Die struktuur van Johannes 1-12 .......... 227
4.5.7.3 Die mikro struktuur van Johannes 2:1-12:50 .......... 227
4.5.7.4 Lasarus se opstanding .......... 227
4.5.6.5 Opsommende gevolgtrekking uit Johannes 11 .......... 233

**4.6 SOSIALE GEREGTIGHEID** .......... 234

4.6.1 Inleiding .......... 234
4.6.2 Nicholas Wolterstorff se siening van sosiale geregtigheid .......... 234
4.6.3 Sosiale geregtigheid en Filippense 2:5-11 .......... 238
4.6.3.1 Struktuur van Filippense .......... 238
4.6.3.2 Mikro struktuur van Filippense 1:27-2:18 .......... 238
4.6.3.3 Beskrywing van Filippense 2:1-11 ten opsigte van sosiale geregtigheid .......... 238
4.6.3.4 Bondige opmerkings ten opsigte van soteriologie en etiek in Filippense 2:1-11 .......... 241

4.6.4 Verskeie ander Bybelse teksgedeeltes van sosiale geregtigheid .......... 241
4.6.4.1 Wette ten opsigte van sosiale geregtigheid .......... 242
4.6.4.2 Psalms en Spreuke ten opsigte van sosiale geregtigheid .......... 242
4.6.4.3 Die Profete ten opsigte van sosiale geregtigheid .......... 243
4.6.4.4 Die evangelies ten opsigte van sosiale geregtigheid .......... 243
4.6.4.5 Handelinge en die Briewe ten opsigte van sosiale geregtigheid .......... 244
4.6.4.6 Enkele samevattende opmerkings oor sosiale geregtigheid .......... 245

**4.7 SAMEVATTING** .......... 245

**HOOFSTUK 5: PRAGMATIESE TAAK** ........ 248

**5.1 INLEIDING** ........ 249

**5.2 DIE BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK, INTERPRETERENDE EN NORMATIEWE TAAK IN GESPREK MET MEKAAR** ........ 250
5.2.1 Verlies aan selfvertroue ........ 251
5.2.2 Skok en ontkenning ........ 256
5.2.3 Woede ........ 258
5.2.4 Gevoel van depressie ........ 262
5.2.5 Gevoel van selfdood ........ 264
5.2.6 Verlies van gesondheid ........ 265
5.2.7 Onderhandeling ........ 266

**5.3 NARRATIEWE PASTORALE TEOLOGIESE HULPVERLENINGSRIGLYNE VIR DIE BEGELEIDING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING** ........ 268
5.3.1 Narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyn ........ 269
5.3.1.1 Aanvangsfase ........ 269
5.3.1.2 Uitbou van dominante verhaal: Hooftema 3: Werksverlies by die wit Afrikaanse man in sy middeljare ........ 270
5.3.1.3 Eksternalisering van die dominante verhaal ........ 270
5.3.1.4 Dekonstruksie van die dominante verhaal ........ 270
5.3.1.5 Invloed van die probleem (“kop hou en aangaan”) op die spesifieke kliënt ........ 271
5.3.1.6 Invloed van die spesifieke kliënt op die probleem (“kop hou en aangaan”) ........ 272
5.3.1.7 Verklaring van die kliënt en sy posisie/ Statement of position ........ 272
5.3.1.8 Skep van perspektief ........ 272
5.3.1.9 Ritueel ........ 273
5.3.1.10. Refleksie ........ 273
5.3.1.11. Visionering ........ 273
5.3.1.12 Doel en doelwitstelling ........ 274
5.3.1.13 Bevestiging van waardes ........ 274
5.3.1.14 Rigtingbepaling ........ 274

**5.4 OPSOMMING VAN HULPVERLENINGSRIGLYN** ........ 274

**5.5 PRAKTIESE INLIGTING WAT VANUIT DIE ONDERHOUDE VOORTGEVLOEI HET WAT DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING SAL KAN HELP** ........ 274

**HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN BEVINDINGS** ........ 278
6.1 Inleiding ........ 278
6.2 Uitvoering van vier take van praktiese teologie ........ 280
6.2.1 Oorkoepelende navorsingsvraag ........ 280
6.2.2 Die beskrywende-empiriese navorsingsvraag ........ 281
6.2.3 Die interpretatiewe navorsingsvraag ........ 284
6.2.4 Die normatiewe navorsingsvraag ........ 285
6.2.5 Die pragmatiese navorsingsvraag ........ 289

6.3 Moontlike beperkings van die navorsing ........ 291
6.4 Moontlikhede vir verdere navorsing ........ 291
6.5 Bydrae van hierdie navorsing ........ 292
6.6 Samevatting van die navorsing ........ 292

**BRONNELYS**.......................................................................................................... 292

**BYLAE**.......................................................................................................... 326

**BYLAAG A: TOESTEMMINGSBRIEF**.......................................................................... 326

**BYLAAG B: ONDERHOUDSKEDULE**.......................................................................... 333

## LYS VAN TABELLE

Tabel 2-1: Osmer se model sluit nie die narratiewe benadering uit nie.................................. 30

Tabel 2-2: Skematiese voorstelling van die identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.................................................................... 63

Tabel 2-3: Skematiese voorstelling van die werksbeskouing van die middeljarige wit .Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.................................................................... 73

Tabel 2-4: Skematiese voorstelling van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.................................................................... 77

Tabel 2-5: Samevatting van Hooftema 1, 2 en 3.................................................................... 115

Tabel 4-1: Christengelowiges se identiteit in Christus.................................................................... 178

Tabel 6-1: Samevatting van Hooftema 1,2 en 3.................................................................... 284

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1-1: Osmer (2008:4) se model vir die vier take van Praktiese-Teologiese navorsing.................................................................... 20

Figuur 3-1: Gespreksmodel volgens Müller.................................................................... 140

Figuur 6-1: Osmer (2008:4) se model vir die vier take van Praktiese Teologie....................... 278

Figuur 6-2: Navorsingsvrae volgens hoofstukke in ooreenstemming met Osmer (2008:4) se model vir die vier take van Praktiese-Teologiese navorsing............................................. 280

# 5HOOFSTUK 1

# INLEIDING TOT DIE NAVORSINGSONDERWERP

# 1. HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE NAVORSINGSONDERWERP

## 1.1 INLEIDING

Die agtergrond en probleemstelling van die studie sal vervolgens bespreek word. ŉ Omskrywing van sleutelbegrippe sal kortliks bespreek word. Die status van die navorsing, probleemstelling, doelstelling, doelwitte, sentrale teologiese argument en die metodologie sal aan die orde gestel word. Laastens sal daar ŉ skematiese uiteensetting van die navorsingsprosedure gegee word.

## 1.2 ORIëNTASIE/ AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Shalcross (2012:32-38) wys daarop dat om te werk ŉ deel van menswees is. ŉ Werk voorsien die werker met ŉ gevoel van sin en betekenis en bring ook sake soos sosiale interaksie teweeg. Shalcross (2012:32-38) is ook van mening dat om te werk ŉ belangrike rol in persoonlike vervulling speel. Doherty (2009:84-101) stem hiermee saam – volgens hierdie outeur het werk ŉ bepalende effek op die identiteit van die werker en dit gee ook sin en betekenis aan ŉ werker. Navorsers is hieroor eens dat die werknemer se beroep, identiteit en selfwaarde nou met mekaar verweef is. Dit kan nie geskei word nie (McArdle *et al.,* 2007:247-264; Savickas *et al.,* 2009:239-250; Shanahan & Porfeli, 2002:396-406; Subich, 2001:235-242).

Die ouer het die verantwoordelikheid om te werk en so finansieel die gesin te ondersteun. Die gesin funksioneer dus om die ouers se werk. Werk veronderstel, vir hierdie studie, dat die middeljarige Afrikaanse man ŉ salaris verdien om te help om die gesin te versorg. Die man se werk en sy loopbaanbeplanning speel ŉ belangrike rol binne die gesin. As deel van die fokus van hierdie studie word daar op die man gefokus. Erkenning word egter gegee aan die feit dat vrouens ook ŉ integrale deel van die werk is en gevolglik ook ŉ bydra aan die gesin en samelewing maak. Die navorsingsontwerp (2.3) van hierdie studie fokus op middeljarige wit Afrikaanse mans wat verpligte aflegging ervaar het. Met verlies van werk bring dit trauma na die hele gesin. Lara en Kindsvatter (2010:344-348) en Whiston en Keller (2004:493-586) oordeel daarom dat verpligte aflegging deur die lens van die gesin beskou moet word.

Verpligte afleggings is ŉ stresvolle en traumatiese gebeurtenis. Archer en Rhodes (1993:395-410) verwys hierna as *"job-loss grief".* Die doel van hierdie studie is om na

die stemme te luister insake die impak van verpligte afleggings op die wit Afrikaanse man in sy middeljare. Daar is baie redes wat aanleiding tot afleggings gee.

Daar is gevra watter effek sou verpligte aflegging op die man se huwelik, identiteit en selfbeeld hê? Vanuit hierdie groep se kultuuridentiteit het die meeste mans groot geword met die idee dat hul die broodwinner is (Malina, 2001:39) en die idee dat hul dit nie meer kan of gaan wees nie, veroorsaak spanning en stres by hulle (Browning, 2007:399). Hierdie wyse van patriargale stelsel was reeds deel van die Victoriaanse tydperk waar mense oortuig was dat die man die primêre broodwinner is terwyl die vrou die afhanklike eggenoot en moeder is (Thatcher, 1999:117-118).

Gordus (1986:316-326) wys daarop dat hierdie mans gewoonlik werkspesifiek opgelei is en die lewensfase waarin hulle is, nie vir hul genoeg tyd gun om iets nuuts te begin nie.

Vanuit die navorser se ervaring in sy werksituasie, as predikant by die NG kerk, het verpligte afleggings ŉ groot invloed op die gemeenskap waarin die navorser werksaam is. Die navorser is reeds 18 jaar in die gemeente werksaam en het noue bande met persone wat deur hierdie afleggings geraak word. Die navorser beleef hul gevoel van magteloosheid.

Die navorsing is deur die lens van die narratiewe benadering gedoen. Die term "narratiewe terapie" is deur veral White en Epston (1990) aan die orde gestel. Hul werk, *Narrative means to Therapeutic Ends* is een van die belangrikste werk oor die narratiewe benadering. Elke mens het ŉ verhaal, wat deur ŉ mens se lewe gekonstateer word (Stassen, 2004:41).

Volgens Anderson en Goolishan (1992:38) werk die narratiewe benadering vanuit die vertrekpunt dat die kliënt weet die beste. Morgan stem hiermee saam en dui aan dat:

> Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives
>
> (Morgan, 2000:2).

ʼn Persoon konstrueer, dekonstrueer en rekonstrueer sy verhaal (Ricoeur, 1983:86-92). Die navorser is in die posisie van "nie-weet-nie". Dit stel die navorser in staat om heelwat vrae te stel sodat die verhaal saam ontwikkel word. Dit is te wyte aan die 'saam ontwikkel' en verset teen tradisionele magsdiskoerse dat in narratiewe etiek daar soms na gespreksgenote in stede van respondente verwys word.

Beukes (1996:240) wys daarop dat Foucault aandui dat mag ʼn allesoorheersende netwerk is. Mag is nie net iets wat van bo na onder uitgeoefen word nie. Foucault sien mag as iets wat oral is. Mag beïnvloed elke sel van die sosiale liggaam, maar daar is ook ʼn verhouding tussen mag en kennis (Foucault, 1991:27). Kennis staan nie los en onafhanklik van mag nie. Mag impliseer kennis en daar is ʼn wisselwerking tussen hierdie twee aspekte.

Beukes (1996:240) skryf oor die magsdiskoerse by die optekening van ervaringe. Hy wys daarop dat die optekening van ervaring in die eerste plek die magsdiskoers, wat vir die ervaring dikteer wat mag en wat nie mag nie, moet diagnoseer en opteken.

Hy wys daarop dat Foucault nie afwysend oor mag is nie. Foucault het dit eerder teen die feit dat mag nie openlik erken word nie. Beukes (1996:240) wys daarop dat Foucault mag as iets sien wat "in moderniteit gekonfigureer [is] tot iets wat as normaal en alledaags deurgaan, maar wat nie as mag bekend staan of identifiseerbaar is nie." Dit is duidelik dat daar in die navorsingsdiskoerse kennis van mag en kennis geneem moet word. Turkel (1990:170) skryf oor Foucault en dui aan dat daar in die tyd van die "teacher-judge", "doctor-judge", "educator-judge", "the social-worker judge" geleef word. Dit plaas die gespreksgenote en navorser in ʼn posisie as ʼn "researcher-judge". Die keuse van die woord "gespreksgenote" word deurgaans gehandhaaf in plaas van die woord "respondente".

As narratiewe navorser, is dit nodig om bewus te wees van die navorser se eie konteks en kennis en dat dit van die konteks van die gespreksgenote verskil (Müller, 2004:301). Die gespreksgenote word nie as objekte van die navorsing gesien nie, hulle is gespreksgenote. Hul stemme en hoe hulle hul verhale interpreteer is net so belangrik soos al die ander stemme in die navorsing. Hulle word as die kenner van hul eie verhale gesien en is die primêre interpreteerders van die verhoudinge waarin hul staan. Van den Berg (2010:18) dui op ʼn simbiotiese verhouding tussen die primêre navorser en die gespreksgenote in die narratiewe benadering.

Gespreksvoering aan die hand van ŉ verhalende benadering skep ruimte waarin gemarginaliseerdes ŉ stem kry. Dit raak duidelik hoe hulle vanuit hul perspektief betekenis betreffende aflegging konstrueer. In die verkose navorsingsparadigma sal dit toepaslik wees om op te merk hoe gespreksgenote hierdie negatiewe emosies sou inkorporeer. Dit is wat dit vir hulle moontlik maak, en om saam met hulle, ŉ nuwe narratief te begin ontwikkel.

Daar behoort ook ŉ groter samelewingsverhaal te wees wat vanuit die gespreksgenote se verhaal, ten opsigte van werk, sekuriteit, pensioen, broodwinner wees en die verwagtinge van sy eggenoot vertel kan word. In die narratiewe benadering speel die "not-knowing position" (Anderson & Goolishan, 1992:28) ŉ integrale deel. Die laat die navorser toe om na die gespreksgenote se verhaal te luister en om insig in die verhale van die gespreksgenote te verkry. Die navorser ervaar hoe die gespreksgenote se verhale deel van hul realiteit vorm. Die navorser word ŉ fasiliteerder van die spasie waar verhale vertel word (Human, 2003:42).

## 1.3 OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIPPE

### 1.3.1 Narratiewe benadering

Müller (1996:20) en Van den Berg (1998:70) dui daarop dat die invloed van die narratief in die pastoraat by Stephen Crites begin het wat in 1971 ŉ artikel getiteld, "*The Narrative Quality of Experience*", die lig laat sien het. Hierdie artikel het ŉ groot invloed op die ontwikkeling van die gebruik van narratiewe in die pastoraat en ook in die praktiese teologie uitgeoefen. Narratiewe terapie is die doelbewuste poging deur die terapeut om in die leefwêreld van die kliënt, deur middel van insae in die lewensverhaal van die kliënt, in te tree (Hutto, 2007:17). Loubser (2010:93) toon daarmee saam dat die narratiewe benadering ŉ verwysingsraamwerk is wat gebruik word om lewenservaringe te organiseer.

Wiklund (2010:61) verduidelik narratiewe hermeneutiek as ŉ interpreterende benadering wat op die persoon se ervaring in die wêreld konsentreer. Dit neem in ag wat die betekenis is wat die persoon aan hierdie lewensgebeure gee. Dit neem ook in ag hoe hierdie betekenisse aan ander by wyse van verhale gekommunikeer word.

Freedman en Combs (1996:22-35) dui aan dat in die postmoderne wêreldbeeld, daar sekere idees is wat ŉ definitiewe invloed op die werklikheid of die realiteit van die mens het. Realiteit word sosiaal gekonstrueer en hieroor skryf Morgan soos volg:

> Narrative therapists are interested in discovering, acknowledging and taking apart (deconstructing) the beliefs, ideas and practices of the broader culture in which a person lives that are serving to assist the problem and the problem story.
>
> (Morgan, 2000:45).

In narratiewe terapie moet die primêre navorser van sy/haar eie verhale bewus wees en hoe hierdie verhale die stories beïnvloed wat vertel word. Die narratiewe navorser moet van sy/haar eie konteks bewus wees en dat hierdie konteks van die medenavorsers verskil (Müller, 2004:301). Mense se verhale/stories staan in die kern van hierdie benadering. Daar is heelwat sleutelterminologieë waarmee in die narratiewe benadering gewerk word. Dit kom vervolgens aan die orde.

#### 1.3.1.1 Sleutelterminologie in narratiewe benadering

##### 1.3.1.1.1 Eksternalisering

Die narratiewe benadering beskou die probleem as die probleem en dit word eksternalisering genoem (Morgan, 2000:17-31). Eksternalisering is ŉ benadering tot terapie wat gespreksgenote aanmoedig om weg van die probleem te staan. Dit help die gespreksgenote om die probleem te objektiveer en te verpersoonlik (White & Epston, 1990:38). Morgan (2000:24) en Monk *et al.* (1997:303) toon aan dat eksternalisering die gespreksgenote help om weg van die probleem te staan. Daar word gepraat asof die probleem sy eie persoonlikheid het en sodoende word daar in gesprek tussen die probleem en die persoon getree.

##### 1.3.1.1.2 Metafore

Metafore het te doen met verbeelding en dit sluit baie sterk by eksternalisering aan (Morgan, 2000:17-21). Die gebruik van metafore kan ook die ontwykende betekenis toeganklik maak (Müller & Maritz, 1998:67). Metafore het ŉ lewe van sy eie en word nie in spesifieke betekenis vasgevang nie. Die onbekende word deur metafore beskryf en daarom verteenwoordig metafore nie die volle werklikheid nie. Dit vertel slegs iets van

die werklikheid (Botha, 1998:69-70). Deur van metafore gebruik te maak kan niemand die uitwerking daarvan voorspel nie en dit lei tot nuwe moontlikhede van interpretasie. Dawn en Peterson (2000:70) wys daarop dat metafore betekenisse losmaak. Metafore is nie beperkend van aard nie maar het die teenoorgestelde reaksie deur die deelnemer te forseer om wyer te dink. ŉ Metafoor maak die leser deel van die metafoor en laat hom/haar nie net as toeskouer nie.

#### 1.3.1.1.3 Dekonstruksie

Dekonstruksie is een van die hoofdoelstellings van die narratiewe terapie (De Waal, 2004:9). Deur die vra van toepaslike vrae, begelei die primêre navorser die medenavorser om verskillende dimensies van sy situasie beter te verstaan. Kotzé en Kotzé (1997:7-8) bou hierop voort en wys daarop dat dekonstruksie nie negatief en vernietigend is nie, maar dit fokus op die losmaak en uitmekaarhaal van ’n betekenis om vir alternatiewe verstaan ruimte te maak.

#### 1.3.1.1.4 Dekonstruksie van mag

Volgens Burr (2003:67) en Freedman en Combs (1996:37) behoort die mag nie aan ŉ persoon of ŉ groep nie, maar dit is deel van die kulturele diskoers. Deur die erkenning van hierdie mag, kan die primêre navorser en gespreksgenote unieke uitkomste in hul stories van nood vind. Burr (2003:92) brei verder hieroor uit as hy skryf dat realiteit deur die taal gevorm word wat gekies word om persepsies en ervaringe te beskryf. Hieroor sê Freedman en Combs (1996:38) dat taal ’n instrument van mag kan wees en mense besit mag in die samelewing in direkte verhouding tot hul vermoë om aan die diskoerse, wat hulle samelewing vorm, deel te neem.

#### 1.3.1.1.5 Dominante narratief/verhaal

Loubser (2010:94) dui aan dat identiteit gekonstrueer word deur die dominante diskoers van die samelewing of groep. Mense konstrueer verhale oor hulself en hulle ervaringe, sowel as die betekenis van hierdie ervaringe vir hulle in ŉ spesifieke konteks. Die betekenis van hierdie verhale word deur verskeie tradisies beïnvloed. Wanneer ŉ verhaal vertel word, is meervoudige dimensies teenwoordig en meervoudige dimensies van invloed word onthul.

Hierdie verhaal word die persoon se dominante verhaal waaruit die persoon lewe. Die dominante verhaal bepaal watter ervarings, wat deur die gespreksgenoot beleef is,

ingesluit gaan word en watter nie (Kotze, 1995:38). Sekere lewenservaringe word uitgelaat en dikwels vergeet (White, 1986:169; Freedman & Combs, 1996:30).

#### 1.3.1.1.6 Alternatiewe narratief/verhaal

Verbeelding en metafore speel ŉ baie belangrike rol in die fasilitering van omstandighede vir die identifikasie van unieke uitkomste en wat sodoende die deur na die alternatiewe narratief/verhaal open (Freedman & Combs, 1996:67-68; White & Epston, 1990:16). Wanneer die gespreksgenote daarin slaag om sy probleem aan te spreek, lei dit uiteindelik na 'n alternatiewe narratief. 'n Alternatiewe narratief kan ook as die resultaat van die terapeutiese proses in die lewe van die gespreksgenoot beskryf word (Reid, 2002:34-37). Die soeke na 'n alternatiewe narratief is die vertrekpunt vir die navorser se gespreksvoering met die gespreksgenoot oor die doelstellings vir die terapie. Voortdurend in die gesprek, lei die primêre navorser die gespreksgenoot om alternatiewe verhale te vind en te ontwikkel (Freedman & Combs, 1996:42,43).

#### 1.3.1.1.7 Identiteit deur die narratiewe lens

Die kultuur en samelewing waarin die mens lewe, **beïnvloed** ook die manier waarop hy/sy hulle lewe interpreteer (Morgan, 2000:9). Die fundamentele aanname hier is dat persoonlike identiteit sosiaal gekonstrueer is. Wilson (2015:892) verduidelik dat in die vertel van die gespreksgenote se verhaal, posisioneer hulle hulself in ooreenstemming met die wyse waarop andere hul identifiseer, of soms juis in weerstand teen die manier waarop ander hulle identifiseer. In die proses van ŉ individu wat sy eie lewensverhaal vertel, probeer hy homself en die luisteraar van sy eie evaluasie van sy identiteit oortuig.

### 1.3.2 Praktiese Teologie

#### 1.3.2.1 Verskeie definisies van Praktiese Teologie

Browning (1991:36) definieer praktiese teologie as die kritiese refleksie en interpretasie op die kerk se dialoog met Christelike bronne en ander gemeenskappe. Die doel hiervan is om leiding te gee om sosiale en individuele transformasie teweeg te bring. Heitink (1993:1) toon aan dat Praktiese Teologie ŉ geruime tyd geneem het om erkenning as studieveld te verkry. Heitink (1993:18) sluit by Browning aan as hy Praktiese Teologie as handelingswetenskap beskryf as ŉ empiries-georiënteerde

teologiese teorie van die bemiddeling van die Christelike geloof in die praktyk van die moderne samelewing.

In 1999 het Heitink (1999:6) verder oor sy formulering van die definisie in sake Praktiese Teologie besin en dit soos volg gedefinieer: "Practical Theology as a theory of action is the empirically orientated theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society."

Hierdie definisie van Heitink (1999:8) veronderstel 'n dubbele praksisbegrip, naamlik die bemiddeling van die Christelike geloof (praksis 1) en die praksis van die samelewing (praksis 2). Daar moet 'n hermeneutiese brug tussen die bemiddeling van die Christelike geloof en die nood en krisis van die mens in die samelewing gebou word (Heitink, 1999:151).

#### 1.3.2.2 Die verhouding tussen Praktiese Teologie en Pastorale Teologie

Pastorale Teologie val onder die sambreel van Praktiese Teologie. Hieroor skryf Heyns en Pieterse (1990:12) dat daar vyf aksies is wat die veld van Praktiese Teologie beskryf, naamlik: "Preaching, instruction, celebration, care and service."

Pastorale berading is dus 'n subdissipline van Praktiese Teologie en speel 'n belangrike rol in die Christelike bediening. Graham en Whitehead (2007:18) toon aan dat Pastorale Teologie (as onderdeel van Praktiese Teologie) die taak van teologiese navorsing is wat teologiese gevolgtrekkings maak en riglyne vir pastorale sorg en berading stel met die behoeftes van die mens in nood.

Die navorsing van hierdie studie sal gebaseer word op Osmer (2008:241) se Prakties Teologiese model wat op vier sake fokus. Dit sal by die Metodologie (1.9) meer in diepte bespreek word.

### 1.3.3 Middeljare/Middelvolwassenheid

Lachman (2004:326) toon aan dat daar meer resente navorsing, met betrekking tot middelvolwassenheid, nodig is. Die meeste van die middelvolwasse teorieë kom uit 'n tydperk wat vanuit die 1950's terugdateer toe mense se lewensloop meer voorspelbaar was. Middelvolwassenheid was destyds as die jare tussen jeug en bejaardheid gesien.

Middelvolwassenheid, volgens Lachman (2004:310), is die tydperk van refleksie waar die persoon bestek van sy doelwitte opneem. Dit is ŉ tydperk waar mense intens van die feit bewus word dat die lewe sy verloop neem, waar persone besef dat daar nog tyd oor is, maar die tyd begin uitloop. Daar is slegs soveel tyd oor as wat verby gegaan het, of selfs minder. Lachman (2001:xvii) beskryf ook dat die wyse waarop mense gewoonlik middelvolwassenheid beskryf, met beelde van ŉ leesbril, hare wat verdun en grys verkleur, moegheid, dubbel ken, rugpyn, vergeetagtigheid, verlies aan seksdrang, volwasse kinders wat die huis verlaat, ouers wat siek raak en sterf en verskeie veranderings aan die liggaam te doen het. Die outeur toon ook aan dat 41% van volwassenes hul middelvolwasse lewe ingaan met beide ouers wat nog leef, maar 77% verlaat middelvolwassenheid met nie een van hul ouers lewend nie (Lachman, 2004:322).

Lachman (2004:322) verwys ook na die mobiliteit van die samelewing. As gevolg van die mobiliteit van die samelewing bring dit ook mee dat ouers vêr van hul kinders leef en hulle as't ware hul ouerwordende ouers, wie se gesondheid stadig maar seker agteruitgaan, oor ŉ langafstand probeer monitor. Soms bring dit sy eie sorge mee, want die ouers kan ook nie meer onafhanklik voortgaan nie. Die persoon in die middelvolwasse tydperk het self ŉ menigte verantwoordelikhede by die huis asook by die werk.

Dit is juis gedurende hierdie tydperk, waar daar eintlik werkstabiliteit moet wees, waar die man sy werk kan verloor. Middelvolwassenheid is ook ŉ tydperk van emosionele krisis(se), want dit is gewoonlik in hierdie fase waar verlies ŉ groot rol met ouers, wat ouer word en die dood nader, speel. Wanhoop speel ook ŉ groot rol wanneer die persoon in hierdie fase sy werk verloor.

### 1.3.4 Wit Afrikaanse man

Die wit Afrikaanse man word as ŉ persoon getipeer wat ŉ sekere taal as huistaal praat – in hierdie geval Afrikaans – hy is ook manlik en wit. Swart (1998:738) wys daarop dat, via die kommandostelsel, die wit Afrikaner manlikheid in die laat 1890's geïnstitusionaliseer is. Die kommandosisteem het ŉ sterk boodskap gedra dat Suid-Afrika hul eie Republiek moet wees. Die wit Afrikaner man kan nie los van sy politieke verlede gesien word nie. Die Afrikaner het ŉ beduidende rol in die bou van ŉ outoritêre,

militaristiese en rassistiese mag gespeel. Du Pisani (2001:157) wys daarop dat die Afrikaner in sy diepste man-wees ŉ sosiale en politieke mag ondersteun het wat as die Afrikaner Nasionalisme bekend gestaan het. Met die groei van die Afrikaner Nasionalisme het die idee ontstaan dat die Afrikaner die uitverkore volk is, soos die Israeliete in die Bybelse tyd (Durand, 2002:38). Volgens Bezuidenhout (2015:78) het kultuur en identiteit ŉ beduidende rol in die psige van die wit Afrikaanse man voor 1994 gespeel. Pieterse (2009:250-251) wys daarop dat na 1994 daar drie faktore is wat die huidige konteks van wit Afrikaanse mans in Suid-Afrika bepaal, naamlik:

- Die eerste is die drastiese politieke en sosiale orde verandering van 1994.
- Tweedens die invloed van postmodernisme in Suid-Afrika.
- Derdens die invloed van regstellende aksie op die Afrikaner.

Die wit Afrikaanse man het heelwat verliese sedert 1994 ervaar. Steyn (2001:156-162) beskryf hierdie verliese as ŉ verlies in outonomie, beheer, gevoel van toepaslikheid, legitimiteit asook die verlies in eer. Steyn (2001:156-162) toon ook aan dat die wit Afrikaanse man ŉ verlies ervaar dat Suid-Afrika ook nie meer sy tuiste is nie. Suid-Afrika is nou ŉ sekulêre staat en die wit Afrikaanse man is nie meer in ŉ magsposisie nie maar is ŉ minderheidsgroep.

### 1.3.5 Aflegging/"verpligte werksverlies"

Aflegging word gesien as werk wat verloor word, nie as gevolg van eie toedoen nie, maar as gevolg van die regering of die maatskappy se beleid. Dit kan ook wees as gevolg van ekonomiese faktore. Verpligte werksverlies, oftewel aflegging, word deur Ebberwein *et al.* (2004:293) as ŉ nie-vrywillige transisie beskryf waarin die werker min of geen invloed oor sy ontslag het nie.

Daar is ŉ duidelike verskil tussen werkloosheid en iemand wat deur die proses van verpligte aflegging gegaan het. Tradisioneel gesien, was aflegging gesien dat die werknemer nie die vaardighede het om die werk te doen nie en hy word vervolgens afgedank. Met verpligte aflegging het die werknemer al die vaardighede en kennis wat benodig word, maar moet afgelê word as gevolg van maatskappybeleid of die regering se beleid.

Archer en Rhodes (1987:211-224) wys daarop dat verpligte aflegging ŉ traumatiese effek op die persoon se gevoel van selfwaarde en identiteit het. Zippay (1995:531-543) sluit hierby aan en eggo die gevoel dat hierdie mans voel of hul persoonlik verwerp word en hulle ervaar ook ŉ verlies aan mag.

### 1.3.6 Werk

Doster (1996:1) dui aan dat om te werk fundamenteel tot die emosionele en finansiële wel wees van ŉ persoon is. Dit is die fondasie waarop die man sy lewe definieer. Om werk te verloor het ŉ reuse effek op die self, veral tydens die middelvolwasse tydperk van die man se lewe.

Mans wat in die generasie van die "Baby boomers" die werksplek betree het, het dit meestal met die gedagte betree dat hul tot aftrede by dieselfde plek gaan werk. Sekuriteit het in die pensioen wat opgebou word en deur bevordering by een instansie gelê. Die man se lewe was sy werk, wat ook sy identiteit bepaal het. Labich (1993:40) dui aan dat in ŉ gesprek met ŉ produkbestuurder wat afgelê is, hy die volgende gevoel beleef het: "My life was my job, but now I'm finding out how wrong that is."

Die aflegging/verloor van werk word deur mans in hul middeljare as ŉ groot verlies ervaar (Freeman & Cameron, 1993:10-29). Gewoonlik het middeljarige mans nog baie verantwoordelikhede teenoor hul gesin, wat ŉ huisverband, motorpaaiement en kinders wat met tersiêre opleiding besig is, kan insluit. Ouers van die 50+ jarige is dikwels ook van finansiële hulp van hul kinders afhanklik. Verpligte aflegging het ŉ potensiële ekonomiese trauma op die middeljarige man (Feather, 1989:175-185; Leana & Feldman, 1990:1151-1181; McFayden & Thomas, 1997:1461-1484).

Werk is baie belangrik vir die voortbestaan van die middeljarige se selfwaarde en wat aan hom sin en betekenis gee. Morse en Weiss (1995:191) het ŉ studie onderneem oor die betekenis van werk by middeljarige mans. Hul oorwoë mening na aanleiding van hul resultate, was dat al het die middeljarige man nie die finansies nodig gehad nie, hy steeds sou werk. Werk het nie slegs ŉ finansiële impak nie, werk het ook nie-ekonomiese funksies. Dit help die middeljarige om sin en betekenis in sy bestaan te vind.

### 1.3.7 Kultuur en Identiteit

Kultuur bied aan die lede van hierdie spesifieke groep 'n betekenissisteem en skep grense aan hoe die lewe geleef moet word. Hierdie lewe word deur die geskiedenis van die groep beïnvloed, maar ook deur dit wat in die hede as gedeelde ervaringe van sy lede gesien word (Dumas *et al.*, 1999:178).

Zaff *et al*. (2002:752) voeg hierby dat kultuur ook gedeelde betekenis is wat toegeken word kragtens dit wat deur die lede van 'n groep geglo word. Hierdie groep word deur gedeelde betekenis saamgesnoer wat aan sekere handelinge toegeken word.

Stets en Burke merk die volgende oor kultuur en identiteit op:

> The self is both individual and social in character; that it works to control meanings to sustain itself, but many of those meanings of the self are shared and form the basis of interaction with others, and ultimately, social structure.
>
> (Stets & Burke, 2003:4)

### 1.3.8 Rouproses

Middeljarige mans wat deur verpligte aflegging gaan ervaar depressie, angs, geheueprobleme, rusteloosheid, voel skuldig, toon aggressie en eensaamheid. Hul voel hulle is nie goed genoeg nie en ervaar verwerping. Hoofpyne, spysverteringsprobleme en slaaploosheid kom ook voor (Cassidy, 2001:303-315; Guindon & Smith, 2002:73-82; Hanisch, 1999:188-220).

Daar is verskeie modelle beskikbaar oor hoe om hierdie stresvolle situasie te hanteer. Gluhoski en Wortman (1996:417-429) toon aan dat dieselfde rouproses as by doodsverlies hier geld. Apatie, eensaamheid, vrees, skuld, woede en somatiese simptome kom voor. Ebberwein *et al.* (2004:292-308) sluit hierby aan en is van mening dat mans wat hul werk verloor, ook deur roufases gaan. Hul beleef depressie, angs en verloor sin en betekenis vir die lewe en hul identiteit word ook so aangetas.

Navorsers is dit eens dat verpligte aflegging die vlak van emosionele stres verhoog. Elke individu het sekere lewensrolle wat hul vervul en wat hul gedrag bepaal. Die verlies aan hierdie rolle, soos byvoorbeeld werk, tas die status, rol en daaglikse roetine van die persoon aan, wat emosionele stres tot gevolg het (Trolley, 1994:285-300).

## 1.4 STATUS VAN NAVORSING

Met die aanvang van die navorsingsvoorstel, is daar ŉ tematiese soektog onderneem soos deur die biblioteekdienste van Noordwes Universiteit verskaf wat onder meer die volgende insluit: NEXUS (die NRF se databasis van voltooide navorsing, asook huidige navorsing wat reeds geregistreer is); SaePublications (Suid-Afrikaanse tydskrifartikels); EbscoHost (internasionale tydskrifartikels) en ProQuest (internasionale proefskrifte en verhandelinge in volteks).

Na aanleiding van hierdie studie is dit duidelik dat daar reeds heelwat navorsing oor die man in sy middeljare gedoen is, onder meer deur Lachman (2004); Louw *et al* (1998); McCaughey (2003); Santrock (2006); Jackson en Warr (1984) en vele meer soos in hoofstuk 3 vermeld word. Freeman en Cameron (1993) asook McFayden en Thomas (1997) fokus ook op die belangrikheid van werk tydens die middeljare. Daar is ook navorsing oor trauma gedoen wat mense tydens verlies beleef deur Ebberwein *et al* (2004) en Bonnano (2001).

Die inligtingsoektog het getoon dat daar weinig inligting oor spesifiek die middeljarige wit Afrikaanse man beskikbaar is met verwysing na die gefokusde konteks in Suid-Afrika met pertinente vermelding van verpligte aflegging. Daar is wel ŉ breër studie oor die "krisis van (wit) manlikheid in Suid-Afrika" deur du Pisani (2013) van die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Noordwes Universiteit, gedoen.

Du Pisanie (2013:6) skryf in ŉ Litnet artikel dat die "krisis van manlikheid" gedefinieer word as die oortuiging, wat in sommige kringe gehandhaaf word, dat tradisionele vorme van manlikheid ondermyn word deur 'n kombinasie van eietydse invloede en ʼn kritieke fase veroorsaak waarin mans onseker oor hulself en hul rol in die samelewing voel. As gevolg van afleggings en deur nie meer die broodwinner te wees nie, tree daar twyfel by mans in oor hul rol in die huwelik en die gesin. Mans het meestal grootgeword met die idee dat die man die inkomste moet genereer en dit bring onsekerheid by mans in terme van hul huwelik.

Du Pisanie wys verder daarop dat die wit Afrikaner man na 1994 politieke oorheersing prysgegee het en dit het ŉ krisis in manlikheid geskep. Groot aanpassings moes gemaak word. Voorheen was hierdie mans die mees bevoorregte groep in die samelewing, maar die rolle is in die ontwikkeling na ŉ sogenaamde "nuwe" Suid-Afrika omgekeer.

> Deur wetgewing is swartes, vroue en gestremdes ten koste van wit mans ingesluit by die aangewese groepe wat by regstellende aksie baat moes vind. Wit Afrikaanse mans in hoë staatsdiensposte is gemarginaliseer of uit diens gestel. Deur regstellende aksie is jong wit mans oënskynlik onregmatig benadeel wat hul toegang tot studie- en werksgeleenthede betref. Swart bemagtiging is bevorder (Du Pisanie, 2013:6).

Du Pisanie oordeel self ook dat daar nog nie uitgebreide empiriese navorsing oor die stand van wit manlikheid in die Afrikanersamelewing sedert 1994 gepubliseer is nie. Daarom het die navorser slegs ’n gebrekkige historiese perspektief op die waarneembare persepsie van verontregting. Dit is egter nodig om na die stemme van hierdie groep te luister sodat daar meer inligting verkry kan word om weer betekenis te kan gee aan wit Afrikaanse mans in hul middeljare wat deur verpligte aflegging gaan.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING

Die middeljarige wit Afrikaanse man beleef ’n uitdagende situasie wat die werksplek betref. Hierdie teikengroep van die studie is juis die groep wat blyk in die spervuur van die meeste verpligte afleggings te staan.

Daar is nie konsensus presies wanneer die middeljare begin nie. Hermans en Oles (1999:1401) definieer die middeljare as ’n transisie tydperk: Dit word deur hulle as ’n periode van die herorganisering van persoonlike betekenis beskryf sonder dat daar enige tekens van ernstige nood is. In die middeljare is daar ’n verskuiwing in hoe die man homself en sy lewe beskou. Oles (1999:1059) sien hierdie skuif nie bloot as iets wat gemaklik kom nie. Middeljare is ’n enorme uitdaging vir die man.

Lachman (2001:XX) toon aan dat die feit dat die wêreld oor die afgelope 30 jaar verander het, dat persone tussen 40 en 60 as middeljarig gesien word, met ’n 10 jaar variasie aan albei kante. McCaughey (2003:13) stem hiermee saam en beweer dat daar nie meer ’n eenvoudige definisie vir middelvolwassenheid gegee kan word nie. Volgens haar is middelvolwassenheid die langste en mees komplekse en betekenisvolle tydperk wat ons as volwassenes sal beleef.

Om afgelê te word by die werk, skep geweldige trauma veral as gevolg van die geskiedenis van Suid-Afrika. Wit Afrikaanse mans in hul middeljare word in die lig van

nasionale oogmerke en in sensitiewe verhouding tot die sakesektor nie meer so geredelik in diens geneem nie (Fischer, 1996:30). As hul in hul middeljare werksverlies beleef, het hul steeds baie verantwoordelikhede, byvoorbeeld huispaaiement, motorpaaiement en skoolgelde (Feather, 1989:175-185; Leana & Feldman, 1990:1151-1181). Hul ouers is ook in ŉ gevorderde lewensstadium waartydens hul meermale finansiële hulp benodig. Wit Afrikaanse mans word ook groot vanuit hul kultuur dat hul die broodwinners (Malina, 2001:39) moet wees wat verdere druk plaas. Die verlies aan status, inkomste en sekuriteit het ŉ traumatiese effek op die persoon se selfkonsep en identiteit.

### 1.5.1 Trauma van die afleggingsproses

Doster (1996:1) verwys na werk as fundamenteel tot die emosionele en finansiële welstand van ŉ persoon. Volgens Doster (1996:1) is werk die fondasie waarop die man sy lewe baseer.

Wanneer iemand vervolgens afgelê word, is worstelinge soos die volgende aan die orde: Hoe ervaar die wit Afrikaanse man hierdie traumatiese gebeurtenis? Hoe kan hul ŉ nuwe verhaal uit hul verlies konstrueer? Is dit moontlik om, na verpligte aflegging, weer anders na die self te kyk?

Psigologiese simptome soos depressie, angs, woede en vyandigheid, skuld, hipersensitiwiteit, hoofpyne en spysverteringsprobleme word as elemente beskryf wat met verpligte aflegging by die werksplek te doen het (Guindon & Smith, 2002:73-82; Murray, 2001: 219-241).

Murphy en Athanasou (1999:83-99) het navorsing oor die verhouding tussen die verandering in indiensnemingstatus en die persoon se psigologiese welstand gedoen. Hul het bevind dat mense wat hul werk verloor het, se psigologiese welstand definitief negatief beïnvloed word. Metings van depressie, angs en algemene gesondheid is hoër vir persone wat hul werk verloor het as persone wat in die werksmag is.

Dit is duidelik dat persone wat gedwing word om afgelê te word, negatief hierdeur geraak word. Die rede hiervoor is dat werk ŉ substansiële deel van ’n mens se identiteit is (Super, 1990: 200). Deur te werk het die werknemer ’n geleentheid om homself op te bou, hetsy deur finansies of ’n gevoel van waarde en selfvervulling. Sosiale

verhoudinge met persone by die werk asook die werker se status bou die man op. Daarmee saam voel die werknemer ook deel van ’n span wat sekere doelwitte moet bereik (Mallinckrodt & Fretz, 2002:281-286).

Hierdie argument toon duidelik dat persone wat deur die proses van verpligte werksverlies gaan ook deur ’n rouproses beweeg. Hierdie persone gaan deur dieper trauma as wat op die oog af gesien word. Verpligte werksverliese is baie meer kompleks en toon selfs ook emosies wat tydens die verlies by dood ervaar word. Daar is aspekte wat in die verlies van ’n eggenoot en die verlies van werk (verpligte aflegging) gedeel word. Trolley (1994:285-300) wys op ooreenkomste tussen verpligte werksverlies en verlies aan dood en hy oordeel dat daar wel ’n brug te slaan is tussen hierdie twee verliese. Hy toon aan dat die verlies van lewe en van werk albei ’n verlies is waar die persoon nie in beheer is nie. Vervolgens lei dit tot woede, skuld, herspeel in die gedagtes (herkou van wat hier gebeur het) en sosiale isolasie. Wanhoop, somatiese probleme en ’n soeke na wie jy werklik is, is ook reaksies wat ooreenstem.

In hierdie studie, is dit wat die middeljarige wit Afrikaanse man beleef tydens aflegging verdiskonteer in die gespreksgenote se unieke verhale by aflegging. Dit het die navorser gehelp om vrae aan die persoon te stel wat sy werk verloor het. Hierdie vrae kom meer in besonderhede aan die orde in Hoofstuk 2.

Vrae wat aan die gespreksgenote gestel is, was byvoorbeeld om ŉ verhaal van frustrasie, ’n verhaal van ’n doodloopstraat, ten opsigte van die aflegging, te deel.

- Hoe dink jy as wit Afrikaanse man oor werk?
- Wat sou ander mense wat in verhouding tot jou staan, oor die aflegging sê?
- Wat was jou eerste gedagtes en gevoelens toe jy hoor jy gaan afgelê word?
- Maak dit ŉ verskil dat jy in jou middeljare is, toe jy jou werk verloor het?

Die studie het aangedui waardeur die wit Afrikaanse man wat sy werk, as gevolg van verpligte aflegging verloor, moet werk. Hierdie navorsing help om ŉ dominante verhaal, soos dit ook verskillend in elke persoon se verhaal uitgespeel het, te kon blootlê sodat die gespreksgenoot homself daarteenoor kon posisioneer. Dit was interessant om die narratief van die gespreksgenote te beleef en in hoe ŉ mate daar raakvlakke tussen mekaar se verhale was. Die studie het unieke of voorkeur uitkomste, so genoem na

aanleiding van ’n narratiewe benadering, aangedui om hierdie groep pastoraal by te staan om hierdie prosesse en emosies te kan hanteer.

## 1.6 NAVORSINGSVRAAG

Die vraag wat deur hierdie navorsing beantwoord is, is die volgende:

**Watter narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne kan saamgestel word vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?**

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei, geformuleer.

- Watter bydrae en perspektiewe kan die empiriese navorsing na die tafel bring met betrekking tot die verhale wat uit die narratiewe onderhoudvoering, insake die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, voortvloei?
- Watter verheldering bring ander verwante wetenskappe ter uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?
- Watter normatiewe perspektiewe bied skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?
- Watter pastoraal praktyk-teoretiese narratiewe hulpverleningsriglyne kan vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging saamgestel word?

## 1.7 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.7.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

### 1.7.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om deur kwalitatiewe empiriese navorsing vernuwende insigte en perspektiewe te formuleer waardeur die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging begelei kan word.
- Om deur 'n literatuurstudie gebruik te maak van die resultate van die navorsing vanuit aangrensende wetenskappe met betrekking tot die formulering van riglyne en uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.
- Om vas te stel wat skriftuurlike en teologiese perspektiewe bied na aanleiding van die Skrifondersoek van toepaslike Skrifgedeeltes met verwysing na begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.
- Om praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

## 1.8 DIE SENTRALE TEOLOGIESE ARGUMENT

Die sentrale teologiese argument van hierdie studie is dat narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne van waarde kan wees vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

## 1.9 METODOLOGIE


In hierdie studie gaan Osmer (2008:241) se model van die vier take van Praktiese Teologie gebruik word. Die vier take kan soos volg omskryf word:

- 'n Beskrywende empiriese taak wat die vraag vra: "Wat is besig om te gebeur?" of "Wat het gebeur?"

- ŉ Interpreterende taak probeer verstaan wat die oorsake is wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het. Hoekom gebeur dit?

- ŉ Normatiewe taak bestaande uit toepaslike Skriftuurlike en teologiese perspektiewe om die verlangde of korrekte situasie te beskryf. Wat is veronderstel om te gebeur?

- ŉ Pragmatiese taak wat die vraag stel naamlik: Hoe moet ons hierop reageer? Hierdie taak sal refleksief benader word deur voortdurende in gesprek met die gespreksgenote, soos deur die narratiewe benadering vereis word, te wees. Transformasie en rypwording van die identiteit sal hier belig word en riglyne kan daargestel word oor hoe die gespreksgenote persoonlik sin en betekenis verkry het. Hierdie transformasie is die antwoord op Osmer se vraag: "Wat moet ons nou hieraan doen?"




**Figuur 1-1: Osmer (2008:4) se model vir die vier take van Praktiese-Teologiese navorsing**

### 1.9.1 Beskrywende-Empiriese taak

In die Praktiese Teologie is dit nodig om die aard en die omvang van die situasie goed te verstaan voordat oplossings aan die hand gedoen kan word. ŉ Kwalitatiewe empiriese studie is gedoen. Die beskrywende-empiriese taak het by wyse van onderhoudvoering met die gespreksgenote hul lewensverhale versamel. Narratiewe onderhoude is met verskeie middeljarige wit Afrikaanse mans gevoer wat deur ŉ afleggingsproses gaan of gegaan het.

Gespreksvoering is met gespreksgenote gedoen wat deur die afleggingsproses is, sodat daar ŉ geheelbeeld verkry kan word oor watter effek die afleggingsproses op die individu het. Die gespreksvoering antwoord die vraag van Osmer (2008:4): "Wat is besig om te gebeur?". Daar is vanuit ŉ nie-weet-nie posisie gewerk (Freedman & Combs, 1996:44) wat beteken dat die navorser en gespreksgenote saam op reis na die onbekende is. Reyneke (2005:13) voeg ook by dat narratiewe navorsing ook as kwalitatiewe navorsing beskou kan word.

Kwalitatiewe navorsing poog om die aard van individuele ervarings op ŉ nievoorskriftelike manier te verstaan. Klem word op menslike gedrag en ervaring geplaas om die proses van betekenistoekenning aan ervaring te besoek en vervolgens die gevolglike betekenis te beskryf. Daar word gepoog om die leser tot ŉ empatiese verstaan van fenomene op ŉ spesifieke plek en tyd deur middel van ŉ ryk beskrywing te bring (Engelbrecht, 1998:205). Die gespreksgenote is almal dieselfde vraag gestel, naamlik: Wat is jou ervaring en belewenis in die afleggingsproses?

Hieruit het ander vrae ook voortgespruit:

- Watter emosies ervaar die middeljarige wit Afrikaanse man as hy sy werk verloor?
- Wat is sy siening en belewenis van homself?
- Hoe evalueer hy sy verlede?
- Watter effek het dit op sy selfkonsep en identiteit?
- Watter rol speel die feit dat die man in sy middeljare is, hoe hy hierdie trauma hanteer?
- Wat sou die dominante verhale in hierdie teikengroep wees?
- Watter effek het dit op die persoon se verlies van status, inkomste en sekuriteit en hoe ervaar hy dit?
- Hoe beskou die gespreksgenote hul werk in die algemeen?

- Hoe dink die wit Afrikaanse man na aanleiding van sy naderende aflegging oor sy aftrede?

### 1.9.2 Interpreterende Taak

Daar is ŉ literatuurstudie vanuit aangrensende wetenskappe gedoen om vorige navorsing met betrekking tot die verpligte aflegging van die middeljarige wit Afrikaanse man te ondersoek. Die literatuurstudie vanuit die psigologie, sosiologie en filosofie is bestudeer om die interpreterende perspektief daar te stel. Osmer (2008:4) vra die vraag: "Hoekom gebeur dit?" Osmer (2008:4) beskryf hierdie taak soos volg: "Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring".

### 1.9.3 Normatiewe taak

In die studie is daar ŉ normatiewe basis gelê. Osmer (2008:138) beskryf die normatiewe taak as: "a disciplined way of seeking God's guidance and sorting out what ought to be done in particular episodes, situations and contexts".

Die normatiewe perspektiewe en interpreterende perspektiewe is met mekaar vergelyk om die wisselwerking wat tussen hulle plaasvind waar te neem. Identiteit, werk en verlies is op ŉ toepaslike Skriftuurlike en teologiese wyse beskryf. Die mens se identiteit is deurlopend aan die orde in die Skrif. ŉ Teologie van werk is ook bespreek.

Verlies en lyding is deurlopend aan die orde in die Bybel. Bybelverhale en Skrifgedeeltes is bespreek wat as toepaslik beskou is.

Verlies deur God en mens is deel van die heel eerste oomblikke van die mens se interaksie met God in Genesis 1 tot 3. Die mens wat verlies ervaar deurdat hy uit die paradys verdryf word en die gevolge van sy dade moet dra. God ervaar verlies waar die verhouding tussen God en mens vertroebel word deur die mens se optrede.

Genesis 4 beskryf die verlies en lyding in die verhaal van Kain en Abel.

Die Rut-verhaal is ook bestudeer. Harrelson (1990:777-778) toon aan dat die boek Rut oor verlies, krisistye en ŉ gelukkige einde handel. Hy verwoord dit soos volg: "The book moves from deep human want and need to abundance and rich fulfilment of life, from

trials and testing of life and character to a happy outcome of all the trials." In die verhaal van die boek Rut lees ons van traumatiese verliese wat grondgebied, eggenoot, pa, seuns en die verstaan van God betref.

Verlies is ook duidelik in die verhaal van Job beskryf. Die boek Job begin met die worstelstryd van 'n Joodse man met die naam Job wat deur verlies moet werk. Verliessimptome vererger en verdiep met verhoudinge wat verbrokkel. Hierdie verbrokkeling van verhoudinge skep diep negatiewe emosies wat die mens noop om, of aan die een kant dapper aksies te neem om hoop te weeg te bring, of aan die ander kant om bloot aan 'n gevoel van selfbejammering te klou.

Tullock en McEntire (2009:338) toon aan dat Job al die ortodokse antwoorde ken as dit by lewensvrae kom. Die basisteorie van hierdie ortodokse lewensvrae was, dat as daar reg opgetree word, sal dit voorspoedig met die individu gaan, maar die teendeel is ook waar, as die individu verkeerd optree, ongehoorsaam was, sal daar straf wees. Hierdie basisteorie was bekend soos dit ook in Psalm 1:6 gevind word: "Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang" asook Spreuke 3:33: "Die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is."

Binne hierdie wysheidsliteratuur het Job dit moeilik gevind om sy eie verliese te hanteer. Job se vriende probeer ook gereeld vir Job tereg wys, juis vanweë die vriende se ortodokse siening van lyding. Job het met sy vriende se ortodokse advies geworstel en hierdie optrede van sy vriende het 'n negatiewe effek op sy vriendskap met hulle gehad. Ook hier sal daar diepgaande oor lyding en verlies besin word. Daar is ook oor verlies in Psalm 22 asook Johannes 11 besin en dit kom in hoofstuk 4 aan die orde.

Vir hierdie studie is die Reformatoriese teologie as vertrekpunt gekies. Verskeie Kommentare is in die studie gebruik, soos onder meer erkende bronne van Harrelson (1990) se kommentaar oor Rut en Gutiérrez (1987) se kommentaar oor Job. Skrifondersoeke is volgens die hermeneutiese reëls, soos deur Coetzee (1990:15-30) aangedui, gedoen. Die vraag wat dus hier gevra word, is: "Wat is veronderstel om hier te gebeur" (Osmer 2008:4).

### 1.9.4 Pragmatiese taak

Die pragmatiese taak van Osmer (2008:176) antwoord die vraag: “Hoe kan ons hierop reageer”. Die pragmatiese taak het die normatiewe perspektiewe verdiskonteer na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende taak versamel is en deur die beskrywende-empiriese taak vasgestel is. Riglyne is deur ŉ hermeneutiese interaksie tussen die normatiewe perspektiewe, interpreterende perspektiewe en die verhale van die kwalitatiewe ondersoek daargestel waarvolgens praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging saamgestel kon word. Transformasie en rypwording van die identiteit is hier belig en riglyne oor hoe die gespreksgenote persoonlik sin en betekenis kon verkry is daargestel. Hierdie transformasie is die antwoord op Osmer se vraag: “Wat moet ons nou hieraan doen?”

#### 1.9.4.1 Vrae wat hieruit voortgespruit het, is die volgende:

- Wat sou hierdie studie aantoon, is die unieke uitkomste na aflegging, sodat dit ŉ bydrae kan lewer om op ŉ pastorale wyse, persone wat deur hierdie afleggings prosesse gaan, by te staan?
- Hoe kan hierdie uitkomste help om ŉ nuwe verhaal van hoop vir hierdie teikengroep te konstrueer?
- Op watter wyse kan die gespreksgenote se identiteit geherdefinieer word?
- Wat sou aan hierdie manne, na aflegging, sin en betekenis aan hulle lewe gee?

## 1.10 SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSPROSEDURE

**Navorsingsvrae:** Watter narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne kon saamgestel word vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?

**Doel:** Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

**Metodologie:** In die studie gaan Osmer (2008:4) se vier take van Praktiese

| |
|---|
| Teologie gebruik word om tot nuwe insig te kom oor hoe die narratiewe Praktiese Teologie ŉ bydra kan lewer tot die "prefiguration, configuration and re-figuration" (Ricoeur 1983:86-92) in die middeljarige wit Afrikaanse man se belewenis tydens verpligte aflegging? |
| **Verdere vrae wat uit die Navorsingsvraag voortspruit:** |
| **Hoofstuk 2: Beskrywende-Empiriese taak**<br><br>Watter bydrae en perspektiewe kon die empiriese navorsing na die tafel bring met betrekking tot die insameling van data deur onderhoudvoering insake die wit middeljarige Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.<br><br>**Doelwit:** Om deur kwalitatiewe empiriese navorsing vernuwende insigte en perspektiewe te formuleer waardeur die middeljarige wit Afrikaanse man tydens die proses van verpligte aflegging begelei kan word.<br><br>**Navorsingsmetode:** Die beskrywende empiriese taak behels ŉ kwalitatiewe empiriese studie deur die data-insameling wat op onderhoudvoering gebaseer is. ŉ Meervoudige gevallestudie is gemotiveer deur verkennend en beskrywende inligting wat by die gespreksgenote toepaslik gevind is. |
| **Hoofstuk 3: Interpreterende Taak**<br><br>Watter verheldering bring ander verwante wetenskappe ter uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?<br><br>**Doelwit:** Om deur ŉ literatuurstudie gebruik te maak van die resultate van die navorsing vanuit aangrensende wetenskappe met betrekking tot die formulering van riglyne en uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. |

| |
|---|
| **Navorsingsmetode:** Om te verstaan wat die Narratiewe Praktiese Teologiese benadering behels. Daar is ŉ literatuurstudie onderneem vanuit die psigologie, sosiologie en filosofie om ŉ interpreterende perspektief daar te stel. |
| **Hoofstuk 4: Normatiewe taak**<br><br>Watter normatiewe perspektiewe bied Skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?<br><br>**Doelwit:** Om vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe deur die Skrifondersoek van toepaslike Skrifgedeeltes bied vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.<br><br>**Navorsingsmetode:** Die normatiewe taak is op die praktyk van pastorale hulpverlening gefokus, om vanuit die Skrif en toepaslike literatuurstudie op dit te fokus wat sin en betekenis gee insake die gespreksgenote se identiteit en selfkonsep tydens die verpligte aflegging. |
| **Hoofstuk 5: Pragmatiese taak**<br><br>Watter praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne is vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging saamgestel?<br><br>**Doelwit:** Om praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.<br><br>**Navorsingsmetode:** Die pragmatiese taak behels die voortdurende in gesprek wees met die gespreksgenote. Die gespreksgenote is ŉ reisgenoot deur Osmer (2008) se take. Dit sal die normatiewe perspektiewe verdiskonteer na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende taak versamel is en deur die beskrywende empiriese taak bevestig is. Riglyne is daargestel deur ŉ |

hermeneutiese interaksie tussen die normatiewe perspektiewe en bevindinge van die kwalitatiewe ondersoek waarvolgens hulpverlening behoort te geskied om die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging te begelei. Transformasie en rypwording van die identiteit is hier belig en riglyne is daargestel oor hoe die gespreksgenote persoonlik sin en betekenis verkry het. Hierdie transformasie is die antwoord op Osmer (2008) se vraag: “Wat moet ons nou hieraan doen?”

# HOOFSTUK 2

# DIE BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK:

# HOOFSTUK 2: BESKRYWENDE-EMPIRIESE TAAK

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar op die empiriese taak gefokus wat vir die navorsing gevolg is. In Praktiese Teologie is dit nodig om die aard en omvang van die situasie saam met gespreksgenote goed te verstaan. Dit is belangrik alvorens daar vanuit die konteks en in ŉ deelnemende narratiewe proses moontlike oplossings te kan ontwikkel – dit is kenmerkend van ŉ kwalitatiewe narratiewe empiriese studie. Vanuit onderhoude met gespreksgenote kom daar beskrywings van die gespreksgenote se lewenswêreld na vore. In klassieke navorsing word daar na hierdie beskrywing as data verwys. ŉ Narratiewe benadering is egter meer sensitief en die benadering wil nie voorgee dat mense of hulle verhale bloot data is nie. Hoe dit ook al die beste beskryf sou kon word, kan dit nie anders dat hierdie 'data' ook deur die navorser, as wit middeljarige Afrikaanse man, geïnterpreteer word nie.

Tracy (1987:17) wys daarop dat die Christelike teoloog die gesprek vanuit sy raamwerk as Christen betree. Die outeur wys daarop dat, as gespreksgenoot, die navorser sy eie diskoers en ervaring in ag moet neem. Die navorser as gespreksgenoot moet sy sosiale ligging ("*social location*") asook die waarde van sy primêre linguistiese gemeenskap (taal) herken en erken. In hierdie studie verteenwoordig die lewenswêreld van die gespreksgenote ook die demografie van die navorser as gespreksgenoot as 'n wit Afrikaanse man in sy middeljare.

Gesprekvoering is met die wit Afrikaanse mans in hul middeljare, wat deur die afleggingsproses gegaan het, gedoen sodat daar ŉ geheelbeeld verkry kon word oor watter effek die afleggingsproses op die individu het. Dit beantwoord Osmer (2008:4) se vraag: "Wat is besig om te gebeur?" Kwalitatiewe navorsing poog om die aard van individuele ervarings op ŉ nievoorskriftelike manier te verstaan. Klem word op menslike gedrag en ervaring geplaas om die proses van betekenistoekenning aan ervaring te ondersoek en die gevolglike betekenis te beskryf. Daar word gepoog om die leser tot ŉ empatiese verstaan van fenomene op ŉ spesifieke plek en tyd, deur middel van ŉ ryk beskrywing, te bring (Engelbrecht, 1998:205). Vervolgens word die model van Osmer (2008) krypties beskryf.

## 2.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Soos in die voorafgaande hoofstuk genoem, word die metodologie van Richard Osmer gebruik, soos in sy boek, "*Practical Theology: an Introduction*" (2008) verwoord. Osmer struktureer sy model rondom vier kerntake, naamlik:

### 2.2.1 Die Beskrywende-empiriese taak

ŉ Beskrywende empiriese taak wat die vraag vra: "Wat gebeur? Wat is besig om te gebeur?

### *2*.2.2 Die Interpreterende taak

ŉ Interpreterende taak probeer vanuit aangrensende wetenskappe verstaan wat die oorsake is wat tot die huidige situasie aanleiding gegee het. Die vraag word gevra: "Hoekom gebeur dit?"

### 2.2.3 Die Normatiewe taak

ŉ Normatiewe taak bestaande uit toepaslike Skriftuurlike en teologiese perspektiewe om die verlangde of korrekte situasie te beskryf. Die vraag word gevra: "Wat is veronderstel om te gebeur?"

### 2.2.4 Die Pragmatiese taak

ŉ Pragmatiese taak wat die vraag stel naamlik: "Hoe moet ons nou hierop reageer?" Soos in hoofstuk 1 beskryf, is hierdie taak refleksief benader sodat die vraag "Wat moet ons nou hieraan doen?" beantwoord kon word.

Dit is van belang om aan te dui dat Osmer nie noodwendig die narratief uitsluit nie.

**Tabel 2-1: Osmer se model sluit nie die narratiewe benadering uit nie**

| **OSMER** | **NARRATIEF** |
|---|---|
| Beskrywend-empiries taak: "Wat gebeur?" "Wat is besig om te gebeur?"<br><br>Tradisioneel empiries van aard maar ook (sien regs) | Beantwoord ook die vraag "Wat gebeur?" "Wat is besig om te gebeur?" maar ook soos deur die gespreksgenote gesien en beleef |

| | |
|---|---|
| Interpreterende taak: "Hoekom gebeur dit?" By wyse van verskillende wetenskappe maar ook (sien regs) | Beantwoord ook die vraag "Hoekom gebeur dit?" maar soos ook deur die gespreksgenote verklaar (as 'n poging tot sin-vind) |
| Normatiewe taak: "Wat is veronderstel om te gebeur?"<br><br>By wyse van wat Skriftuurlik op gereflekteer en as toepaslik geag te wees maar veral (sien regs) | Beantwoord ook die vraag: "Wat is veronderstel om te gebeur?", deur in gesprekke te werk om unieke uitkomste saam met gespreksgenote raak te sien. Hierin is die gespreksgenote se geloofsverhale reeds ingebind wat eintlik die manier is hoe mens vervolgens 'n keuse maak oor waar om die Skrif te gaan soek/verken – tesame met kommentare, studies ens. |
| Pragmatiese taak: "Hoe moet die navorser nou hierop reageer?"<br><br>Soos hierdie moment verstaan word maar pertinent/verkieslik [as dit narratief gestand doen] soos ontwikkel uit die gesprekke, herformulering en konstruering van nuwe realiteite. | Beantwoord ook die vraag: "Hoe moet die navorser nou hierop reageer?" behels die begin van die ontwikkeling van alternatiewe/'*preferred*' verhale behalwe dat die navorsing nie hier heeltemal so ver sal gaan soos as dit 'n terapeutiese proses sou wees nie. Genoegsame inligting is versamel om riglyne te kan saamstel wat kontekstueel toepaslik is. |

### 2.3 NAVORSINGSONTWERP

Die primêre navorser se benadering het op 'n kwalitatiewe basis by wyse van individuele onderhoude met die gespreksgenote geskied. Gespreksgenote binne die konteks van hierdie empiriese studie verwys na die mans wat vir deelname aan hierdie navorsing gewerf is. Werwing en selektering (vergelyk 2.4c) het binne die spesifieke skopus van die studie plaasgevind, naamlik middeljarige wit Afrikaanse mans wat verpligte aflegging ervaar het.

Kruger (2012:2) definieer navorsingsontwerp as "die stelselmatige proses van die versameling en analise van inligting of data om grondige verduidelikings te verskaf wat nuwe inligting kan word." Daar is ŉ onderskeid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes by wyse waarop daar na die werklikheid gekyk word. Newman en Benz vertolk die onderskeid soos volg:

> The debate between qualitative and quantitative researchers is based upon the differences in assumptions about what reality is and whether or not it is measureable. The debate further rests on differences of opinion about how we can best understand what we "know", whether through objective or subjective methods
>
> (Newman & Benz, 1998:2).

Vir hierdie studie het die navorser die kwalitatiewe navorsingmetode gevolg. Pieterse (1993:186) wys daarop dat kwalitatiewe navorsing ŉ dieper grawe is om die sosiale werklikheid en al die verskillende verskynsels daarbinne en die kompleksiteit daarvan na te gaan. Dit handel nie hier oor ŉ objektiewe soeke na eksakte resultate nie. Rubin en Rubin (2005:xvii) toon aan dat kwalitatiewe onderhoudvoering meer as slegs die insameling van data is, dit is ŉ wyse hoe om die wêreld te beskou en daaruit te leer. Babbie (2001:275) eggo Rubin en Rubin en wys ook daarop dat kwalitatiewe navorsing nie slegs ŉ insameling van data-aktiwiteite is nie. Babbie noem dit ŉ "*theory-generating activity as well*".

Struwig en Stead (2007:12-13) sluit hierby aan en beskryf vier eienskappe van kwalitatiewe navorsing:

- Die gespreksgenoot se perspektief is uniek en verskil van die navorser se perspektief.
- Navorsing is kontekstueel.
- Die proses is ŉ aksie van die navorsing, om verandering oor ŉ tydsverloop te verstaan is imperatief.
- Navorsers is buigsaam en word deur hul gespreksgenote gelei om oop vir onverwagse momente en wendinge te wees.

In die navorsingsontwerp het die navorser ŉ interpretatiewe en "*collaborative*" benadering gevolg soos deur Morgan (2000:2) en Freedman en Combs (1996:xvii) beskry, by wyse van die narratiewe terapeutiese benadering. In die narratiewe benadering is die verhale en die betekenis wat die gespreksgenote ŉ integrale deel van die navorsing. Daarom is dit van belang om die verhale en die betekenis wat die gespreksgenote daaraan toedig, te interpreteer maar ook hierdie interpretasie *via* die gespreksgenote te toets om seker te maak dat dit die oorspronklike oogmerk en betekenis was. Narratiewe navorsing fokus nie op die insameling van data nie, maar is eerder op die betekenis, wat die gespreksgenote aan hul verhale gee, gefokus.

## 2.4 NAVORSINGSMETODE

Narratiewe navorsing word deur Lieblich, Tuval-Mashiach en Zilber (1998:2) beskryf as enige studie wat narratiewe materiaal gebruik of analiseer. Hulle dui aan dat die inligting versamel word as ŉ lewensverhaal wat in onderhoude vertel word. Hierdie lewensverhale word die objek van die navorsing. Die gespreksinligting is by wyse van individuele onderhoude ingesamel. Die benadering wat gevolg is, is die narratiewe benadering. Dit is by wyse van semi-gestruktureerde onderhoude gedoen met sekere vrae wat vir al die gespreksgenote ooreenstem. Ander vrae het binne die oogmerk van narratiewe gesprekvoering voortgevloei. Die sogenaamde respondente word binne die narratiewe benadering as gespreksgenote gesien (Rubin & Rubin, 2005:27).

Kwalitatiewe onderhoude vanuit die narratiewe benadering fokus daarop dat die gespreksgenote nie bloot net ŉ objek van studie is nie, maar mense met gevoelens, persoonlikheid, ervaringe en taal is. Hierdie proses is een waarin gespreksgenote soveel as moontlik betrek word. In die narratiewe navorsingsparadigma het die navorser nie geheime kennis of metodes nie. Dit gaan eerder in hierdie tipe interpretatiewe analise oor die versmelting van horisonne tussen die wêreld van die navorser, gespreksgenoot, ander betrokkenes en dissiplines; die holistiese hantering van gegewens; en die gespreksgenoot as sleutelfiguur.

Stewart *et al*. (2007:109-110) wys daarop dat wanneer besluite vinnig geneem moet word of die gevolgtrekkings van die navorsing redelik eenvoudig is, mag notas en ŉ opsomming al wees wat nodig is. Die volgende take word deur Debus (1989:52-53),

Greeff (2005:304), Onwuegbuzie *et al.* (2009:5-8) en Stewart *et al.* (2007:109-125) uitgewys; dit staan in verband met die analiseringsproses van die inligting wat verkry is:

- Doen ’n beraming van die hoeveelheid tyd wat nodig gaan wees om die analise van die inligting te doen.
- Organiseer die veldnotas, digitale opnames, transkripsies en ander inligting.
- Luister weer na digitale opnames en lees notas.
- Bestudeer die verhale (in die Narratiewe navorsing word op verhale gefokus ) om die hoofgevolgtrekkings vir die indeling van die temas en subtemas te maak.
- Voeg afsonderlike elemente saam om 'n sintese te bereik.

### 2.4.1 Navorsingsomgewing

Die inligting is by wyse van onderhoude in Gauteng asook in Kaapstad bekom. Die Gauteng en Kaapstad onderhoude is by ’n geskikte plek, soos deur die gespreksgenote verkies is, gehou.

Daar is ook van elektroniese wyses, byvoorbeeld e-pos, gebruik gemaak om meer duidelikheid oor die verhale van die gespreksgenote te verkry. Dit handel hier egter nie bloot om duidelikheid nie, maar voldoen ook aan narratiewe navorsingsgeldigheid van reflektiwiteit waarin nuwe moontlikhede groei en in die normatiewe en pragmatiese taak uitmond.

### 2.4.2 Metode van data insameling

Responsiewe, semi-gestruktureerde individuele onderhoude is met die gespreksgenote gevoer. Hierdie onderhoude is ook digitaal opgeneem met die nodige toestemming (Bylae A). Sake wat nog onduidelik was en wat verder uitgebou is, is *via* e-pos verder uitgeklaar.

#### 2.4.2.1 Groepe, Steekproef en steekproefgrootte

**a) Groepe**

Die navorsing het betrekking op die middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk, as gevolg van verpligte aflegging, verloor het.

**b) Voorgestelde grootte van groep en motivering**

Volgens Krueger en Casey (2009:68) en Morgan (1997:42) voorsien minder gespreksgenote beter omvattende insig wanneer die navorsing ten doel het om ŉ groter begrip van mense se ondervindinge te verkry en wanneer duideliker insig van elke persoon se reaksie tot ŉ onderwerp verlang word. Die gespreksgenote se onderhoude is as individue gevoer en nie as deel van ŉ groep nie.

Die voorgestelde gespreksgenote het uit nege (9) middeljarige wit Afrikaanse mans bestaan wat deur verpligte werksverlies gegaan het. As gevolg van die narratiewe aard van hierdie studie sal slegs twee van hierdie verhale diepgrondig verken word. Die navorsing is van diepte afhanklik eerder as om slegs bloot aan die oppervlak te raak. Twee persone wat in die Wes-Kaap woonagtig is, is geïdentifiseer, wat gesprekvoering meer toeganklik gemaak het. Die fokusgroep ("*Population*") is persone wat aflegging ervaar het en wat wit Afrikaanse middeljarige mans is. Die populasie gee ter selfde tyd uitdrukking aan die gedagte van ŉ doelgerigte steekproef ("*Purposive sampling*") omdat vier kenmerke in die populasie aanwesig moet wees, naamlik: taal, ras, ontwikkelingsfase, en geslag.

**c) Die proses van werwing**

ŉ Onafhanklike navorser het die gespreksgenote *via* ŉ advertensie genader wat binne die skopus van hierdie studie val. Die advertensie se bewoording in gemeentebulletins het soos volg daaruit gesien: Afrikaanse mans wat hulle werk verloor het as gevolg van verpligte aflegging, wat in die skopus groep van middeljarig en wit val, word benodig vir navorsing. Kontakbesonderhede van die onafhanklike navorser is hierby gevoeg.

### 2.4.3 Data analisemetode

Flinspach (2001:23) fokus op interpreterende analise. Sy toon aan dat navorsers by die formulering van ŉ vraag begin. Die vraag reflekteer wat die spesifieke navorsing behels. Die vraag/vrae skep ook die parameters en die skopus van die studie. Die omvang van

die literatuur is nie altyd dieselfde as wat in die onderhoude beskryf word nie. Om meer duidelikheid te kry, is die vrae ook gewysig ("*reframe*") om meer insig en inligting te verkry. Soms lei dit tot die wysiging van die onderwerp of verfyning daarvan. Die navorsers ontwikkel hul interpreterende analise ("*interpretive analysis*") om die vraag te beantwoord. Die interpreterende analise, veral aan die begin van die gesprek, kan meebring dat sekere vrae beïnvloed word. Die navorser analiseer en interpreteer hierdie verhale (inligting) in terme van sy studieveld. In die teks beskryf die navorser soos hy betekenis aan die verhaal gee wat aan hom gekommunikeer is. Vanuit die narratiewe benadering word daar seker gemaak dat die betekenis van die verhaal deur die gespreksgenote juis geïnterpreteer word. Dit vind plaas deur reflektief te werk om seker te maak wat die betekenis daarvan vir die gespreksgenoot is.

Dit gee geleentheid aan die primêre navorser om ŉ geleentheid vir refleksie op die onderhoude te skep en om deur gesprekvoering seker te maak dat hy reg gehoor en geïnterpreteer het (Rubin & Rubin, 2005:31).

### 2.4.4 Die rol van die navorser

Die navorser moet volgens Pienaar (2012:1) van sy kultuur, godsdiens asook ander invloede wat moontlik as positief of negatief beleef kan word, bewus wees. Die navorser kan homself nie van sy kultuur en ervaringe losmaak nie (Pienaar, 2012:3). Vervolgens toon Pienaar aan dat die navorser sensitief vir magsdiskoerse moet wees, veral vanuit die gedagte dat die navorser die sogenaamde professionele persoon is. Die navorser kan nie sonder enige invloed binne die proses wees nie, maar moet ŉ intensionele gedesentraliseerde posisie kies.

Elke navorser is uniek. Die navorser moet homself verstaan. Pienaar noem dit "*constructing oneself*". Hy dui aan dat die taak van die outobiografie vir die teoloog in hierdie sin nie ŉ luukse is nie, maar ŉ noodsaaklikheid; nie net vir die verstaan van sy eie teologie nie, maar hoofsaaklik vir die konstruksie daarvan (Pienaar, 2012:7). Die navorser moet ook van sy eie bevolkingsgroep of die sogenaamde "*whiteness*" bewus wees. Steyn verklaar "*whiteness*" as:

> I believe it is best understood as an ideologically supported social positionality that has accrued to people of European descent as a consequence of the

> economic and political advantage gained during and subsequent to European colonial expansion (Steyn, 2001:121).

Müller (2016:6) wys daarop dat die navorser konstant bewus moet wees wat hy na die proses, as gevolg van sy eie bevolkingsgroep, bring. Dit is duidelik dat die navorser van sy eie diskoerse bewus moet wees terwyl hy besig met navorsing is sodat hy nie die navorsing in ŉ sekere rigting stuur nie. Die narratiewe benadering is in hierdie navorsing gekies sodat die klem geplaas word om te luister vanuit ŉ "nie-weet-nie" posisie.

Die navorser se rol is om stories uit te lok (Pienaar, 2014:4). Hierdie stories handel oor die gespreksgenoot se lewe, sy familie, kultuur en hoe hierdie sake met mekaar in verband staan. Pienaar (2014:4) wys daarop dat die navorser ŉ veilige ruimte moet skep sodat die verhale vertel en hervertel kan word. Müller (2009:212) tipeer hierdie ruimte as ŉ veilige maar ook ŉ brose ruimte.

Labuschagne (2008:148) wys daarop dat outo-etnograwe uit die begrippe outo (self), etnos (kultuur) en grafie (skryf) saamgestel is en dit dui op die skryfproses aangaande persoonlike ervaring binne bepaalde omstandighede. Brunsdon en Lotter (2011:3) wys daarop dat Chang (2008:54) vyf kritiese areas geïdentifiseer het waaroor outo-etnograwe hulself gereeld moet verantwoord:

1. Word daar nie deur die skrywer of navorser te veel op die self in isolasie van ander gefokus nie?

2. Daar moet ŉ balans ten opsigte van die analise en interpretasie van die kulturele verhouding wees en daarom moet daar versigtig omgegaan word om nie te veel aandag aan die narratiewe proses te gee nie.

3. Voortdurend moet die navorser/skrywer homself afvra of hy net op sy eie geheue staatgemaak het?

4. Is daar deurlopend in die verwysingproses eties en korrek opgetree?

5. Is die term outo-etnografie deurgaans korrek aangewend?

Etiese aspekte rakende die beskerming van privaatheid en toestemming tot publikasie van navorsingsresultate vir hierdie studie is volgens die riglyne en beleid van die

Etiekkomitee vir navorsingsetiek van die Noordwes Universiteit hanteer (Handleiding vir meestersgraad- en doktorale studie, 2013:26-28).

Die navorser het die voorgeskrewe etiese goedkeuring by die Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie (NWU-00236-18-A6) aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry.

Die gespreksgenote is voor die studie deeglik oor die doel van die navorsing ingelig, die prosedures wat gevolg sou word, asook wat die moontlike voor- en/of nadele mag wees. Gespreksgenote het self besluit of hulle aan hierdie studie wou deelneem en die opsie is aan hulle gegee om op enige tydstip hul deelname aan die navorsing te staak. Die onderhoudvoering is vertroulik tussen die primêre navorser en die gespreksgenote. Privaatheid impliseer die element van persoonlike privaatheid wat gerespekteer word, terwyl vertroulikheid op die hantering van inligting en identiteit op ŉ vertroulike wyse dui (Strydom, 2005:61). Die onafhanklike navorser verkry elke gespreksgenoot se toestemming en respekteer elkeen se reg tot privaatheid. Die navorser sal alle gespreksgenoot se inligting op ŉ vertroulike manier hanteer deur hul anonimiteit te beskerm. Daar is op so wyse met die inligting omgegaan dat die gespreksgenote nie herkenbaar en identifiseerbaar is nie.

## 2.5 ETIESE OORWEGINGS/IMPLIKASIES OP DIE NAVORSING

### 2.5.1 Beraamde risikovlak

Die risiko's vir elke gespreksgenoot hou direk verband met hul psigiese toestand ten tyde van hierdie navorsing.. ŉ Minimale risiko is geantisipeer. Indien van die gespreksgenote ongemak sou ervaar vanweë die vertel van hul lewensverhaal sal die navorser die rol van berader vertolk om hierdie verhaal te herinterpreteer om ŉ positiewe uitkoms te bereik. Dit is moontlik omdat binne die paradigma van narratiewe berading daar nie-diagnosties gewerk word. Sou dit blyk dat dit nodig is, word die gespreksgenoot aangemoedig om meer terapeuties gefokus hulp te ontvang. Hoewel die navorser 'n toepaslik pastoraal narratiewe beradings agtergrond het, is die oogmerk van navorsing nie terapeuties nie.

### 2.5.2 Wat word van die respondente gedurende die insameling van data verwag?

Die gespreksgenote het die vorm van ingeligte toestemming onderteken nadat die aangewese onafhanklike persoon(e), soos deur die navorser aangestel, die oogmerke en volle implikasie van hierdie studie aan hulle verduidelik het. Die gespreksgenoot het ook ŉ 'afkoel-periode' van twee dae gehad, waartydens hulle hulself van die inhoud van die navorsing kon vergewis. Hul kon enige vrae vra sou daar onduidelikheid oor die proses wees. Hul het vervolgens die geleentheid gehad om finaal toe te stem om as gespreksgenoot op te tree. Daar is verder ook van hulle verwag om ŉ twee uur-lange persoonlike onderhoud met die primêre navorser te voer. As gevolg van die narratiewe aard van die ondersoek is daar ook ontluikende opvolg gesprekke met die gespreksgenote *via* telefoon asook e-pos gevoer. Daar is geen druk op enige gespreksgenoot geplaas om enige vertroulike of persoonlike inligting bekend te maak wat moontlik ŉ verleentheid vir hom sou veroorsaak nie, sou hy voel dat hy nie hierdie inligting wou openbaar maak nie.

### 2.5.3 Waarskynlike belewenisse van gespreksgenote

Müller (2001:2) toon aan dat die wyse waarop ons ons taal gebruik, nie hierdie gespreksgenote mag viktimiseer nie. Müller kies daarom eerder vir die benaming 'gespreksgenote', eerder as bloot navorsingsobjekte. Vanuit die narratiewe benadering is daar onderhoude gevoer oor wat die gespreksgenoot se verhaal van frustrasie is of was, binne die situasie van verpligte werksverlies – daar word hierna as die dominante verhaal verwys. Moontlikhede is ondersoek waar alternatiewe verhale ontwikkel kon word. Tesame met gespreksgenote is daar op betekenis gefokus wat vir die gespreksgenote, nou en in die nabye toekoms, sin en betekenis kan gee.

Die waarskynlikheid dat grensgevalle deur hierdie benadering ŉ verhoogde stresrespons sal beleef, was onwaarskynlik maar was nie uitgesluit nie. Daar was geen verhoogde stresrespons nie. Die benadering plaas die klem op die positiewe en unieke uitkomste in die persoon se lewe. Elemente is nie van die primêre navorser in die onderhoud (of andersins na die onderhoud) ingebring nie. Grensgevalle waar psigose betrokke mag wees verg ŉ mediese diagnose wat ondermeer mediese behandeling en/of terapie benodig. Diesulke gevalle is nie binne die bestek van die navorsing hanteer nie. Gesien binne die etiese raamwerk van die studie sou verwysing na gepaste professionele hulpverleners plaasvind. Hierdie verwysing was nie nodig nie.

Hoewel daar ooreenkomste tussen narratiewe navorsing en narratiewe terapie binne die tradisie van die Dulwich Sentrum in Australië is, is daar steeds ŉ onderskeid tussen gespreksgenoot as navorser en gespreksgenoot as terapeut (Clandinin, 2007:438). Narratiewe terapie is lank reeds in empiriese en epistemologiese gesprekke bekend vir hoe daar oor tradisioneel sielkundige diskoerse, diagnose en behandeling gedink word. Hoewel laasgenoemde stelling waar is, is dit ook bekend dat die narratiewe benadering nie die antwoord vir alle gevalle is nie. Gevolglik, ondanks hierdie dieperliggende gesprek en ŉ narratiewe benadering se siening of werkswyse met grensgevalle, en ondanks dat gesprekke nie te min opbouend beleef sou word selfs in grensgevalle nie, sluit die navorsing diesulke gevalle uit.

Daar is as deel van die vraeskedule ook navraag gedoen of die persoon reeds in terapeutiese, soortgelyke prosesse of selfs in gesprek met vriende en kollegas was waar hy geleentheid gehad het om oor die betrokke tema te gesels. Die aanname is gemaak dat so persoon reeds 'n kans gehad het om die gebeure in sy lewe te absorbeer of bietjie afstand daarvan te verkry. Daar is oor hulle belewenis daarvan, hetsy positief of negatief, uitgevra. Daar is ook ŉ metafoor van afstand gebruik om hulle te vra om hulle verhouding met die 'dit'/'metafoor' of 'saak' vir beide die verlede, hede en toekoms te beskryf wat met singewing help.

Om sin en betekenis aan jou belewenis te gee, is sentraal tot menswees. Frankl (1992:115) wys daarop dat om sin en betekenis te gee ŉ fundamentele menslike karaktertrek is. Frankl sê voorts dat hy glo wat nodig vir mense is om na trauma te oorleef  dikwels afhanklik van hul vermoë is om sin en betekenis aan die effek van trauma te gee.

Whitney fokus op sin en betekenis en wys daarop dat:

> Meaning making and our sense of objective reality are linked and reality can be understood by individuals as their lived experience, common sense and the knowledge of day to day habitual behaviours. When these are acted out in life, one gains a sense of objective reality. Our experiences are interpreted in terms of this objective reality and meaning making for the individual when they are perceived as making sense in terms of that objective reality
>
> (Whitney, 2012:1).

Traumatiese gebeure kan nie verduidelik word nie en is buite die grense van bogenoemde realiteit en het die neiging om hierdie realiteit te laat versplinter en versplinter ook die betekenis wat aan hierdie realiteit gegee is. In antwoord op hierdie “versplinterde realiteit” moet individue hul realiteit herkonstrueer (“*re-construct*”) of herskryf (“*re-author*”) om hierdie nuwe realiteit te akkommodeer.

Metafore, volgens Whitney (2012:1) help individue om nuwe betekenis vir hul trauma te vind. Daar sou ook ŉ hele gesprek rondom stres/trauma by wyse van metafore geëksternaliseer kon word, nog voordat die persoon sy verhaal begin deel. Daarmee kom mens te wete wat die persoon se verhouding met stres is en watter aspekte in sy lewe die effek en ‘stem’ van stres groter of kleiner maak. Dit word vervolgens 'n aktiewe voorsorgmaatreël vir die gesprek Dit is so dat in narratiewe terapie daar nie met resepmatige en eksakte diagnostiese beskouings gewerk wil word nie. Hierdie studie gaan egter nie so ver om pertinent terapeuties te werk nie. Wat navorsing betref is daar ook akademiese gesprekke rondom onderliggende spanning tussen paradigmas. Selfs sielkundiges stem nie met mekaar oor hierdie saak saam nie. Dit kan van vroeg af reeds in die sielkunde in die akademiese bydraes van Kenneth Gergen gesien word, waar hy vier interverwante spanninge (“*inter-related tensions*”) bespreek. Hierdie spanning dreig om die narratiewe veld te verdeel. Gerkin (2011, 374-381) toon aan dat daar spanning tussen die sielkundige en die sosiale verduideliking van die narratief is. Daar is ook spanning tussen die strukturele en prosesoriëntasie tot navorsing. Daar is ook spanning tussen benaderings wat eerder op ervaring fokus teenoor die wat meer ervaring tekstueel dekonstrueer.

Gerkin se akademiese bydraes kan op verskeie maniere (as ŉ meer generatief kontekstueel, kultureel sensitief, of psigososiaal) beskryf word wat aansienlik met dominante kliniese perspektiewe kontrasteer.

Hoewel daar in gesprekke na alle waarskynlikheid moontlikhede op die tafel vir die pad vorentoe geplaas word wat waarde vir die studie het, is daar in die narratiewe benadering ooreenkomste met deelnemende aksienavorsing. Schurink (1998:408) wys daarop dat daar in deelnemende aksienavorsing gepoog word om kritiese denke en sosiale bewussyn by die gemeenskap te ontwikkel. Dit behoort die persone in staat te stel om aktief in gemeenskaplike pogings betrokke te raak om hul probleme aan te spreek wat ook weer hul kennis en vaardighede verhoog. In Narratiewe navorsing, as

deelnemende aksienavorsing, is gesprekvoering nie ŉ aparte deel van die navorsing waarin data ingewin word en van persone verdiskonteer/losgemaak word om te eksegetiseer of analiseer nie.

Vir die narratiewe navorser is die doel nie om verandering te bring nie, maar om te luister na die verhale en om in hierdie verhale ingetrek te word (Müller, 2001:2). Lamott (1995:62) verwys na die formule van die skryfkuns wat Alice Adams bekendgestel het. Die formule staan as die ABCDE formule bekend. Dit stel "*Action, Background, Development, Climax and Ending*" voor. Op hierdie wyse word die verhaal binne die narratiewe benadering tot navorsing ontwikkel (Müller, 2001:2). Dit is die uitkoms in wording en word algaande deelnemend ontwikkel soos ŉ skrywer karakters ontwikkel. Die plot [navorsingsresultaat] word gedryf deur na karakters om te sien en nie in die kluisenaars skriptorium van die navorser nie.

Op die manier word daar voorkeur aan die storielyne gegee wat transformasiepotensiaal binne die konteks van die persoon se lewe het. Hoewel nie eksklusief nie, is dit juis hierdie transformasie wat die antwoord op Osmer se vraag "Wat moet ons nou hieraan doen?", is.

Die waarskynlike belewenis word positief geag te wees omdat gespreksgenote, wat andersins nie ruimte het om ŉ belewenis te deel nie, ŉ nie-veroordelende ruimte gebied word om te gesels. Dit kan wees dat die verhale vir die eerste keer uit die juk van geheimhouding losbreek. Die gespreksgenote is op soek na sin en betekenis binne hul lewensverhale. Alternatiewe verhale kan nie geforseer word nie, dit moet soos ŉ vuurtjie aan die gang geblaas word totdat die wonderwerk van transformasie by ŉ persoon plaasvind.

### 2.5.4 Risiko's en voorsorgmaatreëls

Soos bo aangedui is ŉ minimale risiko geantisipeer. Hoewel die waarskynlike belewenis positief was, was die moontlikheid daar dat die gespreksgenote moontlik ongemak uit die hartseer van hulle verhaal kon beleef. Deurgaans het die primêre navorser saam met die gespreksgenote gereflekteer oor waar hulle in hulle gemoed rondom die belewenis van die gesprek is. Vanweë die aard van die navorser se agtergrond as ŉ predikant wat pastorale gesprekke hanteer, kon ingeligte moontlikhede of verwysing bespreek word indien daar verdere hulp benodig sou word.

Voorsorgmaatreëls wat in terme van moontlike ongemak getref is, behels dat die impak van die gesprekke geëvalueer word. Nie net refleksie as sodanig nie, asof beperk tot ŉ filosofiese vlak, maar die inhoud van die refleksie ten opsigte van die effek van die gesprek op die persoon rakende gedrag, emosie en kognisie, asook die gewaarwording van die betekenisvolle ander se stem in aanmerking geneem kan word. Met laasgenoemde in gedagte word die betekenisvolle ander dus in die gespreksgenoot se onmiddellike omgewing in die proses geken, in die mate waartoe die gespreksgenoot daartoe instem. Dit het aan die hand van ŉ bekendstellingsbrief geskied.

### 2.5.5 Voordele vir gespreksgenote

Direkte voordele aan die gespreksgenoot/gespreksgenote is om hul situasie beter te kan verdiskonteer. Alternatiewe verhale is ontwikkel waar die dominante verhaal van frustrasie verskuif kon word wat nuwe moontlikhede aan die gespreksgenote geskep het. Dit het die moontlikheid geskep om ŉ skuif na sin en betekenis te bring, om vanuit die trauma van verpligte werksverlies te groei.

Indirekte voordele aan die samelewing is die moontlikheid dat hier ŉ benadering gevolg is wat ander persone, wat hulself in hierdie situasie bevind, kan bevoordeel. Alhoewel die studie ŉ toegespitste fokus het, kan ander dissiplines ook moontlik van hierdie navorsing by verpligte werksverlies gebruik maak.

### 2.5.6 Risiko/voordele analise

Met inaggenome van die direkte voordele vir die gespreksgenoot, blyk dit dat die voordele swaarder as die risiko's weeg. In grensgevalle waar psigologiese trauma deur die onderhoude gesneller word, is die risiko dalk groter. Daarom is voorsorgmaatreëls en goeie siftingsmetodes, soos vooraf bespreek, ingebou.

### 2.5.7 Kundigheid, vaardighede en wetlike bevoegdhede

Die primêre navorser het ŉ Meestergraad in Praktiese Teologie met ŉ fokus op Pastorale berading verwerf. Die navorser werk ook in ŉ konteks waar hy pastorale berading reeds vir 21 jaar doen. Die afgelope drie jaar is die primêre navorser ook deel van ŉ doktorale studiegroep waar spesifiek op ŉ Narratiewe terapeutiese benadering gefokus word.

### 2.5.8 Fasiliteite

Die fasiliteite waar hierdie projek geïmplementeer is, het van die gespreksgenote afgehang. ʼn Fasiliteit is onderling met mekaar bespreek wat die goedkeuring van die gespreksgenoot weggedra het. Dit was ʼn fasiliteit waar vertroulikheid verseker kon word. Die primêre navorser het die verantwoordelikheid geneem om hierdie veilige plek te bespreek waarmee die gespreksgenote gemaklik was.

#### 2.5.9 Regsgoedkeuring

Al goedkeuring wat verwag is, is die goedkeuring van die Etiekkomitee (NWU-00236-18-A6) vir navorsingsetiek van die Noordwes Universiteit.

#### 2.5.10 Welwillendheidstoestemming

Die Kerkraad van NG Vishoek het aan die primêre navorser toestemming verleen om die studie te onderneem.

#### 2.5.11 Insentiewe en/of vergoeding van gespreksgenote

Daar is geen vergoeding aan die gespreksgenoot betaal nie, maar slegs ʼn welwillendheidsgeskenk soos byvoorbeeld ʼn geestelike boek. Dit dien as blyk van waardering vir gespreksgenote se tyd en opoffering om aan die studie deel te neem.

#### 2.5.12 Aankondiging/verspreiding van die resultate van die studie aan die gespreksgenote

Juis omdat die studie anoniem was, is die studie (einde 2018) aan elkeen van die gespreksgenote *via* e-pos gestuur.

#### 2.5.13 Privaatheid en vertroulikheid

Slegs die primêre navorser het toegang tot die onverwerkte ininligting waarin gespreksgenote nie anoniem is nie en/of identifiseerbaar is. Nadat die inligting by wyse van anonimiteit en identifiseerbaarheid verwerk is, het die studieleiers ook toegang daartoe.

#### 2.5.14 Die bestuur, stoor en vernietiging van data

Die klankopname van die onderhoude is op ŉ elektroniese wyse *via* die primêre navorser se selfoon gestoor. Dit is na die rekenaar gekopieer en ŉ opsomming van die onderskeie onderhoude is op ŉ Word dokument aangeteken. Toegang op die primêre navorser se selfoon word deur ŉ duimafdruk van die navorser oftewel ook ŉ pin-nommer, wat geheim gehou word om vertroulikheid te verseker, verkry. Wat die data betref wat op die persoonlike rekenaar van die navorser gekopieer is, is die rekenaar ook met ŉ wagwoord toegerus. Die rekenaar is slegs vir private gebruik.

Hierdie klankopname en Word dokument sal vir vyf (5) jaar gestoor word en sal daarna vernietig word. Alle data is elektronies gekopieer behalwe vir die harde kopieë op Word wat aan die Praktiese Teologiese departement van Noordwes Universiteit voorsien is, wat volgens die Universiteit se vereistes gestoor en vernietig sal word.

#### 2.5.15 Monitering van navorsing

Die monitering hiervan is deur die primêre navorser gedoen soos deur die Etiekkomitee van Noordwes Universiteit voorgeskryf word. Daar is voortdurend deur die navorsing met die studieleier kontak gehou, ter wille van bespreking en verdere besluitneming. Saam het die navorser en studieleier verseker dat die implementering en vordering van die navorsing op etiese wyse plaasgevind het, soos deur NWU vereis.

## 2.6 DATAGROEPERING

Die inligting vanuit die gespreksgenote is hanteer soos deur Aldridge (2005:33) vanuit die Terapeutiese Narratiewe Analise beskryf word. Aldridge wys op vyf fases waarmee die navorser sy narratiewe analise baseer.

Fase 1: Identifiseer die narratief.

Versamel al die materiaal wat die narratief vorm in. Dit word na aanleiding van onderhoude met die gespreksgenote gedoen. Dit is die verhaal wat die navorser wil vertel.

Fase 2: Definieer die ekologie van idees.

Die gedagte is om al die idees te lokaliseer as ŉ ekologie van idees. Soos wat die navorser besig is om ook die interpreterende taak van die wetenskappe te bestudeer, lees die navorser en versamel hy nuwe materiaal in. Aan die einde van die studie word

die navorser uitgedaag om sy bevindinge in ŉ nuwe teoretiese konstruksie of ŉ landskap van denke te plaas.

Fase 3: Identifiseer die episodes en genereer kategorieë.

Identifiseer episodes wat noodsaaklik vir die analise is. Genereer ŉ stel konstrukte van die episode materiaal en identifiseer kategorieë (hooftemas, subtemas en kategorieë) vir analise.

Fase 4: Die episodes word geanaliseer.

Analiseer die episodes volgens die inhoud deurdat die navorser deur die verhaalraamwerk van die konstrukte gelei word.

Fase 5: Analiseer om betekenis aan die navorsingsnarratief te gee.

Versamel al die verskillende interpretasies in om ŉ terapeutiese narratief te vorm.

Onderhoude is met nege (9) middeljarige wit Afrikaanse mans wat hul werk, as gevolg van verpligte aflegging, verloor het gevoer. Hierdie mans verteenwoordig verskillende bedrywe te wete die mynbedryf; munisipale dienste; logistieke bedryf; menslike hulpbronne; inligtingstegnologie; bestuurder en algemene bestuurder van maatskappye.

### 2.6.1 Bondige weergawe van die gespreksgenote se verhale

Hier volg ŉ bondige weergawe van die nege onderhoude met die gespreksgenote. Die name is fiktiewe name om die anonimiteit van die gespreksgenote te verseker.

#### 2.6.1.1 Gespreksgenoot 1: Danie (2 November 2016)

Danie is in die mynbedryf en is 48 jaar oud en hy het vyf (5) kinders. Danie is getroud en hoewel die huwelik sy uitdagings met die gepaardgaande werksverlies het, bou hulle aan hulle huwelik. Danie sien homself as die broodwinner van die huis. Hy wys daarop dat die man trots moet wees op dit wat hy by die werk doen. Die wit Afrikaanse man is eerbaar, hy steel nie maar werk vir alles wat hy het. Die Bybel sê nie verniet voor die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien nie. Danie se tema van sy lewe is trots en hy glo dat hy nooit met ŉ bordjie om sy lyf sal staan en bedel nie. Hy sal probeer om iets te ontwikkel, hy sê dat al is hy blind, sal hy werk.

Danie vertel sy verhaal toe hy hoor dat hy sy werk verloor het. Hy het onmiddellik aan selfdood gedink. Sy vrou moes die gif uit sy hande slaan. Hy sê dat as jy hoor jy het jou werk verloor, is jy bang jy verloor jou vrou en jou kinders. Tot vandag toe is hy bang daarvoor, al ondersteun sy vrou hom. Danie beskryf die aflegging as onbekende waters. Alles waarvoor hy gewerk het, is in ŉ oogwink weggeskeur.

Hy voel dat hy nou eintlik op die toppunt van sy werk moet wees. Hy het al die ondervinding in die wêreld. Sy bestuurders het geweet hy is betroubaar. Hul weet sy werk is sy trots. Hy is veronderstel om op die toppunt van sy werk te wees en nou is daar niks nie. Hierdie was nou eintlik die tyd waar hy geld kon bymekaar maak om sy kinders te lanseer en om reserwes vir sy oudag te bou. Danie vertel dat hy nog steeds emosionele laagtepunte ervaar. Hy vra homself af hoekom hy op die aarde is. Hy kan nie werk met sy oog wat hy by die werk verloor het of sy diabetes nie en sy gehoor is ook nie goed nie. Al hierdie gesondheidsprobleme het hy by die werk opgedoen en wanneer hy nou aansoek vir werk doen, kan hy nie die mediese vereistes deurkom nie. Dit voel vir hom of sy werk hom dubbeld straf.

Hy voel depressief, more staan hy maar weer op maar dit raak hom baie diep. Hy sê hy gee maar voor dat alles goed gaan maar dit is vir hom moeilik. Danie sê eintlik is hy verpletterd. Hy voel stukkend. Alles word weggevat en hy kan nie vir sy vrou en kinders sorg nie. Hy bekommer hom elke dag hoe hy vir hulle ŉ dak oor hul kop gaan gee. Hy sien homself as die hoof van die gesin en die trane lê vlak as hy verder vertel. Hy sê sy vrou en kinders kyk na hom as hulle koudkry. Dit is vir hom so goed hy stap in ŉ leeuhok in en hy is weerloos, hy het nie krag om terug te baklei nie. Hy weet hy moet veg maar hy weet nie hoe om te veg nie.

Sy seun is amper in matriek en hy moet gaan studeer maar daar is nie geld nie. Hulle steel nie net sy eie toekoms nie maar hul steel ook sy kind se toekoms. Danie sê dat sy verlies is nie net sy eie verlies nie maar ook sy kinders se verlies. Sy kinders se drome is weg. Hy as pa is veronderstel om die drome te gee. Hy sê ook die feit dat hy sy werk verloor het, het geweldig konflik in die huis gebring. Hy vertel dat as hy vir sy kind vra om vir hom water te bring en dit nie na sy sin is nie, gooi hy die glas stukkend en sê hy sal dit self doen. Vanaand as hy in die bed klim, dan weet hy hy was verkeerd. Omdat hy die heeltyd spanning en stres het, weet hy nie wat om daarmee te doen nie en dit borrel na die gesin oor. Soos hy hier sit, moet hy nog huur betaal maar hy is nog nie op

die punt om huur te kan betaal nie. Hy vertel dat die eienaar dreig om sy bene af te skiet as hy hom nie betaal nie. Sulke dinge bring net meer spanning en stres. Dit pla hom die hele tyd.

Sy kinders smeek hom om te braai maar hy het nie geld nie. Hulle het altyd as ŉ gesin Saterdagaande gebraai. Hy het ŉ pak wors gekoop, ŉ groot vuur gemaak en elkeen braai sy eie stukkie wors en hulle kuier saam. Daardie gesinslewe is nou weg. Die verlies is die gesin se verlies oor dinge wat hul kon doen en wat hul nie meer kan doen nie. Danie vertel dat hy en sy seuns ook lief vir visvang was. Om sy seuns vir visvang te neem kos R300. Dit is nie baie geld nie maar hy sê, neem nou die R300 weg dan voel dit soos R3000. Hy sê hy kan dit nie meer doen nie want elke sent moet hy vir kos terughou.

Hy beaam dat hierdie dinge geweldig druk op hom plaas en hy raak emosioneel en kwaad. Hy vertel dat hy ŉ ratkas probleem gehad het en hy het dit laat regmaak en dit kos R2000. Die ratkas werk toe nie en die eienaar wil nie die R2000 teruggee nie. Danie sê hy voel of die eienaar R2000 van sy kinders se kos gesteel het. Hy word so kwaad, hy sal die ratkas op die persoon se kop stukkend slaan, hom vermoor. Nie omdat hy ŉ misdadiger is nie, maar omdat hy sy heel laaste vat om vir sy kinders te sorg. Hy weet dat as hy gewerk het, het dit hom nie so baie gepla nie, want as dit is hoe die persoon ŉ besigheid bedryf gaan hy vinnig bankrot wees.

Hy sê ŉ honger mens is ŉ gevaarlike mens, inteendeel die persoon is nie gevaarlik nie, hy is emosioneel so afgetakel dat hy later nie omgee wat hy doen nie. Hy vertel ook van sy kind wat siek is en hy kan ongelukkig nie vir sy kind se mediese uitgawes betaal nie. Dit breek sy hart. Hy vertel ook dat sy pa sy been verloor het maar hy kan nie by sy pa uitkom nie, want dit kos ŉ klomp geld vir vervoer. As wit Afrikaanse man het hy grootgeword dat hy na sy ouers moet omsien. Wat sy verhouding met sy vrou betref sê hy dat elke klein meningsverskil iets groots word, want hy voel diep hier binne dat hy nie kan voorsien nie. Om hierdeur te gaan, sê Danie, moet jy ŉ sterk huwelik hê. Al wat hy oor het, is die wat om hom is, verder het hy niks meer nie.

Danie voeg by deur te sê dat as jy jou werk verloor het, sien mense jou ewe skielik op ŉ ander manier. Mense maak die lewe vir hulle baie moeilik met hul opmerkings, aanmerkings en optrede. Een het byvoorbeeld vir sy vrou gesê, as sy net die sleg ding van ŉ man sal los, sal hulle vir haar sorg. Hy vertel sy vrou was in trane toe sy dit vir

hom vertel het. Daar word vir die kinders gesê dat jou pa sleg is, hy wil nie werk nie. Sy kinders was al in skoolgevegte omdat hul vir hul pa opstaan, vertel Danie.

Hy sê, terwyl hy van sy kinders praat, het dit ŉ groot effek op die kinders se sosiale lewe. Hulle gaan saam met vriende uit om te gaan ysskaats. Die een vriend borg sy seun vir die ysskaats maar die ander een se vriende nie. Hy het nie geld om daarvoor te betaal nie, dan gaan een seun ysskaats en die ander bly by die huis. Dit maak dit baie moeilik vir Danie. Hoe sê hy vir een kind ja, en vir die ander een, nee. Mense maak dit vir hom moeilik. Hy is nie onwillig om enige werk te doen nie, maar voel dat mense, en selfs familie hom uitbuit. Hy sê hy werk die hele dag, dan gee hulle hom ŉ kilogram maalvleis.

Danie is bekommerd oor die toekoms, vir homself en sy kinders. Waar gaan sy kinders eindig, want daar is nie geld vir hulle om te studeer nie. Wat sy eie omstandighede betref, weet hy nie waar hy gaan bly nie. Hy het nie ŉ inkomste nie en kan nie ŉ huis koop nie.  Hy wonder of hy ook een van daardie mense gaan wees wat in die plakkerskampe sal moet gaan bly. Hy het ŉ diepe bekommernis oor die toekoms. Dit is vir hom ŉ nagmerrie om daaraan te dink.

Danie vertel wat hom sin en betekenis gee is sy verhouding met die Here, sy vrou en kinders. As hulle by sy hek uitstap, waarvoor moet hy terugbaklei? Mense praat sleg van hulle as gesin, maar hulle is lief vir mekaar. Hy is trots op sy vrou en kinders. Mense kan alles van hom wegvat, sy huis, motor, maar hulle kan nie sy trots wegvat nie. Hy sê dat as hy more begrawe word, dan onthou hulle jou as mens, nie jou huis of jou motor nie.

Danie se verhouding met die Here is baie belangrik vir hom. Hy gaan nog steeds kerk toe en sy kind is ŉ jeugleier by die kerk. Hy vertel dat sy vrou glad nie kerk toe gaan nie, want sy voel almal trap op haar met wat hul vir haar sê. Vir homself is sy verhouding met God in sy woorde: “baie, baie belangrik”. Hy verwoord dit op hierdie wyse: “Wie laat jou asemhaal? Wie gee jou die krag om hierdeur te gaan? Jy as mens sal dit nooit alleen kan maak nie” Die Here, sê Danie, het vir hom die perfekte lewensmaat gegee om hom te onderhou. As hy haar nie gehad het nie, het hy al selfdood gepleeg. Soms staan hy op en alles voel net donker, dan is sy vrou vir hom daar, tel hom emosioneel deur bemoediging op. Hy glo dit is deur die Heilige Gees.

Tog worstel Danie gereeld met die Here. Soms het hy gevoel God het hom weggegooi omdat hy deur al die omstandighede moet gaan. Hy het die Here al gevra hoekom is hy sy swartskaap en as hy die volgende oggend wakker word, wys die Here hom, hy is eintlik sy rooibokkie.

Binne hierdie situasie, dra die Here hom. Soms kry hy ŉ onverwagse sms, en dit bemoedig hom. Hy weet dat God hom nooit weggooi nie en dat dit maar net ŉ gevoel is, en nie 'n realiteit nie. Die toekoms lyk vir Danie allermins rooskleurig, maar hy het nie moed opgegee nie.

#### 2.6.1.2 Gespreksgenoot 2: Marc (6 Februarie 2017)

Marc is 48 jaar oud en het in ŉ logistieke afdeling gewerk. Hy is getroud en het twee kinders. In die gesprek val dit die navorser op dat Marc ŉ stil persoon is maar presies weet wat hy in die lewe wil hê. Hy het ŉ vasberade persoonlikheid. Hy vertel dat werk vir hom belangrik is want dit help hom om ŉ inkomste te verkry en om in die behoeftes van sy familie te voorsien soos voedsel, huisvesting, kleding en veiligheid. Om te werk, vertel Marc, is van uiterste belang want die man se waarde as eggenoot en vader word hieraan gemeet. Dit is vir hom goed om te werk want dan voel hy bruikbaar in die samelewing. Die gevoel om die hele dag hard en lank te werk en om moeg by die huis te kom, is seker die beste gevoel wat daar kan wees, sê Marc. Dit is ŉ "*after action, satisfaction*" gevoel.

Hy vertel dat hy letterlik lam gevoel het en geskok was toe hy hoor dat hy sy werk verloor het. Hy sê hy onthou dit nog soos gister, hoe hy hierdie aflegging ervaar het. Hy het bloedrooi in die gesig geraak, sy gesig het gegloei. Terwyl hy terug gery het huis toe het hy in trane uitgebars en met die Here gepraat en vir genade gepleit. Marc het diep binne hom gevoel of hy sleg was en niks werd is nie. Hy het al sy woede op die Here en sy werkgewer geprojekteer. Hy het selfs gevoel dat dit beter is om te sterf.

Later het hy baie depressief gevoel en sy trots was gebreek. Hy was nog altyd die een wat ander mense gehelp het en nou moes ander hom help en dit was ŉ bitter pil vir Marc om te sluk. Wat dit vir hom nog moeiliker gemaak het, was die feit dat sy skoonouers in daardie stadium by hom gewoon het. Sy skoonma was siek en hy het geweet dit sal nie goed vir haar wees om hulle te vertel hy is by die werk afgelê nie. Hy het vir ŉ jaar lank elke oggend opgestaan, aangetrek vir "werk" en "werk" toe gegaan en

dan by ŉ riviertjie gaan sit en as die werksdag om is, het hy weer huis toe gegaan. Sy selfbeeld was verpletterd.

Hy het sy werk in sy middeljare verloor, terwyl sy kinders nog op hoërskool was. Die skoolfonds was baie hoog, alhoewel dit ŉ gewone staatsskool was. Dit het beteken dat Marc geld moes leen om te oorleef. Dit was vir hom uiters moeilik om geld by familie te vra, want die Afrikaner, soos hy dit stel, het sy trots. Hy weet hy sal nooit inhaal by sy ouderdomsgenote nie. Hy het soveel skuld op sy huis gemaak en moet almal nog terugbetaal by wie hy geld geleen het. Hy het nou by ŉ nuwe werk begin, maar hy moet onder begin. Hy stap nie sonder meer op sy vorige posvlak in nie. Hy het nie ŉ keuse wat werk betref nie, hy moet neem wat hy kry.

Marc vertel dat dit wat hom onsettend hartseer gemaak het, die bekommernis in sy vrou se oë was. Hy vertel dat hy graag dit anders wou hê maar hy het absoluut magteloos gevoel om iets daaraan te doen. Sy was vir hom nog net goed en het hom hierdeur gedra. Sy seuns was in die hoërskool en hulle kon nie meer op skoolkampe en die kerk se jeugkampe bywoon nie. Hy het ook gevoel dat hy nie meer sy seuns se held was en ŉ pa waarop hulle trots kon wees nie.

Dit was hartseer oomblikke toe sy oudste seun sy motorfiets, wat hy voor Marc se werkaflegging gekry het, wou verkoop om die huisgesin te help. Wat vir hom ook hartseer was, was die feit dat hy nie vir sy jongste seun dinge kon koop soos vir sy oudste seun toe hy 16 jaar oud geword het nie. Hy kon vir hom nie ŉ 125cc motorfiets koop om skool toe te ry nie en hy kon ook nie ŉ rekenaar bekostig waarmee hulle hul skoolwerk kon doen nie. Marc vertel dat dit ŉ effek op die verhouding in die gesin met mekaar het, want die jongste het geglo hy trek die oudste seun voor. Dit het tot vele uitbarstings en rusies tussen die twee seuns gelei en hy weet nie hoe om dit te hanteer nie. Tot vandag toe, is daar ŉ letsel in hul gesinslewe.

Hy het die gemeenskap met agterdog bejeën. Marc het gevoel dat niemand omgee nie en dat niemand vir hom ŉ kans wou gee nie. Daar was hier en daar ligpuntjies en dit van mense van wie hy dit die minste verwag het. Marc het ook oral aansoek vir werk gedoen maar as gevolg van regstellende aksie het hy gesukkel om werk te kry.

Hy vertel oor sy verhouding met die Here. Die Here is vir hom baie belangrik maar sy verhouding met die Here het wipplank gery. Hy het van sy diepste oomblikke met sy

verhouding met die Here in die tyd beleef. Baie wonderwerke het plaasgevind en God het elke dag vir hulle gesorg. Ander tye weer het hy dit beleef dat God sy rug op hul gedraai het. Hy het dit veral beleef as daar iets negatiefs gebeur het. Marc is steeds oortuig dat, dit wat vir hom sin en betekenis in hierdie proses gegee het, sy geloof in God is. Marc is ook steeds in ŉ gemeente betrokke en lei ŉ omgeegroep. Dit is duidelik dat Marc baie goed in die Woord onderlê is en sy emosies kan verbaliseer. Hy rasionaliseer ook die prosesse in sy lewe. Marc is besig om opnuut weer aan sy toekoms te begin bou. Hy het verskeie planne maar weet dat die toekomshuis baksteen vir baksteen gebou moet word.

#### 2.6.1.3 Gespreksgenoot 3: Brian (1 Februarie 2017)

Brian is ŉ ingenieur en ŉ IT spesialis wat 55 jaar oud is. Hy is getroud en het ŉ studerende dogter. Brian se situasie is anders as die meeste van die ander gespreksgenote. Hy is ŉ vryskut IT konsultant en het werk op kort termyn basis gedoen. Hy begin normaalweg, voor die projek op sy einde is, weer werk te soek, hetsy in Suid-Afrika of in die buiteland. Die navorser sou Brian as ŉ wêreldreisiger kon beskou wat werk betref. Hy het al dwarsoor die wêreld gewerk omdat hy ŉ uiterste spesialis in sy werk is.

Vir Brian het daar ook ŉ onaangename verassing voorgelê. Hy was deel van ŉ reuse projek wat vir hom standvastigheid vir ŉ paar jaar sou gee. Die projek is bloot eensklaps gestaak en ewe skielik het hy nie meer werk gehad nie. Sy ingesteldheid teenoor werk is definitief anders as die meeste ander gespreksgenote. Dit was vir hom aanvanklik ook ŉ reuse skok, maar hy is al daarin geoefen om nuut te dink en om homself wêreldwyd te kan bemark.

Brian vertel hoe hy oor werk dink. Hy stem nie saam met die feit dat mense geklassifiseer word na aanleiding van die werk wat hulle doen nie. Hy weet dit is ŉ realiteit. Die hoeveelheid geld wat mense verdien word gebruik om mense te evalueer oor hoe goed die persoon doen. Vir hom is dit ŉ uiters materialistiese siening. Brian sê dit is noodsaaklik om te werk want as jy nie werk nie, kyk mense in simpatie op die persoon neer. Dit is vir hom belangrik om goed aan sy gesin se behoeftes te kan voorsien. Vir hom stel werk en die gepaardgaande inkomste die mens in staat om aan die norme van die groep, waarmee die persoon homself assosieer, te voldoen. Werk, vertel Brian, help jou om ook vir jou oudag te voorsien.

Brian vertel dat hy op ŉ baie winsgewende projek gewerk het wat hom in staat sou stel om vinnig beleggings vir sy oudag bymekaar te maak. Dit sou die druk van hul finansies afhaal. Die projek is baie skielik en sonder waarskuwing gestaak. Hy was baie teleurgesteld dat sy planne nie kon realiseer nie en het ŉ gevoel van verlies ervaar. Brian vertrou die Here vir nuwe geleenthede in sy bedryf. Die positiewe hierin is dat hy meer afhanklik van God raak, hy sien die breë prentjie as net bloot die skielike staak van sy kontrak.

Vir hom het die feit dat die kontrak skielik gestaak is, nie ŉ groot effek op sy selfbeeld nie, want hy weet wat sy spesialisvermoëns is. Hy is eintlik al daarin geoefen om sy "werk te verloor" in die sin van ŉ kontrakbasis. Brian is ook daarvan bewus dat, in sy geval as ŉ vryskutkonsultant, ŉ geldbuffer sy sekuriteit tussen projekte is. Hy voel tog die druk as daar nog nie ŉ nuwe projek, soos hy dit noem, "opgelyn" is nie. Hy besef dat hy dan vinnig werk sal moet kry ten einde nie sy geldbuffer en daarna sy neseier te knou nie. As hy oor sy naderende aftrede dink, is die finansiële aspek vir hom ook bron tot kommer. Hy wys op statistiek wat toon dat 96% van mense nie finansieel onafhanklik kan aftree nie. Sy doel is om genoeg passiewe inkomste te bewerkstellig vir die tyd wat hy nie kan werk nie.

Brian is positief oor die toekoms en weet dat hy gedurig deur sy kundigheid op datum moet hou en dat die mark bereid is om daarvoor te betaal. Hy gebruik ook soms, as hy tussen projekte is, tyd om hierdie kundigheid op te bou. Vir hom is dit sy kwaliteit tyd met God, sy gesin, sy breë familie en vriende wat vir hom sin en betekenis gee. Ook die feit dat hy weet dat hy vir sy gesin kan sorg, vir nou en die toekoms, is vir hom van belang. Brian is intelligent en sien die toekoms nie as ŉ bedreiging nie, maar hy wil homself so posisioneer dat die toekoms vir hom werk.

#### 2.6.1.4 Gespreksgenoot 4: Leon (1 November 2016)

Leon het in die mynbedryf as ŉ passer en draaier gewerk en hy het ook ondergronds gewerk. Hy het ŉ gelukkige gesin gehad totdat die krisis van verpligte aflegging hom getref het. Dit was die tweede keer dat ŉ myn ondergegaan het as gevolg van direkteure se diefstal. Die tweede keer was vir Leon baie moeiliker. Hy was trots op sy werk, hy het hard gewerk en mense het geweet dat Leon presies weet hoe om sy werk te verrig. Mense het hom vertrou.

Hy was gewoond om vir sy gesin te voorsien, nou kan hy nie eers vir sy kind in die basiese behoeftes voorsien nie en dit maak hom as pa seer. Leon sê dat sy selfbeeld baie laag is. Elke keer as sy kind hom iets vra, is dit of ŉ koeël hom tref. Die maatskappy skuld hom honderde duisende rande. Hy was deel van die, soos hy dit noem, "*skeleton staff*", en het aanhou werk terwyl ander reeds afgelê was. Daar was baie beloftes dat geld eersdaags inkom en dit sou die myn red. Hulle sal dan weer vol besoldig word en een maand het maande geword en so gebruik Leon al sy ekstra spaargeld op. Leon sê hy is werkspesifiek opgelei en hy kan niks anders doen nie. Wel, hy sê hy kan baie ander dinge doen maar hy het nie "papiere" nie. Hy het sy vrou by wyse van egskeiding verloor.

Leon deel dat as mens het hy baie emosies met die aflegging beleef. Hy sê dat die mens se kop te klein is om dit te verwerk en hy drink in hierdie stadium antidepressante. Hy het gehoor dat die bekende persoon wat hy verantwoordelik vir sy ontslag gehou het in die hooggeregshof sou verskyn en hy het besluit om hom leed te gaan aandoen. Hy onthou dat hy baie kwaad geword het, gevloek en geskel het en hy was by die persoon, maar die regsgeleerdes het hom omsingel. Hy is oortuig daarvan dat hy daardie dag, hierdie persoon se "nek sou omdraai". Leon sê: "Ek sal daai ou gaan doodmaak, jy sien rooi om jou. Jou hele toekoms word deur mense wat hulself verryk het, weggegooi."

As hy hierdie verhaal vertel, kan jy die woede by hom sien opborrel en dit is al vier jaar later. Leon wens dat geregtigheid sal geskied, hulle moet betaal vir wat hulle gedoen het. As ons besin oor wat sin en betekenis gee, is Leon vir lank stil en jy kan sien hy bepeins sy antwoord. Die vraag word weer gevra, hierdie keer anders gestel. Wat maak die lewe vir jou die moeite werd? Sy antwoord is om reg te leef. Reg te leef is vir hom om te leef soos die Bybel jou vertel hoe om te leef, dat jy sal weet jy en jou Vader het ŉ goeie verhouding. Mense stel teleur, maar die Here sorg. Hy sê hy ondervind dit in sy eie lewe. Hy gaan nie kerk toe nie, maar hy praat gereeld met die Here. Hy stoei met die Here, hy bid deur die nag en soms kry hy ŉ antwoord. Leon sê dat al wat hom hierdeur gedra het, is geloof. Vandag woon Leon in ŉ klein kamertjie in ŉ swart woonbuurt en eet pampoenblare saam met die inwoners.

#### 2.6.1.5 Gespreksgenoot 5: Shaun (21 Augustus 2017)

Shaun is in sy laat veertigerjare en is getroud en het twee kinders. Hy is in die menslike hulpbronne bedryf. Shaun het vir ŉ konstruksiemaatskappy gewerk en ook sy kontrak is

ewe skielik gestaak. Hy is werkspesifiek opgelei en dit maak dit vir hom moeilik om ŉ werk te kry. Shaun vertel dat dit vir hom ŉ uiters moeilike tyd in sy lewe is. Hy het gewig verloor, hy kry nie geslaap nie en sy bloeddruk is hoër. Hy sê dat hy nie die luukse het om homself jammer te kry nie want hy het ŉ gesin om voor te sorg. Dit plaas baie druk op hom, maar hy moet net wegkom van die slagoffermentaliteit. Hy het sy CV afgestof en dit weer oral gestuur om vir mense te laat weet hy is weer in die mark beskikbaar. Hierdie situasie bring baie stres en hy is nie meer lus vir hierdie situasie nie. Dit bring spanning in die huisgesin. Hy het finansiële verantwoordelikhede en ewe skielik droog die inkomste op.

Die navorser sien die frons op Shaun se voorkop as hy vertel dat dit baie moeilik vir sy vrou is. Sy het ŉ vaste werk met al die stres wat daarmee gepaard gaan en nou bring hy sy stres huis toe. Sy sukkel ook om te slaap en sy werk net harder en harder. Dit is vir hom werklik moeilik om dit te sien en dit bekommer hom en dit laat hom skuldig voel as hy sien dat sy al harder en harder werk en hy sit by die huis. Hy help baie in die huis om alles reg te maak, hy is nou die "huisman", was skottelgoed, wasgoed, maak dinge reg rondom die huis en ry die kinders rond. Hy probeer kompenseer om te help in die huishouding om sy vrou se las minder te maak.

Shaun sê dat hy probeer dat die stres nie na sy gesin oorspoel nie, maar hy weet hulle tel die stres op. Hulle as gesin kan net so lank op niks oorleef nie, dan is dit verby. Dit lê swaar op hom. Shaun vertel dat sy dogter wat op universiteit is, die situasie besef. Sy laat die vriende foto's van die bladsye van die handboek neem en dan leer sy so om kostes te bespaar. Sy seun raak al stiller en onttrek homself al meer en meer. Dit bring nou weer ander probleme mee, vertel Shaun, want hy lê net op sy bed en leer nie. Hy het vir hom gesê hy kan nie verwag dat hy vir hom gaan betaal vir sy studies nie, hy sal moet beurse kry.

Hy het al wyd aansoek vir werk gedoen, maar sy persepsie is dat werkgewers kyk na hul *"equity"* teikens en hy is in die menslike hulpbronne afdeling en die risiko is veel laer by hierdie afdeling as die finansiële afdeling of ingenieursafdeling. Die *"equity"* teikens word eerder in sy afdeling gejaag as in die ander afdelings. As die menslike hulpbronne afdeling droogmaak, kan die projek nog steeds voortgaan. Dit is vir hom ŉ frustrasie dat hy dinge kan doen en dit goed doen, maar mense sien dit nie raak nie en hy kry nie geleentheid om dit te doen nie.

Shaun raak kwaad vir die Here. Hy verstaan dat dinge uitgesorteer sal word, maar hy weet nie wanneer nie. Hy verstaan ook dat dit nie te laat gaan wees nie. Wat hom kwaad maak is dat hy nie kan verstaan hoekom hy deur al die dinge moet gaan as dit in elk geval uitgesorteer gaan word nie. Dit is al meer as ŉ jaar wat hy na uitkoms soek en smeek en hy sien dit nie. Hy kan nie verstaan hoekom hy deur al die stres moet gaan nie en dit maak hom opstandig. Met tye wil Shaun nie met God praat nie. Soms kry hy boodskappe op die selfoon en dit wys vir hom God is nog in beheer. Tog sê Shaun hy bid nie meer nie, want hy sien nie meer die sin daarin nie. Sy verhouding met die Here is ook ŉ wip-wa situasie.

Shaun is duidelik bekommerd oor die toekoms ten opsigte van homself en sy gesin en is naarstigtelik op soek na werk. Die wip-wa rit van mense wat hom kontak en nader vir ŉ CV en om dan net weer te hoor hy was nie suksesvol nie, is vir hom moeilik, maar tog het hy nog moed vir die toekoms.

#### 2.6.1.6 Gespreksgenoot 6: Gerrit (1 September 2017)

Gerrit is in sy middelvyftigerjare, is getroud en het twee kinders en het vir ŉ Munisipaliteit gewerk. Hy is ook by die werk afgelê. Vir hom het dit gevoel dat hy tot die einde van sy lewe kom, hy kan nie meer vorentoe nie. Daar is nie mense wat hom in sy krisis wou help nie. Gedagtes van selfdood het by hom opgekom. Hy wou nie meer opstaan nie en wou nie by mense wees nie. Gerrit vertel dat hy selfs nie by sy vrou of by die huis wou wees nie. Dit voel vir hom dat hy net wil weghardloop en in die berg wil gaan sit. Weer noem hy dat hy nie meer wou lewe nie. Hy het gevoel hy het geen nut op aarde nie, hy kan nie vir sy huisgesin sorg nie en dit het tot depressie oorgegaan. Gerrit sê hy het soos ŉ zombie gevoel, hy is hier maar hy is ook nie hier nie. Hy het vir lank antidepressante gebruik, maar voel hy moet nou met sy lewe aangaan en wil dit nie meer gebruik nie. Saam met sy geskiedenis wat hy beleef het in die weermag, het hy ook hartkloppings begin kry. Gerrit beleef ook angs, soveel so dat hy van self begin bewe.

As wit Afrikaanse man het hy grootgeword dat dissipline uiters belangrik was. Hy het dit ook geleer, vertel Gerrit, vanuit sy skooljare en ook weermagdae. Hy sê dat jy as kind moet luister en doen wat vir jou gesê word. Hulle het baie streng grootgeword met die gedagte dat hy sy ouers moet eer. Hy moes respek teenoor ouer mense toon. Gerrit deel ook dat die wit Afrikaanse man nie oor emosionele dinge praat nie. Hulle toon nie

emosies nie, hulle praat nie met hul vrouens daaroor nie, want hulle moet dit self kan hanteer. Mans onttrek hul heeltemal en raak dan ongelooflik depressief, vertel Gerrit. Die wit Afrikaanse man, sê hy, het baie trots in hulle en dit is hoe hy grootgemaak is.

Gerrit sê vanuit sy grootword jare, het hy geleer dat daar in die Bybel staan dat God van jou verwag om te werk. Die mens kan nie net op sy louere sit en niks doen nie, die mens sal geseën wees as hy hard werk. Hy vertel dat toe hy sy werk verloor het, sy kinders in daardie stadium maar moeilik was. Hy sukkel vandag nog steeds met ŉ moeilike verhouding met een van sy kinders. Dit is vir hom as ouer baie swaar, sy kinders wil graag aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, maar hy het nie die finansies nie en dan raak hulle kwaad vir hom. Hulle verstaan nie as hy vir hulle sê dat hul ten minste nog ŉ huis het om in te bly, kos en klere waarvoor hul dankbaar kan wees. Sy dogter het al vir hom gevra hoe gaan sy studeer en waar gaan die geld vandaan kom. Dit is vir hom as ouer baie swaar.

Hy gaan voort deur te sê dat sy werksverlies ook ŉ effek op sy vriende gehad het. Hy vermoed meer van sy kant af, as van hulle kant. Gerrit sê dat toe hy sy werk verloor het, het hy minderwaardig teenoor sy vriende gevoel. Hy voel half skuldig dat hy nie werk het nie en dat hy nie ŉ inkomste het nie. Dit is vir hom nie die vriende wat noodwendig onttrek nie. Hy het anti-sosiaal geraak en het net by die huis voor die rekenaar gebly. Hy was humeurig, vertel hy, maar daarmee saam het hy nie energie gehad nie.

Gerrit vertel dat hy oral aansoek vir werk doen, maar hy was nie, as gevolg van regstellende aksie, suksesvol nie. Daar waar hy aansoek doen sê dit duidelik vir hom dat hierdie pos is ŉ "*Equity*" pos. Hy toon aan dat hy een van die ouer garde van middelklas wit Afrikaanse mans is, wat deur die burgeroorlog gegaan het. Hy was amper dood in ŉ handgranaatontploffing, sewe ander om hom is dood. Hy voel hy het deur moeilik tye in die oorlog gegaan. Hy het sy bydrae tot die destydse regering gelewer. Gerrit vertel dat hy gevoel het dat hy teen kommunisme veg en nie teen swart mense nie. Dit het hom baie seergemaak, want die vorige regering het hom vergeet en gelos. Hy sukkel nou nog met traumatiese omstandighede waar hy angsaanvalle, as gevolg van die oorlog, kry en hy erken dat hy dit moeilik hanteer. Hy het sy beste vir die vorige regering probeer, waar hy gedwing was om iets te doen wat hy nie eintlik wou doen nie en nou word daar totaal en al teen hom as wit Afrikaanse man van sy

ouderdom gediskrimineer, waar hy sukkel om werk te kry en waar daar pertinent aan hom gesê word dat hy moet besef BEE geniet voorkeur.

Gerrit vertel dat sy geloofslewe vir hom belangrik is. Hy het ŉ kalmte waar hy weet God gaan sorg.  Sy laaste sent wat hy gehad het, het hy gebruik om huur te betaal en Gerrit het geweet dit is die einde van ŉ doodloopstraat. Nou is daar nie meer geld nie, hy kan nie meer geld by sy ouers leen nie, dis die einde. Toe het hy begin besef, hy kan nie op sy eie aangaan nie, dit werk nie. Hy het besluit om al sy probleme aan God oor te gee en vas in Hom te glo. Hy het tot die besef gekom dat hy nog nooit sy Skepper gevra het wat  Sy wil is nie. Dit het hom geleer om sy geloof in sy Skepper te plaas en vir Hom om hulp en leiding te vra. Hy sê dat God praat nie noodwendig met die mens dat hy hoor nie, maar die tekens is daar. Die mens moet net die tekens raaksien. Wat God ook al besluit, is sy besluit en hy het ŉ kalmte oor hom wat dit betref. Hy het nog net ŉ paar rand pensioen, maar hy weet as daardie geld op is, sal God vir hom sorg. Die angs en vrees is weg. Gerrit sê hy het geleer om totaal en al alles vir die Here te gee en op hom in Jesus Christus te vertrou. Sy behoud is sy geloof en God. As die mens sy oë op God hou, sal God hom versorg. Die mens sal genoeg hê, nie noodwendig in oorvloed nie. God sal die mens seën op die manier wat Hy wil.

#### 2.6.1.7 Gespreksgenoot 7: Norman (4 September 2017)

Norman is 46 jaar oud en was in die grondverskuiwingsbedryf. Norman vertel dat hy die dag wat hy sy werk verloor het, nooit sal vergeet nie. Hy sê koue sweet het hom uitgeslaan en sy ouers het daardie dag nog by hom gekuier. Hy het ŉ e-pos gekry dat hy sy werk verloor het en het toe dadelik na die hoofkantoor toe gery. Norman vertel, hy het hulle gevra dat hy net nog ses maande kan aanhou werk, maar hulle het net gesê die besluit is klaar geneem en dit is finaal. Hy onthou dat hy vir sy vrou gesê het dat alles verby is. Hy het alles probeer maar niks wou werk nie. Norman vertel dat hy al sy persoonlike finansies gebruik het om sake te probeer deursien. Dit was vir hom ŉ reuse skok, die een oomblik werk hy nog rustig voort en ewe skielik bars die bom en hy is werkloos. Dit was vir hom een van die grootste, in sy woorde, *“roller coaster rides”* van sy lewe, hy sê dat jy jouself mooi in die stoel moet vasdruk en vashou.

Norman sê dit maak nie saak hoe sterk jou geloof is nie, jou brein gaan met jou mal. Hy kon net nie reguit dink nie, hy gaan sit en die sweet slaan hom uit. Hy sal dit nooit vergeet nie. Soos hy hier sit en sy verhaal verwoord, is hy steeds kwaad. Hy sal die bestuurder se nek omdraai as hy kon. Vir jare het hy goeie diens gelewer en ewe skielik word hy afgedank. Hy vertel hy is net in hierdie situasie ingegooi sonder waarskuwing. Sy gesin het hom ondersteun maar hulle verstaan nie wat hy beleef nie. Hulle wurg elke maand om deur te kom en hy moet die kinders in die oë kyk as hul iets wil hê. Hy vertel dat hy sy tiekie omdraai om iets bymekaar te sit van niks nie. Dit is vir hom erg dat hy planne moet maak net om ŉ brood te koop. Norman sê hy het sy identiteit verloor toe hy sy werk verloor het. Sy selfvertroue is daarmee heen, hy voel hy is ŉ mislukking. Dit is vir hom soos om in ŉ kar te wees wat begin gly, hy moet maar net vashou. Hy verstaan hoekom mense selfdood in hierdie situasie oorweeg.

Dit het alles soveel druk op hom gesit dat hy in die hospitaal geëindig het. Hy het angs, depressie en drink medikasie. Hy vertel dat hy die middelpunt van ŉ partytjie was, maar nou is hy dit nie meer nie. Hy het as mens verander. Wat ook vir hom hartseer is, is dat sy vriende die eerste is wat, soos wat hy dit noem, "stert onder die bene weggehardloop het".  Dit is duidelik dat die aflegging nog baie rou in sy gemoed is. Hy vertel dat hy altyd by die atletiekbyeenkoms by die skool ŉ gazebo opgeslaan het en almal het daar by hulle onder die gazebo gesit en vir die hele dag gekuier. Net na die gebeure het hy die gazebo weer by die atletiek opgeslaan, maar die vriende en kennisse het hul net totaal van hulle gedistansieer.

Waaroor hy ook moedeloos is, is die feit dat hy van sy kinders se tienerjare ontneem is. Hy het net op oorlewing gefokus dat hul nou al amper uit die huis is, die vreugde saam met hulle in die huis is hom ontneem. In die oggende as Norman opstaan, is hy naar van spanning. Hy stap eintlik maar die pad alleen, al is hy ŉ gelowige man. Hy weet nie wat volgende kom nie, hy bly onder ongelooflike druk en hy voel skuldig. Hy voel heeltyd of hy in ŉ veg of vlug scenario is. Die adrenalien pomp die hele tyd. Hy vertel hy stres hom oor ŉ mik en verloor dan in elk geval alles. Norman sê hy is fyngevoelig vir elke dingetjie. Sy gesinslewe voel die druk en sy kinders en honde loop almal daar onder deur.

Hy vertel dat sy aflegging ŉ ongelooflike impak op sy huwelik gehad het. Intimiteit was weg. Hy het geen lus vir seks gehad nie. Hy het ervaar dat die spreekwoordelike

rottangs uitgehaal word om hom te slaan, want alles in die huis is sy skuld. Hy beleef dat sy vrou vir hom verwyt asof hy enige beheer oor die aflegging gehad het. Hy het alles verloor. Sy pa het net gesê, sterkte, skud jou af en stap vorentoe. Hy is bekommerd want oor ŉ paar jaar moet sy kinders begin studeer en sy ouers trek oor ŉ paar jaar Kaap toe, en hy moet hulle versorg. Norman se behoefte is, dat sy vrou net vir hom sal sê dat alles sal goed uitwerk, net die ondersteuning sal vir hom goed wees.

Hulle het intussen verhuis en het probeer om ŉ skoon breuk te maak, om die hoofstuk af te sluit en nuut in die Kaap te begin. Vir hom was dit ŉ suiweringsproses om te verhuis. Hy het net nog een goeie vriend in sy vorige tuisdorp wat deurgaans kontak gehou het. Norman is nie negatief oor regstellende aksie nie, hy weet dit skep vir hom ŉ uitdaging om self met ŉ eie besigheid te begin.

#### 2.6.1.8 Gespreksgenoot 8: Stefan (6 September 2017)

Stefan is getroud en het drie kinders en het as algemene bestuurder in die wynbedryf gewerk. Daarna het hy vir ŉ Amerikaanse maatskappy begin werk en hy het by beide sy werk, as gevolg van verpligte aflegging, verloor. Stefan is goedbelese, intelligent en het al wêreldwyd gewerk, ook as ŉ CEO van ŉ besigheid en is verbaal baie sterk.

Stefan het by wyse van ŉ "*messenger*" boodskap vanuit Amerika in die vroeë oggendure gehoor dat hy sy werk kwyt is. Toe hy hierdie boodskap van aflegging ontvang kon hy nie ŉ oog toemaak nie en het gewag dat sy vrou wakker word om haar hierdie slegte nuus te deel. Hy waardeer dit so dat sy vrou dadelik gesê het dat ons ŉ plan sal maak en dat hul saam hierdeur sal kom. Met verloop van tyd was daar ook geen verwyte van haar kant af nie. Hulle het saamgestaan en gesê hoe hulle planne kan maak. Vir die kinders het hul eers drie maande na die tyd vertel wat gebeur het, en ook hulle het saam as ŉ gesin ŉ hegte band gevorm.

Hy vertel dat hy ŉ "premier" kliënt by ŉ plaaslike bank was, maar binne vyf (5) maande ŉ "*nobody*". Alles wat hy gehad het, is daarmee heen. Stefan het al sy geld opgebruik om in die tyd te oorleef wat hy nie werk gehad het nie. Hy kry voortdurend oproepe van mense vir wie hy geld skuld, maar hy kan niks aan hulle doen nie.

Hy vertel dat hy so angstig geraak het om sy situasie te verbeter dat hy so hard werk maar hy doen eintlik niks nie. Hy sê hy spook en spartel om dinge te doen maar hy staan eintlik heeltyd stil.

Stefan sê dat hy hom beleef op die plek waar baie wit Afrikaanse mense hul bevind. Hy het baie CV's uitgestuur en hy hoor die standaard antwoord. Na 12 onderhoude het hy besef, hy mors sy tyd. Dit gaan nie werk nie, hy gaan net heeltyd teen die prikkels skop. Hy sê hy is of oorgekwalifiseer, of te senior vir die werk en dan kom die nuwe Suid-Afrika se faktore ook by. Daar is maatskappye wat doodreguit vir hom sê dat hul net ŉ *"Employment Equity"* aanstelling maak en klaar. Stefan het baie naby aan niks werd gevoel. Hy het daarna met ŉ CEO van ŉ bekende maatskappy gepraat en die het vir hom gesê dat hul hom baie graag in diens wou neem, maar hulle is self met herstrukturering besig. Dit het vir hom baie beteken, net om te hoor in sy woorde: "ek is *okay*". Die CEO het vir hom gesê: "Jy is ŉ "*solid*" ou, jy sal ŉ helse bydra vir ons maatskappy kan lewer. Jy moet iets daarmee gaan doen." Iemand wat waarde in hom gesien het. Hy het besef hy moet met homself praat. Hy het vir homself gesê dat hierdie dinge het nie met hom gebeur omdat hy ŉ slegte mens is nie, of omdat hy nie goed genoeg is nie. Hierdie goed (aflegging) gebeur. Hy is *okay*."

Sy bekommernis is dat twee van sy kinders min of meer saam op universiteit gaan wees en dit is vir hom ŉ dilemma. Hy besef dat hy sy kinders vir ŉ internasionale loopbaan moet voorberei. Hulle moet oorsee kan werk.

Hy getuig ook dat die Here vir hom hierdeur help. Hy is nie iemand wat kerk toe gaan nie, maar het ŉ diep verhouding met die Here. Hy getuig dat hierdie krisis ŉ verdiepende effek op sy verhouding met die Here gehad het. Hy sê dat die mens die lewe maklik as vanselfsprekend kan beskou. Die oomblik toe hierdie krisis hom tref, het hy twee keuses gehad: Hy kan of sak in as sit of hy moet aan iets groter as hyself vashou. Hy het besef dat elke dag genade is. Hy het gebid: "Here, hierdie goed is aan die gang, as dit U wil is, gee my die insig om dit reg te kan hanteer. Uit myself kan ek dit nie doen nie."

Stefan vertel dat alles wat hul het, bid hul van God. Hy is nie in staat om enige iets te doen as die Here dit nie vir hom gee nie. Die Here voorsien op wonderlike maniere. Hy gaan sien die besigheidsman oor een saak, maar kry werk by hom oor heeltemal iets anders en so word hy Stefan se tweede kliënt. Hy vertel dat hy sy kinders leer dat die Here die help wat hul self help. Niks val uit die lug nie.

Die navorser is oortuig dat Stefan nuwe moed en hoop vir ŉ beter toekoms het. Dit is nog in die begin stadium van ŉ nuwe eie besigheid maar die moontlikhede is oneindig.

### 2.6.1.9 Gespreksgenoot 9: Riaan (8 November 2017)

Riaan is in sy vroeë vyftigerjare, kinderloos en was werksaam by ŉ fabriek wat hul deure as gevolg van finansiële redes moes sluit. Riaan vertel dat daar ŉ oploop was dat hulle moontlik hul werk sou verloor maar die oomblik wat dit gebeur het, was nog steeds vir hom ŉ skok. Wat die hanterings- en verwerkingwyse is wat vir Riaan die beste is, is om besig te bly. Hy sê dat die man nie moet dink oor sy aflegging nie. Hy moet besig bly. Hoe besiger hy is, hoe meer bly dit uit sy gedagtes.

Hy vertel dat hy nog altyd so is. Sorg net dat jou gedagtes besig bly. Hy het dit in die weermag geleer en dit maak vir hom vandag nog sin. Hy het geleer dat jy net moet kop hou, aangaan en deurdruk. Hy het geleer dat hy respek vir mense moet hê en dan moet hy net aangaan en doen wat hul vir jou sê. Dit help hom om hierdie proses van werkaflegging te verwerk. Hy sê dat dit nie help om hande in die lug te gooi in selfbejammering nie, om net by die huis te sit en te slaap nie. Riaan sê jy moet opstaan en aangaan. Riaan vertel dat as die man net in selfbejammering gaan vasval, gaan hy net mense van hom af wegjaag. Die man moet self verantwoordelikheid vir sy lewe neem. So sien hy sy lewe en ook sy huwelik.

Wat nuwe werksgeleenthede betref, sê Riaan, tel sy ouderdom en sy velkleur teen hom. Hy het al oral gesoek maar kry nie werk nie. Hy vertel dat sy vrou al vir jare die broodwinner in sy gesin is. As hy oor die Afrikaanse man gesels dan wys hy op trots. Hy het trots in die weermag geleer. Die Afrikaner moenie nie oor sy emosies praat nie. Hy hou alles vir homself, hy sê nie eers vir sy vrou van sy emosies nie.

Riaan het met ŉ nutsmanbesigheid in sy omgewing begin. Die geleenthede vir werk is nog min maar hy sien kans vir die toekoms.

### 2.6.1.10 Samevatting

Na die onderhoude met nege (9) middeljarige wit Afrikaanse mans wat hul werk, as gevolg van verpligte aflegging, verloor het, het die primêre navorser die hooftemas, subtemas en kategorieë geïdentifiseer deur herhaaldelik die inligting te bestudeer en die toepaslikheid van die inligting teen die navorsingsvraag en doelwitte, soos in hierdie studie vervat, op te weeg. Die volgende hooftemas is gedurende die analise van die data geïdentifiseer.

- Hooftema 1: Identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.
- Hooftema 2: Werksbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.
- Hooftema 3: Werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

## 2.7 HOOFTEMA 1: IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

Die gespreksgenote is gevra wat hulle siening van die middeljarige wit Afrikaanse man is. Wat is dit wat van geslag na geslag oorgedra word, dit wat hier onder die oppervlak vanuit hierdie spesifieke kultuur leef, asook die vraag wat van jou as middeljarige wit Afrikaanse man verwag word?

Die eerste hooftema wat hier bespreek word, hou verband met hoe die Afrikaanse man grootgeword het, sy geskiedenis en die verwagtinge van die Afrikaanse man *per sé*. Is daar nog ŉ hegemoniese verwagting van die Afrikaanse man in die moderne eeu of het daar duidelike skuiwe begin plaasvind? Hier volg terugvoer van die gespreksgenote volgens die onderskeie hooftemas, subtemas en kategorieë.

**Tabel 2-2: Skematiese voorstelling van die identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging**

| HOOFTEMA 1 | SUBTEMAS | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. | Karaktereienskappe van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. | Kenmerke van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging:<br>• dissipline<br>• respek<br>• praat nie oor emosies nie<br>• trots |

| | | |
|---|---|---|
| | | • kan nie saam werk nie<br>• veerkragtig<br>• werksetiek<br>Primêre voorsiener in terme van:<br>• behuising,<br>• voedsel, kleding en skoolfonds oftewel tersiêre kostes<br>• hoof van die huishouding. |

**2.7.1 Subtema 1: Karaktereienskappe van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging**

Die gespreksgenote het in die gesprekke ŉ aantal kenmerke van die wit Afrikaanse man gedeel. Een van die hoof karaktereienskappe van die wit Afrikaanse man is dat hy die primêre voorsiener moet wees.

**2.7.1.1 Kenmerke van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging**

Vanuit die gesprekke met die gespreksgenote is dit duidelik dat die middeljarige wit Afrikaanse man homself as iemand vereenselwig wat met dissipline, respek en trots grootgemaak is en hierdie trots en respek moet teenoor die medemens uitgeleef word. Hy is ook iemand wat nie sy emosies wys nie, hy moet sterk staan en krisisse absorbeer. Die wit Afrikaanse man is veerkragtig en kan planne beraam as ŉ krisis voorhande is.

**2.7.1.1.1 Dissipline**

Die gespreksgenote vertel dat hul streng grootgeword het. Dissipline was belangrik en hy moes luister wat sy ouers vir hom sê. Hierdie dissipline is ook tydens skool en militêre diensplig ervaar.

> “Dissipline was die *“ultimate”.* Ek het dit geleer vanuit die militêre diensplig en die skool waar ek was. Jy moes geluister het.” – Gespreksgenoot 6

> “Jy luister en doen wat vir jou gesê word. Ons het baie streng grootgeraak. Jy moet jou ouers eer.” – Gespreksgenoot 6

> “Daar was dissipline, ons het meer modern geraak, maar my dogter weet tot watter punt sy my kan dryf. Ons het baie Calvinisties grootgeword, baie streng grootgeword.” – Gespreksgenoot 8

Daar is ook ŉ gespreksgenoot wat voel dat dissipline nie meer so ŉ sterk rol soos in die verlede speel nie.

> "Ons is nie meer so erg oor dissipline nie, ons het baie verslap in ons manier van doen." – Gespreksgenoot 8

**2.7.1.1.2 Respek**

Die gespreksgenote deel dat respek een van die kenmerke van die middeljarige wit Afrikaanse man is. Dit is hoe hy grootgemaak is, nie net ten opsigte van ouer persone nie maar ook in die werksopset.

> “Jy moes respek vir ouer mense toon. Die respek is nie meer daar nie, mense word vermoor vir ŉ selfoon.” – Gespreksgenoot 6

> “Ons het respek, jy respekteer mense. Amerikaners het nie so grootgeword nie. Ons het geweldige respek vir jou baas. Dit is meneer, nie eerste naam terme nie.” – Gespreksgenoot 8

**2.7.1.1.3 Praat nie oor emosies nie**

Emosies, vertel die gespreksgenote, word eerder vir hulself gehou. Hulle praat nie oor hulle emosies nie.

> “As Afrikaanse mans het ons grootgeword dat ons nie praat oor emosionele dinge nie. Mans kan hul heeltemal onttrek en dan raak hulle ongelooflik depressief, waar ek ook was.” – Gespreksgenoot 6

> “Mans is maar net eenvoudig so. Hulle *“collapse”* in hul eie omstandighede. Hulle praat nie daaroor nie. Hulle toon nie emosies daaroor nie. Hulle praat nie met hulle vrouens daaroor nie.” – Gespreksgenoot 6

> “Die Afrikaner man praat nie oor sy emosies nie. Jy hou alles vir jouself. Jy sê nie eers vir jou vrou daarvan nie. Sy kom miskien agter alles is nie reg nie, maar jy praat nie daaroor nie.” – Gespreksgenoot 9

> “Jy weet, die wit Afrikaner man praat nie oor sy gevoelens nie.” -Gespreksgenoot 7

Een van die gespreksgenote vertel toe hy vir sy pa sê dat hy sy werk verloor het, het sy pa net gereageer, sonder emosie, en gesê hy moet vorentoe gekyk. Tekenend daarvan dat die man nie by emosie moet stilstaan of oor emosie praat nie.

> “Die mense naby aan jou moet verstaan, maar hulle verstaan nie. My pa sê net sterkte. My pa het gesê: “Skud jou af en stap vorentoe”. Ons mans het net soveel emosies soos die vroue en kinders.” – Gespreksgenoot 7

#### 2.7.1.1.4 Trots

Die gespreksgenote dui aan dat trots ŉ belangrike rol in hulle lewe speel, soms tot nadeel van hulself.

> “Afrikaner mans het baie trots in hulle, dit is hoe ons groot gemaak is.” – Gespreksgenoot 6

> “Trots is baie belangrik vir die Afrikaanse man. Ons het dit in ons weermag dae geleer. Die Afrikaner man praat nie oor sy emosies nie. Jy hou alles vir jouself. Jy sê nie eers vir jou vrou daarvan nie. Sy kom miskien agter alles is nie reg nie, maar jy praat nie daaroor nie.” – Gespreksgenoot 9

> "Jy is grootgemaak, jy kry pak, stof jou af en gaan aan. Ons is te trots grootgemaak. Ons word in die ding ingegooi, dat jy later absoluut niks is nie en geen ondersteuning het nie. Jou vrou en kinders ondersteun jou maar hulle verstaan nie wat jy beleef nie. As daar nuwe goed in die huis aangekoop moet word, vat dit aan jou, want daar is nie geld nie. Nuwe swembroeke en goed, ons wurg elke maand om daar deur te kom. Jy draai jou tiekie om, om iets bymekaar te sit van niks af nie. Ons is heeltemal te trots, maar dit kom van ons weermag dae."- Gespreksgenoot 7

> "Maak nie saak in watter omstandighede ek myself bevind nie, ek as Afrikaanse man sal nog steeds probeer om iets te "*create*" maar ek sal nie met 'n bordjie om my nek staan en bedel nie. Al is ek blind, sal ek werk." – Gespreksgenoot 4

#### 2.7.1.1.5 Sukkel om as Afrikaners saam te werk

Afrikaners, volgens een van die gespreksgenote, is oortuig daarvan dat wit Afrikaanse mans nie kan saamwerk nie.

> "Kom ek vertel jou wie is die Afrikaner man. Die Afrikaner was verdruk deur die Engelse. Die Afrikaner sukkel om saam te werk." – Gespreksgenoot 8

#### 2.7.1.1.6 Veerkragtig

Die middeljarige wit Afrikaanse man, vertel 'n gespreksgenoot, is iemand wat krisisse kan weerstaan en wat kan opstaan, al gaan dit hoe moeilik.

> "Die wit Afrikaanse man is ontsaglik sterk, emosioneel sterk, "*resilient*". Wat gebeur as daar 'n krisis, tragedie is? Die Afrikaner verander daardie tragedie in 'n grappie. Ons het die vermoë om oor tragedies te kom, dit te absorbeer en iets daarmee te maak. Die boere word afgemaai, jy hoor nie die boere gooi hul hande in die lug en hardloop weg nie. Jy hoor hulle nie sê: "Vat die goed, ek gaan nie meer boer nie". Hoe swaarder dit gaan met die Afrikaner, hoe sterker is hy. Ek dink die Afrikaner het die vermoë om hom uit die omgewing te lig, want ek moet vir my gesin sorg. Die Afrikaner het ruggraat, hy kan homself uit 'n gat grawe. Ek

> dink ons het ruggraat, rêrig ruggraat en dit is die manier waarop ons grootgemaak is. – Gespreksgenoot 8

**2.7.1.1.7 Werksetiek**

Die gespreksgenote vertel dat die middeljarige wit Afrikaanse man hard kan werk en ŉ goeie werksetiek het.

> "Die Afrikaner is in aanvraag oorsee, ons werksetiek is net op ŉ ander vlak. My vriende oorsee, hulle het loopbane wat soos ŉ vuurpyl opskiet. Hulle werksetiek is soveel beter as die Amerikaners. Ons het respek, jy respekteer mense. Amerikaners het nie so grootgeword nie. Ons het geweldige respek vir jou baas. Dit is meneer, nie eerste naam terme nie." – Gespreksgenoot 8

> "Die Afrikaanse man is trots op sy werk. Hy moet hard werk. Dit is wie hy is. Werk laat jou beter voel oor jouself. – Gespreksgenoot 9

> "Ander mense kry respek vir jou as hulle sien hoe hard jy werk." – Gespreksgenoot 1

**2.7.1.2 Primêre voorsiener in terme van behuising, voedsel, kleding en skoolfonds oftewel tersiêre kostes asook hoof van die huishouding**

Onder die subtema van die karaktereienskappe van die middeljarige wit Afrikaner man word sy siening as primêre voorsiener van sy gesin in terme van behuising, voedsel, kleding en skoolfonds oftewel tersiêre kostes besoek. Daar word ook oor die middeljarige wit Afrikaanse man se sienswyse as die hoof van die gesin besin.

ŉ Uiters belangrike faset van die middeljarige wit Afrikaanse man, is die feit dat hy homself as die primêre voorsiener van die gesin beskou en wat in die Afrikaner volksmond as die broodwinner bekend staan.

Die gespreksgenote het die volgende verhale oor hul rol as primêre voorsiener vertel:

**2.7.1.2.1 Behuising**

In die verhale van die volgende gespreksgenote kon die besorgdheid gehoor word van desperate bekommernis oor hul vrou en hul kinders wat behuising betref. Volgens die gespreksgenote is daar ŉ voortdurende stryd om huurgeld te bekom en laat dit hulle voel of hulle nie in die behoefte kan voorsien nie.

> "Ek kan nie meer ŉ dak oor my vrou en kinders se kop sit nie. Soos ek hier sit moet ek nog die huur betaal. Ek kan nie die huur betaal nie en die eienaar het my verlede maand gedreig dat hy my bene gaan afskiet as ek nie betaal nie en dit bou alles spanning en stres. Dit leef in jou agterkop die hele tyd. Om jou werk te verloor het ŉ helse effek." – Gespreksgenoot 1.

> "Vir sommige mense is dit aanvaarbaar om in ŉ huis of ŉ woonstel te woon maar dit is nie aanvaarbaar om onder ŉ boom te woon nie. As jy jou met sekere norms assosieer moet jy daaraan voldoen. As hierdie norm is om in ŉ huis te bly dan moet ek dit voorsien." – Gespreksgenoot 3

> "Die man is die voorsiener en hy moet sorg vir ŉ dak oor sy gesin se kop, klere en die behoeftes van die gesin. Ek kan nie meer voorsien nie en dit maak jou terneergedruk" -Gespreksgenoot 4

#### 2.7.1.2.2 Voedsel, kleding, skoolfonds en tersiêre kostes

Om vir sy gesin te voorsien is ŉ primêre rol van die man en uitdrukking word hier gegee waar gespreksgenote nie die vermoë het om te kan voorsien nie. Dit het ŉ effek op die man se selfbeeld en hy is ook bewus dat dit ook ŉ negatiewe effek op sy vrou en kinders het, in die hede maar ook vir die toekoms. Die man voel dat hy sy familie faal as hy nie voedsel, kleding, skoolfonds of tersiêre kostes kan voorsien nie.

> "Die man is die persoon wat moet voorsien vir die gesin. Dit is vir my moeilik want my seun het *"toks"* nodig en ek kan nie dit vir hom koop nie. Dit maak my stukkend. Al sy vriende het *"toks"* maar ek kan nie dit vir hom gee nie. Dit maak dat ek wil handdoek ingooi." – Gespreksgenoot 1

(In die narratiewe benadering is die nieverbale kommunikasie belangrik want ook dit is deel van gespreksgenoot 1 se verhaal. Gespreksgenoot 1 is duidelik hieroor aangedaan en die trane sit vlak.)

> “Elke keer as my kinders my iets vra en ek kan nie voorsien nie, is dit of ŉ koeël my tref”- Gespreksgenoot 1
>
> “Dit tref my die ergste as ek dink aan my seun van 17. Sy toekoms begin nou en as hy oor drie jaar matriek skryf moet hy R100 000 hê vir die begin van Universiteit. Alles waarvoor ek baklei het, is weg. Hier is ŉ reguit pad vir jou en jy val in ŉ gat en daar is niks. Jou verlies is nie net jou verlies nie maar dit is ook my kinders se verlies. Hulle drome is weg. Jou pa en ma moet jou ŉ *“boost”* gee maar jy is in ŉ gat.” – Gespreksgenoot 1
>
> “Werk beteken vir my om inkomste te verkry om in die behoeftes van my familie te voorsien soos voedsel, huisvesting, kleding en veiligheid.” – Gespreksgenoot 2
>
> “Werk is om vir my gesin te sorg en ook die lewe vir jou makliker en beter te maak. In die Bybel staan daar dat God dit van jou verwag om te werk. Jy kan nie net op jou louere sit en niks doen nie en dat jy geseën sal wees as jy hard werk.” – Gespreksgenoot 6
>
> “Ons is so grootgemaak, jy moet sorg vir jou gesin. Jy is die een na wie daar gekyk word om te voorsien. My vrou het weer begin werk nadat sy jare nie gewerk het nie maar dit is deel van die herstelperiode. Ons natuur is om te sorg vir ons gesin, ek sal graag wou hê my vrou moet by my kinders wees, by die huis wees, en kyk dat die kinders emosioneel reg is.” – Gespreksgenoot 7
>
> “As daar nuwe goed in die huis aangekoop moet word, vat dit aan jou, want daar is nie geld nie. Nuwe swembroeke en goed, ons wurg elke maand om daar deur te kom. Jy draai jou tiekie om, om iets bymekaar te sit van niks af nie. Ons is heeltemal te trots, maar dit kom van ons weermag dae.”- Gespreksgenoot 7

Daar is duidelik ŉ verskuiwing ook van grense wat die man as voorsiener betref. Hoewel die meeste mans te kenne gee dat hul die primêre voorsiener moet wees, is daar wel ŉ verskuiwing. Gespreksgenoot 8 vertel ŉ verhaal van eerder ŉ vennootskap tussen hom en sy vrou en dat hulle saam sorg dra vir die gesin. Onderliggend spreek hy hom uit dat hy nog steeds die druk ervaar om te voorsien, al word dit nie op die voorgrond geplaas nie.

> "Ek dink ons sit nog altyd met ons Afrikaner mentaliteit van patriargale denke. As ŉ Afrikaner man nie sy gesin kan versorg nie, beskou hy homself as iemand wat sy familie faal. Dit is ŉ baie groot ding. Jy moet ŉ verhouding met jou eggenote hê, dat dit ŉ gesamentlike poging is. Ek en my vrou het nog nooit jou geld en my geld gehad nie. Dis ons geld. Ons is meer in ŉ vennootskap, maar jy voel nog steeds die druk dat jy moet voorsien. Ek is nog steeds die grootste broodwinner, ten spyte van ons moeilike tyd. 90% van die inkomste kom nog steeds van my kant af. Jy moet weet, vir 5 maande het ek vir onderhoude gegaan en hoop geplaas op onderhoude. Tot ek besef het, ek moet iets doen. In daardie proses moes ek die familie, kinders bymekaar kry en vir hulle sê, julle moet nou verstaan. Ons het net hierdie pakkie, ons is in die hemelse Vader se hand en ons moet op mekaar vertrou. Ons het ons koste sodanig gesny sodat ons met die bietjie koste kan oorleef. Kinders moet eet, by die skole gekry word, skoolklere en dit kon ons grootliks met beperkinge konsolideer. Dit is ŉ vennootskap. Almal moet saam werk. As hulle dit nie verstaan nie, raak die druk al groter op jou as man, die paniek word groter. Dit is krities, ons moes konsolideer en aanpassings maak." – Gespreksgenoot 8

Vir Gespreksgenoot 9 is dit duidelik dat hy nie meer die broodwinner en die primêre versorger is nie.

> "Die Afrikaanse man is nie meer altyd die broodwinner nie. Dit het so bietjie geskuif. In my huis is my vrou die broodwinner, al vir ŉ lang tyd." – Gespreksgenoot 9

#### 2.7.1.2.3 Hoof van die huishouding

Die gespreksgenote vertel ŉ verhaal van ŉ verwagting wat sy vrou en kinders van hom het en hy kan nie aan die verwagting as hoof van die huis voldoen nie.

> "Alles lyk "*fine"* [van buite af], maar ek is verpletterd. Ek is stukkend. Ek kan nie vir my vrou en kinders sorg nie. Jy "*worry*" hoe jy vir hulle ŉ dak oor hulle koppe gee? Wat gaan jy doen om vir hulle die lewe makliker te maak? Ek is die hoof van die gesin. Hulle kyk na my as hulle koud kry. Dit is so goed jy stap in ŉ leeuhok en jy is weerloos, niks seggenskap nie, jy het nie krag om terug te baklei nie." – Gespreksgenoot 1

> "Die man is die hoof van die gesin en ek hou glad nie daarvan dat my vrou werk nie, want dit kom daarop neer dat my rol as man en vader geskend word. Vir baie jare was my vrou ŉ huisvrou en daar was ŉ rustiger atmosfeer in die huis en die kinders het beter op skool gedoen. Naweke was ook rustiger." – Gespreksgenoot 2.

> "Ek het groot geword in ŉ familie en tyd waar mans gewerk het om na hul gesinne om te sien. Mans is die broodwinners van die gesin. Ek moet voorsien aan my gesin se behoeftes." – Gespreksgenoot 3

> "Broodwinner wees, hoof van die gesin, daai klas van goed." – Gespreksgenoot 5

Een van die gespreksgenote het weer in sy verhaal te kenne gegee dat daar ŉ skuif in die tradisionele siening van man wees, soos bo vermeld, gekom het. Daar is ŉ deelnemende besluitneming in die huishouding en sy verhaal is dat mans nie meer so homogeen soos in die verlede is nie.

> "Ek weet nie meer of jy die Afrikaanse man meer kan vasvat nie want daar is baie wat uit die kas begin klim, wat ŉ nuwe ding is. Ek dink jy kry nog die tradisionele siening van die man wat die baas van die huis is, hy is in beheer en die vrou se deelname in die besluite is, ek stem saam met jou my man. Jy kry dit, maar jy kry ook ander wat meer deelnemend is. Ons [die wit Afrikaanse man] het geleer om by mekaar aan te pas – elke doen sy ding op sy eie manier. Ons doen

deesdae as manne dinge anders en verskillend en dit maak nie een van die manne verkeerd nie. Daar is nie meer so homogene groep om te wys, so lyk die Afrikaner man nie. Dit is baie anders as die tradisionele siening, ek sien dit ook by my pelle." – Gespreksgenoot 5

## 2.8 HOOFTEMA 2: WERKSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

Die vraag wat hier aan die orde gekom het, was hoe die middeljarige wit Afrikaanse man oor werk dink. By verlies van werk voel die mans dat hulle hul identiteit verloor. Hulle selfvertroue en selfwaarde is weg. Van hulle ervaar dit so intens dat hulle waarde as eggenoot en vader aan werk gemeet word. Werk skep vir hulle menswaardigheid en selfrespek. Die middeljarige wit Afrikaanse man se trots is sy werk en daarom doen hy dit na die beste van sy vermoë. Werk is ook finansieel van aard.

**Tabel 2-3: Skematiese voorstelling van die werksbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging**

| HOOFTEMA 2 | SUBTEMA | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Werksbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. | Werksgebaseerde identiteit as ŉ dinamiese interpreterende aktiwiteit. | Algemene menslike behoeftes van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging in onder meer:<br>• selfwaarde<br>• ŉ doel in die lewe<br>• gehoorsaamheid aan die Here se |

| | | |
|---|---|---|
| | | opdrag<br>• sosiale kontekste |

**2.8.1 Subtema 1: Werksgebaseerde identiteit as ŉ dinamiese interpreterende aktiwiteit**

Onder die subtema van die werksgebaseerde identiteit as ŉ dinamiese interpreterende aktiwiteit word daar op die algemene menslike behoeftes van werk by die wit Afrikaanse man gefokus. Die verhale van die gespreksgenote word vertel oor hoe hul as middeljarige wit Afrikaanse mans werk beskou.

**2.8.1.1 Algemene menslike behoeftes van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging**

In die gesprekke het die gespreksgenote dit duidelik gemaak dat as hulle hul werk verloor, dit ŉ negatiewe effek op hul selfwaarde het. Werk het ŉ selfvervullingseffek op die man. Sodoende voel hy of hy ŉ doel in die lewe het en hy ook gehoorsaam aan die Here se opdrag is. Om jou werk te verloor het ook ŉ breër effek ten opsigte van die sosiale konteks van die man.

**2.8.1.1.1 Selfwaarde**

Die mans vertel verhale van selfvertroue wat geknou is nadat hulle hul werk verloor het wat aandui dat werk vir hul vertroue in hulself gegee het. Selfvertroue en identiteit word ook hier deur die mans aan mekaar gekoppel. Deur jou werk goed te doen, bou dit jou as man op. Werk bring ook selfvertroue vir die man in sy huishouding.

> "Eerste ding wat jy verloor is jou selfvertroue. Jy is hierdie besigheidsman, jy het met groot ouens, met myngroepe, direkteure gepraat. En ewe skielik is jy niks." – Gespreksgenoot 7

“Jy verloor jou identiteit as jy jou werk verloor. Jy verloor jou selfvertroue. Dit is maklik om planne te maak as dit met jou goed gaan. Maar sodra jy moet planne maak om net ŉ brood te koop, dan is dit ongelooflik erg.” – Gespreksgenoot 7

“Werk skep vir my baie selfvertroue want as jy jou werk goed doen, dan kom vra ander raad by jou en jy voel goed.” – Gespreksgenoot 1

“Werk is baie belangrik want as jy nie werk nie, kyk mense soms “in simpatie” neer na jou.” – Gespreksgenoot 3

“Mans moet ŉ werk hê, jou waarde as eggenoot en vader word hieraan gemeet. Enige wit Afrikaner man sal sorg vir ŉ inkomste vir sy gesin.” – Gespreksgenoot 2

“Jy moet hard werk, werk oortyd, werk ekstra, want jou werk is jou alles. Jou werk definieer jou.” – Gespreksgenoot 1

“As dit gaan oor die wit Afrikaanse man, dan gaan dit oor trots vir sy werk. Jou werk is jou alles. Jou werk definieer jou, jou werk is jou trots.” – Gespreksgenoot 1

“Die wit Afrikaanse man se trots is sy werk en dit wat gedoen word, word op ŉ eerbare wyse gedoen. Jy steel nie, jy werk daarvoor. Jy moet trots wees op jou werk en so moet jy jou kinders ook grootmaak. Maak nie saak in watter omstandighede ek myself bevind nie, ek as Afrikaanse man sal nog steeds probeer om iets te “*create*” maar ek sal nie met ŉ bordjie om my nek staan en bedel nie. Al is ek blind, sal ek werk.” – Gespreksgenoot 4

“Die Afrikaanse man is trots op sy werk. Hy moet hard werk. Dit is wie hy is. Werk laat jou beter voel oor jouself. Dit help met jou selfbeeld. Die Afrikaner man moet deurdruk, dit kom van sy weermag dae af, druk deur en kry klaar. Handel af en moenie uitstel nie.” – Gespreksgenoot 9

“Werk gee vir jou selfvervulling.” – Gespreksgenoot 8

“Werk gee vir jou menswaardigheid.” – Gespreksgenoot 8

“Jy wend jou kennis en jou vaardighede aan en dit maak jou goed voel en bou jou selfrespek en jou selfwaarde.” – Gespreksgenoot 8

“Om te werk is finansieel van aard. Werk is soms moeilik maar waar die werk lekker raak, is as dit jou *“challenge”.* [Opgewonde vertel hy hoe hy gemeenskappe kon help, en jy kan sien dit was vir hom ŉ positiewe belewenis.] Die *“challenge”* om dit te maak werk en daar weg te stap en te sien alles *is “uitgesort”.* Om hierdie *“challenge”* te vat, wat nêrens in ŉ boek is nie en dit te maak werk. Dit is lekker, werk skep energie en kreatiwiteit.”- Gespreksgenoot 5

#### 2.8.1.1.2 ŉ Doel in die lewe

Om te werk gee vir die man ŉ doel in die lewe en dit bou ook die man se selfwaarde soos by Selfwaarde genoem (1.8.1.1.3). Dit gee die man ŉ rede om op te staan.

“Dit gee vir jou “*purpose*” en selfrespek.” – Gespreksgenoot 8

“Sonder werk het jy nie rigting nie. Daar is nie ŉ doel hoekom jy opstaan nie. Ek sien dit baie met mense wat aftree, na 6 maande dan weet hul nie meer wat om te doen nie.” – Gespreksgenoot 8

“Jy stort jouself uit in jou werk.” – Gespreksgenoot 8

#### 2.8.1.1.3 Gehoorsaamheid aan die Here se opdrag

Om te werk is ook ŉ opdrag van die Here en as gelowige man moet die man aan God gehoorsaam wees.

“Die Here sê ons moet werk. Deur die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien.”- Gespreksgenoot 8

#### 2.8.1.1.4 Sosiale kontekste

Verhale word deur die gespreksgenote vertel dat die man na aanleiding van die werk wat hy doen geklassifiseer word. As hy sy werk verloor, verloor hy sy status in die samelewing. Hoe harder hy werk, hoe meer respek het mense vir hom, volgens van die verhale van die gespreksgenote. Deur te werk voel dit vir die gespreksgenoot of hy ŉ bydra tot die samelewing lewer.

> "Die oomblik wat jy jou werk verloor, sien mense jou op ŉ ander wyse." – Gespreksgenoot 1

> "By die wit Afrikaanse man word jy geklassifiseer na aanleiding van die werk wat jy doen. As jy ŉ sekere werk het, word jy sosiaal hoër aangeslaan as ander werke. Ek stem nie saam met hierdie klassifikasie nie, maar dit is ŉ realiteit in die lewe van Suid-Afrikaners. Daarmee saam word die hoeveelheid geld wat ŉ persoon verdien, gewoonlik gebruik om te vertel hoe goed die persoon doen." – Gespreksgenoot 3.

> "Werk het ŉ effek op alles. Elke tweede week het ek en my vriende gebraai maar hulle nooi my nie meer nie want hulle weet ek kan dit nie bekostig nie. Dit is vir my baie sleg. Ek het heelwat vriende in die proses verloor." – Gespreksgenoot 1

> "Werk maak dat jy jou vrou en jou kinders en jou vriende in die oë kan kyk." – Gespreksgenoot 8

> "Ander mense kry respek vir jou as hulle sien hoe hard jy werk." – Gespreksgenoot 1

> "Jy slaan jouself eintlik die hele tyd, want as ek nie my werk verloor het nie sou sy nie gewerk het nie. As ek nie my werk verloor het nie was dit nie nodig om te trek nie. Ek voel die druk, jou vrou sê vir jou dit is reg maar jy weet dit is nie reg nie." – Gespreksgenoot 7

> "Dit voel goed om te werk en jy voel of jy iets vir die samelewing beteken. Dit voel goed om te werk en om moeg die aand by die huis te kom na ŉ dag se harde werk. Daardie gevoel dat jy iets bereik het by jou werk, is seker die beste

gevoel wat ŉ man mag ondervind. Dit is ŉ "*after action, satisfaction*" gevoel." – Gespreksgenoot 2

## 2.9 HOOFTEMA 3: WERKSVERLIES BY DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

Hier was die intensie om op werksverlies te fokus. Wat ervaar die middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk verloor het? Die verliese wat hy hier beleef word by wyse van die emosionele, finansiële en sosiale verliese vertel wat in hierdie proses gelys is. Tydens werksverlies is daar ook frustrasies om weer aansoek vir werk te doen. Die rol van regstellende aksie is besoek asook die belewenis wat die gespreksgenoot in hierdie verlies tot sy verhouding met die Here ervaar.

**Tabel 2-4: Skematiese voorstelling van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging**

| HOOFTEMA 3 | SUBTEMA | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. | Emosionele aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. | Die roufases en die verwerking van werksverlies as gevolg van verpligte aflegging van die middeljarige wit Afrikaanse man:<br>• skok en ontkenning<br>• woede<br>• gevoel van depressie<br>• gevoel van selfdood pleeg<br>• skuldgevoelens<br>• verlies van gesondheid<br>• onderhandeling |
| | Finansiële aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte | Die effek van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging asook sy siening van aftrede beplanning: |

| | | |
|---|---|---|
| | aflegging. | • finansiële versorging van naderende aftrede<br>• finansiële ondersteuning van kinders<br>• finansiële ondersteuning vir ouers<br>• finansiële skuldlas |
| | Sosiale aspekte in sake verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. | Verandering aan die gesinslewe as gevolg van die middeljarige wit Afrikaanse man se verlies aan werk:<br>• effek op die gesin<br>• effek op die verhouding met sy vrou<br>• effek op sy verhouding met die kinders<br>Verandering wat die middeljarige wit Afrikaanse man beleef by die gemeenskap ten tyde van verpligte werksverlies:<br>• besigheidsektor laat hul in die steek<br>• gemeenskap laat hul in die steek<br>• vriende laat hul in die steek<br>• introspeksie van die man ten opsigte van sosiale interaksie |
| | Regstellende aksie en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, wat soekend na nuwe werksgeleenthede is. | Die effek van regstellende aksie op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging:<br>• regstellende aksie is die oorsaak hoekom die middeljarige wit |

| | | |
|---|---|---|
| | | Afrikaanse man nie werk kry nie<br>• regstellende aksie is nodig maar word verkeerd geïmplementeer<br>• regstellende aksie noop die middeljarige wit Afrikaanse man om sy eie besigheid te begin<br>• die land het my in die steek gelaat |
| | Werksverlies en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here | Die effek van verpligte werksverlies op die middeljarige wit Afrikaanse man se verhouding met die Here:<br>• positiewe ervaring in sy verhouding met die Here<br>• "wipplank" ervaring in sy verhouding met die Here<br>• ervaring van kerke in werksverlies<br>• ervaring dat God mense in werksverlies gebruik<br>• Here, hoekom ek?<br><br>Wat gee sin en betekenis vir die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging in werksverlies?<br>• Geloof in God<br>• Vrou en kinders<br>• Versorging van gesinne |

### 2.9.1 Subtema 1: Emosionele aspekte in sake die verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging

Onder die subtema wat die emosionele aspekte rondom die verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man ondersoek, word daar veral op die verhale van die gespreksgenote se emosionele reis, soos hulle die werksverlies ervaar het, gefokus.

#### 2.9.1.1 Die roufases en die verwerking van die verlies as gevolg van verpligte aflegging van die wit Afrikaanse man in sy middeljare.

Vanuit die gespreksgenote se verhale is daar verhale van skok en ontkenning en woede gedeel wat intens beleef is, soos deur die gespreksgenote verwoord. Selfdood is ook ŉ tema wat in die vertellings van die gespreksgenote herhaal asook depressie en gevoelens van depressie. Dit is ook duidelik dat die gespreksgenote soms skuldig voel omdat hulle hul vroue en kinders in hierdie situasie geplaas het, al kon hul dit nie verhelp nie. Hul gesondheid is negatief hierdeur geraak maar daar is ook van die mans wat ook binne die krisis, hoop ervaar het.

##### 2.9.1.1.1 Skok en ontkenning

Hier word verhale van skok en ontkenning vertel by die aanhoor van die boodskap dat die gespreksgenoot sy werk verloor het. Van die gespreksgenote kon nie dadelik vir hul vrouens daarvan vertel nie. Hul vertel dat hul lam gevoel het, hul gesig gegloei het, koue sweet by van hul uitgeslaan het, hulle angstig gevoel het, van hulle het ook ervaar dat hul brein "mal" gaan en hul kon nie slaap kort nadat hul die boodskap van aflegging ontvang het nie.

> "Ek het die feit dat ek my werk verloor het, eers net vir myself gehou. Ek kon dit nie oor my hart kry om dit vir my vrou te sê nie. Ek het besef dat ek een of ander tyd met haar moes praat hieroor." – Gespreksgenoot 1

> "Ek is in vreemde waters, ŉ onbekendheid. Ek het vir my vrou gesê sy kan maar gaan [uit die huwelik tree]. Enige mens hunker na geluk en as sy geluk by iemand anders kan kry, moet sy die kans aangryp." – Gespreksgenoot 1

> "Ek was geweldig geskok toe ek hoor ek moes afgaan. Ek het letterlik lam gevoel en ek het gevoel hoe my gesig gegloei het. Terwyl ek terug gery het huis toe, het ek in trane uitgebars en met die Here gepraat en vir genade gepleit." – Gespreksgenoot 2

“Ek was onseker en bang maar ek onthou ek wou vir die firma wys dat ek nie ŉ slegte mens is nie.” – Gespreksgenoot 2

“Ek het bly glo dat dinge sal regkom en dat ek nie my werk sal verloor nie. Die bestuurder het my gevra of die mynpompe nog loop. Ek het ja gesê. Die bestuurder het net gesê gaan sit al die pompe af. Ek het geweet, dit is die einde. Die een oomblik werk jy nog, dan laat weet hul jou, nee dit is klaar. Dan hoor jy weer, ons kan vasbyt want die beleggings gaan inkom. Dwarsdeur werk jy vir amper niks, net vir ingeval die belegging realiseer. Ek het besef dit is verby” – Gespreksgenoot 4

“Ek sal dit nooit vergeet nie. Koue sweet het my uitgeslaan. My ma-hulle was daar. Ek het die e-pos gekry en ek het dadelik gery na die hoofkantoor. Die nasionale verkoopsbestuurder was daar en die ou wat ons area gedoen het. Ek het hulle gevra: “Gee my ses maande”, maar hulle het net gesê die besluit is klaar geneem en dit is hoe dit is. Ek het vir my vrou gesê alles is verby. Ek het geweet ek gaan alles verloor. Dit was my brood en my botter. Ek het alles probeer, maar niks wou werk nie. Ek het my persoonlike finansies gebruik om sake te probeer deursien. Een ou besluit oor jou totale toekoms. Hulle het dit afgesny soos in net so. Dit was net *“gone”*. – Gespreksgenoot 7

“Dit is een van die grootste *“roller coaster rides”* van jou lewe. Dit is die hoogste *“roller coaster”* wat jy nog ooit gery het en jy moet hom vat. Jy moet jouself mooi vasdruk in die stoel en vashou.” – Gespreksgenoot 7

Ons kan dit maar vir mekaar sê. Maak nie saak hoe sterk jou geloof is nie, jou brein gaan met jou mal. Jy kan nie reguit dink nie. Jy gaan sit net en die sweet slaan jou uit, ek sal dit nooit vergeet nie. – Gespreksgenoot 7

“Hierdie angsbevange skok vat jou, dit voel vir jou jy doen verskriklik baie maar jy doen eintlik niks nie.” – Gespreksgenoot 8

“Toe dit gebeur het en ek my werk verloor het, het ek gevoel ek het nie ŉ plan nie. My wêreld het in duie gestort met ŉ *“messenger”* boodskap, 2:00 in die

oggend. Ek kon nie my vrou wakker maak nie. Ek het net wakker gelê, ek kon nie slaap nie. Toe sy half ses wakker word, en ek vir haar sê my werk is daarmee heen, was haar eerste woorde: "ons sal 'n plan maak, ons sal hier deur kom". – Gespreksgenoot 8

Een van die gespreksgenote het sy verpligte aflegging ontken en net probeer besig bly. Ter wille van die konteks van sy besig bly, word dit meer volledig geskets.

> "Jy moenie dink daaroor *[hoe jy voel as jy jou werk verloor nie]* nie. Jy moet besig bly. Hoe besiger jy is, hoe meer bly dit uit jou gedagtes. Ek was nog altyd so, jy los jou werk by die werk en jou probleme by die huis. Los jy net hier en jy gaan aan met jou werk. Sorg dat jy jou gedagtes net afhou daarvan af." – Gespreksgenoot 9

[Eksternalisering het plaasgevind en hy noem sy probleem: Kop hou en aangaan.]

> "Dit is hoe ek geleer is en ek gaan nog steeds so aan. Dit was in die weermag so toe ek 18 jaar oud was. Jy moet kop hou en net aangaan en deurdruk." – Gespreksgenoot 9

[Waar het kop hou en gaan aan sy kop uitgesteek?]

> "Vandat ek in die "*army*" gekom het. In die skool het jy aangegaan. Jy moet respek hê vir die mense en dan moet jy net aangaan en net doen wat hul vir jou sê. Ook met my werk wat ek verloor het – dit het gebeur en jy moet kop hou en aangaan. Dit help my om hierdie proses te verwerk. Help nie ek gooi hande in die lug nie, selfbejammering nie, om net in die huis te sit en die hele dag te slaap nie. Nee, jy moet aangaan. As jy dit gaan doen, gaan jy mense net wegjaag, want jy kry net jouself jammer. Van 20, net na die weermag het ek begin werk. Jy moet maar self verantwoordelikheid neem vir jou lewe. Kop hou en gaan aan, so sien ek ook my huwelik." – Gespreksgenoot 9

**2.9.1.1.2. Woede**

ʼn Verhaal van woede en aggressie word deur baie van die mans vertel. Woede wat ook tot vloek en skel oorgaan en woede wat ook tot vergelding oorgaan. Woede wat gespreksgenote dinge laat doen wat hy normaalweg nie sou doen nie. Van die mans vertel dat hul ʼn rewolwer teen hul bestuurder se kop gedruk het van woede omdat hy sy werk verloor het, ʼn ander vertel dat hy ʼn hofsitting gaan bywoon het om sodoende die man wat hy verantwoordelik vir sy aflegging hou, by te kom ("nek om te draai").

> "Ek het intense woede hier binne my. Ek het die bestuurder se kantoor ingestap en in woede uitgebars in sy kantoor. Die bestuurder het ʼn rewolwer in sy laai gehad en het die rewolwer so halfpad uitgehaal toe skop ek die laai met die bestuurder se arm daarin toe. Ek het die rewolwer gevat en teen die bestuurder se kop gedruk. Dankie tog, met dié het een van die vakbondverteenwoordigers ingestap en die situasie ontlont. Kyk hoe bewe ek van aggressie en dit is nog steeds ʼn gevoel wat hier in my hart is." – Gespreksgenoot 1

> "Dit is die tweede keer wat ek hierdeur moes gaan. Ek was die tweede keer woedend en dit was vir my baie erger. Ek het gevloek en geskel. Die direkteure het al die geld gesteel. Ek was by die hofsitting en ek was reg om sy [een van die direkteure] nek om te draai, maar toe ek by hom kom, het die regsgeleerdes hom omsingel. As ek hom vandag raakloop sal ek hom seermaak. Jou hele toekoms word deur mense wat hulself verryk het, weggegooi. As iemand my te na kom, sal ek hom terugkry." – Gespreksgenoot 4

> "Ek moes plan maak, om aan die gang te bly. Alles het net verbrokkel. Ek het geweet, ek moet net met iets begin. Ek het toe met Solar probeer maar dit het glad nie gewerk nie. Ek is toe Wes-Kaap toe. Ek was verskriklik kwaad. Soos ek hier sit, ek sal die bestuurder se nek omdraai as ek kon. Ek was so ongelooflik kwaad. Vir al die jare doen ek alles reg, hoekom doen julle dit? Jy is baie teleurgesteld." – Gespreksgenoot 7

Die woede spoel ook na die huishouding, as gevolg van spanning en stres, oor.

> "Ek is aanvallerig en baklei die heeltyd met my kinders en hierdie aggressie bring baie konflik in die huis. Ek weet ek is verkeerd. My seun bring nou die dag vir my

> water en dit was nie presies soos ek dit wou gehad het nie, toe gooi ek die glas stukkend en sê ek doen dit eerder self. Ek kan nie verstaan wat met my aangaan nie, want ek baklei oor sake wat niks beteken nie. Vanaand as ek in die bed klim en daaroor dink, dan weet ek, ek is verkeerd. Omdat ek heeltyd spanning en stres het word dit oorgedra na die gesin en ek weet nie hoe om dit te hanteer nie." – Gespreksgenoot 1

Woede word ook na die Here geprojekteer oor hoekom hy nou in hierdie situasie is.

> "Diep binne my het ek gevoel dat ek sleg was en niks werd nie. Ek het al my woede geprojekteer op die Here en die werkgewer. – Gespreksgenoot 2

**2.9.1.1.3 Gevoel van depressie**

Onder hierdie opskrif hanteer ons verhale van die gespreksgenote wat depressie het of depressiewe gevoelens beleef. Hulle vertel verhale waar hul getuig dat hul lewensvreugde gesteel is en dit laat hom na die sin van sy bestaan vra. Dit affekteer ook die man se gesondheid.

> "Ek het nie meer krag nie. Ek het nie meer lewenslustigheid om te baklei nie. Alles waarvoor jy baklei het, is weggeskeur in ŉ oogwink. Elke dag gaan ek deur moeilike tye en is ek depressief en vra ek hoekom is ek op hierdie aarde? Ek het by die werk ook een oog verloor en diabetes opgedoen. Dit maak dat ek ook nie kan werk kry nie en dit maak my mismoedig. Ek is stukkend, ek is verpletterd." – Gespreksgenoot 1

> "Ek het ook gevoel dit sou beter wees as ek sterf." – Gespreksgenoot 2

> "Later het ek gevoel dat ek baie depressief is en my trots was gebreek. Ek het nog altyd ander mense gehelp en nou moes ander my help. Dit was ŉ bitter pil." - Gespreksgenoot 2

> "My skoonouers het by my gewoon en ek kon nooit vir hulle sê ek het my werk verloor nie. Op daardie stadium was my skoonma siek en ek het geweet dit sal nie goed wees vir haar nie. Ek het vir ŉ jaar elke oggend opgestaan, aangetrek

vir “werk” en “werk” toe gegaan en dan by ŉ riviertjie gaan sit en as die werksdag om is, het ek weer huis toe gegaan. My selfbeeld was verpletterd.”- Gespreksgenoot 2

“Ek is stukkend. Ek het alles verloor; my vrou; my kinders, alles. Jou kop is te klein om alles te verwerk. Ek het ŉ Internis gaan sien, maar met al die stres wat ek beleef het, kon die internis nie my hart en bloed meet nie. Ek is op gelukkig maak pille [antidepressante] wat my hierdeur moet help. Gelukkig help die kinders ook vir my.” – Gespreksgenoot 4

“Ek stres, ek is nie meer lus om in hierdie situasie te sit nie. Dit bring spanning in die huis. Jy het finansiële verantwoordelikhede en die inkomste droog op.” – Gespreksgenoot 5

“Dan begin jy dink, ek het geen nut op hierdie aarde nie en dan kry jy depressie – Gespreksgenoot 6

“Ek het depressie gehad. Ek het soos ŉ zombie gevoel.” – Gespreksgenoot 6

“Jy dink jy is ŉ mislukking. Jy is ŉ redelike suksesvolle man en ewe skielik verloor jy alles. Jy voel hulpeloos. Om dit in woorde te sê is ongelooflik moeilik. Dit is soos om in ŉ kar te wees wat begin gly, jy hou maar net vas.” – Gespreksgenoot 7

“My maat, dit is hoekom ouens hulle brein wegblaas.” – Gespreksgenoot 7

“Ek het geen medikasie gebruik tot ek in die Kaap gekom het nie. Dit bou op en bou op en op. Nou trek jy Kaap toe. Niemand ken jou in die Kaap nie en jy moet jou hele netwerk van voor af begin opbou. Dit is baie moeilik, want hierdie mense koop al vir geslagte by sekere families. Dit het soveel druk op my gesit dat ek in die hospitaal geëindig het. Die een ding wat jy op die laaste moet kanselleer, is jou hospitaalplan. My vrou het nie verstaan deur watter emosionele warboel ek deurgaan hier in my kop nie. Jy is die heeltyd teen mure vas. Jy is ŉ *“outsider”,* daai druk is erg en dit het heeltemal te veel geraak.” – Gespreksgenoot 7

"Ek het depressie en drink antidepressante. Ek het angs en gebruik medikasie daarvoor. Dis as gevolg van al hierdie goed. Op ŉ stadium borrel hierdie pot net oor. Ek en jy kan nou braaf wees en trots en vir almal sê ek is *"okay"* en so sterk, dit is nie hoe dit werk nie. ŉ Ander ou gaan net en ry na ŉ plek toe en gaan skiet homself of hang homself. Dis emosies wat met jou rondspeel." – Gespreksgenoot 7

"Jy het ŉ ondersteuningsraamwerk nodig. Ek het dit nie gehad nie, anders gaan jy *"snap".* Daar is medikasie wat jou help om jou daaruit te kry. Gaan praat! Moenie stilbly nie! Ek is by ŉ psigiater. Professionele ouens is daar om jou te help en jou te ondersteun. As jy hulle nie gaan gebruik nie, gaan jy ŉ probleem hê. Die wit Afrikaanse man wil nie erken hy het ŉ probleem nie want hy is trots grootgemaak. Ek sal op my eie bene staan. Daar het my pel gister ŉ beroerte gehad. Hy was in dieselfde situasie as ek, ook sy werk verloor en ek voel skuldig daaroor [na twee dae in ŉ koma is hy oorlede]. Ons kruip in ons dop in en onttrek ons van alles af. Ek was die middelpunt van ŉ partytjie maar nou is ek dit nie meer nie. Ek het verander. Ek is ontneem van my kinders se grootword jare, hulle tienerjare. Ek het glad nie gefokus op hulle nie. Jy vee jou oë uit en jou meisiekind is in matriek. Jy was so besig met jou krisis dat hulle voor jou oë grootgeword het. Dit is van jou ontneem. Ek het vir die dokter, toe ek die aneurisme in die hospitaal gehad het, gesê, spuit my net dat ek kan slaap. Ek het nooit angs en depressie gehad nie tot ek hierin was nie." – Gespreksgenoot 7

"Jy raak in ŉ *"vibrate mode*", jy is so angstig om jou situasie te verbeter dat jy niks doen nie. Jy spook en jy spartel om dinge gedoen te kry maar jy staan nog heeltyd stil. Jy het nog nie beweeg nie." – Gespreksgenoot 8

#### 2.9.1.1.4 Gevoel van selfdood pleeg

Verhale word vertel van mans wat besig was om selfdood te pleeg, ander het dit sterk oorweeg.

Toe ek by die werk uitstap wou ek selfmoord pleeg. My vrou moes die miergif uit my hande slaan"" – Gespreksgenoot 1

"Ek het gevoel ek kom tot die einde van die lewe. Jy voel jy kan nie meer vorentoe nie. Daar is nie mense wat jou wil help nie en dan begin gedagtes by jou opkom van selfmoord, dit was by my ook die geval en gelukkig het ek dit nooit gedoen nie, ek het daaroor gekom. My kinders op daardie stadium was moeilik, my seun is nog steeds moeilik in die sin van om oor die weg mee te kom. Ek het destyds vir my vrou en kinders gevra, maak dit vir my gemakliker en meer "leefsaamder" in die huis. Waar my seun dit eenvoudig nie gedoen het nie en ek sit vandag nog steeds met 'n moeilike verhouding met hom." – Gespreksgenoot 6

"Jy wil nie opstaan nie, jy wil nie by mense wees nie, jy wil nie by jou vrou wees nie, jy wil nie by die huis wees nie. Dit voel of jy wil weghardloop en jy wil gaan sit in die berg. Dit is regtig hoe ek gevoel het. Nou het ek die kalmte, waar ek weet God gaan sorg, op 'n stadium het ek vir die Here gesê ek wil nie meer lewe nie. Ek wou selfmoord pleeg. Gelukkig het ek dit nie gedoen nie." – Gespreksgenoot 6

"Dan begin jy dink, ek het geen nut op hierdie aarde nie en dan kry jy depressie en begin die gedagtes van selfmoord." – Gespreksgenoot 6

#### 2.9.1.1.5 Skuldgevoelens

Die gespreksgenote vertel verhale van skuldgevoelens. Die feit dat hy nie kan werk nie, plaas meer druk op sy vrou en hy voel skuldig daaroor en probeer in die huishouding kompenseer. Hy voel skuldig omdat hy nie werk nie alhoewel hy nie iets verkeerds gedoen het om sy werk te verloor nie.

"Dit is moeilik vir my vrou. Sy het 'n vaste werk met al die stres wat daarmee gepaard gaan en nou bring ek my stres huis toe. Ek weet dit is moeilik vir haar. Sy sukkel ook om te slaap. Sy werk net harder en harder – so hanteer sy dit. Dit laat my nie goed voel as ek sien dat sy al harder werk nie en ek is by die huis. Ek help baie by die huis om alles reg te maak, ek is nou die "huisman", was

skottelgoed, wasgoed, maak dinge reg rondom die huis, ry die kinders rond. Ek probeer kompenseer om te help in die huishouding, om haar las minder te maak." – Gespreksgenoot 5

"Jy voel nutteloos, ek kan nie vir my huisgesin sorg nie." – Gespreksgenoot 6

"Jy dink heeltyd alles is jou fout, jy kasty jouself die heeltyd. Jy voel dit is jou fout hoekom jou vrou en kinders in die scenario is, wat jul is. Die einde van die dag kasty jy jouself net meer en meer." – Gespreksgenoot 7

"Jy weet nie wat volgende kom nie. Jy bly onder druk, jy voel skuldig. Jy is in ŉ veg of vlug scenario. Die adrenalien pomp die hele tyd. Jy stres jou oor ŉ mik en verloor dan in elk geval alles. Jy het daai ongelooflike druk. Jy staan in die oggend op en jy is naar van spanning. Jy stap die pad alleen, al is jy gelowig. Dit is hoe dit vir my gevoel het." – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.1.1.6 Verlies van gesondheid

Mans vertel verhale van verlies van gesondheid. Dit wissel van verhale waar iemand in die hospitaal opgeneem is, gewig wat verloor is, bloeddruk wat hoër is, hartkloppings, angs en aneurisme.

"Ek het gewig verloor. Ek slaap minder en kom agter my bloeddruk is hoër. Dit is nie wat dit moet wees nie. Hoe ek dit hanteer? Jy moenie ŉ lewe van ŉ slagoffermentaliteit leef nie. Ja, dit is arme ek, maar ek het nie die *"luxury"* om myself jammer te kry nie. Ek het ŉ gesin om voor te sorg. Ek moet my CV afstof en stuur dit oral in en ook ŉ klomp ouens gebel dat ek beskikbaar is in die mark." – Gespreksgenoot 5

"Ek het soos ŉ zombie gevoel. Saam met my geskiedenis waar ek deur is met die weermag, het ek ook hartkloppings gekry. Ek was nou onlangs weer op antidepressante maar ek het net gevoel, nee. Ek moet net doen wat God wil hê. As God wil hê ek moet vandag doodgaan is dit Sy wil en as ek nie doodgaan nie is dit ook Sy wil." – Gespreksgenoot 6

"Ek het angs gehad. Jy kry soveel angs dat jy van self begin bewe." – Gespreksgenoot 6

"Die punte kom al klaar nie bymekaar nie, en jy begin wonder of jy nou van hierdie nuwe geleentheid ook ŉ gemors gaan maak. Jy het nie selfvertroue nie. Jy kry houe van jou vrou se kant, jou kinders se kant en niks werk uit nie. Alles is besig om uitmekaar te skeur. Op daardie dag het ek het vir my vrou gesê ek voel baie sleg, sy moet bestuur. Ons gaan toe "Medi-Clinic" toe en toe is my bloeddruk 280 oor 180, amper bokveld toe. Ek weet nie of dit die draaipunt was nie. Daar is goed wat jou help om hierdie goed te hanteer. Ek slaap nie, hierdie goed is die heeltyd in jou gedagtes. Ek het slaappille gekry. Alles raak negatief. Jy probeer met iets nuuts begin maar as hierdie ding nou nie gaan werk nie, waarheen nou, dan is ons op straat. Wat nou? Jy is wit, waar kry jy die volgende geleentheid. Ek word gediagnoseer met ŉ aneurisme in die brein. Toe is daar nog iets by wat jy moet *"juggle".* Dan is dit net die liewe Vader se genade om daar uit te kom. Jy lê in die hospitaal en as jy nie werk nie is daar nie inkomste nie." – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.1.1.7 Onderhandeling

Binne hierdie "emosionele wip-wa rit" soos een gespreksgenoot die aflegging beskryf, is daar ook emosionele verhale van ŉ vreemde hoop, binne die krisis.

"Ek het aan die ander kant ook op ŉ vreemde manier gevoel dat ek ook hoop het om miskien nou met ŉ eie besigheid te begin. Ek het tussen hierdie pole van wanhoop en hoop geleef." – Gespreksgenoot 2

"Ons eie desperaatheid maak ons deure vir ons toe. Nou sit jy, jy lyk en jy is desperaat en jy kom desperaat voor by ŉ onderhoud. Mense wil nie ŉ desperate persoon aanstel nie. Jy moet aanvaar die hemelse Vader het ŉ plan vir jou en Hy het ŉ fokus. Ek moes myself leer, stappie vir stappie. Ek het aansoek gedoen en ŉ klomp onderhoude gekry, terwyl ek by die onderhoude was en hul vra my wat ek kan doen, dan besef ek, ek kan alles doen, man, dit is *"peanuts",* maar hulle stel my nie aan nie. Ek het baie naby aan niks werd gevoel. Ek het daarna met ŉ CEO van ŉ bekende maatskappy gepraat en hy het vir my gesê, ons sal jou baie

graag hê, maar ons self is besig met herstrukturering. Dit het vir my baie beteken, net om te hoor ek is "*okay*". Hy't vir my gesê: "Jy is 'n *"solid"* ou, jy sal 'n helse bydra kan lewer vir ons maatskappy. Jy moet iets daarmee gaan doen." Iemand wat waarde in my gesien het. Jy moet met jouself praat. Hierdie goed het nie met jou gebeur omdat jy 'n slegte mens is nie, of omdat jy nie goed genoeg is nie. Hierdie goed gebeur. Jy is *okay*." – Gespreksgenoot 8

### 2.9.2 Subtema 2 : Finansiële aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging

Gespreksgenote het hulle verhale oor die finansiële impak wat werksverlies in hul spesifieke omstandighede tot gevolg gehad het vertel. Die feit dat hulle hul werk verloor het, het 'n invloed op hul naderende aftrede. As gevolg van 'n tekort aan finansies, is die gesin se kohesie ook in gedrag en kom dit duidelik uit die verhale van die gespreksgenote na vore.

#### 2.9.2.1 Die effek van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging en sy siening van aftrede beplanning

By wyse van die verhale van die gespreksgenote val dit op dat hul siening van die middeljarige wit Afrikaner man is dat hy bekommerd is dat daar nie genoeg tyd is om na aflegging weer genoeg geld vir sy naderende aftrede te spaar nie. Hul spreek hulle bekommernisse oor finansies uit wat hul kinders se onderrig betref asook om hul ouers finansieel te ondersteun. Hulle dra ook 'n groot skuldlas wat vereffen moet word.

##### 2.9.2.1.1 Finansiële voorsorg vir naderende aftrede

Van die gespreksgenote spreek hul onvergenoegdheid uit dat hulle hul werk verloor op hierdie tydstip waar hulle juis nou vir hul naderende aftrede kon begin spaar het. Hulle is bekommerd oor hul aftrede en hul vertel van verhale waar hulle alles verloor het.

"Ek is veronderstel om op my piek te wees, my *"prime"* te wees, my lekker jare. Ek het al die ondervinding in die wêreld. Hulle [werkgewer] vertrou jou want jy is betroubaar. Hulle weet jou werk is jou trots. Ek is afgedank omdat ander mense geld verduister het en die myn nie meer kan bestaan nie en daarom is almal

afgedank. My middeljare is die fase waar jy nou geld bymekaar maak vir aftrede." Gespreksgenoot 1

Daardie bekommernis, waarnatoe gaan jy as jy moet aftree? Jy wil voorsiening maak vir jou naderende oudag, maar jy kan nie. Ek voel of alles van my weggeruk is, my gesondheid en my lewe is weggeruk. Ek wil graag werk en vir my familie ŉ beter lewe gee. Dit is hoe jy voel hier binne jou." – Gespreksgenoot 1

"Die feit dat die jare al minder raak om te werk, het ŉ reuse effek, want daar is nie baie tyd om te voorsien vir aftrede nie. Dit plaas mens geweldig onder druk want as man is jy die voorsiener."- Gespreksgenoot 3

"Ek het alles verloor. Al die motorfietse wat ek gehad het, moes ek verkoop het. Ek het ook my ander huis verkoop in Pretoria. Van redelik goed finansieel tot absoluut niks. My grootste vrees was om in ŉ hof te gaan staan en dit het toe gebeur. Daar is niks vir my aftrede nie. Alles is weg. ŉ Vriend van my het alles verloor, sy seun was verlede jaar in matriek en hy kan nie studeer nie. Hulle steel nie net my toekoms nie maar ook my kinders se toekoms. Dit is die realiteit. Dit is wat hulle wil doen met BEE. Jy word gedwing om pakket te vat. Jy weet my vriend wat ook in hierdie situasie is, is ŉ staatspasiënt, kry die beroerte en hy is 30ste in die ry. Hy het nie die finansies vir ŉ mediese fonds nie." – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.2.1.2 Kinders: finansies vir onderrig

Gespreksgenote vertel dat hul nie net hul toekoms verloor nie, maar dat die toekoms van hul kinders ook gesteel word want hulle kan nie vir hul tersiêre studies betaal nie.

"Dit is nou ŉ tyd om te help om jou kind te laat leer. Dit is nou onmoontlik. Die feit dat ek my werk verloor het, steel my aftrede en my kind se toekoms." – Gespreksgenoot 1

"Om my werk te verloor het in my middeljare, is uiters ongeleë. My kinders was op hoërskool en die skoolfonds is heelwat duurder as die laerskool. Dit het

beteken dat ek geld moes leen by familie om te oorleef. Dit was nie vir my maklik nie want die wit Afrikaanse man het sy trots." – Gespreksgenoot 2

"Ek moet my kinders versorg, hulle is in die hoërskool. Ek het met die hoop bly leef dat alles weer sal regkom, want waar sal ek as wit Afrikaanse man weer werk kry? Ons almal is afbetaal en daar is nooit deur die maatskappy werkloosheidsversekering oorbetaal nie." – Gespreksgenoot 4

"Jy moet al die balle in die lug hou maar jy begin fokus verloor. Ek moet in ŉ paar jaar sorg dat ek my kinders kan universiteit toe stuur. Ek weet nie hoe nie." – Gespreksgenoot 7

"Ek sit met twee kinders wat dieselfde tyd universiteit toe gaan. Dit is ŉ dilemma. Ek het die besef dat ek my kind moet voorberei vir ŉ internasionale loopbaan. Hulle moet oorsee kan werk. Ons moet ons kinders internasionaal voorberei." – Gespreksgenoot 8

"Dit tref my die ergste as ek dink aan my seun van 17. Sy toekoms begin nou en as hy oor drie jaar matriek skryf moet hy R100 000 hê vir die begin van Universiteit. Alles waarvoor ek baklei het, is weg. Hier is ŉ reguit pad vir jou en jy val in ŉ gat en daar is niks. Jou verlies is nie net jou verlies nie maar dit is ook my kinders se verlies. Hulle drome is weg. Jou pa en ma moet jou ŉ *"boost"* gee maar jy is in ŉ gat." – Gespreksgenoot 1

#### 2.9.2.1.3 Finansiële ondersteuning vir ouers

Verhale word geskets van ouers wat oud en siek is, maar as gevolg van die man se finansies kan hy hul nie fisies of finansieel ondersteun nie.

"In die tyd het my ouers oud en siek geword. My pa het nou ŉ operasie gehad waar sy voet geamputeer is. Ek sal graag by my pa wil wees in die tyd, maar ek het nie die geld nie. Hulle bly 400km van hier af, maar ek moet kies of my vrou en kinders gaan eet of ek gaan kuier by my pa. Ek is grootgemaak dat ek na my ouers moet omsien. My pa-hulle is ook arm, ek sal graag vir hulle wou voorsien. My ma is 100km van my pa se hospitaal af en sy het ook nie die geld om vir hom

te gaan kuier nie. Dit is moeilik. Ek sien hoe sukkel my ouers en ek wil nie eendag so sukkel nie, maar ek sien dat ek op dieselfde pad is. My skoonma bly by ons in die huis en ek moet haar ook versorg." – Gespreksgenoot 1

"My ouers trek af oor ŉ jaar hiernatoe en daar moet na hulle gekyk word. Dit is ŉ krisis, wie kyk na hulle?" – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.2.1.4 Finansiële skuldlas

As gevolg van die aflegging moes van die gespreksgenote, ter wille van oorlewing, geld begin leen. Hierdie geld moet weer terugbetaal word en daarom voel van die gespreksgenote dat hul nooit by hul ouderdomsgenote sal inhaal nie.

"Om jou werk te verloor in hierdie fase maak dat jy nooit weer inhaal by jou ouderdomsgenote nie. Jy het soveel skuld gemaak op jou huis, en op hierdie stadium waar ek nou weer werk gekry het, probeer ek net almal terug te betaal vir wie ek skuld. My krisis is, dat ek stap nie sommer weer in op dieselfde posvlak nie. Ek moet weer van onder begin, maar jy kies nie, jy neem die werk wat vir jou aangebied word." – Gespreksgenoot 2

"Vir baie jare het ek hard gewerk. Ek het my bes gedoen, ek het die meeste werknemers se oortyd gedoen en vakansiedae gewerk. Ek het regtig probeer voorsiening maak vir my aftrede. Mense oordeel my vandag en vra hoekom het ek nie voorsiening gemaak vir my aftrede nie? Daar was sprake dat almal hul werk gaan verloor, maar jy gryp aan strooihalms as hulle sê jul sal amper verniet moet werk, maar byt net vas, die beleggings kom in. Jy bly werk want sê nou net die belegging kom in, dan is alles weer terug na normaal. Vir maande het dit so gegaan, die bestuur belowe jou aan die einde van die maand sal ons jou betaal. Kom die einde van die maand, kry jy ŉ honorarium en maand na maand gaan dit so. Een maand word 4 maande en in hierdie tyd gebruik jy al jou spaargeld en maak selfs skuld vir behuising en lewenskoste. Ek is so ver agter, ek sukkel om al die skuldeisers van my af te hou. Daar is nie geld vir aftrede nie. Dit het nou ŉ tweede keer gebeur en ek het alles verloor, my werk, my huis, my huwelik, my kar. Ek woon nou in ŉ kamertjie as deel van ŉ hostel in ŉ plakkerskamp."- Gespreksgenoot 4.

### 2.9.3 Subtema 3: Sosiale aspekte in sake verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging

Na aanleiding van die verhale van die gespreksgenote bring verlies van werk mee dat daar spanning in die huwelik, die kinders asook die gesin in die breë kom. Hul eggo ook dat vriende en die gemeenskap in die breë, op hulle neerkyk. In die meeste gevalle is dit die gespreksgenote se belewenis dat mense die middeljarige wit Afrikaanse mans wat hul werk verloor het, in die steek laat.

#### 2.9.3.1 Verandering aan die gesinslewe as gevolg van die middeljarige wit Afrikaanse man se verpligte verlies aan werk

Die verhale van die gespreksgenote dui aan dat, as gevolg van die finansiële krisis van sy aflegging, dit ŉ effek op die man se verhouding met sy gesin in die algemeen en meer spesifiek op die huwelik self en die kinders het.

##### 2.9.3.1.1 Effek op die gesin

Die gespreksgenote vertel verhale van verlies in hul gesinslewe. Die kohesie wat daar was, is in die meeste gevalle weg. Saam kuier en saam braai is nie meer moontlik nie, humor in die gesin het in die slag gebly, die stres kom deur na die gesin toe en dit bring meer konflik in die gesin.

> "Omdat ek die heeltyd spanning en stres het, word dit oorgedra na my gesin en ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Saterdagaande het ons altyd gebraai. Ek het 2 pakke wors gekoop en elkeen braai sy eie wors en ons kuier saam en geniet die samesyn. Daardie gesinslewe is weg. My verlies is die gesin se verlies." – Gespreksgenoot 1

> "My hart as Pa is stukkend. As ek terug dink, dan was daar baie humor in die gesin, dit is nou weg. Daar was ŉ stadium waar ons saam restaurant toe kon gaan en saam kuier maar vandag kan ek dit nie bekostig nie. Ek sou wat wou gee om aan my kinders hierdie *"luxury"* te gee, maar ek het nie die geld nie. – Gespreksgenoot 1

> "Hierdie werksverlies het deurgevloei na my gesin. Waar die gesin gewoond was aan ŉ heerlike bord kos, is dit nou ŉ luukse. My kinders was gewoond aan vleis, groente en rys. Nou is dit net ŉ bord pap en hulle moet gelukkig wees daarmee." – Gespreksgenoot 4

> "Ek probeer dat die stres nie na die gesin toe gaan nie. Ek dink tog my gesinslewe tel dit maar op. Jy kan net so lank oorleef op niks nie, dan is dit verby. Dit lê swaar op my. Dit skep stres." – Gespreksgenoot 5

> "My vrou moes ook saam met my deur hierdie veranderinge werk. Jou lewenstyl is reeds so aangepas met die hoeveelheid wat jy het en dan ewe skielik is daar niks. Jy word fyngevoelig vir elke dingetjie. Jou gesinslewe voel onder druk en die kinders en honde loop almal daar onder deur." Gespreksgenoot 7

> "Ek dink nie ons is ŉ hegte familie nie. Ons moes die DStv afsny en ons het geen TV nie. Ons was oop daarmee, ons moes die motorfietse verkoop want ons moet geld vir brood hê." – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.3.1.2 Effek op die verhouding met sy vrou

Die gespreksgenote vertel verhale waar hul geweldige druk in hul huwelik ervaar. Enersyds plaas hulle self die druk deurdat hulself hul vroue, as gevolg van ŉ minderwaardigheidsgevoel, wegstoot. Dit maak hul ook seer om die bekommernis op hul vrou se gesig te sien. Intimiteit is weg, verwyte word uitgespreek en ander negatiewe dinge word in die huwelik gesê. Van die gespreksgenote het nie ervaar dat hul ondersteuning van hul vroue gekry het nie en een gespreksgenoot het van ŉ egskeiding vertel.

> "Daar is geweldige druk op die huwelik. ŉ Klein *"fight"* word ŉ groot *"fight".* Ek stoot my vrou gedurigdeur weg want ek voel ek kan nie voorsien nie. Jou huwelik moet baie sterk wees om deur so iets te werk." – Gespreksgenoot 1

> "As jy jou werk verloor, plaas dit geweldige druk op die huwelik. Die man en vrou is die heeldag in mekaar se geselskap en as gevolg van die feit dat jy jou werk verloor het, voel jy skuldig en is jou selfbeeld laag. Ek het na drank gegryp en so

het my huwelik verbrokkel. Die kinders is nou uit die huis, ek is geskei en vandag leef ek net van pampoenblare in ŉ plakkerskamp." – Gespreksgenoot 4

"Dit was vir my onsettend hartseer as ek die bekommernis in my vrou se oë sien en ek is magteloos om iets daaraan te doen. Maar ek moet sê, ek was verbaas oor haar ondersteuning en aanvaarding."- Gespreksgenoot 2

"Jy gaan deur die emosionele goed waardeur jou vrou gaan. Dit het ŉ ongelooflike impak gehad op ons huwelik. Intimiteit is daarmee heen. Jy het net geen lus vir seks nie. Die spreekwoordelike rottangs word uitgehaal en jy word geslaan, want dit is jou fout en dit en dit en dit. Maar dit gebeur maar. My vrou is ŉ yster en het saam met my hierdeur gegaan. Sy was baie kwaad en het gesê kom ons dagvaar hulle [die maatskappy] maar ons het nie die geld daarvoor nie. Emosioneel word daar baie negatiewe goed gesê. Daar word dinge deur my vrou gesê en gedoen asof ek beheer daaroor gehad het. Ek het nie beheer daaroor gehad dat ek alles verloor het nie. Dinge wat gesê is in die huwelik, is goed wat regtig nie op daardie stadium aanvaarbaar was nie. Dit kos ŉ baie sterk huwelik om deur dit te kom. Jy probeer net om hierdie skip op die water hou en daar is baie mans wat hul vrouens verloor deur hierdie trauma van werksverlies. Die mense naby aan jou moet verstaan, maar hulle verstaan nie. My pa sê net sterkte. My pa het gesê: "Skud jou af en stap vorentoe". Ons mans het net soveel emosies soos die vroue en kinders. Die meeste ondersteuning soek jy van jou vrou af, maar dit is nie altyd daar nie." – Gespreksgenoot 7

"Daar is snye en *"scars"* en emosionele goed wat jou seermaak. Ek is baie lief vir my vrou maar jy gaan daardeur. ŉ Mens het meer emosionele ondersteuning nodig en ek dink die vrouens het daardie rol te speel. Net om jou moed in te praat, om te sê alles is *"okay",* moenie *"worry"* nie. Jy breek jouself so emosioneel af, jy is in die grond en mense vertrap jou en alles is negatief. Jy kan as man houe vat en houe vat maar op ŉ stadium kan jy net nie meer al die houe vat nie. Daar is skade in ons huwelik maar moet my nie verkeerd verstaan nie, ek is lief vir my vrou. Dit is nie om negatief te wees teenoor haar nie. Dit is belangrik dat jy weet dat jou vrou reg is met jou. Dit sal vir haar ook goed wees om dinge te gaan afsluit." – Gespreksgenoot 7

Aan die ander kant is daar ook ŉ verhaal gedeel waar die gespreksgenoot en sy vrou saamgestaan het en saam besluit het om hierdeur te werk.

> "Ek is ongelooflik gelukkig. Ons het "gerally", ons twee [man en vrou] saam met mekaar. Daar was geen verwyte van haar kant af nie. Ons het saamgestaan en gesê hoe maak ons dit reg? Vir die kinders het ons eers drie maande na die tyd eers vertel wat gebeur het." – Gespreksgenoot 8

#### 2.9.3.1.3 Effek op die verhouding met die kinders

Daar word deur die gespreksgenote vertel dat die kwaliteit tyd wat hul saam met hulle kinders spandeer het geaffekteer is deurdat daar nie finansies is nie. Dit bring konflik in die huis as een kind finansieel ondersteun word en die ander een nie. Dit bring ook konflik tussen die kinders as die een ŉ motorfiets vir sy 16de verjaardag kon kry en die ander een nie. Die kinders het sekere verwagtinge van hul pa en hul pa kan nie voorsien nie. ŉ Gespreksgenoot vertel hartseer dat hy altyd sy kind se held was, maar is dit nie meer nie as gevolg van sy werksverlies.

> "Ek is aanvallerig en baklei die heeltyd met my kinders, want ek wil nie hê hulle moet wees waar ek is nie. My aggressie bring gereeld konflik in die huis. Ek baklei oor die kleinste dinge wat nie reg is nie. Ek en my seuns het gereeld saam gaan visvang. Om die seuns te vat vir visvang kos ongeveer R300, dit is nie baie geld nie, maar as jy nie R300 het nie voel dit soos R3000. Elke sent moet ek terughou vir kos." – Gespreksgenoot 1

> "Een van my kinders sukkel met sy gesondheid en ek kan nie veel daaraan doen nie." – Gespreksgenoot 1

> "Jy weet, kinders praat met mekaar en so het een kind vir my kind gesê sy pa is te sleg om te werk en dit het ŉ vuisgeveg afgegee by die skool. Ek is trots op my kind wat vir sy pa opgestaan het. Die kinders trek swaar op skool as gevolg van die aflegging. Die kinders se sosiale lewe word geaffekteer, want al die maats gaan ysskaats en ek moet my kind terughou want daar is nie geld nie. My twee kinders is saam by die jeug by die kerk. Die een kind se vriend borg hom om op die uitstappie te gaan, maar die ander seun het nie ŉ borg nie. Hoe sê jy ja vir

jou een kind en vir jou ander kind wat in die jeug is, nee? Dit laat jou hart breek as pa." – Gespreksgenoot 1

"My seuns was in die hoërskool en hulle kon nie meer op skoolkampe en die kerk se jeugkampe bywoon nie. Ek het ook gevoel dat ek nie meer my seun se held was en ŉ pa waarop hulle trots kon wees nie. Dit was hartseer oomblikke toe my oudste seun sy motorfiets, wat hy voor my werkaflegging gekry het, wou verkoop om ons te help. Wat vir my ook hartseer was, was die feit dat ek nie vir my jongste seun dinge kon koop soos vir my oudste seun toe hy sestien jaar oud geword het nie. Ek kon vir hom nie ook ŉ 125cc motorfiets koop om skool toe te ry nie en ek kon ook nie ŉ rekenaar bekostig waarmee hul skoolwerk kon doen nie. Dit het ŉ effek op die verhouding in die gesin gehad, want die jongste het geglo ek trek die oudste seun voor. Dit het tot vele uitbarstings en rusies gelei tussen die twee seuns en ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. Tot vandag toe, is daar ŉ letsel in ons gesinslewe."- Gespreksgenoot 2

"Die kinders word gespot by die skool en geboelie, dit het ŉ reuse effek gehad op my eie selfbeeld. Die kinders het sekere verwagtings van pa en pa kan nie aan die verwagtinge voldoen nie en hy voel hy stel hul teleur." – Gespreksgenoot 4

"Van my kant af probeer ek my kinders nie in my situasie intrek nie. Ek sien my dogter wat op universiteit is, besef dit. Sy laat die vriende foto's neem van die bladsye en dan leer sy so, om net nie die handboek te koop nie, om kostes te bespaar. My *"laaitie"* was altyd die een wat met my vrou gesels het, hy raak stiller, onttrek homself al meer en meer. Dit bring nou weer ander probleme mee, want hy lê net op sy bed en leer nie. Ek het vir hom gesê hy kan nie verwag dat ek vir hom gaan betaal vir sy "swottings" nie, hy sal moet beurse kry." – Gespreksgenoot 5

"My dogter is mal oor perdry en sy wil graag ŉ perd hê, maar ek het nie die finansies nie. Sy raak kwaad vir my. Dan sê ek vir haar ons sal hê wat ons nodig het. Ons het die huis waarin ons bly, ons het kos en klere, wees dankbaar daarvoor. My seun is moeilik as dit kom by geloof. Hy verstaan nie dat God sal voorsien nie. Ek wag vir sy oë om oop te gaan. Gister weer was ons in ŉ

> onderonsie. Soos ek gesê het, is my dogter baie geldgierig. Sy wil lekker dinge en luukshede hê. Sy vra my altyd vir geld en dan raak sy vir my kwaad as daar nie is nie, dan sê sy ek moet vir haar sorg en sy is bekommerd oor haar studies en of sy geld gaan hê daarvoor." – Gespreksgenoot 6

> "My kinders was bietjie klein om te sien wat die krisis is. My seun het swaar gekry. Hy was op daardie stadium in standerd 5 en het eerstespan gespeel. Hy moes sy maatjies en almal daar los en dit het ŉ baie groot effek gehad op hom." – Gespreksgenoot 7

Aan die ander kant is daar ook ŉ verhaal vertel van kinders waarmee daar ŉ gesprek gevoer is en mooi verduidelik is wat nou gebeur. Die kinders het positief daarop gereageer en gespreksgenoot 8 het gevoel dit het nie so groot effek op die kinders gehad nie.

> "Ons het met die kinders gesit en gesê wat die situasie is en wat ons daaraan kan doen. Hulle het seker maar agtergekom hier is goed aan die gang. Dit was nodig dat ons daardie gesprek moes gehad het. Dit was ongelooflik hoe ons kinders daarop gereageer het. My dogter het gesê, "... dis niks nie pa, ons gaan bid en die Here gaan ons hierdeur dra." My seun het net alles vermy, ŉ geval van: "Ek hoor jou maar ek wil dit nie hoor nie". Hulle het totaal verskillend gereageer. Hul eie verwagtinge is ingeperk en van hulle kant af het hul gehelp." – Gespreksgenoot 8

#### 2.9.3.2 Verandering wat die middeljarige wit Afrikaanse man beleef by die gemeenskap ten tyde van verpligte werksverlies

Daar is verhale vertel waar mans ervaar het dat besigheidspersone misbruik van hulle wil maak. Hierdie misbruik vind ook selfs deur hul familielede plaas. Hartseer verhale word vertel van vriende wat hul rug op hul gedraai het, maar daar is ook verhale deur gespreksgenote vertel wat ook besef dat hulself verantwoordelik is vir hoe die gemeenskap teenoor hul reageer.

#### 2.9.3.2.1 Besigheidsektor laat hul in die steek

Die gespreksgenote vertel verhale waar hul voel dat besighede misbruik van hul situasie maak. Hul voel dat niemand hul wil help nie, waar hul vroeër geld kon leen, wil niemand nou help nie.

> "Ek het nou in die week ŉ ratkas laat regmaak vir R2000. Nou werk die ratkas nie en die verkoopsman wil nie vir my die R2000 teruggee nie. Ek voel of hierdie man R2000 van my kinders se kos gesteel het. Die bakkie is al waarmee ek vir my kinders kan sorg. Ek sal die ratkas stukkend slaan op hom, hom vermoor. Nie omdat ek ŉ misdadiger is nie, maar omdat ek my laaste vat om my familie te versorg want die bakkie is my inkomste. As ek gewerk het, het dit my nie gepla nie want hy sal later sy besigheid verloor as hy so werk. Jy raak so emosioneel afgetakel, dat jy nie later omgee wat gebeur nie." – Gespreksgenoot 1

> "Jy moet weet, niemand wil vir jou geld leen nie, geen bank nie. Waar ek ŉ *"premier"* kliënt was by FNB was ek binne 5 maande ŉ *"nobody".* Ewe skielik moet jy daardie skuif maak. Alles wat jy gehad het, is daarmee heen. Jy het al jou geld gebruik om te oorleef in die tyd waar jy nie werk gehad het nie, want jy moet weet, jy kry oproepe van ouens vir wie jy geld skuld, maar jy kan absoluut niks daaraan doen nie." – Gespreksgenoot 8

#### 2.9.3.2.2 Gemeenskap laat hul in die steek

Gespreksgenote voel dat, juis omdat hul nie werk het nie, die gemeenskap hulle uitbuit.

> "Ek voel ek word misbruik deur die gemeenskap. Omdat ek nie werk het nie wil mense hê ek moet vir ŉ belaglike bedrag werk en baie keer is dit familie wat my so uitbuit. Ek moes die hele dag werk en dan gee hulle vir my ŉ kilogram maalvleis en dan moet ek baie dankbaar wees. Dit trek my selfbeeld nog meer af." – Gespreksgenoot 1

> Die wêreld daar buite is *"ruthless".* Hulle weet jy is desperaat en jy gaan werk vir R5 000 ŉ maand. Mense is besig om ons uit te buit en dit raak soos slawerny, maar wat kan jy doen." – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.3.2.3 Vriende laat hul in die steek

Verhale word vertel waar vriendskappe as gevolg van die aflegging doodgeloop het. Sommige vriende weet nie hoe om hierdie situasie, waar sy vriend sy werk verloor het, te hanteer nie en vermy gevolglik die persoon. Party vriende wil ŉ wig tussen die man en die vrou indryf.

> "My status in die gemeenskap was aangetas en ek kon nie meer kuier by die mense by wie ek altyd gekuier het nie." – Gespreksgenoot 4

> "Jou beste vriende is die wat eerste stert onder die bene gesit het en verdwyn. Om jou ŉ idee te gee, ons was regtig groot vriende. Toe dit gebeur, is hulle weg. Jou ondersteuningstruktuur val weg maar dan is daar tog ander vriende wat dan by jou staan. Vriende wat jou so nou en dan ŉ oproep gee. As ek nou daaroor dink, was daar ŉ groot impak op die vriende. Daar was dadelik mense saam met wie ek baie gebraai het, wat weg is. Kom ek gee jou ŉ voorbeeld. Ons het altyd by die atletiek ŉ gazebo opgeslaan en almal het altyd by ons gesit. Net na die gebeure het ek die gazebo weer by die atletiek opgeslaan maar hulle het hul net totaal gedistansieer van ons, want toe was die skrif al aan die muur." – Gespreksgenoot 7

> "Die oomblik wat jy jou werk verloor, sien mense jou op ŉ ander wyse. Sommige van die mense vermy jou, want hulle weet nie wat om vir jou te sê nie. Ander maak net beloftes, en sê dat hul kyk uit vir jou vir werk. Wat my hartseer gemaak het, was dat ŉ ander vrou na my vrou [vrou se vriendin] toe gekom het en gesê hulle sal vir haar help, maar los net daai sleg ding van ŉ man van jou. Ons sal jou ŉ huis gee en ondersteun. My vrou was in trane hieroor maar ons het besluit ons staan saam." – Gespreksgenoot 1

#### 2.9.3.2.4 Introspeksie van die man ten opsigte van sosiale interaksie

Van die gespreksgenote vertel ook van hul eie gewaarwordinge binne die afleggingsproses. Hul voer aan dat as man onttrek hy homself van sy vriende en die gemeenskap. So begin hy as man die gemeenskap met agterdog bejeën. Vir van hulle

was dit goed om self intensioneel afsluiting te probeer kry deur bande met mense in hul vorige werksfeer te sny en selfs te verhuis.

> “Ek het die gemeenskap met agterdog beskou. Ek het gevoel dat niemand omgee nie en dat niemand vir my ŉ kans wou gee nie. Daar was hier en daar ligpuntjies en dit van mense van wie jy dit die minste verwag het.” – Gespreksgenoot 2

> “Die vriende het nie ŉ effek op jou nie maar jy het ŉ effek op hulle. Jy onttrek, want jy voel “*inferior”* teenoor hulle. Jy het nie werk nie, jy het nie inkomste nie, jy voel so half skuldig daaroor. So, dit is nie jou vriende wat noodwendig onttrek nie. Weens die feit dat jy raak anti-sosiaal, jy wil net by die huis bly en jy is net voor die rekenaar. Jy is *“moody”,* jy is rusteloos, jy het nie energie nie. Mans is maar net eenvoudig so. Hulle *“collapse”* in hul eie omstandighede. Hulle praat nie daaroor nie. Hulle toon nie emosies daaroor nie. Hulle praat nie met hulle vrouens daaroor nie.” – Gespreksgenoot 6

> “Ons het nou ŉ paar pelle gemaak in die Kaap wat buite die scenario gestaan het en dit is belangrik om ook hulle te hê. Vriendskap kom oor ŉ tyd, ja, ons het ook ŉ bietjie onttrek. Ek het nog net een vriend in my vorige dorp maar met al die ander het ons bande gesny. Dit maak net sin om daardie hoofstuk te probeer afsluit. Alles wat my laat dink het aan daardie episode het ek probeer wegkry en verkoop. Dit is alles deel van die suiweringsproses. Jy hou op golf speel want jy het nie geld nie. Jy begin onttrek van alles af. Dit is ŉ spiraal wat afwerp na ŉ punt waar mense net nie kan terugkom nie. Ek is nog steeds in daardie scenario. Dit beïnvloed alles negatief. – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.4 Subtema 4: Regstellende aksie en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, wat soekend na nuwe werksgeleenthede is

Die gespreksgenote het hulle verhale gedeel oor hoe hulle regstellende aksie en B-BEEE beleef.

##### 2.9.4.1 Die effek van regstellende aksie op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging

Die gespreksgenote deel in hulle verhale hoekom hulle glo hulle nie werk in Suid-Afrika kan kry nie, hul deel ook hoe hulle oor regstellende aksie dink asook wat hulle moet doen om as gevolg van regstellende aksie, werk te kry.

**2.9.4.1.1 Regstellende aksie is die oorsaak hoekom die middeljarige wit Afrikaanse man nie werk kry nie**

Die gespreksgenote vertel ŉ verhaal van desperaatheid van hoe hul aansoek doen vir werk, maar as gevolg van regstellende aksie oor die hoof gesien word. Frustrasies en magteloosheid is aan die orde.

> "Ek het aansoek gedoen vir werk, maar as gevolg van regstellende aksie sukkel ek om werk te kry." – Gespreksgenoot 2

> "Werkgewers kyk na hul *"equity"* teikens en ek is in *"HR"* en die risiko is laer by *"HR"* as om iemand wat finansies doen of ingenieur is. In my veld sal hulle eerder die *"equity"* teikens jaag, as in die ander afdelings. As die *"HR"* droog maak, kan die projek nog steeds voortgaan. Dit is vir my ŉ frustrasie dat ek dinge kan doen en dit goed doen maar mense sien dit nie raak nie en ek kry nie geleentheid om dit te doen nie." – Gespreksgenoot 5

> Ja, dit het ŉ definitiewe effek op my. As ek aansoek vir werk doen, sal ek baie sukkel om werk te kry. Dit word vir jou baie duidelik gesê ook. Dit is eintlik verkeerd. Die persoon met die kwalifikasie is veronderstel om die werk te kry. Ek kan verstaan as twee mense dieselfde kennis en werkservaring het. Nou word mense aangestel wat glad nie die werk kan doen nie. Ek vind dit is verkeerd. Ek dink nie diskriminasie het enige positiewe effek gehad op die ekonomie nie." – Gespreksgenoot 6

> "Dit voel of die hele Suid-Afrika omgedop is onderstebo [as gevolg van regstellende aksie] . Mense leef net vir hulleself, hulle het nie gevoelens vir hul medemens nie en die toekoms lyk baie, baie sleg as gevolg van regstellende aksie." – Gespreksgenoot 6

"Jy probeer met iets nuuts begin maar as hierdie ding nou nie gaan werk nie, waarheen nou, dan is ons op straat. Wat nou? Jy is wit, waar kry jy die volgende geleentheid." – Gespreksgenoot 7

"Toe sit ek op die plek wat elke wit Afrikaner man deurgaan. Ek het baie CV's uitgestuur en jy hoor die standaard antwoord. Na 12 onderhoude toe besef ek, ek mors my tyd. Dit gaan nie werk nie, ek gaan net teen die prikkels skop. Ek is of oorgekwalifiseer, te senior vir die werk en dan kom nog die nuwe Suid-Afrika se faktore ook by. Daar is maatskappye wat doodreguit net gesê het ons gaan 'n *"Employment Equity"* aanstelling maak en klaar. Ons kan ons so vasslaan teen die prikkels wat keer dat ons werk kry, want jy is 'n wit man ensovoorts." – Gespreksgenoot 8

#### 2.9.4.1.2 Regstellende aksie is nodig maar word verkeerd geïmplementeer

Van die gespreksgenote dui daarop dat daar meriete in regstellende aksie is, maar na hulle mening word dit verkeerd geïmplementeer.

"Daar is meriete in regstellende aksie. Ons moet die mense integreer in die samelewing maar nie ten koste van die professionele hoedanigheid nie. Hul haal die professionaliteit uit en sit enige iemand in. Ons moes eintlik mentors gewees het en hulle gehelp het. Kom ons leer julle hoe dit werk en kom ons vat hande en werk saam, maar dit is politiek. Dit is sleg vir die wit Afrikaanse man, as jy sien hoeveel mans pakkette gevat het in die polisie en munisipaliteite. Hul stel mense aan wat nie die bevoegdheid het om die werk te doen nie en dit is nie hulle skuld nie. Help die mense. Enige ou, wat sonder werk sit, sal help teen vergoeding. Die uitdaging gaan al hoe groter word vir die wit Afrikaanse man." – Gespreksgenoot 7

"Toe sit ek op die plek wat elke wit Afrikaner man deurgaan. Ek het baie CV's uitgestuur en jy hoor die standaard antwoord. Na 12 onderhoude toe besef ek, ek mors my tyd. Dit gaan nie werk nie, ek gaan net teen die prikkels skop. Ek is of oorgekwalifiseer, te senior vir die werk en dan kom nog die nuwe Suid-Afrika se faktore ook by. Daar is maatskappye wat doodreguit net gesê het ons gaan 'n

*“Employment Equity”* aanstelling maak en klaar. Ons kan ons so vasslaan teen die prikkels wat keer dat ons werk kry, want jy is ŉ wit man ensovoorts. Jy moet ontslae raak van die slagoffermentaliteit want dit raak swaarder as die *“issues”* wat in jou lewe is. Ongelukkig sit ons met ŉ politieke bestel, met al die regte redes, dat ons nou sit waar Afrikaner mans gemarginaliseer word in die werk omgewing. Solank jy senior genoeg is, is jy *“okay”.* Die oomblik wat jy onder in die kompeterende vlak is, is jy in risiko en word jy maklik een kant toe gedruk. Ek verstaan regstellende aksie en ek het baie gesprekke gehad met ANC leiers hieroor. Die grootste dilemma wat die ANC gehad het, wat hul verkeerd aangepak het, was om deur regstellende aksie al die *“skills”* uit die omgewing gevat het en mense geplaas het sonder die *“skills”.* Hulle verstaan nie hoe toeganklik Afrikaners sou wees om hul te help nie. As hul dit anders benader het en gesê het, elkeen van julle moet ŉ *“protégé”* aanstel en julle moet hom oplei oor die volgende tien jaar om by jou oor te neem, sou hul *“skills”* gehad het wat vir niks skrik nie. Hulle sou ŉ klomp emosionele intelligensie gehad het en goed opgeleide mense gehad het met ŉ sterk basis. Baie Afrikaners het pakkette gevat en besighede begin wat “multinasionale” besighede geword het. Ek het nie ŉ probleem met regstellende aksie nie maar die uitvoering is problematies. Die uitvoering is te rou en kru, daar is geen verfyndheid in die manier van doen nie en daar was geen oordrag van vaardighede nie. As ons die wit bestuurders in plek gehou het en gesê het, help ons, het ons vandag ŉ baie groter ekonomie gehad.” – Gespreksgenoot 8

#### 2.9.4.1.3 Regstellende aksie noop die middeljarige wit Afrikaanse man om sy eie besigheid te begin

Dit is duidelik in die verhale wat vertel word dat van die mans glo dat hulself moet werk skep.

Ek sit nie my kop daarop dat ek weer ŉ pos kan kry by Stad Kaapstad nie. Ek sal my eie besigheid moet begin waar BEE nie die kriteria is nie. – Gespreksgenoot 6

“Die wit Afrikaner man het ŉ probleem met negatiwiteit wat jy van alle kante af kry. “*Equity”*, BEE en regstellende aksie. Ons as middeljarige wit Afrikaanse

manne het ŉ geweldige uitdaging. As jy nie gaan werk vir jouself nie, gaan jy nie vorentoe nie." – Gespreksgenoot 7

"My ouderdom is teen my dat ek nie werk kry nie. Om werk te kry is moeilik, my velkleur is teen my, ek kry nie werk nie. Jy moet maar self vir jou begin werk skep en probeer geld inbring daarmee. Werk kry, sal jy nie." – Gespreksgenoot 9

#### 2.9.4.1.4 Die land het my in die steek gelaat

Een van die gespreksgenote voel dat Suid-Afrika hom in die steek gelaat het. Hy het sy lewe vir sy land gegee en nou moet hy sukkel om werk te kry.

"Ek is van die ouer garde van middelklas wit Afrikaners wat deur die burgeroorlog gegaan het. Ek was amper dood in ŉ handgranaatontploffing, sewe ander om my is dood. Ek het die swaarpunte van die lewe gehad. My bydrae het ek gelewer tot die regering destyds. Ons het gevoel ons veg teen kommunisme en nie teen swart mense nie. Dit het my baie seer gemaak, want die vorige regering het jou net sowel verloor, vergeet en jou gelos. Ek sukkel nou nog met daai traumatiese omstandighede waar ek angsaanvalle kry. Ek hanteer dit moeilik. Jy het jou beste probeer, vir die vorige regering, waar jy gedwing was om iets te doen wat jy nie eintlik wou doen nie en nou word daar totaal en al teen jou gediskrimineer as wit man van my ouderdom, waar jy sukkel om werk te kry en waar daar pertinent aan jou gesê word, jy moet besef BEE geniet voorkeur." – Gespreksgenoot 6

### 2.9.5 Subtema 5: Werksverlies se effek op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met God

Gespreksgenote deel hulle verhale wat hul met hul werksverlies ten opsigte van hul verhouding met die Here beleef en daar is ook besin oor wat vir hulle sin en betekenis gee.

#### 2.9.5.1 Die effek van werksverlies op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here

Sommige van die gespreksgenote het ervaar dat hul in hul verhouding met die Here gegroei het, ander voel hulle het ŉ geestelike "wipplank" ervaring in die tyd van werksverlies beleef. Hul het ook vertel wat hul van kerke beleef het. Daar is ook inspirerende verhale van hoe God mense gebruik om hul tot hulp te wees. Van die verhale is ook verhale van frustrasie oor hoekom die Here hulle hierdeur laat gaan.

#### 2.9.5.1.1 Positiewe ervaring in sy verhouding met die Here

Heelwat van die gespreksgenote het getuig dat hulle ŉ positiewe ervaring ten opsigte van hul verhouding met die Here het en as dit nie vir die Here was nie, sou hulle nie deur hierdie swaar tye gekom het nie.

> "ŉ Verhouding met die Here is geweldig belangrik. My verhouding met die Here is baie belangrik. Wie laat jou asemhaal? Wie gee jou die krag om hierdeur te gaan? Jy as mens sal dit nooit alleen kan maak nie. Die Here gee jou krag en versterk jou ." – Gespreksgenoot 1

> "Sonder geloof sal ek nie deur hierde swaar tye kom nie. Geloof in die Here en mense wat sê en doen wie hulle is. As ek nie geloof gehad het nie, het ek my al lankal doodbekommer. Ek leef nou net van dag tot dag, om nie more te gaan haal nie, want jy weet nie of jy more gaan asemhaal nie." – Gespreksgenoot 4

> Ek dink dit was positief. Dit is ŉ ongelooflike platform. Godsdiens is belangrik, wees nederig en wees dankbaar vir wat jy het. Ek moet soms my kop in skaamte laat sak, dat ek alleen hierdeur probeer werk het. Hierdie is ŉ louter proses. As ek meer daaraan vasgehou het, sou ek miskien nie in die hospitaal beland het nie, maar jy dink net nie in daardie stadium op die regte manier nie." – Gespreksgenoot 7

> "Dit het ons verhouding met die Here sterker gemaak. Jy vat later alles om jou vir *"granted".* Die oomblik as hierdie krisis jou tref kan jy twee goed doen. Jy kan of sak in as sit of ek moet aan iets groter vashou as ek self. Dit het ons geloof versterk en verdiep. Ons het besef, elke dag is genade. Here, hierdie goed is aan die gang, as dit U wil is, gee my die insig om dit reg te kan hanteer. Uit myself kan ek dit nie doen nie." – Gespreksgenoot 8

Ons geloof, die Here is ons krag. Alles wat ons het, bid ons van hom. Ek is nie in staat om enige iets te doen as die Here dit nie vir ons gee nie. Die Here voorsien op wonderlike maniere. Ek gaan sien die besigheidsman oor een saak, maar kry werk by hom oor heeltemal iets anders en so word hy my tweede kliënt. Ek is elke dag bewus daarvan dat alles wat ek het, is genade. Ons bid elke oggend saam voor ons die pad vat en dit is nodig dat ons onthou hierdie geleenthede is nie alles joune nie, dit is seëninge en jy kan dit nie alleen doen nie. Jy het die Here nodig, jy moet aan die Here vashou. Ek sê altyd vir die kinders, die Here help die wat hul self help. Niks val uit die lug nie. Die Here het gesê: "In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien." Die Here sê nie, sit op jou boude, bid daarvoor en alles kom net na jou toe nie. Nee, staan op, bid vir jou seëninge en leiding en Ek sal jou die deure wys. Jy sal nie die deure kry wat oopgemaak word as jy dit nie gaan soek nie. Die Here is in beheer oor jou aksie wat jy uitvoer en jy moet dit in Sy wil uitvoer. Ons het nie meer ŉ TV nie, DStv alles is weg. Ons sit nou en gesels, hulle lees. Ek raak nie meer *"tense"* oor sport nie want ek sien dit nie meer nie. Nou eet ons by die tafel, want daar is nie ŉ TV nie. Ons bid saam, dek saam af en daar is ŉ wesenlike positiewe verandering in ons huis." – Gespreksgenoot 8

"Ons praat en leef die Here in ons huis." – Gespreksgenoot 8

"My laaste sent wat ek gehad het, het ek gebruik om huur te betaal en ek het geweet dit is die doodloopstraat. Nou is daar nie meer geld nie, ek kan nie meer geld by my ma-hulle leen nie, dis die einde. Toe het ek begin besef, jy kan nie op jou eie aangaan nie, dit werk nie. Ek het nou lank probeer op my eie en dit het nie gewerk nie. Ek gaan nou al my probleme oorgee aan God en vas in Hom glo. Ek het besef ek het nog nooit my Skepper gevra wat is sy wil nie. Miskien wou God nie gehad het ek moes daardie goed gedoen het nie. Dit het my geleer om my geloof in my Skepper te plaas en vir Hom te vra, help my en lei my. God praat nie noodwendig met jou dat jy hoor nie, maar die tekens is daar. Jy moet net die tekens raaksien. So, het ek later in 2012 ŉ pos gekry by Stad Kaapstad en ek is oortuig dit is omdat ek op die Here vertrou. Ek hou nou aan die Here vas, ook in my huidige situasie. Wat ook al Hy besluit, is sy besluit en ek het ŉ kalmte oor my gehad en ek het dit nog steeds. Ek weet, ek het ŉ paar rand

pensioen wat nou kan uitbetaal en dan weet ek as daardie geld op is, sal God vir my sorg. Ek het nie meer die angs en die vrees nie want ek weet ek sal voor gesorg wees. Ek het geleer om totaal en al alles vir die Here te gee en op hom te vertrou in Jesus Christus. My behoud is my geloof en God, dat ek my denke verander het. As jy jou oë op God hou, sal God vir jou versorg. Jy sal genoeg hê, nie noodwendig in oorvloed nie. God sal jou seën op die manier wat Hy wil." – Gespreksgenoot 6

"In *"hindsight"* besef ek, ek het aan die Here vasgehou. Ek is verseker nie die beste Christen nie maar ek het nie die Vader kwalik geneem vir waardeur ek is nie. Ek was nooit kwaad vir die Here nie. Ja, jy vra hulp van die Here en daar gebeur niks nie. Ek het baie geleer oor die lewe. Daar is 'n rede hoekom dit gebeur het, daar is 'n rede hoekom ek Kaap toe getrek het. My seun is goed in 'n sekere sport en hy het 'n beurs gekry wat nooit sou gebeur het in die vorige dorp nie. Ek dink dit het my verhouding met die liewe Vader versterk en is ek meer afhanklik van Hom. Ek hou aan God se genade vas en ons dien 'n ongelooflike groot God. As jy regtig geglo het, sou jy seker nie gestres het nie maar ek is maar mens. Ek glo my kinders is op die regte plek, my vrou en kinders is goeie gelowiges." – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.5.1.2 "Wipplank" ervaring in sy verhouding met die Here

Van die gespreksgenote vertel dat hulle soms nader aan die Here beweeg het en soms met die Here geworstel het en verder van die Here gevoel het, soos een gespreksgenoot tereg dit beskryf, "'n wipplank" ervaring.

"My verhouding met die Here het wipplank gery. Ek het van my sterkste oomblikke met my verhouding met die Here in die tyd beleef. Baie wonderwerke het plaasgevind en God het elke dag vir ons gesorg." – Gespreksgenoot 2

Ek het regtig Sy teenwoordigheid baie sterk ervaar, dan net om letterlik die volgende oomblik in depressie te val en om te voel hoe die Here sy rug op my gedraai het. Dit het gereeld gebeur as daar iets negatief gebeur het." – Gespreksgenoot 2

> “Mense stel teleur, maar God sorg en ek het dit self ondervind. Ek praat hard en baklei met God en stoei met die Here met teksverse. As dit so swaar gaan dan bid ek deur die nag. Ek soek ŉ antwoord van die Here en soms kry ek dit. God is die een wat jou gemaak het. Hy is nie iemand met wie jy speel nie. Jy moet sorg dat jou verhouding met God reg moet wees. Die Here voorsien vir my.” – Gespreksgenoot 4

#### 2.9.5.1.3 Ervaring van kerke in werksverlies

Die meeste gespreksgenote het ŉ negatiewe ervaring as dit by kerke en lidmate van kerke kom ten opsigte van hul werksverlies. Van die gespreksgenote gaan nie meer kerk toe nie.

> “Ek voel negatief oor kerke. Kerkmense vertrap jou eerder as om jou te help.” – Gespreksgenoot 1

> Ek gaan nie kerk toe nie, maar ek praat gereeld met die Here. Soms betaal iemand geld in my bankrekening in, soms help mense op ŉ ander manier vir my. Deur ook ander op te beur, help jy ook jouself.” – Gespreksgenoot 4

> “Ons gaan nie kerk toe nie. Ek is eerlik daaroor. My ervaring met mense in die kerk, is dat ek meer veroordeling in die kerk ervaar het as by verre by mense wat agnosties is. Ek het meer hulp, bystand, ondersteuning, liefde ervaar by mense wat glad nie belydende Christene is nie. Ons raak so kerk dat ons vergeet om die wonder van God raak te sien. Ons raak so gekerk, dat alles daaroor gaan en ek verloor iets wat ek nou het, met my verhouding met die Here. Ja, as ek nou daaraan dink, het ek tog ŉ behoefte om by ŉ kerk te wees.” – Gespreksgenoot 8

Daar is ook twee gespreksgenote wat meer positief oor die kerk is, maar wat tog ook steeds verwagtinge van die kerk gehad het, wat nie aan voldoen is nie.

> “Toe ek die moeilikste tyd beleef het, het ek na die kerk toe gekom. Ek het wonderlike ondersteuning gekry, maar weet jy wat ek die meeste gesoek het, was net ŉ oproep ŉ maand later, het jy al werk gekry, hoe gaan dit nou? Ek het

nie een oproep gekry nie, dit het my baie seer gemaak. Ek was baie kwaad vir die kerk en ek wou nie veel van die kerk weet nie maar ek het toe besef, die kerk is net mense. Ek moenie soveel verwag van mense nie, ek moet eerder fokus op God, want jy voel dat die lewe nou net om jou gaan, jy verwag dat almal nou net vir jou sal help en gebeur dit nie voel jy verskriklik seergemaak. Dit voel of iets in jou lewe weggevat word en jy voel jy is niks werd nie. As daar net iemand is wat net sê, ek dink nog aan jou, dan voel dit beter." – Gespreksgenoot 6

Ek is nie baie positief oor die kerk nie maar gaan tog, maar my vrou gaan glad nie kerk toe nie. Die kerk leer jou ook om te volhard in moeilike tye. Jou siel word daar gevoed en dit is vir my goed om dit te beleef." – Gespreksgenoot 1

#### 2.9.5.1.4 Ervaring dat God mense in werksverlies gebruik

Gespreksgenote beleef dat die Here mense stuur om hulle in hierdie uitdagende tyd by te staan. Dit kan sy vrou of kinders wees, ŉ vreemdeling wat net geld in sy bankrekening betaal of ŉ sms wat iemand stuur.

"Die Here gee vir my die perfekte maat om my te ondersteun. As ek nie haar gehad het nie, het ek selfmoord gepleeg. Die Here het haar vir my gegee, die Here weet wie is dié pot se deksel. As ek opstaan in die oggend, dan sê sy dankie dat jy opstaan en probeer. Soms staan ek op en ek voel net donker. Sy help my, sy bemoedig my maar dit is deur die Heilige Gees, want die Heilige Gees weet as ek *"down"* is en benodig bemoediging." – Gespreksgenoot 1

"Soms betaal iemand geld in my bankrekening in, soms help mense op ŉ ander manier vir my. Deur ook ander op te beur, help jy ook jouself." – Gespreksgenoot 4

"Kom ek gee jou ŉ voorbeeld. Ek kon nie meer die huur betaal nie, ek kon nie meer R16 500 per maand betaal nie. ŉ Vriendin het vir ons gesê jul kan in ons woonstel gaan bly, sonder om huur te betaal. Ek het gesê, onmiddellik, ons maak gebruik daarvan. Ek gaan toe en sê vir die verhuringsagentskap, as ek vir julle ŉ huurder bring, sal jul my vrystel van die huurooreenkoms. Hulle sê dit is reg. Teen Desember, kom ons agter dit werk nie lekker nie. My dogter kom sê vir my,

Pappa, ons moet terugtrek na ons ou huis toe. Ek sê vir haar, my kind, daardie skip het geseil. Sy sê net sy het gebid, daaroor, ons moet terugtrek. Die Here het gesê ons moet terugtrek. Ons is terug in die huis, want die mense wat eers daar gewoon het, is gevra om te gaan. Hulle betaal hul huur maar hulle is onmoontlike huurders. Die agentskap het gesê, julle kan terugtrek soontoe en julle kan die deposito afbetaal oor ŉ jaar. Trek net asseblief terug. Daardie huis het my kind voor gebid, ek het dit nie gekry nie." – Gespreksgenoot 8

Eendag, terwyl ek ŉ donker tyd beleef het, kry ek ŉ sms. Die sms kom daarop neer dat daar waar jy net een ry spore sien, dit is God wat jou daar deurdra. – Gespreksgenoot 1

#### 2.9.5.1.5 Here, hoekom ek?

Soms voel die gespreksgenote dat hul deur God weggegooi is en hul worstel met vrae: "Here, hoekom ek?".

"Jy vra die vraag, hoe dink God oor my? Ek het al gevoel of die Here my weggegooi het juis omdat ek deur hierdie moeilike omstandighede moet gaan. As ek na my familie kyk, is almal bestuurders en het ambagte en dit lyk of hulle so gemaklik deur die lewe gaan. Hulle gesondheid is goed en sukkel nie met diabetes, sig of gehoor nie. Ek erken dit, ek het gevra: "Here, hoekom?" Hoekom moet ek hierdie verdien, deur hierdie dinge gaan maar dan kom jy weer by ŉ preek en dan hoor jy die Here sal niks toelaat wat jy nie kan hanteer nie. Ek is moeg, ek sien nie meer kans vir hierdie *"fights"* vir *"survival"* nie. Vanaand as ek gaan slaap dan weet ek, ek is verkeerd. Ek het die Here al gevra hoekom is ek sy swartskaap? Die volgende dag wys die Here my eintlik is ek sy rooibokkie." – Gespreksgenoot 1

"Ek het regtig Sy teenwoordigheid baie sterk ervaar, dan net om letterlik die volgende oomblik in depressie te val en om te voel hoe die Here sy rug op my gedraai het. Dit het gereeld gebeur as daar iets negatief gebeur het." – Gespreksgenoot 2

“Ek raak kwaad vir die Here. Ek verstaan dat die goed *“uitgesort”* sal word maar ek weet nie wanneer nie. Ek verstaan ook dat dit nie te laat gaan wees nie. Wat my kwaad maak, ek kan nie verstaan hoekom ek deur al die goed moet gaan as dit in elk geval *“uitgesort”* gaan word nie. Ek weet nie of dit logies is nie. Ek is al meer as ŉ jaar wat ek soek en smeek na uitkoms en ek sien dit nie. Ek kan nie verstaan hoekom ek deur al die stres moet gaan nie en dit maak my opstandig. Met tye wil ek nie met God praat nie. Selfs die boodskappe wat ŉ ou kry, kom ŉ ou agter Hy is nog in beheer. Maar dan kry jy ŉ vrou wat nou die goed kwytraak, soos sy vir my vrou gesê het, dat dit is omdat my vrou uit die huis is [werk] dat hierdie goed nou gebeur. Daai tipe simpatie het jy nie nodig nie. Ek bid nie meer nie, ek sien nie meer die sin daarin nie. Mense hou jou aan ŉ lyntjie. Dit is vir my ŉ wip-wa situasie met die Here.” – Gespreksgenoot 5

“My vrou het op ŉ stadium gesê hoe kan dit gebeur, ons probeer dan reg leef. Dit gebeur met almal, goed en sleg.” – Gespreksgenoot 7

#### 2.9.5.2 Wat gee sin en betekenis vir die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?

Na aanleiding van die verhale van die gespreksgenote wil dit voorkom of dit wat sin en betekenis aan die middeljarige wit Afrikaanse man tydens werksverlies gee op hul liefde vir hul gesinne, hulle geloof in God en om hul gesinne te kan versorg geskoei is.

##### 2.9.5.2.1 Geloof in God

Van die gespreksgenote dui aan dat wat vir hul betekenis in die lewe gee, hul geloof in God is.

“Dit wat vir my sin en betekenis gee is my geloof in God.” – Gespreksgenoot 2

“Daarmee saam ook ŉ verdiepende verhouding met die Here.” – Gespreksgenoot 3

“Dit wat sin en betekenis gee, is om reg te lewe. Om te leef soos wat die Bybel jou sê om te leef. Dat jy weet dat jy en die Vader ŉ goeie verhouding het. As jy nie reg is nie, dan het jy moeilikheid.” – Gespreksgenoot 4

“Elke mense het ŉ funksie en ŉ doel waarmee God jou wil gebruik om sy wil te doen op die aarde.” – Gespreksgenoot 6

#### 2.9.5.2.2 Vrou en kinders

Ander gespreksgenote wys daarop dat hul sin en betekenis by hul vrou en kinders lê.

“Dit wat my lewe die moeite werd maak is my vrou en my kinders. As hulle by my hek uitstap, waarvoor moet ek terugbaklei. Jy bou vir hulle ŉ lewe. Nie kastele nie, jy bou vir hulle liefde. My vrou en my kinders is my trots, maar dis niks nie. As jy more begrawe word, wat onthou hulle? Hulle onthou jou!” – Gespreksgenoot 1

“Goeie verhoudinge met my familie en vriende gee vir my sin en betekenis. Ek wil kwaliteit tyd hê met familie en vriende.” – Gespreksgenoot 3

#### 2.9.5.2.3 Versorging van gesinne

Gespreksgenote wys ook daarop dat hul singewing beleef deur hulle gesinne te kan versorg.

“Die feit dat ek my gesin kan versorg, nou en ook in die toekoms gee vir my sin.” – Gespreksgenoot 3

“Ek het nog nie vreeslik hieroor gedink nie, grootliks my gesin, as hulle *“uitgesort”* kan wees. Dak oor jou kop, kos op die tafel en tyd saam met jou kinders. Primêr om my gesin uit te sorteer.” – Gespreksgenoot 5

“Op ŉ stadium het ek vir die Here gesê, ek wil nie meer lewe nie. Vat my weg. Toe ek hartkloppings begin kry, het ek gesê Here vat my as U wil. Ek wil nie meer in hierdie gemors lewe nie, en op ŉ stadium toe dink ek by myself, nou wat van my seun, my dogter en my vrou as ek nie hier is nie. Daar moet ŉ rede wees hoekom ek hier is. Dit is seker God se rede dat ek daardie leiding moet gee aan my seun, my dogter en my vrou. Ek moet vir hulle sorg en vir hulle leiding gee. Ek doen nie altyd alles op die korrekte manier nie, maar ek doen wat ek kan, in die wil van God.” – Gespreksgenoot 6

"Dit is moeilik en wyd. Vir my gaan dit oor ambisie. Ek moet dit uit *"grind".* Ek moet finansieel onafhanklik wees. Ek wil voorsien vir my gesin. Geld is soos water. Soms het jy dit, ander kere weer nie. Ek kan funksioneer as daar geld is, dit gee my net vrede. Dit help my om te weet ek het R500 in die bank om brood en melk te koop en te voorsien vir my gesin. Dit is maar net hoe ek daaroor voel. Waaroor gaan die lewe? As jy vrede kan hê en help om 'n verskil te maak in iemand anders se lewe. Dit is my roeping." -Gespreksgenoot 7

## 2.10 VOORLOPIGESAMEVATTING

Nege middeljarige wit Afrikaanse mans wat hul werk, het as gevolg van verpligte aflegging, verloor het, is mee onderhoude gevoer – in sommige gevalle meer as een keer. Vanuit die gesprekke is daar drie hooftemas en onderskeie subtemas en kategorieë geïdentifiseer, te wete:

**Tabel 2-5: Samevatting van Hooftema 1, 2 en 3**

### HOOFTEMA 1: IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

| HOOFTEMA 1 | SUBTEMAS | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Karaktereienskappe van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Kenmerke van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging:<br><br>• dissipline<br>• respek<br>• praat nie oor emosies nie<br>• trots<br>• kan nie saam werk nie<br>• veerkragtig<br>• werksetiek<br><br>Primêre voorsiener in terme van<br><br>• behuising,<br>• voedsel, kleding en skoolfonds oftewel tersiêre kostes<br>• hoof van die huishouding. |

## HOOFTEMA 2: WERKSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

| HOOFTEMA 2 | SUBTEMA | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Werksbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Werksgebaseerde identiteit as 'n dinamiese interpreterende aktiwiteit | Algemene menslike behoeftes van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging in onder meer:<br>• selfwaarde<br>• 'n doel in die lewe<br>• gehoorsaamheid aan die Here se opdrag<br>• sosiale kontekste |

## HOOFTEMA 3: WERKSVERLIES BY DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

| HOOFTEMA 3 | SUBTEMA | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Emosionele aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Die roufases en die verwerking van werksverlies as gevolg van verpligte aflegging van die middeljarige wit Afrikaanse man:<br>• skok en ontkenning<br>• woede<br>• gevoel van depressie<br>• gevoel van selfdood pleeg<br>• skuldgevoelens<br>• verlies van gesondheid<br>• onderhandeling |
| | Finansiële aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Die effek van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging asook sy siening van aftrede beplanning:<br>• finansiële versorging van naderende aftrede<br>• finansiële ondersteuning van kinders<br>• finansiële ondersteuning vir ouers<br>• finansiële skuldlas |
| | Sosiale aspekte in sake verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Verandering aan die gesinslewe as gevolg van die middeljarige wit Afrikaanse man se verpligte verlies aan werk:<br>• effek op die gesin<br>• effek op die verhouding met sy vrou |

| | | |
|---|---|---|
| | | • effek op sy verhouding met die kinders<br><br>Verandering wat die middeljarige wit Afrikaanse man beleef by die gemeenskap ten tyde van verpligte werksverlies:<br><br>• besigheidsektor laat hul in die steek<br>• gemeenskap laat hul in die steek<br>• vriende laat hul in die steek<br>• introspeksie van die man ten opsigte van sosiale interaksie |
| | Regstellende aksie en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, wat soekend is na nuwe werksgeleenthede | Die effek van regstellende aksie op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging:<br><br>• regstellende aksie is die oorsaak hoekom die middeljarige wit Afrikaanse man nie werk kry nie<br>• regstellende aksie is nodig maar word verkeerd geïmplementeer<br>• regstellende aksie noop die middeljarige wit Afrikaanse man om sy eie besigheid te begin<br>• die land het my in die steek gelaat |
| | Werksverlies en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here | Die effek van werksverlies op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here:<br><br>• positiewe ervaring in sy verhouding met die Here<br>• "wipplank" ervaring in sy verhouding met die Here<br>• ervaring van kerke in werksverlies<br>• ervaring dat God mense gebruik in werksverlies<br>• Here, hoekom ek?<br><br>Wat gee sin en betekenis vir die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?<br><br>• Geloof in God<br>• Vrou en kinders<br>• Versorging van gesinne |

ŉ Volledige aanbieding is gekategoriseer en aan die hand van die hooftemas, subtemas en onderskeie kategorieë weergegee. Uit die empiriese gegewens wil dit voorkom of die middeljarige wit Afrikaanse man se identiteit sterk op sy werkidentiteit leuen. In die gesprekke is dit insiggewend dat met die gepaardgaande werksverlies, dit blyk dat die man se werkidentiteit ŉ invloed op die man se totale lewe het. Die trauma wat hier beleef word, is uiters intens en in baie gevalle ŉ kwessie van lewe en dood. Gevolglike werksverlies het ŉ beduidende effek op die man se verhouding met sy vrou, kinders,

vriende, breë gemeenskap en ook sy verhouding met die Here. Dit is 'n tyd van geweldige onsekerheid, mismoedigheid, depressiwiteit, angstigheid, spanning, stres en hopeloosheid. Die man word van sy selfvertroue gestroop en sy lewenslus word gesteel. Een van die gespreksgenote beskryf hierdie as die hoogste wip-wa rit van jou lewe en daar moet met mening vasgehou word om heel aan die ander kant uit te kom.

## 2.11 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsproses in diepte bespreek. Daar is besluit om van nege individuele gesprekke gebruik te maak en om soveel moontlike inligting te bekom. Die navorsingsmetodologie, navorsingsontwerp asook die navorsingsmetode is bespreek. Etiese oorwegings is aangedui en kortliks bespreek. Die gesprekke is in diepte geluister en die dele wat met mekaar verband hou, is kategories en tematies weergegee. Hierdie dele wat met mekaar verband hou. is in hooftemas, subtemas en kategorieë verdeel. By die beskrywende-empiriese taak is daar by die Vraag: Wat gebeur? Of wat is aan die gang?, stilgestaan. Vervolgens kom die Interpreterende taak aan die orde wat fokus op waarom gebeur hierdie aspekte wat in die beskrywende-empiriese taak beskryf is.

# HOOFSTUK 3

# DIE INTERPRETERENDE TAAK

# HOOFSTUK 3: DIE INTERPRETERENDE TAAK

## 3.1 INLEIDING

In aansluiting by Hoofstuk 2 word die tweede taak van Osmer (2008) se prakties-teologiese interpretasie voorts gebruik om ryker in gesprek te gaan met gewaarwordinge vanuit die beskrywende-empiriese taak. Die eerste vraag by die beskrywende – empiriese hoofstuk het oor die vraag, "Wat is hier aan die gebeur?, gehandel. Die tweede vraag wat hier beantwoord sal word, is: "Hoekom gebeur dit?" Die interpreterende taak tree in dialoog met die aangrensende sosiale wetenskappe om spesifieke gebeure, situasie en kontekste beter te verstaan en te interpreteer (Osmer, 2008:162).

Daar is ʼn literatuurstudie vanuit aangrensende wetenskappe gedoen om vorige navorsing met betrekking tot die verpligte aflegging van die middeljarige wit Afrikaanse man te ondersoek. By wyse van ʼn literatuurstudie is perspektiewe vanuit die psigologie, sosiologie en filosofie bestudeer om die interpreterende perspektief daar te stel. Deur die literatuurstudie beskryf die navorser waarom die afleggingsproses traumaties is. Osmer (2008:4) beskryf hierdie taak om van teorieë van die wetenskap en kunste gebruik te maak om die patrone en dinamika wat voorkom, beter te verstaan en te verduidelik.

Daar is begin deur die hoofstuk binne die breë raamwerk van Praktiese Teologie te plaas en van daar nouer op die verhouding tussen Praktiese Teologie en Pastorale Teologie te fokus en om vervolgens meer intensief op die Narratiewe benadering, as een van die wyses waarop Pastorale Teologie tot sy reg kom, te fokus.

In hierdie hoofstuk is die aangrensende wetenskappe nagevors oor die beskouing van man wees deur die wit Afrikaanse man, hoe die wit Afrikaanse man werk beskou asook die kenmerke van werk, watter effek die middeljare op die wit Afrikaanse man het wat sy werk verloor asook emosionele aspekte wat die wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, met inbegrip van trauma en die rouproses, ervaar. Die soeke na nuwe werk word ook aan die woord gestel met spesifieke verwysing na regstellende aksie. Daar is ook ʼn literatuurstudie oor sosiale geregtigheid asook ekonomiese geregtigheid gedoen.

## 3.2 PRAKTIESE TEOLOGIE

### 3.2.1 Inleiding oor Praktiese Teologie

Heitink (1993:1) toon aan dat Praktiese Teologie ŉ geruime tyd geneem het om erkenning as studieveld te verkry. Heitink (1993:285) dui daarop dat die uitgangspunt van Praktiese Teologie daaroor gaan om mense oor die betekenis van lewe uit te vra. Mense soek na die sin van die lewe en vir hom vind die mens sin by God. Webster en Schner (2000:3) sluit by Heitink aan en fokus daarop dat die begin van Praktiese Teologie inherent in twee vrae lê: "Waaroor gaan die lewe?" en "Wat is die Christelike Teologie?" Maddox (1990:651) interpreteer die fokus van Praktiese Teologie as, om die interaksie tussen God en mens te probeer beskryf, te verstaan en dit te kommunikeer.

Louw (2008:17) wys tereg daarop dat Praktiese Teologie in wese niks anders as teologie is nie, en dit weerspieël die praksis van God, wat met die praktyk van geloof binne ŉ lewende sosiale, kulturele en kontekstuele ontmoeting tussen God en die mens verband hou.

Hierdie argument toon duidelik dat die praktiese teoloog nie net bloot tegnici van teologie moet wees nie, maar eerder doeners van teologie (De Gruchy & Villa-Vecensia, 1994:3). Teologie is meer as net om geloof op ŉ akademiese wyse te verstaan. Dit handel oor gehoorsaamheid en geloof wat in praktyk oorgaan. Wanneer hierdie twee aspekte, geloofsteorie en geloofspraktyk bymekaar kom en waar die evangelie in ons konteks gedeel word, kom teologie tot sy reg in die praktyk en kan daar ŉ bydrae tot die taak van die kerk gelewer word (De Gruchy & Villa-Vecensia, 1994:12).

Dit is duidelik dat Praktiese Teologie die rol van ŉ transformeerder moet speel (Heyns & Pieterse, 1990:8) om ander teologiese vakke na die praktiese arena te vertaal. Praktiese Teologie is die bouer van brûe tussen teologiese teorie en "*ecclesiastic praxis*". Heyns en Pieterse (1990:38) noem dit tereg ŉ teologiese operasionele wetenskap.

### 3.2.2 Definiëring van Praktiese Teologie

Vervolgens sal daar op verskeie definisies van Praktiese Teologie gefokus word, wat verhelderend sal wees, waarin die pastorale teologie en by name, die narratiewe benadering sy beslag kan vind. Heitink (1993:18) beskou Praktiese Teologie as ŉ handelingswetenskap waar die empiriese georiënteerde teologiese teorie van die Christelike geloof in die praktyk van die moderne samelewing moet oorgaan.

In 1999 het Heitink (1999:6) verder oor sy formulering van die definisie in sake Praktiese Teologie besin en dit soos volg gedefinieer: "Practical Theology as a theory of action is the empirically orientated theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society."

Hierdie definisie van Heitink (1999:8) veronderstel 'n dubbele praksisbegrip , naamlik die bemiddeling van die Christelike geloof (praksis 1) en die praksis van die samelewing (praksis 2). Daar moet ŉ hermeneutiese brug tussen die bemiddeling van die Christelike geloof en die nood en krisis van die mens in die samelewing gebou word (Heitink 1999:151).

Dit is hieruit duidelik dat Praktiese Teologie tot die praktyk moet oorgaan. Daarvan getuig Browning (1991:36) as hy Praktiese Teologie as ŉ kritiese refleksie op die kerk se dialoog met haarself en ander gemeenskappe beskryf met die doel om sosiale en individuele transformasie te weeg te bring.

Daar moet dus transformasie plaasvind. Browning (2007) borduur verder hieroor as hy daarop wys dat Praktiese Teologie die volgende drie kenmerke bevat:

> From my perspective, it (practical theology) has the following three characteristics: (1) it begins with an analysis of issues or problems facing church and society in their full historical, social, and cultural context, (2) it has a concern with application and practical strategy from the beginning of the reflective theological task, and … (3) it should be public, critical, and apologetic. This latter point means that in addition to being confessional and uplifting for the inner life of the church, it should attempt to give reasons for the practices that it recommends that can gain credibility with diverse publics both within and outside the ecclesial community.

(Browning, 2007:129).

Louw (1999:7-8) se argument sluit by Browning aan, hoewel Louw dit anders verwoord. Hy toon aan dat die volgende drie kenmerke kardinaal in Praktiese Teologie is, naamlik kommunikasie en begrip; konkretisering en handeling; bevryding en sin. Dit poog om die geloof in God se ontmoeting, asook sy betrokkenheid en bemoeienis met die wêreld in die lig van die heil van die evangelie, op so wyse te openbaar en te vertolk dat mense sin sal ontdek en menswaardig in die teenwoordigheid van God kan leef (Louw, 1999:35).

Ballard en Pritchard (2006:37) gebruik ŉ pragtige beeld van ŉ brug wat tussen teorie en praktyk geslaan moet word as hulle oor Praktiese Teologie nadink. Heitink (1993:148,149) sluit by die metafoor van die brug aan, maar toon aan dat daar ŉ duidelike wisselwerking tussen die twee pilare, teorie en praksis is en dat albei ewe belangrik is want as teorie belangriker as praksis raak kan die praktiese teologie voeling verloor met dit wat mense elke dag beleef. Die teenoorgestelde is ook waar – praksis is ook nie belangriker as teorie nie, want dit lei tot die handhawing van die *status quo*. Daar moet ŉ spanningsverhouding tussen teorie en praktyk wees.

Hierdie proses tussen teorie en praktyk hou nooit op nie, dit is ŉ voortgaande hermeneutiese proses (Müller, 1996:5). Treffend fokus Müller op die voortgaande hermeneutiese proses, as hy Praktiese Teologie definieer as die "sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap verband hou, te verhelder en te vernuwe" (Müller, 1996:5).

Swinton en Mowat (2006:6) lê meer klem op die praktyk van kerk-wees. Hulle definieer Praktiese Teologie as ŉ kritiese teologiese refleksie op die praktyk-wees van die kerk, soos die kerk interaksie met die praktyke van die wêreld het, altyd met ŉ oog op die verlossingswerk van God aan en vir die wêreld.

### 3.2.3 Die verhouding tussen Praktiese Teologie en Pastorale Teologie

Die verhouding tussen Praktiese Teologie en Pastorale Teologie word uitstekend deur Burck en Hunter (1990:867) saamgevat. Hulle skryf dat die term "praktiese teologie" en "pastorale teologie" ŉ komplekse geskiedenis het. Tot en met die 19de eeu het hierdie

twee terme min of meer dieselfde beteken. Praktiese teologie is later as die sambreelterm vir al die verskillende praktiese velde van die bediening beskou. Praktiese teologie het in ŉ eie substantiewe teologiese dissipline ontwikkel met sy eie metodologie, terwyl pastorale teologie eerder met versorging te doen het en as ŉ praktiese teologie van sorg bekend gestaan het.

Dit is duidelik dat Pastorale Teologie onder die sambreel van Praktiese Teologie val. Hieroor skryf Heyns en Pieterse (1990:12) en toon aan dat daar vyf aksies is wat die veld van Praktiese Teologie beskryf naamlik: "Preaching, instruction, celebration, care and service." Pastorale Teologie is dus op versorging gefokus, ŉ subdissipline van Praktiese Teologie en speel ŉ belangrike rol in die Christelike bediening.

Graham en Whitehead (2007:18) toon aan dat Pastorale Teologie (as onderdeel van Praktiese Teologie) die taak van teologiese navorsing is wat teologiese gevolgtrekkings maak en riglyne vir pastorale sorg en berading stel met die behoeftes van die mens in nood. Pastoraat is die kerk se hulpverleningsarm aan die verwonde (postmoderne) mens (Brunsdon, 2010:3).

Nouwen (1998:105-165) redeneer vanuit ŉ ander hoek en fokus veral op gasvryheid as ŉ sentrale motief tot die pastoraat. In "*The Wounded Healer"* toon hy aan dat deur gasvryheid, die pastor sy eie swakhede blootlê sodat die kliënt daarmee kan identifiseer en dat hierdie identifikasie met die hartseer en nood van die pastor die kliënt in die helingsproses help. Dit vereis dat die pastor weet waar en waarvoor hy staan asook om weerloos te wees, sodat ander persone sy lewe as't ware kan binnedring. Sodoende word daar ŉ dieper vlak van vertroue tussen pastor en kliënt bewerkstellig. Pastorale teologie is dus in die Praktiese Teologie ingebed.

Ganzevoort (2012:214) vind drie dimensies in die narratiewe benadering wat die gebruik daarvan in ŉ teologiese konteks beklemtoon, naamlik [1] die gebruik van die narratiewe benadering in praktiese teologiese bediening en godsdienstige kommunikasie by wyse van prediking en pastorale sorg, [2] empiriese analise en [3] dekonstruering van godsdienstige subjektiwiteit en die bemagtiging van gemarginaliseerde stemme.

Hy wys daarop dat met die gebruik van die narratiewe benadering dit die praktiese teoloog help om die Bybel te kontekstualiseer. Deur die narratiewe benadering word

mense se belewenis om lewensgetrou te wees deur die skep van spesifieke werklike lewens scenario’s aangespreek, wat nie altyd deur die absolute of algemeenheid van die wet of gebooie aangespreek word nie. Die narratiewe benadering skep die moontlikheid om plaaslike gemeentes deur identiteitsformasie te help (Ganzevoort, 2012:215).

Hy gaan voort deur daarop te wys dat die narratiewe benadering nie slegs gebruik moet word om verbale vorme van die narratiewe, soos byvoorbeeld lewensverhale, preke en Bybelse tekste, te analiseer en te interpreteer nie maar ook rituele en die gemeentelike lewe (Ganzevoort, 2012:216).

Ganzevoort (2012:223) stel ander moontlikhede voor wat deur die narratiewe benadering moontlik gemaak word. Dit sluit die interaksie in wat die narratiewe benadering met Bybelse teologie het deur mense as lewendige dokumente te sien. Hier word klem op die geïnternaliseerde narratiewe van mense en van God geplaas. Dit help ook met die gesprek tussen Bybelse wetenskap en sosiale wetenskappe.

Brunsdon (2010:14) sê tereg:

> Die pastoraat moet egter pastoraat bly; met ander woorde, dit moet ook in ’n nuwe era as geloofshulp gedefinieer word. Hierdie geloofshulp word uiteindelik lewenshulp wanneer die transenderende elemente van die Woord, naamlik die pneumatologie en eskatologie, deel van die proses bly. Hierdie transenderende elemente vra uiteraard na verantwoordelike (eksegetiese en hermeneutiese) gebruik, sonder dat die pastor aan die een of ander “-isme” toegee en sonder dat pastorante onseker is oor wat die pastoraat aan hulle wou bemiddel.

Brunsdon (2010:16) wys daarop dat narratiewe terapie binne die kader van geloofshulp ontwikkel moet word. Dit moet so gedoen word dat die Woord steeds die basis sal wees, binne die vertrekpunt sodat teologiese integriteit behou kan word.
Omarmend tot bogenoemde perspektiewe kom Osmer (2011:2) en stel ’n Praktiese Teologie voor wat op vier sake fokus:

- Beskrywende-empiriese taak: Hiermee vra die Praktiese teoloog die vraag: Wat is hier besig om te gebeur? Inligting word versamel om beter te kan verstaan.

- Interpreterende taak: Hoekom is dit besig om te gebeur? Om in gesprek met sosiale wetenskappe te tree om te verduidelik waarom sekere patrone plaasvind.
- Normatiewe taak: Wat was veronderstel om te gebeur? Om normatiewe vrae vanuit ʼn teologiese perspektief te vra.
- Pragmatiese taak: Hoe moet ons reageer? Om ʼn aksieplan te formuleer wat help om die episode, situasie of konteks in ʼn wenslike rigting te stuur.

In hoofstuk1 is daar meer oor Osmer se teologiese model, by die opskrif metodologie (1.9), uitgebrei. Dit beteken egter nie dat daar nie in meer besonderhede vanuit spesifieke paradigmas gewerk kan word wat ʼn lens is waardeur Osmer aan die orde kom nie. Hier behels dit ʼn keuse vir ʼn narratiewe benadering.

## 3.3 DIE NARRATIEWE BENADERING

### 3.3.1 Inleiding tot die narratiewe benadering

Praktiese Teologie is die breë vakrigting waarin hierdie studie dit self beskryf. Binne die Praktiese Teologie word daar op een van die bene van Praktiese Teologie gefokus, naamlik die Pastorale Teologie en binne die Pastorale Teologie gaan daar op die narratiewe benadering gefokus word.

Brunsdon (2010:14) toon aan dat die narratiewe benadering die postmoderne filosofie verreken en dit eggo die taal van die postmoderne milieu. Hy wys daarop dat as die narratiewe benadering konsekwent toegepas word, dit nie met sekerhede werk nie, maar met sosiaal gekonstrueerde waarhede. Schrag (1997:26) beskryf die mens as die *homo narrans*: die storievertellende mens, eerder as die *homo sapiens*. Ten diepste is die mens ʼn storieverteller en posisioneer hy/sy hom/haarself in stories wat reeds vertel is. Hy/sy is ook besig om hom/haarself deel van stories te maak wat besig is om te ontvou. Hierdeur gee hy/sy vorm aan hom/haarself. Om ʼn self te wees, beteken om rekenskap van jouself te kan gee, om die storie van jou lewe te kan vertel.

Kotzé en Kotzé (1997:107) wys hierop dat mense betekenis aan hulle lewens gee by wyse van die stories wat hul oor hul eie lewens konstrueer. Dit is nodig om daarop ag te slaan  dat mense se lewens veel ryker as bloot die stories is wat hulself vertel. Mense vertel hul lewensverhale wat op hul eie ervaring van die lewe gebaseer is. Hierdie verhale wat vertel word, vorm weer die lewe van ander mense. Lewens en stories staan

in verhouding tot mekaar. Die meer dominante diskoerse in die verhaal speel ŉ groter rol in die vorming van die lewe en die verhale daaroor, maar daar is ook ander verhale wat nie so dominant is nie.

Persoonlike identiteit word deur die narratiewe gevestig. Scheibe (1986:131) beskryf dit soos volg:

- Menslike identiteit is nie staties nie en verander voortdurend deur sosiale interaksies, soos die persoon deur die lewe gaan.
- Selfnarratiewe is ontwikkelde stories wat in bepaalde historiese terme vertel word. Dit word in ŉ bepaalde taal en bepaalde historiese konteks met sy konvensies, dominante opvattings en waardes vertel.
- Die mees fundamentele narratiewe strukture is universeel van aard. Hierdie strukture word gevorm en word met inhoud gevul volgens die spesifieke konvensies van ŉ bepaalde tyd en plek.

Jankowski (1998:113) sluit by Scheibe aan, as daar oor die selfnarratiewe geargumenteer word. Jankowski (1998:113) toon aan dat die konstruksie van selfnarratiewe in ŉ sosiale konteks en in die gesprek met betekenisvolle ander persone plaasvind. Die selfnarratiewe het ŉ bepalende invloed op hoe die persoon hom/haarself sien en optree. Hierdie narratiewe verhale behels die verhale wat mense leef (Freedman & Combs, 1996:77). Narratiewe verhale handel nie oor die lewe nie maar is die lewe soos hulle dit ervaar. Freedman en Combs (1996:77) artikuleer dit soos volg: "Since, as far as meaning, hope, fear, understanding, motivations, plans, and the like are concerned, our life narratives are our lives, it makes all the difference in the world what sort of narrative is available to a person."

### 3.3.2 Beskrywing van die Narratiewe benadering

Müller (1996:20) en Van den Berg (1998:70) dui daarop dat die invloed van die narratief in die pastoraat by Stephen Crites begin het, wat in 1971 ŉ artikel getiteld, "*The Narrative Quality of Experience*" die lig laat sien het. Hierdie artikel het ŉ groot invloed op die ontwikkeling van die gebruik van narratiewe in die pastoraat en ook in die praktiese teologie uitgeoefen. Die narratiewe benadering in terapie is in die vroeë 1990's deur Freedman en Combs (1996) en White en Epston (1990) beskry. Die standaardwerk op die gebied van die narratiewe benadering, is deur White en Epston,

in hul boek *Narrative means to Therapeutic ends* (1990) beskryf. Die metafoor wat vir hierdie terapie gebruik word, is die narratief wat die Kubernetiese-sistemiese model vervang (Fish, 1993:221-232).

Die Sosiale konstruksionisme (Anderson & Goolishan, 1988:371-392) het ook ŉ bepalende invloed in die ontwikkeling van die narratief gehad, veral wat die hermeneutiek van die verhaal betref. Die begrip "narratief" word as ŉ metafoor vir die verstaan van die mens se lewe as ŉ verhaal gebruik (Stassen, 2004:41). So het ook die perspektief van die postmodernisme ŉ bydrae tot die ontwikkeling en ontstaan van die narratiewe benadering gelewer en hierdie benadering tot terapie is reeds as een van die mees opwindende ontwikkelings in die terapie beskryf (Monk *et al.,* 1997: xxiii)

Freedman en Combs (1996:22-35) fokus ook op die postmodernisme en dui aan dat in die postmoderne wêreldbeeld, daar sekere idees is wat ŉ bepalende invloed op die werklikheidsbelewenis of die realiteitservaring van die mens het. Realiteit word sosiaal gekonstrueer en hieroor skryf Morgan (2000:45) dat narratiewe terapeute fokus om die oortuigings, idees en praktyke van die breër kultuur waarin 'n persoon woon en wat die probleemverhaal dien, te ontdek, te erken en te dekonstrueer.

Narratiewe terapie is die doelbewuste poging deur die terapeut om in die leefwêreld van die gespreksgenote, deur middel van insae in die lewensverhaal van die gespreksgenote, in te tree (Hutto, 2007:17). Dit is in die narratiewe terapiegemeenskap bekend dat dit ŉ terapie is wat nie diagnosties met mense omgaan nie en op ŉ effektiewe manier die leefwêreld van die persoon betree. Dit speel ook ŉ effektiewe rol binne ŉ kwalitatiewe navorsingsparadigma. Dit is duidelik dat Loubser (2010:93) saam met Hutto (2007:17) stem as daar aangetoon word dat die narratiewe benadering ŉ verwysingsraamwerk is wat gebruik word om lewenservaringe te organiseer. Wiklund (2010:61) sluit nou by hierdie gedagte van lewenservaringe aan en verduidelik dat die narratiewe hermeneutiek ŉ vertolkende benadering is wat op die mens se ervaring konsentreer om in die wêreld te wees en dus die betekenis van lewensgebeure en die proses van hoe hierdie betekenisse deur middel van die verhaal aan ander oorgedra word, in ag te neem.

Die kultuur en samelewing waarin die mens lewe, beïnvloed ook die manier waarop ons ons lewe interpreteer (Morgan, 2000:9). Die uitgangspunt hier is dat persoonlike identiteit sosiaal gekonstrueer is. As gespreksgenote hul ervarings en identiteite vertolk,

posisioneer hulle hulself óf in ooreenstemming met die manier waarop ander hulle identifiseer, of juis in weerstand teen die manier waarop ander hulle identifiseer. In die vertel van die eie lewensverhaal, oortuig die verteller homself en die luisteraar van sy eie evaluasie van sy identiteit (Wilson, 2015:892).

#### 3.3.2.1 Die narratiewe benadering en verhale

Die Narratiewe terapeut werk nie vanuit 'n outoritêre hoek waar sekere reëls gehandhaaf moet word nie. Vir narratiewe terapeute word moraliteit en etiek nie vasgelê nie, maar is dit eerder 'n aktiwiteit wat vloeibaar is en wat in die gesprek onderhou moet word (Freedman & Combs, 1996:17). Dit is duidelik dat die narratiewe benadering nie mense in boksies plaas deur op so wyse menslike ervaring in die algemeen te probeer beskryf nie (Freedman & Combs, 1996:39) en wat die mens vervolgens bloot as objek sien nie. Parry (1991:42) wys daarop dat stories in die narratiewe benadering as slegs 'n storie gesien word. Daar word nie na dieper onderliggende betekenis in die stories gesoek nie. Dit laat die geleentheid vir die herskryf van hierdie lewensverhaal oop en lewens kan dus herontwerp word.

Hieroor skryf Freedman en Combs (1996:38) dat die dominante narratiewe in die samelewing (dominante tydsgees volgens Zimmerman en Dickerson, 1996:13) baie mense ontmagtig en sluit hulle uit om 'n beduidende stem in sekere areas van diskoers te hê. Dit veroorsaak dat mense 'n baie nou beskrywing van hom/haarself het en hulle word daardeur beperk om wyer te dink om die probleme wat hul het, te oorkom. (Adams-Wescott, Daffron & Sterne, 1993:262).

Hierdie lewensnarratiewe word nie net deur interaksies van die gespreksgenote gevorm nie maar ook deur die kultuur waarin jy gebore is. Freedman en Combs (1996:16) skryf hieroor as hul sê dat die verhale wat in die gemeenskap sirkuleer, ons lewens en ook die mense wat saam met ons werk vorm. Hul borduur voort deur te sê dat die idees van die self, deur sosiale interaksie binne 'n spesifieke kulturele konteks gevorm word (Freedman & Combs, 1996:34).

Die kultuur waar die gespreksgenote vandaan kom, het 'n invloed op die gespreksgenote se narratief deurdat sekere betekenisse aan sekere optredes toegereken word. Elke gebeurtenis wat in herinnering geroep word, vorm 'n verhaal en saam met al die ander verhale vorm dit ons lewens (Freedman & Combs 1996:32). Nie

slegs die gespreksgenote moet van sy eie verhaal bewus wees nie, maar ook die primêre navorser moet van sy/haar eie verhale bewus wees en hoe hierdie verhale die stories beïnvloed wat vertel word. Die narratiewe navorser moet van sy/haar eie konteks bewus wees en dat hierdie konteks van die gespreksgenote verskil (Müller, 2004:301).

White en Epston (1990:9) wys daarop dat die narratiewe metafoor help om in die navorsingskonteks die gespreksgenote se lewe te herinterpreteer waarin die vaste stel betekenisse van die kulturele narratiewe daarom min van ŉ houvas het – om weer ŉ keer ŉ vars "lees" van sy/haar lewe te hê wat moontlik tot ŉ nuwe interpretasie daarvan kan lei. Die narratiewe terapeut help die gespreksgenote om sy/haar lewe te herskryf en te herinterpreteer soos wat hulle dit wil hê. Narratiewe terapie wil help om die gespreksgenote se verhale te dekonstrueer deur hul te vra of uit te daag oor wat dit is wat hulle as vanselfsprekend beleef en wat dit is wat mense van hulle verwag (Zimmerman & Dickerson, 1996:63). In die plek van hierdie sisteme wat die gespreksgenote opgelê is, wil die narratiewe terapeut, in samewerking met die gespreksgenote, op alternatiewe verhale (unieke uitkomste) fokus en sodoende ŉ nuwe dominante verhaal skep wat vir die gespreksgenote meer betekenis sal gee. Dit behels die opdiep van onderdrukte verhale by wyse van vraagstelling deur die terapeut aan die gespreksgenote (Parry, 1991:51). Deur vrae word die verband tussen die dominante verhale en moontlike ander verhale gelê wat tot op hede nie met die probleemdeurdrenkte verhale in verband gebring is nie. Die sleutel hiervoor is om die gespreksgenote se ervaringe as verhale te sien (White & Epston, 1990:9).

#### 3.3.2.2 Definisie van narratiewe benadering

Na aanleiding van bogenoemde is die volgende definisie van narratiewe benadering geweldig betekenisvol vir hierdie studie. Morgan definieer, op ŉ treffende wyse, die narratiewe benadering soos volg:

> Narrative therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have many skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.

(Morgan, 2000:2)

### 3.3.3 Die narratiewe benadering in aksie

#### 3.3.3.1 Die belangrikheid van taal en betekenis

Mense gebruik taal om betekenis aan hulle ervaringe te gee. Sonder taal kan die ervarings van mense nie stories word nie. Hierdie verhale word deur die gebruik van woorde en grammatika geïnterpreteer en word toeganklik gemaak deur die gebruik van ŉ taal. Grenze en Franke (2001:143) toon aan dat "Taal bied die konseptuele instrumente waardeur ons die wêreld waarin ons woon, bou." Taal bestaan uit ŉ struktuur sodat gespreksgenote dit kan gebruik om vorm en betekenis aan hul ervaringe te gee. Taal maak dit dus moontlik om die verlede te herinterpreteer in meer betekenisvolle ervaringe. White en Epston (1990:27) wys daarop dat die mens betekenis aan sy ervaringe gee en word die kliënt se lewe en verhoudings in taal uitgedruk. Taal is nie ŉ neutrale aktiwiteit nie. Agter taal lê daar kulturele diskoerse oor wat aanvaarbaar sou wees al dan nie. Hierdie kulturele diskoerse beïnvloed die kliënt se verstaan van sy ervarings. Kulturele diskoerse oefen op hierdie wyse ŉ sekere mag oor die kliënt se lewe uit. Ganzevoort (2006:2) toon dus ook aan dat die betekenis van woorde nie buite die gesprekke bestaan waarin dit funksioneer nie. Freedman en Combs (1996:32-42) dui aan dat diskoerse ŉ belangrike rol te speel het in watter mate gebeure in ŉ persoon se lewe *via* hul lewensverhaal vertel word. Freedman en Combs (1996:38) wys ook daarop dat taal ’n instrument van mag kan wees en mense besit mag in die samelewing in direkte verhouding tot hul vermoë om aan die diskoerse, wat hulle samelewing vorm, deel te neem. Lowe (1991:45) dui aan dat diskoers en taal ŉ sistematiese en geïnstitusionaliseerde wyse van praat en skryf behels of om deur een of ander wyse sin te maak deur die gebruik van taal.

#### 3.3.3.2 Dominante narratief/verhaal in die narratiewe benadering

White en Epston (1990:9-10) maak ŉ duidelike onderskeid tussen die dominante verhaal en die alternatiewe verhaal (unieke uitkomste). Die dominante verhaal is die probleemdeurdrenkte verhaal wat met die aanvang van die terapeutiese gesprek die alternatiewe verhale verbloem. Morgan (2000:5) toon aan dat die dominante verhaal in die kliënt se lewe ontstaan na aanleiding van verskeie gebeure wat deur die kliënt ervaar word en wat self in volgorde geplaas word. Mense se beskouing van die lewe

word deur hierdie lens bepaal. Swart (2013:3) dui voorts aan dat waar kennis en oortuigings as die dominante verhaal as vanselfsprekend aanvaar word, verandering moeilik plaasvind. Hierdie verhaal word die persoon se dominante verhaal waaruit die persoon lewe. Die dominante verhaal bepaal watter ervarings, wat deur die gespreksgenote beleef is, ingesluit gaan word en watter nie (Kotzé, 1995:38). Sekere lewenservaringe word uitgelaat en dikwels vergeet (White, 1986:169; Freedman & Combs, 1996:30). Brunsdon (2009:2) dui tereg aan dat "alle nuwe gebeure wat op die dominante verhaal/gebeurtenis volg, word in die lig van dominante verhaal verstaan, wat tot ŉ eng en beperkende siening van die hede en toekoms kan bydra."

#### 3.3.3.3 "Die probleem is die probleem"

White en Epston (1990:38-49) wys daarop dat as die gespreksgenote hul nie van die probleem kan onderskei nie, sal verandering moeilik plaasvind. Dit is van belang vir die gespreksgenote om die probleem te beskryf en selfs ŉ naam te gee. Die naamgewing van die probleem neem soms tyd as gevolg van die impak van die probleem op die persoon. Die naamgewing van die probleem help om die probleem te eksternaliseer. Die narratiewe benadering beskou dus die probleem as die probleem en word eksternalisering genoem (Morgan, 2000:17-31).

#### 3.3.3.4 Eksternalisering in narratiewe benadering

Gespreksgenote het gewoonlik ŉ dominante verhaal wat hul graag wil vertel. Hierdie verhaal domineer hulle hele lewe in die vorm van ŉ probleem. Dit is nodig om die "probleem" van die persoon los te maak en te eksternaliseer.

White en Epston (1990:38) toon aan dat eksternalisering 'n benadering tot terapie is wat mense aanmoedig om hul probleme te objektiveer en te personifieer, wat hulle as neerdrukkend en selfs onderdrukkend ervaar. White (1995:29) noem ook hierdie proses as ŉ proses van "renaming and naming", en dit is na sy mening van uiterste belang want deur ŉ naam te gee word die geleentheid geskep om ervarings, wat voorheen verwaarloos of geïgnoreer is, te verdiskonteer. Morgan (2000:24) stem met die belangrikheid hiervan saam, want deur van eksternalisering gebruik te maak word, word die gespreksgenote van sy probleme losgemaak. Die persoon se vermoëns, bekwaamhede, belange en vaardighede word op hierdie wyse sigbaarder.

Monk *et al.* (1997:303) dui daarop dat eksternalisering help om vir ŉ oomblik van die probleem weg te staan. Monk sien dit as ŉ manier om die verhaal te vertel deur ruimte tussen die persoon en die probleem te plaas. Daar word van die probleem gepraat asof dit ŉ eie entiteit is en asof die probleem sy eie persoonlikheid het. Dit skep ŉ geleentheid om in gesprek te tree in die verhouding tussen die persoon en die probleem.

Parry en Doan (1994:17) plaas ook klem op die afstandsgedagte as hul aantoon dat deur eksternalisering objektivering van die probleem plaasvind en dit help om afstand van die probleemdeurdrenkte verhaal te skep en daar word as't ware skeiding tussen die kliënt en die persoon gebring. White (1991:29) sluit hierby aan dat eksternalisering met die objektiwiteit van gespreksgenote se dominante verhaal te doen het, deur aan te toon wat die werklike probleem is. White wys ook daarop dat eksternalisering die navorser help om deur vrae te vra, dieper ondersoek oor die geëksternaliseerde probleem te doen.

Daar kan na die probleem se invloed op die gespreksgenote se lewe gevra word. Hoe die probleem byvoorbeeld ŉ invloed op andere het, hoe die gespreksgenote daaroor voel en dink en hoe dit hom beïnvloed hoe hy oor homself dink? Daar sou stilgestaan kon word na wat die strategie en  tegnieke is waarna die probleem gryp in 'n poging om die persoon se lewe heeltemal omvêr te werp? Daar sou gevra kon word na die spesiale kenmerke van die probleem wat die gespreksgenote ondermyn en diskwalifiseer om die probleem te oorkom. Wat sou die planne wees wat die probleem in werking stel as die probleem voel dat sy dominansie bedreig word?

Om hierdie rede is een van die mees onderskeibare eienskappe van die narratiewe terapie die gebruik van eksternaliserende gesprekke (De Waal, 2004:8). Die persoon neem eienaarskap van sy/haar lewe en kan nou die skrywer van sy/haar eie lewe en lewensverhaal wees (Ferreira & Botha, 1998:78). Eksternalisering gee dus moed en hoop aan die persoon. Dit verminder die gevoel van blaam en skuld, maar die gespreksgenote behou steeds sy verantwoordelikheid.

Hiermee stem Hutto (2007:18) saam as hy aandui dat geëksternaliseerde gesprekke poog om die fokus van die gespreksgenote, ten opsigte van selfkritiek, selfblaam, selfveroordeling en selfverwyt, wat positiewe uitkomste in die terapeutiese proses kan teëwerk, weg van homself te verskuif. Payne (2000:48-50) stem met  Hutto se siening

saam as daar aangetoon word dat eksternalisering die gespreksgenote aanmoedig om die probleem te objektiveer en raak te sien hoe hierdie probleem neerdrukkend op hom/haar inwerk.

#### 3.3.3.5 Metafore in narratiewe benadering

Metafore sluit baie sterk by eksternalisering aan (Morgan, 2000:17-21). Die gebruik van metafore kan die ontwykende betekenis toeganklik maak (Müller & Maritz, 1998:67). Metafore het met verbeelding te doen. Brueggemann (1989:109) beskryf verbeelding om ŉ nuwe prentjie, samestelling of frase van sake wat reeds bekend is, te waag. Later bou Brueggemann (1993:13) bogenoemde uit en definieer verbeelding as: "the human capacity to picture, portray, receive, and practice the world in ways other than it appears to be at first glance when seen through a dominant, habitual, unexamined lens."

Metafore het ŉ lewe van sy eie en word nie in spesifieke betekenis vasgevang nie. Die onbekende word deur metafore beskryf en daarom verteenwoordig metafore nie die volle werklikheid nie. Dit vertel slegs iets van die werklikheid (Botha, 1998:69-70). Deur van metafore gebruik te maak kan niemand die uitwerking daarvan voorspel nie en dit lei tot nuwe moontlikhede van interpretasie. Dawn en Peterson (2000:70) wys daarop dat metafore betekenisse losmaak. Metafore is nie beperkend van aard nie maar het die teenoorgestelde reaksie deur die deelnemer te forseer om wyer te dink. ŉ Winspunt van ŉ metafoor, is dat dit die gespreksgenote deel van die metafoor maak en hom/haar nie slegs as toeskouer laat nie.

ŉ Metafoor is volgens Van den Berg (1998:118-136) ŉ brug tot ŉ nuwe betekenis. Hy is van mening dat in die narratiewe pastorale gesprek, klem op die skep van nuwe of vars metafore gelê moet word. Die gemeenskaplike soeke na die ontwikkeling van nuwe metafore, waarmee die nood van die kliënt omskryf word en beter verstaan word, is die brug na ŉ nuwe betekenis. Die ontwikkeling van nuwe metafore word as ŉ gedeelde verantwoordelikheid tussen die begeleier en die kliënt beskryf.

#### 3.3.3.6 "Nie-weet-nie" posisie

Hoffman (1991:13) beweer dat die modernisme op die gebied van die psigoterapie, soos in die ander wetenskappe, ŉ koloniale mentaliteit gekweek het. Die terapeut se wetenskaplike vorming het aan hom ŉ verhewe posisie teenoor sy gespreksgenote gegee. Gergen (1994:243) stem met Hoffman saam as hy oordeel dat, juis vanweë die

terapeut se superieure kennis van oorsaak en genees, het hy as die gespreksgenote se meerdere tot die terapeutiese situasie toegetree. In die narratiewe benadering word daar vanuit die “nie-weet-nie” posisie gewerk. Gergen (1994:244) wys daarop dat die terapeut se beskrywings nie belangriker is, nie meer gewig as die gespreksgenote dra nie en nie méér waar is nie.

Dit is duidelik dat die “nie-weet-nie” posisie reg teenoor die posisie van die terapeut staan wat alles van die gespreksgenote byvoorbaat, as gevolg van sy teoretiese onderbou, verstaan (Anderson & Goolishan, 1992:28; Anderson, 1997:134). Anderson en Goolishan (1988:382) maak dit duidelik dat die terapeut nie haastig moet wees om te verstaan nie. Hierdie “nie-weet-nie” posisie help die terapeut om met opregte nuuskierigheid na die gespreksgenote se verhale te luister (Anderson & Goolishan, 1992:29). Juis omdat die terapeut nie vooraf die verhale van die gespreksgenote se lewe ken nie, is die gevolg daarvan dat dit die terapeut dwing om intensief na die verhaal van sy gespreksgenote te luister. Anderson en Goolishan (1992:29) verwoord dit dat die terapeut homself/haarself op so manier posisioneer sodat hy/sy die ingesteldheid het om deur die kliënt ingelig te word.

Müller (1999:13) wys daarop dat die pastor ŉ eerlike “nie-weet-nie” posisie moet inneem en op so wyse die gespreksgenote bemagtig om die rol van die ware deskundige in te neem. Om hierdie “nie-weet-nie” posisie in te neem is ŉ poging om te verstaan, te verduidelik en te interpreteer sonder enige teoretiese inligting van die pastor se kant (Anderson & Goolishan, 1992:28).

Shotter (1993:120) fokus ook op die “nie-weet-nie” posisie, en dui daarop dat die terapeut eerder moet fokus om te luister wat die gespreksgenote sê;asook om op ŉ gepaste wyse op die gespreksgenote se verhaal te reageer. Die terapeut moet ook die gespreksgenote uitnooi om sy/haar wêreld te verduidelik. Daar moet op die gespreksgenote se verhaal gefokus word en nie die persepsie van die wêreld soos deur andere gesien nie. Dit is ŉ proses waar die persoon sy/haar eie uniekheid kan deel. Die terapeut beskik nie oor bevoorregte inligting ten opsigte wat die kliënt ervaar nie en is nie in staat om ŉ ander persoon ten volle te verstaan nie. Soos bo aangetoon, poog die terapeut wel om te verstaan deur aandagtig en intensioneel na die kliënt se verhaal te luister, asook dit wat die kliënt nie sê nie. ŉ Vermyding van ŉ onderwerp kan ook ŉ aanduiding wees dat daar ŉ onvertelde verhaal oor hierdie onderwerp is en dat dit

moeilik vir die kliënt is om hieroor te praat. Bertrando (2000:90) wys op die nie-weet-nie posisie dat die verhaal wat die kliënt vertel, aanvaar moet word en daarvolgens moet die terapeut en die kliënt die weergawe van die verhaal verder ondersoek en betekenis daaraan gee.

Dit is tog belangrik om daarop te wys dat, om vanuit die "nie-weet-nie" posisie terapeuties te werk, daar 'n gelykheid bestaan. Gelykheid beteken nie dat die terapeut geen rol speel nie of oor geen vaardighede beskik nie. Hoffman (1991:17) gebruik die woord vennootskap om hierdie verhouding tussen terapeut en gespreksgenote te tipeer. Hoffman verwoord dit dat deur die konsep van reflektiwiteit op verhoudings toe te pas, kan 'n mens die ideaal van vennootskap gebruik. Hoffman (1991:17) sê vir hom impliseer dit dat daar 'n ekwiteit met betrekking tot die deelname is selfs al het die partye verskillende posisies of verskillende eienskappe. Die terapeut en die gespreksgenote is gelykes, hoewel elk 'n eiesoortige posisie beklee.

#### 3.3.3.7 Dekonstruksie in narratiewe benadering

Dekonstruksie is een van die hoofdoelstellings van die narratiewe terapie (De Waal, 2004:9). Deur die vra van toepaslike vrae, begelei die primêre navorser die gespreksgenote om verskillende dimensies van sy situasie beter te verstaan. White definieer dekonstruksie soos volg:

> According to my rather loose definition, deconstruction has to do with procedures that subvert taken-for-granted realities and practices: those so-called "truths" that are split off from the conditions and the context of their production; those disembodied ways of speaking that hide their biases and prejudices; and those familiar practices of self and of relationship that are subjugating of persons' lives.

(White, 1991:27).

Kotzé en Kotzé (1997:7-8) bou hierop voort en wys daarop dat dekonstruksie nie negatief en vernietigend is nie, maar op die losmaak en uitmekaarhaal van 'n betekenissisteem fokus om vir alternatiewe verstaan ruimte te maak. Morgan (2000:45) sluit hierby aan en beskryf dekonstruksie as die proses van ontgin, blootlê en dissekteer van idees en praktyke waarbinne die kliënt leef. Insiggewend dui Nicholson (1995:24)

op ŉ uitstekende metafoor oor dekonstruksie, as hy die metafoor van "*unmasking*" gebruik. Nicholson beskryf dit as ŉ proses waardeur die dominante verhaal ontmasker word en vanuit ŉ nuwe hoek herbesoek word. Caputo en Scanlon (1999:3) beskryf dekonstruksie as ŉ uiters sterk meganisme om heersende horisonne van moontlikhede uitmekaar te laat spat en so nuwe verwagting en verwondering te skep.

Dekonstruksie skep die moontlikhede van verskillende betekenisse. Hieroor skryf Freedman en Combs (1996:46) dat die algemeen aanvaarbare betekenis van ŉ gegewe teks verskillende betekenisse het. Daarom is dekonstruksie van belang om hierdie betekenisse te ontgin. Juis deur dekonstruksie word mense van hul verhale vrygemaak wat hulle inperk en beperk. Om dekonstruktief na mense se verhale te luister, is om met die sekerheid te luister dat hierdie verhale verskeie betekenisse kan hê. Om klarigheid te verkry wat die persoon gesê het of bedoel het, is dit nodig om mense toe te laat om die detail daar in te vul waar nog vaagheid en onsekerheid bestaan. Freedman en Combs (1996:47) stel dit onomwonde as hul daarop wys dat die betekenis wat die luisteraar (navorser) aan die spreker (gespreksgenote) se verhaal heg, heel dikwels anders is as die betekenis wat deur die spreker (gespreksgenote) bedoel is. ŉ Ander tegniek wat met betrekking tot dekonstruksie gebruik kan word, is die gebruikmaking van "*smalling questions*" (Mckenzie & Monk, 1997:89). Dit behels vrae wat die kliënt uitnooi om veral oor die fragmente van hul ervarings, wat nog nie ondersoek is nie, na te dink. Vrae soos: "Wat jy nou met my deel, was dit nog altyd waar van jou lewensverhaal? Was daar ŉ tyd wat die geëksternaliseerde probleem nie sy kop uitgesteek het nie? Wanneer was dit? Wat het toe gebeur?" White en Epston (1990:42) maak ook van die "*relative influence questioning*" as dekonstruksie gebruik deur vrae oor die invloed te vra wat die probleem op die persoon en al sy verhoudinge het. Hierdie spesifieke vraagstelling kan na beide kante beskou word, die invloed van die probleem op die kliënt en die invloed van die kliënt op die probleem.

#### 3.3.3.8 Dekonstruksie van mag in die narratiewe benadering

Volgens Burr (2003:67) en Freedman en Combs (1996:37) behoort die mag nie aan ŉ persoon of ŉ groep nie, maar is dit deel van die kulturele diskoers. Deur die erkenning van hierdie mag, kan die primêre navorser en gespreksgenote unieke uitkomste in hul stories van nood vind.

Burr (2003:92) borduur verder hieroor as hy skryf dat realiteit deur die taal gevorm word wat gekies word om persepsies en ervaringe te beskryf. Freedman en Combs (1996:38) wys ook daarop dat dominante diskoerse hand aan hand met kennis en mag gaan. Die diskoerse van 'n samelewing bepaal watter kennis in die samelewing waar, reg of as gepas beskou kan word. Dit kom daarop neer dat daar mense is wat die diskoers met hul kennis beheer. Terselfdertyd bepaal die oorheersende kennis van 'n gegewe milieu wie in staat sal wees om hierdie magtige posisies te beklee (Freedman & Combs, 1996: 38).

#### 3.3.3.9 Unieke uitkomste: Alternatiewe narratief/verhaal

Brunsdon (2009:4) toon aan dat "die vorming van alternatiewe verhale, en die konstruksie van unieke uitkomste", in ŉ sekere sin as die doel van die narratief beskou kan word. Die omgang met mense se narratiewe is daarop gemik om unieke uitkomste te vind wat tot bepaalde probleme kan bydra."

Verbeelding en metafore (soos in 3.3.3.5 verwys) speel ŉ baie belangrike rol in die fasilitering van omstandighede vir die identifikasie van unieke uitkomste en wat sodoende die deur na die alternatiewe narratief/verhale open (Freedman & Combs, 1996:67-68; White & Epston, 1990:16).

Wanneer die gespreksgenote daarin slaag om sy probleem te eksternaliseer en nuwe betekenis daaraan te gee, lei dit uiteindelik na 'n alternatiewe narratief. 'n Alternatiewe narratief kan ook as die resultaat van die terapeutiese proses in die lewe van die gespreksgenote beskryf word (Reid, 2002: 34-37). Die soeke na 'n alternatiewe narratief is die vertrekpunt vir die terapeut se gesprekvoering met die gespreksgenote oor die doelstellings vir die terapie. Voortdurend in die gesprek, lei die primêre navorser die gespreksgenote om alternatiewe verhale te vind en te ontwikkel (Freedman & Combs, 1996:42,43).

Morgan (2000:59) stel dit op besonderse wyse as hy die alternatiewe verhaal as die anti-probleem beskryf en dit bring die mense se vaardighede, vermoëns en bevoegdhede na vore. Morgan (2000:51) toon verder aan dat unieke uitkomste (alternatiewe verhaal) gebeure, gedagtes en intensies is wat die dominante diskoers weerspreek. Dit gaan hier ook oor kennis wat anders as die dominante diskoers is (Mckenzie & Monk, 1997:106). Dit is hier waar daar ŉ transformasie element na vore

kom. White en Epston (1990:15) wys daarop dat die ou dominante verhaal hier deur ŉ nuwe, betekenisvolle positiewe verhaal vervang word.

**a) Landskap van aksie en identiteit**

White (2002:6) wys daarop dat die feitelike gebeure van die verhaal aansluiting by die betekenis vind wat aan hierdie verhaal gegee word. White dui aan dat die mense se lewensverhale van hul persoonlike identiteit as die landskap van die gedagte/verstand beskou word, wat uit die landskap van aksie (die saamstel van gebeure, wat in volgorde deur tyd en volgens die tema/plot gekoppel is) en die landskap van identiteit (die saamstel van gevolgtrekkings van die identiteit wat deur die kontemporêre identiteitkategorieë van kultuur gevorm is) bestaan. White (2002:6) toon ook aan dat dit deur vrae is dat hierdie alternatiewe landskappe ryklik beskryf word.

Die landskap van aksievrae poog om die unieke uitkomste uit te lig en aan mekaar te verbind om ŉ nuwe storielyn te help vorm of te versterk (McKenzie & Monk, 1997:109). Die fokus van die landskap van aksievrae is op gebeure in die verlede geskoei wat nie deel van die ou probleemdiskoers uitmaak nie. Hier vind ŉ herontdekking plaas sodat hier ŉ nuwe diskoers in wording kom. Epston en White (1992:125) wys daarop dat die landskap van aksie uit gebeure saamgestel word wat in spesifieke opeenvolging, deur die tydsdimensie en volgens ŉ spesifieke storielyn, aaneengeskakel is. Vrae dui op die "wie, wat, waar en hoe" (Freedman & Combs, 1996:97). Die vrae word gevra om die aspekte wat verbloem is na die oppervlak te bring. Hier is dus besig om ŉ herskrywing plaas te vind.


Die landskap van identiteit, of ook die landskap van bewustheid genoem, verwys volgens Freedman en Combs (1996:89) na die verbeelde terrein waar mense oor hulle betekenisse, begeertes, voorkeure, geloof, hoop, waardes en standpunte, wat met hulle ervarings in die landskap in verband staan, van aksie reflekteer. In die landskap van identiteit word die kliënt gevra om te besin oor wat die gebeure wat in die landskap van aksie blootgelê is, vir hom/haar beteken (Morgan, 2000:61).

Die landskap-van-aksie en landskap-van-identiteit (bewustheid) vrae is nie slegs bloot vrae oor die geskiedenis nie, maar dit help die vorming van die unieke uitkoms (Epston & White, 1992:134). Die tussenspel tussen hierdie twee landskappe bring empatie en

die betrokkenheid van ervaring in die lewe en gedagtes van die karakters in die verhaal na vore.

### 3.3.3.10 Gespreksmodel van Müller

Müller (1996:97-105) stel ŉ model van narratiewe betrokkenheid in sy pastorale benadering voor. Hierdie model kan skematies soos volg voorgestel word (Müller, 1996: 100):




**Figuur 3-1: Gespreksmodel volgens Müller (1996: 100)**

Die narratiewe pastoraat verloop volgens ŉ gespreksagenda, wat na aanleiding van die pastor se narratiewe betrokkenheid by die gespreksgenote ingerig word (Müller 1996:100). Hierdie narratiewe betrokkenheid word deur vyf groot bewegings of verhale na vore gebring. Hierdie vyf verhale is die bene waarop Müller (1996:107-140) se model van narratiewe betrokkenheid gebaseer word.

Die vyf verhale is:

1. Die verhaal van nood: Die gespreksgenoot word gehelp om die storie van nood so uitvoerig moontlik te vertel.

2. Die verlede verhaal: Die geskiedenis van die noodverhaal word vertel, waarvan die gesinsverhaal (gesin van oorsprong) gewoonlik 'n belangrike deel uitmaak.

3. Die verduisterde toekomsverhaal: Die verledeverhaal word in 'n verduisterde toekomsverhaal vertaal. Die toekomsverhaal word in die verledeverhaal ontdek.

4. Die hervertelde verledeverhaal (herstrukturering): Deur die proses van "*reframing*" word die verledeverhaal herinterpreteer, en mense word uitgenooi om nuwe stories op dieselfde raamwerk van feite te konstrueer. So word nuwe verhale oor die verlede met ander temas, in die plek van die probleemversadigde temas, geskep.

5. Die verbeelde toekomsverhaal (rekonstruksie): Müller (1996:100) toon aan dat die herinterpretasie van die verlede vanself 'n uitnodiging word om 'n beter toekoms te verbeel. Wanneer oor die toekoms en toekomsdrome gesels word, toon hy aan, neem dié toekomsverhale op 'n natuurlike manier vorm aan.

Müller (1996:141-207) stel in die uitleg van sy model die volgende narratiewe prosedures voor:

1. Die sirkulêre verhaal.
2. Die kronologiese verhaal.
3. Die grafiese verhaal.
4. Die ekosistemiese verhaal.
5. Die geëksternaliseerde verhaal.
6. Die geloofsverhaal.
7. Die hipotetiese verhaal.
8. Verantwoordelikheid vir die verhaal.
9. ŉ Rituele verhaal.

Mense se verhale/stories staan dus in die kern van hierdie benadering. Die verhaal van die identiteit van die wit Afrikaanse man, soos deur die literatuur vertel, sal nou aan die orde kom.

## 3.4 IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE WIT AFRIKAANSE MAN

Die identiteit van die wit Afrikaanse man word kortliks hier by wyse van die tydperk voor 1948, die tydperk tussen 1948 en 1994 asook die tydperk na 1994 bespreek.

### 3.4.1 Die wit Afrikaanse man voor 1948

Swart (1998:738) wys daarop dat, *via* die kommandostelsel, die wit Afrikaner manlikheid in die laat 1890's geïnstitusionaliseer is. Die kommandosisteem het ŉ sterk boodskap gedra dat Suid-Afrika hul eie Republiek moet wees. Hierdie kommandostelsel het op politiek en kultuur gefunksioneer en as die man nie deel van die kommandostelsel was nie, is hy nie as ŉ ware man beskou nie. Binne hierdie kommandosisteem was daar ook ŉ hiërargiese struktuur – ouderdom het ŉ belangrike rol gespeel en leierskap het hiermee gepaard gegaan. Tradisioneel was baarde ŉ belangrike manlike simbool in die laat 1890's. ŉ Boer, sy geweer en sy vrou was onafskeidbaar (Swart, 1998:750).

Die wit Afrikaanse man kan nie los van sy politieke verlede gesien word nie. Die Afrikaner het ŉ beduidende rol in die bou van ŉ outoritêre, militaristiese en rassistiese mag gespeel. Du Pisani (2001:157) wys daarop dat die Afrikaner in sy diepste manwees ŉ sosiale en politieke mag ondersteun het wat as die Afrikaner Nasionalisme bekend gestaan het. Met die groei van die Afrikaner Nasionalisme het die idee ontstaan dat die Afrikaner, soos die Israeliete in die Bybelse tyd, die uitverkore volk is (Durand, 2002:38). Hierdie gevoel van die uitverkore volk, is met die jaarlikse herdenking van die slag van Bloedrivier (1838) versterk waar die Zoeloes in getalle baie meer was as die boere was. Die boere het by Bloedrivier ŉ verbond met die Here gesluit dat as Hy hul sal beskerm en hul die oorwinning gee, hulle en hul nageslag vir altyd op 16 Desember hierdie verbond sal herdenk. 16 Desember was voor 1994 as Geloftedag bekend, maar na 1994 na Versoeningsdag hernoem.

Op sosiale vlak is die Afrikaner ook georganiseer. Bezuidenhout (2015:78) wys daarop dat die hoogste vorm van lojaliteit aan die Afrikaner gemeenskap was om deel van die Broederbond te wees. Om ŉ lid van die Broederbond te wees, moes die persoon wit, finansieel onafhanklik, Afrikaanssprekend, protestant vanuit die Calvinistiese tradisie wees, lidmaat van die NG kerk wees en moes ouer as vyf en twintig wees. ŉ Lid van die Broederbond moes jou voorstel en as die persone van die applikant se leer, lewe en karakter kan getuig, mag hy ŉ lid van die Broederbond word. Die Broederbond is in 1918 gestig met die aanvanklike doel om op kulturele vlak die Afrikaners te bemagtig en dit is meestal deur onderwysers en akademici gedoen. Later het die Broederbond ŉ

politieke rol begin speel met die ontwerp, implementering en die befondsing van die apartheidsisteem (Goodwin & Shiff, 1995:137).

### 3.4.2 Die wit Afrikaanse man tussen 1948 en 1994

Binne die vroeë konteks, net na 1948, wys Cloete (1992:45) daarop dat die volgende simbole baie sterk onder wit Afrikaners en hul identiteit geresoneer het.

- Wetlike outoriteit word nie bevraagteken nie.
- Witmense is superieur teenoor swartes.
- Suid-Afrika behoort aan die Afrikaner.
- Die Afrikaner se godsdiens is belangrik en het ŉ spesiale verhouding met God.
- Suid-Afrika is ŉ landbou wêreld en die Afrikaners is boere.
- Die Afrikaner word bedreig.
- Die Afrikaner het ŉ God-gegewe taak in Afrika.

Tydens die Apartheidsjare het die Nasionale Party hulself as ŉ Afrikaner, Christelike, Nasionalistiese beweging beskou. Die Apartheidsideologie was op die wyse geskoei dat daar aparte ontwikkeling van alle rasse sal plaasvind, maar met die beheer daarvan in die hande van die wit mense. Deur middel van hierdie model sou daar aparte ontwikkeling wees waar verskillende rasse hul eie tradisies en kultuur kon uitleef en ontwikkel (Leitch, 2006:11). Binne hierdie konteks van Apartheid is die identiteit van die wit Afrikaanse man ontwikkel.

Latere jare, in die 1970's en 1980's, in die tyd van die Angola bosoorlog het mans hulself as trots Suid-Afrikaans gesien deur hul land te verdedig. Karner (1998:231) wys daarop dat die wit Afrikaanse mans trots op hul militêre tradisie was en dit het hul identiteit beïnvloed. Die puriteinse gevoel van plig teenoor jou land het die jong man vir militêre diens gemobiliseer en gemotiveer (Du Pisani 2001:163). Karner (1998:231) toon aan dat hierdie sewentien- of agtienjarige seuns nog na hul identiteit op soek was. Hul manlikheid het hul geassosieer om kryger te wees. Hierdie krygermentaliteit het ŉ prominente metafoor vir wit Afrikaanse manlikheid geword. Hierdie verpligte dienspligsisteem is deur Afrikaanse skole ondersteun met jeugweerbaarheidsperiodes asook die Afrikaanse kerke. Die wit Afrikaner man was as beskermer, broodwinner, sterke, kompeterend, besluitnemer, leier gesien en geensins demonstratief van die emotiewe nie. Hearn en Morrell (2012:4) gaan voort deur daarop te wys dat die wit

Afrikaner man duidelik aan stereotiperende optrede, soos minagting van ander etnisiteite, hiërargie en alleen seggenskap, gekenmerk was. Moolman (2004:112) stem hiermee saam maar brei ook daarop uit as daar aangedui word dat die kenmerke van die wit Afrikaner man gebaseer was as middelklas, heteroseksueel, broodwinner, voorsiener en ŉ vader en eggenootrol. Die psige van die wit Afrikaanse man is om doelgerig en op sukses gefokus te wees. Die wit Afrikaanse man is dominant en aggressief, verhouding en emosie is nie van groot waarde vir die wit Afrikaanse man nie. Heteroseksualiteit en politieke konserwatisme was deel van die wit Afrikaanse man (Du Pisani, 2001:159-164).

Die Afrikanergemeenskap was ook as ŉ patriargale gemeenskap gesien waar die man die reëls bepaal het en so struktuur in sy gesin geskep het (Ruether, 1996:173). Du Pisani (2001:163) toon aan dat die patriargale sisteem uiters sterk binne die wit Afrikanergemeenskap gefunksioneer het en dat dit diep binne die geestelike domein gewortel was. Horowitz (2001:231-244) stem saam met hierdie siening dat die wit Afrikaner man sy mag in die apartheidsera gebruik het – hierdie mag was hoofsaaklik op die patriargale oorheersing gebaseer. Die wit Afrikaner man het nie maklik enige ander geslag toegelaat om ŉ gesag- of leiersposisie in te neem nie. Tydens die Apartheidsera het die vroue ŉ onderdanige rol teenoor die man gespeel en was die meeste vroue tuisteskeppers (Du Pisani, 2001:164). Afrikaanse kerke en skole het teksverwysings vanuit die Bybel gebruik om hierdie patriargale outoriteit te herbevestig. Die Bybel het binne ŉ patriargale konteks ontstaan en Bauman (2003:37) redeneer dat die dominante diskoers oor die huwelik in die Bybel, sterk patriargaal was.

Die siening was dat die Afrikanerman die gesinshoof en die hoeksteen van ŉ stabiele gemeenskap is. Verder wys Du Pisani (2001:164) daarop dat die man die voorsiener van materiële behoeftes moes wees, maar hy was ook die geestelike leier van die gesin.

Interessant, beweer Moore (2002:11) dat kultuur en taal die draers van hierdie patriargale strukture en rolle is. Moore toon aan dat patriargie die wetlike, ekonomiese en sosiale sisteem is, wat die regering van die manlike gesinshoof aanvaar. Vrouens, kinders, werkers en eiendom was ondergeskik aan die manlike gesinshoofde en die huweliksverhouding tussen man en vrou was sterk deur hierdie patriargale samelewing beïnvloed.

Du Pisani (2001:164) toon aan dat daar in die 1960's begin het om 'n verskuiwing in die gesinsisteem te kom waar die man as die hoof van die huis gesien is. As gevolg van Afrikaner mans wat in hulle gesinne geweld gepleeg het, het die tradisionele siening van die huwelik verskuif sodat daar meer gelykheid tussen die man en vrou in die huwelik was.

Bezuidenhout stem saam met Moore as daar op kultuur en identiteit gefokus word. Volgens Bezuidenhout (2015:78) het kultuur en identiteit 'n beduidende rol in die psige van die wit Afrikaner man voor 1994 gespeel. Die wit Afrikaner man het ook uiting aan sy geloof gegee. Hy moes eerlik, stabiel en hardwerkend wees.

Van Niekerk (2016) skryf in 'n aanlyn artikel oor die situasie van vrouwees in die Apartheidsera. Van Niekerk wys daarop hoe die vrou deur sisteme in die Apartheidsera geïndoktrineer was waarvan die Afrikaner man se optrede 'n belangrike bydraende faktor was.

> It was these three ideological state apparatuses – a militarises police state, public school and national church – that included racial superiority, god sanctioned political dominance, male prowess and female self-abasement. Through them, a type of psychologically un-centred and immature individual was produced. This individual was morally weak, intellectually paralysed, deeply self-censured and easily dominated. In males, this took the form of overbearing militarised machismo, of which the associated social practices upheld the white nationalist state's values. In females it led to a cringing masochistic subservience, exclusively bound to the heart and the crib.
>
> (Van Niekerk, 2016)

### 3.4.3 Die wit Afrikaanse man na 1994

Pieterse (2009:250-251) wys daarop dat daar drie faktore is wat die huidige konteks van wit Afrikaners in Suid-Afrika bepaal:

- Die eerste is die drastiese politieke en sosiale ordeverandering van 1994.
- Tweedens die invloed van postmodernisme in Suid-Afrika.
- Derdens die invloed van regstellende aksie op die Afrikaner.

Daar is steeds wit Afrikaanse mans wat hierdie politieke skuif in 1994 as kulturele verloëning sien (Swart, 2001:77). Swart gaan voort deur te verwoord dat die wit Afrikaner man vir dekades lank van armoede beskerm was deurdat hierdie groep uiters maklik werk kon vind. Die myne, spoorweë, polisie en die regeringsbeleid het aan die wit Afrikaanse man voorsien. In baie gevalle het die vader vir sy kinders by dieselfde maatskappy werk gereël.

In die huidige politieke klimaat is dit nie meer die geval nie. Die vaders het in baie gevalle hul werk verloor as gevolg van vervroegde pensioen en die wit Afrikaner kinders ding nou met die swart arbeidsmag mee (Swart, 2001:77). As gevolg van die politieke en ekonomiese situasie van Suid-Afrika, asook die outomatisasie van industrieë, is daar minder werksgeleenthede vir die wit Afrikaanse man. Dwarsdeur die apartheidsera het die siening van die wit Afrikaanse man redelik konstant gebly al het daar ander strominge ook begin posvat. Die verlies aan politieke mag in 1994 het ŉ duidelike breuk met die verlede gebring van wie die Afrikaner was. Die getal wit Afrikaanse mans wat hoë posisies in die regering beklee het, het heelwat afgeneem en die wit Afrikaanse man is nie meer so dominant soos in die verlede nie (Du Pisani, 2001:163). Die wit Afrikaanse manlikheid is nie meer die dominante manlikheid in die breë samelewing nie.

Dit is interessant dat in April 2010 daar tussen 250 000 en 300 000 manne, meestal wit Afrikaner mans, die Mighty Men konferensie van ŉ evangelis, Angus Buchan, op sy plaas buite Greytown bygewoon het. Hierdie Mighty Men konferensies het vanaf 2004 van krag tot krag gegaan. Nadar (2009:6) wys daarop dat die hoofboodskap is dat die man weer sy rol as hoof van die huis moet inneem. Dit handel veral oor mag in die huisgesin.

Buchan fokus op die man as priester, voorsiener en koning van sy huis. Buchan (2012:136) merk op dat as jy ŉ man wil wees, moet jy jouself op ŉ bepaalde wyse meet. ŉ Man wil homself teen iemand meet wat rof kan speel as dit moet, wat berge kan klim, deur riviere kan swem, stoei, wilde perde ry, wilde diere tem, op ekspedisies gaan en homself toets (Buchan, 2012:136).

Nadar (2009:6) vra die vraag hoekom so baie wit Afrikaner manne hierdie byeenkomste bywoon. Haar gevolgtrekking is dat die wit Afrikanerman ŉ krisis beleef deurdat die Afrikaner hegemoniese manlikheid deur die demokratiese bestel na 1994 uitgedaag word. Volgens Nadar dui dit ook dat laasgenoemde ŉ teenvoeter vir die vroulike

emansipasie na 1994 is asook die verskillende seksuele oriëntasies wat manwees betref. Nadar gaan voort deur te sê dat die wit Afrikaner man teruggryp na ŉ era voor 1994. Daar het groot politieke skuiwe vanaf die laat 1980's plaasgevind, wat die grondslag vir die demokratiese verkiesing in 1994 gelê het. Dit laat Cloete (1992:42) opmerk dat die Afrikaner nie meer seker is wie hy is nie. Cloete wys daarop dat die Afrikaner nie slegs meer as ŉ aparte, identifiseerbare groep bestaan nie. Daar is wel verskillende groepe of fragmente van Afrikaners of Afrikaanssprekende wit mense. Sommige sien hulself as die Afrikanervolk, ander bloot as Boere, andere as Suid-Afrikaners en nog andere as Afrikaanssprekende Afrikane. Daar is tans nie meer slegs een definisie van die Afrikaner nie en opinies hieroor verskil hewig (Cloete, 1992:42).

Die wit Afrikaner man het heelwat verliese sedert 1994 ervaar. Steyn (2001:156-162) beskryf hierdie verliese as ŉ verlies in outonomie, beheer, gevoel van toepaslikheid, legitimiteit asook die verlies in eer. Steyn toon ook aan dat die Afrikaner ŉ verlies ervaar dat Suid-Afrika ook nie meer sy tuiste is nie. Suid-Afrika is nou ŉ sekulêre staat en die Afrikaner is nie meer in ŉ magsposisie nie maar is ŉ minderheidsgroep.

Statistiek Suid-Afrika se verslag in die eerste kwartaal van 2016, maak dit duidelik dat Asiate en witmense ŉ groter krisis in die gesig staar ten opsigte van werkloosheid as in die verlede.

Die wit Afrikaner man beleef besonder uitdagings. Volgens van Staden (2014:ii) beleef hierdie mans ŉ unieke krisis. Om trots op jou werk te wees en om jou werk na die beste van jou vermoë te doen, asook om vir jou gesin te voorsien, is ŉ integrale deel van die wit Afrikaner man. Oral waar hierdie manne hul nou in Suid-Afrika bevind, is hulle die groep wat gemarginaliseer en ontmagtig word (Van Staden, 2014:30). Hier kan ŉ gevoel van magteloosheid by die wit Afrikaanse man inkruip. Magteloosheid word deur Pieterse (2009:259-260) omskryf as wanneer die individu nie die uitkoms wat hy graag sal wil hê, deur sy eie gedrag kan bepaal nie. Hy is magteloos om die gebeure deur sy gedrag te beïnvloed. Die individu het gevolglik ŉ gebrek aan beheer.

## 3.5 WERKSBESKOUING IN DIE ALGEMEEN MAAR OOK IN DIE BESONDER VAN DIE WIT AFRIKAANSE MAN

Die gespreksgenote het vertel hoe belangrik hulle hul werk beskou asook wat werk vir hulle beteken. Daar is ook na hul verhale geluister hoe identiteit ook ŉ bepalende

invloed op hul identiteit het. Vervolgens word hier ŉ literatuurstudie onderneem by wyse om inligting te versamel oor wat werk in die algemeen beteken, watter effek het werk op die identiteit van die werker asook die algemene behoeftes van werk.

### 3.5.1 Werk in die Algemeen

Doster (1996:1) dui aan dat werk fundamenteel tot die emosionele en finansiële welwees van ŉ persoon is. Dit is die fondasie waarop ons ons lewens definieer.

Om werk te verloor het ŉ reuse effek op die self, veral tydens die middelvolwasse tydperk van die man se lewe. Mans wat in die 1970's die werkplek betree het, het dit meestal met die gedagte betree dat hul tot aftrede by dieselfde plek gaan werk. Sekuriteit het in die pensioen gelê wat opgebou word asook deur bevordering by een instansie. Die man se lewe was sy werk, wat ook sy identiteit bepaal het. Labich (1993:40) dui aan dat in ŉ gesprek met ŉ produkbestuurder wat afgelê is, hy gesê het dat sy lewe sy werk was, maar nou vind hy uit hoe verkeerd hy was.

Die mens moet werk om in sy eie behoeftes – fisies, psigies, sosiaal – as totale mens te voorsien (Human 1993: 44). Heyns (1986:256) oordeel soos volg oor werk as hy sê dat die mens 'n verantwoordelikheid en 'n plig teenoor homself het – en aan hierdie fisiese en geestelike behoefte, eie aan sy bestaanswyse as psigies-somatiese wese, voldoen hy onder andere deur middel van sy arbeid.

### 3.5.2 Werkidentiteit

Werk voorsien die werker van ŉ persoonlike identiteit in terme van burger van die land, as gesinslid, as bydraer tot die samelewing en ook binne die ekonomie. Werk stel die werker in staat om ŉ verbruiker te wees asook erkenning en agting te geniet (Francisco-La Grange 1991:3). Werkidentiteit speel ŉ uiters belangrike rol in die man se siening van homself. Alveson en Wilmot (2002:627) beskryf werkgebaseerde identiteit as ŉ dinamiese interpreterende aktiwiteit wat help om selfidentiteit te transformeer.

Kirpal (2004:274) sluit nou by Alveson en Wilmot aan en dit is duidelik dat werkgebaseerde identiteit as vorme van identifikasie gesien word wat individue met hulle werk, werksplek, kollegas en werkgewer ontwikkel. Indien die man sy werk verloor, verloor hy ook die identiteit insake sy rol by die werk. . Individue ontwikkel op ŉ bewustelike vlak in hul werkidentiteit deur te fokus oor hoe hulle hul sosiale status en

hul individualiteit kan verbeter. Dit is dus duidelik dat binne werkgebaseerde identiteit die volgende vraag gevra word: “Hoe sien ons onsself by die werk?” Wodak (1996:126) wys daarop dat daar ook ŉ duidelike verbintenis tussen die sosiale en persoonlike werkgebaseerde identiteit is.

Lloyd *et al.* (2011:6) verwys na drie lae identiteit in die werkplek:

a) Eerste laag insake identiteit in die werksplek is die lewensfeer.

Die politieke invloed van apartheid speel vandag  steeds ŉ reuse rol in die werkplek. Kultuur is ook ŉ sterk subtema in die werksplek, veral in Suid-Afrika waar daar verskeidenheid van kulture in die werksplek is. Nog ŉ lewensfeer wat hier ŉ impak het, is die versorging van die nabye familie en laasgenoemde is ŉ intrinsieke motivering om te werk.

b) Die tweede laag insake identiteit in die werksplek behels lewensrolle.

ŉ Subtema wat sterk figureer is godsdiens. Godsdiens verteenwoordig die morele waardes en norme waarmee die individu leef. As gevolg van geloof, tree werkers op ŉ sekere wyse op. Van die resultate van navorsing, volgens Lloyd *et al.* (2011:8) wys daarop dat werknemers hul werk eerder vir hul Skepper as vir die maatskappy doen.

ŉ Volgende subtema onder die tweede laag van identiteit is dat werk ŉ voorsieningsrol vervul. Een van die heel belangrikste redes hoekom mense werk, is omdat werkers aan hulle gesinne wil voorsien (Lloyd *et al.,* 2011:9).

ŉ Derde subtema wat hier onder sterk funksioneer is dat werkers politiese veranderingsagente wil wees. Navorsing toon dat swart Afrikaners hierdie rol vervul soos deur die Gelykstellende Aksie Wet (“*Employment Equity Act*”) vertolk.

c) ŉ Derde laag insake identiteit in die werksplek fokus op fasette by die werk.

ŉ Sterk subtema wat die navorsers hier bevind het, was die identifisering met die betrokke werk. Werk bring waarde na die individu, die span saam met wie hy werk asook na die breë organisasie. Hier kry die werker die geleentheid om te groei, maar ook om beloon te word (Lloyd *et al.*, 2011:10). Baie van die werkers geniet wat hulle doen en dit bou die selfbeeld en het ook ŉ positiewe invloed op die huwelik en die gesin. Binne die werkplek het die individu as werknemer ŉ spesifieke rol wat hy moet

vervul, die spesifieke werk word met die persoon geïdentifiseer wat oneindige waarde aan die individu asook die span toeken. Hier voel hy deel van ’n groter werksmag.

Om mens te wees en om te werk is derhalwe onlosmaaklik verweef. Werk skep die geleentheid om met die kwaliteit en kreatiwiteit van werk, aan die self te bou. Deur die werker se verstand en sy vaardigheid gee die mens kwaliteit aan sy werk en leef hy homself in en deur sy werk uit. Fagin en Little (1984:32,37) wys daarop dat werk die hoofaar van sy lewe is. Dit bied vir hom ’n gevoel van genoegdoening en sinvolheid en bied geleentheid om te sosialiseer.

### 3.5.3 Algemeen menslike behoeftes van werk

Francisco-La Grange (1991: 5) wys daarop dat werk die volgende algemeen menslike behoeftes voorsien:

- Behoefte aan orde: Help om orde te skep en help mense om hul tyd te beplan, te struktureer en te organiseer.
- Behoefte aan sosiale geleenthede en netwerke buite die gesin.
- Behoefte aan die belewing dat hul van waarde vir hul medewerkers en hul gesinne is asook ander verhoudinge waarin hul staan.
- Behoefte aan geleenthede, hetsy nasionaal of internasionaal en sodoende hul leefwêreld te verruim.
- Behoefte aan kontak met die werklikheid, die eise en die voorregte daarin.
- Behoefte om leiding te neem en te ontvang, om ander te beïnvloed of ander tevrede te stel.
- Behoefte aan ’n sekere rol en status by die werk.
- Behoefte om kennis, tegnieke, vaardighede te beoefen en te ontwikkel.
- Behoefte aan persoonlike identiteit waarvan ander mense bewus sal wees.
- Behoefte aan selfagting, omdat hulle in die werksituasie presteer.

## 3.6 WERKSVERLIES BY DIE WIT AFRIKAANSE MAN IN SY MIDDELJARE TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

Die gespreksgenote het vertel dat om in hul middeljare hul werk te verloor, vir hulle traumaties is. Hulle het gedeel oor watter verliese hul beleef omdat hulle juis in die

middeljare hul werk verloor het. Die magteloosheid van verpligte aflegging, juis tydens die middeljare, is by meer as een gespreksgenoot gehoor.

Vervolgens is hier by wyse van ŉ literatuurstudie oor die middeljare besin en hoe belangrik dit is om tydens die middeljare te werk. Daar word ook aandag aan die konsep, verpligte aflegging, gegee en die effek wat verpligte aflegging op die wit Afrikaanse man het. Hierdie effek sluit in die verskeie soorte verliese wat ervaar word asook verliesverwerkingsmodelle. Terwyl die wit Afrikaanse man deur hierdie verlies werk, om nog net na die verpligte aflegging tot verhaal te kom, doen hy ook vir nuwe werk aansoek. Dit is wanneer hy ook met Regstellende aksie te doen kry wat sosiale geregtigheid en ekonomiese geregtigheid insluit.

### 3.6.1 Inleiding oor Middeljare

Lachman (2004:326) toon aan dat daar meer onlangse navorsing met betrekking tot middeljare nodig is. Die meeste van die middeljare teorieë kom uit ŉ tydperk wat vanaf die 1950's terugdateer toe mense se lewensloop baie meer voorspelbaar was. Middeljare was destyds as die jare tussen jeug en bejaardheid gesien.

Louw *et al.* (1998:511) dui daarop dat Levinson, wat die meester van die lewensiklusteorieë is, die volgende stadia voorstel:

- Tussen 33-40 jaar is dit ŉ tyd van vestiging. Lewenstake word met groter toegewydheid aangepak, veral in die werksituasie waar ŉ mentor vir die individu ŉ belangrike rol kan speel.
- Tussen 40 en 45 jaar is hierdie ŉ tydperk van oorgang van vroeë volwassenheid na middeljare. Tekenend hiervan is die vraag: "Wat het ek met my lewe bereik?"
- Vanaf 45 tot 50 jaar word ŉ nuwe lewensstruktuur, wat veral deur veranderde verhoudings met kinders, eggenote en medewerkers gekenmerk word, gebou. In die werksituasie kan die rol van mentor nou oorgeneem word.

Lachman (2001:XX) se siening oor middeljare verskil van bogenoemde siening. Sy toon aan dat die wêreld oor die afgelope 30 jaar verander het, en dat persone tussen 40 en 60 as middeljarig gesien word, met ŉ 10 jaar variasie aan albei kante. McCaughey (2003:13) stem hiermee saam en beweer dat daar nie meer ŉ eenvoudige definisie vir

middeljare gegee kan word nie. Volgens haar is die middeljare die langste en mees komplekse en betekenisvolle tydperk wat ons as volwassenes sal beleef.

Santrock (2006:501) stem hiermee saam en dit is duidelik dat, as gevolg van ŉ groter persentasie van die bevolking wat baie ouer word, dit moeilik is om die middeljare slegs aan ŉ ouderdom te koppel. McCaughey (2003:2) dui aan dat in die verlede die middeljare neergepen is as die laat dertigerjare wat aan die begin van die persoon se vyftigerjare eindig. Laat-volwassenheid het vervolgens ingetree en bejaardheid het op 65 jarige leeftyd ingetree. Hy beskryf dat die feit dat mense langer leef, ŉ invloed het dat mense langer jonk is, en dus eers later hul middeljare bereik. Hierdie argumente toon duidelik dat dit moeilik is om spesifieke ouderdomme aan die middeljare te koppel. Ontwikkelingsteorieë dui aan dat die middeljare tydperk ŉ tydperk van stabiliteit na ŉ tydperk van verandering is (Santrock, 2006:502).

Middeljare volgens Lachman (2004:310) is die tydperk van refleksie waar die persoon bestek van sy doelwitte opneem. Dit is ŉ tydperk waar mense intens van die feit bewus word dat die lewe sy verloop neem, waar persone besef daar is nog tyd oor, maar die tyd begin uitloop. Daar is net soveel tyd oor as wat verby gegaan het. Lachman (2001:xvii) beskryf ook dat die wyse waarop mense gewoonlik middeljare beskryf, met beelde van ŉ leesbril, hare wat verdun en grys verkleur, moegheid, dubbel ken, rugpyn, vergeetagtigheid, verlies aan seksdrang, volwasse kinders wat die huis verlaat, ouers wat siek raak en sterf en verskeie veranderings aan die liggaam, te doen het. Sy toon ook aan dat 41% van volwassenes hul middeljare met beide ouers wat nog leef ingaan, maar 77% verlaat hul middeljare met nie een van hul ouers lewend nie (Lachman, 2004:322).

Lachman (2004:322) verwys ook na die mobiliteit van ons samelewing. As gevolg van die mobiliteit van ons samelewing bring dit ook mee dat ouers baie vêr van hul kinders leef en hulle as't ware hul ouerwordende ouers, wie se gesondheid stadig maar seker agteruitgaan, deur ŉ langafstand probeer monitor. Soms bring dit sy eie sorge mee, want die ouers kan ook nie meer onafhanklik voortgaan nie. Die persoon in die middelvolwasse tydperk het self ŉ menigte verantwoordelikhede by die huis asook by die werk.

Dit is gedurende hierdie tydperk wat daar eintlik werkstabiliteit moet wees waar die man sy werk kan verloor. Die middeljare is aan die ander kant ook ŉ tydperk van emosionele

krisis, want dit is gewoonlik in hierdie fase waar verlies ŉ groot rol speel met ouers wat ouer word en die dood nader. Wanhoop speel ook ŉ groot rol wanneer die persoon in hierdie fase sy werk verloor.

### 3.6.2 Die belangrikheid van werk tydens Middeljare

Die aflegging van werk word deur mans in hul middeljare as ŉ groot verlies ervaar (Freeman & Cameron, 1993:10-29). Gewoonlik het middeljarige mans steeds baie verantwoordelikhede teenoor hul gesin, wat ŉ huisverband, motorpaaiement en kinders wat met tersiêre opleiding besig is, kan insluit. Ouers van die 50+ jarige is dikwels ook van finansiële hulp van hul kinders afhanklik. Verpligte aflegging het ŉ potensiële ekonomiese trauma op die middeljarige man (Feather, 1989:175-185; Leana & Feldman, 1990:1151-1181; McFayden & Thomas, 1997:1461-1484).

Die middeljarige man se ontwikkelingstaak in hierdie fase is om sin en betekenis aan sy bestaan te gee. Die normale verouderingsproses is onontbeerlik en die kombinasie hiervan met die angs en die vrees van verpligte aflegging is bydraende faktore in die middeljarige man se soeke na sin en betekenis (Brief *et al.,* 1995:693-711).

Daar kan afgelei word dat werk baie belangrik vir die voortbestaan van die middeljarige se selfwaarde is  wat aan hom sin en betekenis gee. Morse en Weiss (1995:191) het ŉ studie onderneem oor die betekenis van werk by middeljarige mans. Hul oorwoë mening na aanleiding van hul resultate was, dat al het die middeljarige man nie die finansies nodig gehad nie, hy steeds sou werk. Werk het nie net ŉ finansiële impak nie, werk het ook nie-ekonomiese funksies. Dit help die middeljarige om sin en betekenis in sy bestaan te vind.

Depree (1989:16) toon aan dat hoe mans hulself by die werk en by die huis sien, van mekaar verskil wat sy identiteit by die werk en by die huis betref. Fox (1994:1) is van mening dat daar nie ŉ verskil moet wees nie. Die man se lewe by die werk en by die huis moenie twee aparte entiteite wees nie. Lewe en die man se werk is intrinsiek aan mekaar verbind en daarom is verpligte aflegging ŉ traumatiese gebeurtenis.

Om te werk speel ŉ belangrike rol in die psigologiese welstand van die man, veral in sy middeljare (Jackson & Warr, 1984:605-614) en (O'Connor & Chamberlain, 1996:461-477). Vir baie middeljarige mans is hul werk ŉ roeping en daar kan afgelei word dat daar ŉ groter doel is hoekom die man werk en dit speel ŉ belangrike rol in sy identiteit.

Neck en Milliman (1994:9-16) dui daarop dat werk ŉ sentrale deel van jou spiritualiteit is. Hierdie siening word deur Davidson en Caddell (1994:135-147) ondersteun as hul skryf dat godsdiens ŉ duidelike invloed het op hoe mans oor hul werk dink. Werk is nie slegs ŉ loopbaankeuse nie, maar dit is ŉ duidelike roeping van God. Dit kan gebeur dat die middeljarige man ŉ oordrewe fokus op sy werk het, dat dit hom heeltemal in beslag neem. So persoon kom dit eers agter sodra hy sy werk verloor en dit is traumaties (Kofodimus, 1990:3-5).

### 3.6.3 Verlies van werk as verpligte aflegging

#### 3.6.3.1 Inleiding tot verpligte aflegging

Verpligte aflegging is werk wat verloor word, nie as gevolg van eie toedoen nie, maar as gevolg van ekonomiese, regering- of maatskappybeleid. Verpligte werksverlies oftewel aflegging word deur Ebberwein *et al.* (2004:293) as ŉ nie-vrywillige oorgang beskryf waarin die werker min of geen invloed oor die ontslag het nie.

Daar is ŉ duidelike verskil tussen werkloosheid en iemand wat deur die proses van verpligte aflegging gegaan het. Tradisioneel gesien, was verpligte aflegging gesien dat die werknemer nie die vaardighede het om die werk te doen nie en hy word vervolgens afgedank. Met verpligte aflegging het die werknemer al die vaardighede en kennis wat benodig word, maar moet afgelê word as gevolg van finansiële faktore, maatskappybeleid of die regering se beleid. As dit “tradisioneel” waar is beteken dit dat die diskoers van “ek is nie goed genoeg nie omdat net mense wat nie vaardighede het nie, afgelê word” net nog erger beleef word as bloot gedwonge afleggings vanweë ekonomiese of ander redes. Daar is ŉ stigma aan gekoppel wat eiewaarde ondermyn.

Archer en Rhodes (1987:211-224) wys daarop dat verpligte aflegging ŉ traumatiese effek op die persoon se gevoel van selfwaarde en identiteit het. Zippay (1995:531-543) sluit hierby aan en eggo die gevoel dat hierdie mans voel of hul persoonlik verwerp word en het ook ŉ verlies aan mag.

#### 3.6.3.2 Emosionele aspekte rondom die verlies van werk by die wit Afrikaner man

##### 3.6.3.2.1 Inleiding oor verlies

Verlies is iets wat reeds vroeg in die lewe gebeur, wanneer ŉ baba sy fopspeen of gunsteling kombersie verloor. Hierdie ervaring van verlies gaan voort soos wat die kind

grootword. Dit kan selfvertroue wees wat langs die lewenspad verloor word, vertroue in mense kan geskaad word en die individu verloor soms sy persepsie dat die lewe eenvoudig en maklik is. Soos die mens volwasse word, word die individu se wêreld al groter en neem die potensiaal vir verlies toe. Die lewe is nie staties nie en verandering is aan die orde van die dag. Die mens kan nie sy lewe ten volle leef sonder die moontlike potensiaal dat verlies in verhoudinge kan plaasvind nie. Selfs verlies as gevolg van die dood, kan nie vermy word nie. Santrock (2006:658) toon aan dat, om te rou, ŉ gevoel van emosionele gevoelloosheid, ongeloof, skeidingsangs, wanhoop, hartseer en eensaamheid is wat met die verlies van iemand gepaard gaan wat ons liefhet.

Corr (2000:22) beskryf rou as 'n emosionele reaksie tot verlies en Klicker (2000:1) definieer rou as die normale, gesonde en toepaslike reaksie op verlies. Rou is die interne angs wat die bedroefde persone in reaksie op die verlies beleef wat hul ervaar. In die kern van rou en verlies, is die gevoel van ŉ emosionele onrus en frustrasie teenwoordig, wat met dit verband hou wat jy nie kan hê en beheer nie. Dit wys op die emosionele onvermoë om die verlies van iets wat gekoester was, te aanvaar (Prigerson & Maciejewski, 2008:435).

Nie alle reaksies op verlies is gesond en toepaslik nie, so ook is nie alle reaksies aan angs gekoppel nie. Hoe individue deur verlies werk, verskil van mekaar. Almal beleef verlies maar dit is persoonlik van aard. Verlies kan baie ooreenkomste toon maar nie twee situasies is presies dieselfde nie.

Parkes en Prigerson (2010:140) toon aan dat ouderdom, ervaringe, vermoëns, gesinsdinamika, ondersteuningsisteem, finansiële bates en denkprosesse verskillend is. Al hierdie sake asook die individu se geslag, geloof, waardes, kultuur en persoonlikheid het 'n effek hoe mense die rouproses hanteer. Daarmee saam moet teen stereotipering gemaan word, byvoorbeeld dat mense aanneem dat vroue makliker huil as mans of dat mans meer hul gevoelens vir hulself hou. Dit is nie in alle gevalle waar nie.

Andersen (2007:5) differensieer twee tipe roubeklaers, naamlik die intuïtiewe en die instrumentele roubeklaers. Sy toon aan dat die intuïtiewe roubeklaers meer emosioneel is en hulle deel hul gevoelens makliker. Dit is ook vir hierdie groep terapeuties om vir andere tot hulp te wees. Die instrumentele roubeklaers is meer die aksie georiënteerde

groep en hulle is toekoms gefokus. Hulle konsentreer om tot aksie oor te gaan, om dinge te doen.

Anderson (2007:5) wys daarop dat nie een van hierdie twee style beter as die ander is nie. Sy toon ook verder aan dat niemand volledig intuïtief (tradisioneel as die vrou gesien) of volledig instrumenteel (tradisioneel as die man gesien) in sy of haar benadering tot rou is nie. Die meeste individue ervaar beide style van rou, maar een van die style sal meer dominant wees. Die mens put uit sy eie sterkpunte om hartseer en verlies te hanteer. Om te treur en om te rou is gebaseer op wie die persoon as mens is.

#### 3.6.3.2.2 Ervaring van Depressie

Vanuit die beskrywende- empiriese taak was dit duidelik dat die mans ŉ gevoel van depressie ervaar het.

Volgens die "*Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, Fifth Edition* (DSM-V), word ŉ depressie diagnose deur ŉ sielkundige gedoen en bevestig as ŉ individu die volgende vyf simptome toon wat vir ŉ periode van ten minste twee of meer weke teenwoordig is, naamlik:

- Depressiewe gemoedstemming.
- Gebrek aan belangstelling of die genietinge van normale aktiwiteite.
- Gewigsverlies of ŉ verandering in aptyt.
- Verandering in slaappatrone.
- Verandering in aktiwiteite.
- Geen energie of moegheid.
- Skuldgevoel en gevoel van waardeloos.
- Sukkel om te konsentreer en te dink.
- Gedagtes oor selfdood.

Depressie is teenwoordig wanneer hierdie simptome veroorsaak dat die persoon nie in sosiale, werk of ander situasies kan funksioneer nie. Plug *et al.* (1987:60) beskryf depressie as ŉ toestand van intense neerslagtigheid (bedruktheid, terneergedruktheid) wat in die reël ook met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite

gepaard gaan. Volgens Fouche *et al.* (1986: 49) word die depressiefase deur die onvermoë gekenmerk om besluite te neem.

Mans is geneig om 'n laer voorkoms van depressie as vroue te hê. Die episodes is ook minder en korter episodes (Essau *et al.,* 2010:185-190). Depressie by mans verskyn gewoonlik eers in latere jare terwyl dit meer by jonger dames voorkom (Essau *et al.,* 2010: 185-190). Mans is ook geneig om nie sonder meer vir hulp te gaan nie (Kornstein *et al.,* 2000:1-11). Die aanhoudende mislukking om werk te kry, veroorsaak dat die man sy werkloosheid as 'n mislukking beskou om aan die rolverwagting van die samelewing en sy gesin te voldoen. Dit lei tot onttrekking van aktiwiteite asook om besluite in die gesin te neem (Rip, 1981:56). Die gevolg hiervan is dat sy selfbeeld in duie stort. Schwefel (1986:417) toon aan dat werkloosheid in 'n depressiewe toestand kan oorgaan wat uiting in passiwiteit, planloosheid, gebrek aan selfvertroue en gevoelens van waardeloosheid vind.

Die man wat sy werk verloor het, beleef homself as neerslagtig, onbekwaam, onbevoeg en selfs 'n mislukking in die lewe. Hy kan ook verwerping met elke onsuksesvolle aansoek beleef (Human, 1993:27). Soms kan die man selfs selfdood oorweeg (Schwefel, 1986:412).

Mans wat aan depressie ly, is meer geneig om slaaploosheid te ervaar of in die middel van die nag wakker te word, terwyl vroue meer geneig is om aan die ander spektrum te wees, om heeldag te wil slaap (Almeida *et al.,* 2011:208-216). Mans wat depressief is, ervaar minder REM slaap en rapporteer dat hul verlies aan energie het (Hubain *et al.,* 2006: 169-177). Depressiewe mans rapporteer nie so groot wisseling ten opsigte van eetlus en gewigsverlies as vroue met depressie nie (Parker *et al.,* 2014:351-357). Interessant, dat mans wat depressief is, eerder gewig verloor terwyl dames rapporteer dat as hul depressief is, hulle eerder gewig optel en rapporteer ook dat hul 'n groter eetlus het (Marcus *et al.,* 2005: 141-150). Mans se depressie is merendeels werksverband, terwyl vroue se persoonlike lewe 'n groter rol in depressie speel (Godin *et al.,* 2009: 592-600).

Manlikheid in die algemeen se dominante verhaal is om nie pyn te wys as hy seerkry nie, die man probeer onafhanklik en fisies sterk wees. Hy toon nie emosies nie, is kompeterend en vermy enige iets wat vroulik is, soos byvoorbeeld om te huil is nie manlik nie (Warren, 1983:147-156) en dit word as vroulike emosies gesien. Om te

presteer en om sukses te behaal is primêre aspekte van manlikheid terwyl depressie meer met gevoelens van magteloosheid te doen het en om nie in beheer te wees nie. Depressie was stereotiperend as ŉ vroulike siekte gesien en om te huil as hand aan hand met depressie word gesien. Dit pas nie in die sfeer van die stereotiperende manlikheid in nie (Warren, 1983:147-156).

Manlike depressie, toon sy depressie op wyses wat kongruent aan sy norme is (Cochran & Rabinowitz, 2000:132-140). Hierdie mans kan hul nood eerder in hierdie sogenaamde manlike gedrag deur aggressie, drankmisbruik, dwelmmisbruik, roekelose gedrag, onttrekking van familie en vriende of om te oor-fokus op werk, uitleef. Hierdie mans ervaar depressie maar probeer die ervaring te vermy want dit is nie in lyn met hoe hy as man se siening van die lewe is nie. Hierdie gemaskerde depressie impliseer dat mans depressie op ŉ gelyksoortige wyse beleef maar dit vertoon net in hul siening en belewenis van hul manlikheid.

Middeljarige mans wat deur verpligte aflegging gaan ervaar depressie, angs, geheue probleme, rusteloosheid, voel skuldig, is aggressief en beleef eensaamheid (Cassidy, 2001:303-315). Hul voel hulle is nie goed genoeg nie en ervaar verwerping. Hoofpyne, spysverteringsprobleme en slaaploosheid kom ook voor (Guindon & Smith 2002:73-82; Hanisch, 1999:188-220).

Daar is verskeie modelle beskikbaar oor hoe om hierdie stresvolle situasie te hanteer. Gluhoski en Wortman (1996:417-429) toon aan dat dieselfde rouproses hier as by doodsverlies geld. Apatie, eensaamheid, vrees, skuld, woede en somatiese simptome kom voor. Elke individu het sekere lewensrolle wat hul vervul en wat hul gedrag bepaal. Die verlies aan hierdie rolle, soos byvoorbeeld werk, tas die status, rol en daaglikse roetine van die persoon aan wat emosionele stres bring (Trolley, 1994:285-300).

#### 3.6.3.2.3 Soorte verliese wat ervaar word

Ebberwein *et al.* (2004:292-308) is van mening dat mans wat hul werk verloor ook deur roufases gaan. Hul beleef depressie, angs en verloor sin en betekenis vir die lewe en so word ook hul identiteit aangetas. Bonnano (2001:801) fokus op die verskillende soorte verliese wat ervaar word en wys daarop dat daar sekere sosiale funksionele perspektiewe in die roureaksie is.

Bonnano (2001:801) wys daarop dat verskillende emosies verskillende funksies dien en dat die gevolge van die uitdrukking van 'n emosie van die situasie of konteks afhang waarin die emosie uitgedruk kan word. Neem byvoorbeeld hartseer en woede, twee emosies wat gewoonlik met verlies verband hou. Om hartseer te wees word gesien dat iemand simpatie benodig en mense voel om ander wat hierdie hartseer beleef by te staan. Woede aan die ander kant, word beleef dat die persoon wat hierdie emosie beleef ander blameer (eksternaliseer). Om hierdie emosies vir ŉ kort tydperk na verlies te beleef kan van hulp wees, maar langdurige woede kan interpersoonlike verhoudinge vernietig en enige ondersteuning laat skipbreuk ly (Bonnano, 2001:801). Die volgende soorte rou word hier gelys:

**a) Antisiperende rou of verlies**

Kübler-Ross en Kessler (2005:4) wys daarop dat die feit dat verlies geantisipeer word, nie die rouproses makliker of korter maak nie. Dit is belangrik om antisiperende rou van die rou, wat jy beleef sodra die verlies ervaar word, te skei. Vir baie is antisiperende rou slegs ŉ voorskou van die pynvolle proses wat intree sodra verlies plaasvind.

**b) Skielike verlies**

As gevolg van die skielik onvoorbereide natuur hiervan, kan dit die roubeklaer oorrompel en laat dit die persoon met die gevoel dat hy nie kan dink en funksioneer nie. By die gebrek aan voorbereiding vir hierdie verlies ervaar die roubeklaer dat die verlies uiters moeilik is om te verstaan wat nou aan die gebeur is, wat nou moet gebeur en hoe die individu se lewe nou gaan verander (Allen; 2012:14) .

**c) Inkennige rou**

Munday (2007:10) beskryf inkennige rou as ŉ verlies wat uiters moeilik is om in die openbare sfeer oor te praat. Voorbeelde hiervan is as iemand sterf as gevolg van onwettige aktiwiteite of nie-aanvaarbare lewenstylkeuses. Dit kan ook wees dat mense hul werk verloor as gevolg van bedrog en so inkennige rou beleef.

**d) Gemaskerde roureaksie**

Egan en Arnold (2003:42-52) wys daarop dat die persoon wat as't ware ŉ masker oor die rou plaas en nie besef dat die wyse waarop hierdie verlies hanteer word, die herstel negatief beïnvloed nie. Die persoon stoot alle hulp en ondersteuning van hom af weg.

**e) Vertraagde roureaksie**

Dit vind plaas wanneer iemand die helende aspek van die rouproses uitstel en die verlies vermy. Soms word dit intensioneel gedoen omdat hierdie persone nie deur die pyn van verlies wil gaan nie en eerder op take fokus wat afgehandel moet word. Die emosionele reaksie op die verlies staan nie in verhouding tot die verlies wat gely is nie. Heling kan slegs plaasvind as die gespreksgenote erken dat hy/sy bepaalde emosies beleef, hoe pynlik dit ook al mag wees (Stroebe, 2001:859-860).

**f) Verborge roureaksie**

Dit vind plaas wanneer emosies van rou onderdruk word en dit manifesteer dikwels in intense fisiese pyn. Die gespreksgenote moet begelei word deurdat hierdie emosies bewustelik gestel moet word, sodat deur hierdie rousmart gewerk kan word (Stroebe, 2001:859-860).

**g) Oordrewe roureaksie**

Hierdie tipe rou word veral gesien by ŉ intense uitdrukking van verlies. Mense probeer van hierdie pyn wegkom en reageer op ongesonde wyses om hierdie verlies te hanteer. Hulle gryp na alkohol, dwelms of selfs denke oor selfdood. Hierdie roureaksie vind plaas as die gespreksgenote ongekontroleerd uiting aan sy emosies gee (Stroebe, 2001:859-860).

**h) Ingewikkelde roureaksie**

Dit vind plaas wanneer die intensiteit van die rouproses so erg is dat die persoon nie binne ŉ redelike tydsverloop kan funksioneer nie. Flora (2008) wys in ŉ artikel in "*Psychology Today*" daarop dat hartseer oor ŉ verlies normaal is en elkeen rou anders. Sommige mense ervaar ŉ intense soort rou. Daar is verskillende redes daarvoor. Moontlik is dit as gevolg van fisiese of geestelike gesondheid, daar nie stabiliteit of ondersteuning vir die persoon is nie asook moontlike gebeure in die verlede.

Dit kan ook wees dat ingewikkelde rou plaasvind oor die wyse waarop die verlies, as gevolg van krisis, ramp, trauma of tragedie, gebeur het. Schoenfeldt (1999:3) definieer ŉ krisis as ŉ emosionele betekenisvolle gebeurtenis. Deskin en Steckler (1996:4)

beskryf ’n “ramp” as gebeure wat plaasgevind het waar daar intense verlies is, normaalweg in ’n situasie wat as lewensbedreigend beleef word.

**i) Samevatting**

Die persoon wat sy werk, as gevolg van verpligte aflegging, verloor kan een of meer van hierdie tipe rou ervarings beleef. Die wyse waarop hierdie verliese verwerk word, beïnvloed die tydsduur om die reis van die rouproses te deurloop. Dit is veral waar wanneer elkeen in die gesin op verskillende wyses die verlies verwerk.

**3.6.3.2.3 Verliesverwerkingsmodelle**

Vervolgens sal ’n paar verliesverwerkingsmodelle bespreek word.

**a) Rando se beskouing van rou.**

Rando (1993:31-43) spesifiseer drie fases van rou en hartseer, naamlik:

- Vermyding.
- Konfrontasie.
- Akkommodasie.

Rando (1993:31-43) wys daarop dat die eerste fase die vermydingsfase is waar die verlies erken moet word. Daarna volg die konfrontasiefase waar daar op die verlies gereageer word. Hier word die pyn ervaar en identifiseer die persoon met al die psigologiese reaksies op verlies. Ook tydens die konfrontasiefase word die situasie onthou en herbeleef en word afstand van verbintenisse gedoen. Die derde fase is die akkomodasiefase. In hierdie fase word veranderings aangebring om aan te pas. Die huidige fase word herevalueer en daar word ’n nuwe verhouding met die verlies ontwikkel. ’n Nuwe wyse van bestaan en ’n nuwe identiteit word ontwikkel. Hier word weer in nuwe verhoudings herbelê.

**b) Meier *et al* se beskouing van rou**

Meier *et al.* (1999:111-119) verdeel die rouproses in vyf fases:

- Ontkenning.
- Woede na buite.
- Woede na binne.

- Egte rou.
- Herstel.

**c) Coetzer se beskouing van roufases.**

Coetzer (2007:67-75) sluit nou by Meier se vyf fases van rou aan en voeg depressie as ŉ ekstra fase by. Die begrip herstel by Meier word by Coetzer as vergifnis, afsluiting en aanvaarding verwoord.

**d) Kübler-Ross se beskouing van die stadia van rou**

Kübler-Ross het in 1969 voorgestel dat die rouproses in verskillende stadia verwerk word wat liniêr met mekaar opgevolg word. Haar model het met skok en ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding begin. Teen 2005 het Kübler-Ross en Kessle (2005:7) weer hieroor besin en aangedui dat hierdie liniêre proses nie onteenseglik by elke persoon voorkom nie. Hulle het aangedui dat hierdie elemente in Kübler-Ross se model wel deel van ŉ raamwerk van rou is, maar nie noodwendig in ŉ sekere volgorde nie. Hierdie elemente help bloot die persoon wat hierdie verlies beleef om te leer hoe om saam met die verlies te lewe.

**3.6.3.2.4 Gevolgtrekking van beskouings van rou en verlies**

Santrock (2006:660) toon aan dat daar nie een regte ideale wyse is om oor verlies te rou nie. Daar is verskillende wyses hoe mense verlies hanteer en volgens Santrock is daar nie ŉ bepaalde lys take wat die persoon, wat verlies ervaar, eers moet deurgaan voordat hy/sy die verlies verwerk het nie. Dit is ŉ geval van twee treë vorentoe en een tree terug. Die persoon wat verlies ervaar beweeg vloeibaar in die stadia van rou. Parrish en Parrish (2011:70) skryf hieroor en stel dit betekenisvol: "Grief is not a paint-by-number exercise that precisely follows a script. Rather, it unfolds in varying ways and on varying time tables for each individual."

Dit is ook nodig om net vervolgens oor die tydsduur van die rouproses te besin. Tyd, is net soos die rouproses, vloeibaar. Gespreksgenote kan gemaklik deur die roustadiums beweeg, maar soms sal hul weer na ŉ vorige stadium terugbeweeg en hulle sal vervolgens moontlik voel en ervaar dat hul die verlies verwerk het (Freeman & Ward, 1998:221).

Freeman en Ward (1998:221) dui daarop dat, afhangende van die omstandighede, die aard van die verlies en die verhouding waarin die persoon met die saak/persoon gestaan het, die afhandeling van die rouproses beïnvloed. Dit is dus eerder 'n proses, as wat tyd aan die rouproses gekoppel moet word.

Daar is breedvoerig oor die verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging besin. In hierdie subtema was die fokus op die middeljare en ook die emosionele aspekte wat met die verlies gepaard gaan. Na aflegging, as die gespreksgenoot reeds op reis met sy aanvanklike verlies is, begin die gespreksgenoot ook aansoek vir nuwe werksgeleenthede doen. Dit is dan wanneer hy regstellende aksie beleef. Vervolgens kom regstellende aksie aan die woord.

### 3.6.4 REGSTELLENDE AKSIE

Die gespreksgenote het vertel hoe hul aansoek vir werk doen deur verskeie CV's uit te stuur om net te hoor dat die werk 'n regstellende aksie pos is en daaraan voldoen moet word deur die "*Employment Equity Act*". Vervolgens kom regstellende aksie aan die orde.

#### 3.6.4.1 Aanloop tot regstellende aksie

Regstellende aksie het nie in 'n vakuum ontstaan nie. Vanaf 1948-1994 het Apartheid hoogty gevier. Swart mense het nie stemreg gehad nie en het nie seggenskap in die land gehad nie. Die "Bevolkings Registrasie Wet van 1950" het nie-wit Suid-Afrikaners in verskillende rasse begin klassifiseer, naamlik Swart, Bruin en Indiër. Die Bruin en Indiër bevolkings het meer inspraak as die Swartbevolking gehad. Net daarna is die Groepsgebiede Wet geproklameer waar mense van hierdie groepe na meer afgeleë plekke verskuif is sodat hul daar in een bevolkingsgroep kan woon (Feinstein, 2005:150). Apartheid het dus na alle terreine van die lewe - ekonomies, onderwys en sosiale strukture soos huwelike – oorgespoel.

In 1994 het daar 'n oorgang gekom na die eerste demokratiese verkiesing en Worden (2000:137) beskryf dit as een van die grootste suksesstories van die twintigste eeu dat apartheid ineengestort het en daar nie 'n rasse bloedbad was nie. Nelson Mandela het die eerste President van die eerste demokratiese verkiesing geword.

Kort daarna is die Waarheid- en Versoeningskommissie deur die Regering van Nasionale eenheid aangestel om te help om met alles, wat tydens apartheid gebeur het, te handel. Dit was ’n forum aan swart Suid-Afrikaners om oor sosiale ongeregtighede gehoor te word wat teen hulle tydens apartheid gepleeg is. As persone self na vore gekom het en die volle waarheid vertel het oor wat hul tydens apartheid gedoen het, kon hul ook amnestie kry. Die gedagte was dat dit ’n tyd van heling moes wees sodat Suid-Afrika vorentoe kan beweeg. Daarna is die “*Employment Equity Act* van 1998” daargestel waarin Regstellende aksie vervat is.

#### 3.6.4.2 Gelykstellende Aksie Wet (“*Employment Equity Act*”)

Hierdie wet, volgens Thompson en Van der Walt (2008:636) is een van die mees omstrede wetgewings omdat hierdie wetgewing “regverdige diskriminasie” toelaat. Dit beteken dus dat persone wat vroeër benadeel is, nou geleenthede kry bo die vorige bevoordeelde generasies, spesifiek die wit mans (Maharaj, Ortlepp & Stacey, 2008:16). Regstellende aksie is in werking gestel om groter arbeidsgelykheid in Suid-Afrika te bewerkstellig.

Regstellende aksie word deur Qunta (1995:1) beskryf as ŉ sistemiese en ŉ beplande proses om ongelykheid van die verlede om te keer. Herbert (1994:39) wys tereg daarop dat regstellende aksie nie bloot die plaas van swart mense in sekere sigbare posisies is nie, maar dat dit fokus op die ontwikkeling van die werknemers se potensiaal en hul vaardighede. Interessant is Van der Merwe (1994:3) se siening dat dit ŉ tydelike ingrepe moet wees sodat geregtigheid ten opsigte van voorheenbenadeelde gemeenskappe kan herstel.

Volgens hoofstuk 2, afdeling 2 van die *Employment Equity Act*, is die hoofdoel van die wet die volgende:

> …to achieve equity in the workplace by promoting equal opportunity and fair treatment in employment through the elimination of unfair discrimination; and implementing affirmative action measures to redress the disadvantages in employment experienced by designated groups, in order to ensure their equitable representation in all occupational categories and levels in the workforce.

Die “*Employment Equity Act*” is duidelik dat die persone wat deur regstellende aksie bevoordeel moet word, die swart bevolking, vroue en persone met gestremdhede moet

insluit. Die swart bevolking word verder omskryf deur die term "*Africans, Coloureds and Indians*" (Suid-Afrikaanse departement van Arbeid, 1998). Hierdie wet se doel is om spoedige transformasie in die werkplek te verseker deur duidelik te bepaal wie die begunstigdes van regstellende aksie is, om onbillike diskriminasie ten opsigte van 'n billike salaris, geslag en gestremdheid uit te skakel. Die doel is om gelyke betaling vir werk van gelyke waarde te verseker. Bygaande redes vir hierdie wet is ook om beter dispuutresolusiemeganismes te verskaf deur toegang tot die KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) te bewerkstellig en die Arbeidshof vir arbitrasie oor onbillike diskriminasiegevalle asook die versterking van voldoeningsmeganismes in die Wet, waaronder die verkorting van die toepassingsproses en natuurlik, die verhoging van boetes vir nie-voldoening.

Hierdie wet gaan verder deurdat daar van Maatskappye verwag word om jaarliks verslag te lewer by wyse van 'n "*Employment Equity Report*". Dit is dus duidelik dat maatskappye aan hierdie regeringsregulasies moet voldoen en dit veroorsaak dat al minder wit Afrikaanse mans in diens geneem word. Waar daar rassediskriminasie voorgekom het, is daar gewoonlik 'n verwysing na "ras" in die wetboeke om die verlede te herstel en ook so gelyke indiensneming geleenthede te skep. Hierdie is 'n uiters moeilike situasie want hierdie wetgewing polariseer mense (bevolkingsgroepe) maar aan die ander kant probeer dit ongelykhede van die verlede regstel. Ras moes juis ingeskryf word om mense as't ware te merk as 'n sekere bevolkingsgroep om sodoende regstellende aksie te verifieer en te meet. Hierdie kartering van mense bied 'n hanteringsmeganismes, deur om kleur te gebruik, om 'n groep in 'n bondel saam te vat.

Regstellende aksie is 'n noodsaaklike element om ongelykhede van die verlede reg te stel. Logan (1998:3) haal Saki Mocozoma, 'n direkteur by een van die mees prominente swart Suid-Afrikaans vervoermaatskappy, aan wat gesê het dat die probleem met regstellende aksie is dat die eerste stap wat gedoen moet word, is om mense uit hul posisies te haal en dit is nie 'n maklike ding om te doen nie. Dit is duidelik dat ras een van die sterkste magte is wat die identiteit van Suid-Afrika vorm. Ras word ook 'n baie belangrike speelbal (die sogenaamde rassekaart) in die hande van politici. Ras kan nie geïgnoreer word nie en regstellende aksie speel 'n beduidende rol om ongelykhede van die verlede reg te stel. Aan die ander kant van hierdie pendulum sukkel wit Afrikaner mans om weer in die werkplek, na aflegging, opgeneem te word.

### 3.6.4.3 Regstellende aksie en die wit Afrikaanse man

Du Toit (2004:39) toon aan dat regstellende aksie van wit mans tweedeklas-burgers maak omdat dit hulle hul waardigheid ontneem. Die wit Afrikaanse man is besorgd oor hulle kanse vir indiensneming en beroepsekerheid. Dit gee ook aanleiding tot gevoelens van magteloosheid omdat daar teen hierdie groep gediskrimineer word en hierdie groep is ook negatief teenoor die proses van regstellende aksie (Olen & Barry, 1991:306).

Die persepsie bestaan dat daar vir die wit Afrikaanse man wat die werksmag in Suid-Afrika betref, geen toekoms bestaan nie. Fisher (1996:30) toon aan dat die persepsie bestaan dat waardevolle vaardighede ook verlore gaan. Onervare, ongekwalifiseerde persone word aangestel en dit ten koste van die maatskappy en die ekonomie van Suid-Afrika. Strydom (1995:159) wys daarop dat slagoffers van regstellende aksie die proses as 'n onreg beleef wat teen hulle gepleeg word.

### 3.6.4.4 Sosiale geregtigheid

Na 1994 met die politieke verandering in Suid-Afrika en die relatief vreedsame oorgawe van die politieke mag was daar ŉ gevoel dat daar ŉ verandering in Suid-Afrika gaan kom. Daar sal weg van die rasgebaseerde onderontwikkeling beweeg word wat armoede tot gevolg gehad het. Hierdie ongelykheid moes aangespreek word (Padayachee, 2006:7). Suid- Afrikaners wat voorheen benadeel was, het onmiddellik verwag dat daar transformasie sou plaasvind en dat dit ŉ verbetering in hulle lewensomstandighede sou bring (Marais, 2001:2).

Transformasie word deur Krog (2005:135) gesien as nie slegs ŉ verandering in struktuur of uitwendige vorm nie, maar die verandering in die deurslaggewende essensie van dit wat verander moet word. Die kwessie van sosiale geregtigheid in die samelewing het ŉ sentrale posisie beklee vandat daar ŉ oorgang van Apartheid was, waar dit oor gelykheid handel. Hoewel die betekenis van gelykheid en sosiale geregtigheid in die literatuur gedebatteer word (Scherlen & Robinson, 2008; Venieris, 2013), het akademici saamgestem dat die konsep van sosiale geregtigheid veel breër en meer toepaslik tot die samelewing is.

Die *Organisation for Economic Cooperation and Development* (OECD, 2011) wys daarop dat die grense van sosiale geregtigheid gedurigdeur, as gevolg van die invloed van kultuur en kulturele faktore, verskuif. Die OECD definieer sosiale geregtigheid as ŉ

kollektiewe doel binne die samelewing wat poog om dit te realiseer, waar te neem asook die handhaaf van gelyke geleenthede en voorregte in terme van lewensmoontlikhede aan al die lede van die gemeenskap. Een van die belangrikste voorstanders van sosiale geregtigheid is Rawls en hy definieer sosiale geregtigheid as die verdeling en herverdeling van goedere. Vir hom kan sosiale ongeregtigheid nie van die konsep van gelykheid losgemaak word nie (Rawls, 2003:58).

**3.6.4.4.1 Rawls se teorie oor sosiale geregtigheid**

Rawls se teorie van sosiale geregtigheid word vandag steeds as die gesagvolste werk gesien as dit by geregtigheid kom. Dit is reeds in 1971 geskryf. Dit is ŉ moreel gebaseerde teorie van gedeelde of verspreide geregtigheid en word deur verskeie skrywers aangehaal onder meer Okin (1989); Cohen (2008); Sandel (2009); Gill (1998) en Mills (1997).

Rawls (2003:58) wys in die breë daarop dat sosiale geregtigheid die volgende basiese elemente insluit:

- Die basiese regte en vryhede: vryheid van denke en vryheid van gewete.
- Vryheid van beweging en vrye keuse van beroep teen die agtergrond van diverse geleenthede, maar ook die vryheid om besluite te hersien en te wysig.
- Reg op ŉ posisie van outoriteit en verantwoordelikheid.
- Reg op inkomste en rykdom .
- Die sosiale regte van self-respek, selfwaarde, selfvertroue en om hulself te verbeter.

Rawls (2001:43) se teorie verbind sosiale geregtigheid met regverdigheid en is op twee beginsels van geregtigheid gebaseer. Die eerste beginsel kom neer op die grootste mate van gelyke vryhede vir almal. Die tweede beginsel is die gelykheid van geleenthede. In hierdie twee beginsels word gelykheid, vryheid en solidariteit geïntegreer. Die vereistes vir gelyke verdeling is dat daar nie ŉ arbitêre onderskeid tussen mense behoort te wees nie. Elke persoon het dieselfde onaantasbare reg tot ŉ volledige stel van gelyke basiese vryhede vir almal. Rawls (2001:43) gaan voort deur te sê dat sosiale en ekonomiese ongelykhede aan twee vereistes moet voldoen:

- Dit word aan ŉ openbare kantoor en werksgeleenthede gekoppel en is oop vir almal en almal moet gelyke geleenthede daartoe kry.

- Dit moet die grootste voordeel bring aan die wat die minste bevoorregte lede van die samelewing is. Hy noem dit die verskil ("*difference principle*") beginsel. Daar moet by die groep wat die minste bevoorreg is, die grootste verskil gemaak word (Rawls, 2001:43).

Rawls (2001:7) wys daarop dat die eerste beginsel (beginsel van vryheid) altyd voor die tweede beginsel (gelykheid van geleenthede) is. Die rol van hierdie beginsels van sosiale geregtigheid is om billik en regverdig teenoor die hele sosiale samelewing te wees en sosiale samewerking aan te moedig. Die eerste beginsel geld vir die konstitusionele strukture en waarborg die politieke en wetlike sisteme by wyse van reg tot vryheid. Die tweede geld weer die werking van die sosiale en ekonomiese sisteme, veral in soverre hulle deur belastingbeleide en verskeie ander benaderings tot sosiale sekuriteit, indiensneming, ongeskiktheidsvergoeding, kindertoelaes, onderwys en mediese sorg geaffekteer kan word (Nagel, 2003:66).

Sosiale geregtigheid as regverdigheid is ŉ gelykmakende siening van geregtigheid. Basiese regte en vryhede moet nie as gevolg van mense se kapasiteit wissel nie, alle mense moet die waarborge van geregtigheid en vryheid beleef (Rawls, 1971:506-512).
Alle mense is op gelyke vryheid (eerste beginsel) geregtig, of jy die kapasiteit vir geregtigheid het of nie, enige ongelykhede is slegs deur middel van die verskil in beginsel regverdigbaar. Die potensiaal wat ŉ persoon vir ŉ sin van geregtigheid en vir moraliteit het, gee hulle die reg om deur die beginsel van vryheid en geregtigheid ingesluit en beskerm te word. ŉ Persoon kan nie van die basiese regte van vryheid ontneem word omdat hul nie die verstandelike vermoë het om dit af te dwing nie.

Hy brei uit oor die tweede beginsel van gelyke geleenthede. Rawls (2001:130) is oortuig dat ekonomiese en sosiale ongelykhede gereguleer moet word, tensy daar werklik ŉ ekonomiese krisis is, moet almal genoeg hê om aan hul basiese behoeftes te voldoen. Dit is vir hom verkeerd dat daar aan sommige lede van die gemeenskap genoegsaam voorsien word terwyl daar ander is, of selfs net ŉ paar is, wat ly. Sy hart lê veral by hulle wat honger en siek is.

Ongelykhede moet beheer word om te verhoed dat een deel van die samelewing die res domineer. Diegene met opvoeding en eiendom moenie toegelaat word om die res van die samelewing te manipuleer en domineer nie. Klasverskille en persepsies van rang is soms vir politieke en ekonomiese ongelykhede verantwoordelik, juis as gevolg

van die dominerende effek daarvan. Beduidende politieke en ekonomiese ongelykhede word ook soms met ongelykhede of sosiale status geassosieer. Indirek word die wat van ŉ laer status is, aangemoedig om hulself as minderwaardig te sien (Rawls, 2001:131). Die uiteinde daarvan is onderdanigheid aan die een kant en arrogansie en ŉ wil om ander te domineer aan die ander kant. Die effek van hierdie ongelykhede het ŉ negatiewe effek op die gemeenskap. Hy is veral krities oor status wat deur geboorte, geslag of ras asook die monopolie en die oorheersing van paar ryk mense toegeskryf word.

Natuurlik sal daar altyd ongelykhede in inkomste wees. Die "verskil benadering" (*difference principle*) waarborg egter ŉ sosiale minimum, soos ook in Suid-Afrika uitbetaal word. Daar is diegene wat die minste bevoordeeldes is, maar hierdie groep moet meer as genoegsame hulpbronne hê (Freeman, 2007:61).

**3.6.4.5 Ekonomiese geregtigheid**

In die grondwet is daar ook voorsiening vir ekonomiese regstellende aksie gemaak wat as diskriminasie, ten gunste van persone wat voorheen benadeel is, geformuleer word en hierdie bevoordeling het ten doel om gelykheid te bevorder (Afdeling 9.2 van die Grondwet). As gevolg van die proses van ongelyke ontwikkeling tydens die Apartheidsjare het die ANC se eerste Makro-ekonomiese beleid ontwikkel die sogenaamde HOP-program behels (Heropbou en Ontwikkelingsprogram van 1994). Die doel was om op ŉ ekonomiese wyse verandering te bring om die gevolge van kolonialisme, rassisme, apartheid en onderdrukkende arbeidsbeleid aan te spreek. Die gedagte met die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram was om ekonomiese groei deur middel van herverdeling te bevorder.

Wat die HOP program suksesvol gemaak het, was die sterk fokus op die bou van ŉ infrastruktuur wat die voorsiening van water, elektrisiteit, moderne vervoer en telekommunikasie bevorder. Die program het ook op die ontwikkeling van menslike kapitaal, deur beter gesondheidsdienste, onderwys en opleiding, gefokus. In 1996 het die GEAR program die lig gesien. GEAR staan vir *Growth, Employment and Redistribution* wat op die herverdeling van rykdom en die regstelling van ongeregtighede van die verlede gefokus het. In 2003 het die staat die Strategie vir Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) deur die Departement van Handel en Nywerheid vrygestel om die nalatenskap van apartheid te oorkom. Hierdie strategie was gefokus

om ŉ sistematiese uitsluiting van die meerderheid van Suid-Afrikaners van volle deelname aan die ekonomie aan te spreek (Department of Trade and Industry, 2003:6). Hierdie SEB program word jaarliks hersien en is tans beter in die volksmond as die B-BEEE bekend.

Hiervolgens is daar beleidsraamwerke ontwikkel met die doel om regstellend op te tree, om veral ekonomiese geregtigheid te bevorder. Hierdie wette sluit in die Wet op Billike Indiensneming, die Wet op die Herstel van Grondregte, die Wet op Voorkeurverkryging, die Geïntegreerde Strategie vir die Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne, die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram, die Nasionale Bemagtigingsfonds, die Strategiese Plan vir die Landbousektor en die Nasionale Program vir die Ontwikkeling van Kleinsake ondernemings. Die Nasionale Vaardigheidsontwikkeling Strategie is ook van stapel gestuur wat veral op die *National Skills Fund* en 25 SETA's (Sectoral Education and Training Authorities) fokus. Die funksie van die Nasionale Vaardigheidsontwikkeling Strategie is om indiensneming van voorheen agtergeblewenes deur middel van opleiding te verbeter (Department of Labour, 2004).

Dit wit Afrikaanse man voel homself na aanleiding van bostaande dat hy uitgesluit is wat die moontlikhede van werksgeleenthede betref.

### 3.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar volgens die praktiese-teologiese model van Osmer op die interpreterende taak deur middel van ŉ literatuurstudie gefokus. Die narratiewe benadering is binne pastorale teologie gevestig wat ŉ onderafdeling van Praktiese Teologie is. Die vraag van Osmer wat aan die orde kom, is: "Hoekom gebeur dit?" Hier is in dialoog met die sosiale wetenskappe getree om vas te stel, volgens die literatuurstudie, wat die identiteit van die wit Afrikaanse man is en hoe dié sy werk beskou. Die begrip "middeljare" is omskryf asook die belangrikheid van werk tydens die middeljare. Die konsep, verpligte aflegging is ook beskryf.

Die interpreterende taak bied insig aangaande die soorte verlies wat persone kan beleef en dat die begeleier hiervan bewus moet wees. Dit het duidelik by die beskrywende-

empiriese taak geword dat die wit Afrikaanse man in sy middeljare met die verwerking van hierdie verlies worstel, wat 'n impak op al sy verhoudinge het. Die verliesverwerkingsmodelle gee aan die terapeut meer inligting en dit help die terapeut om sekere verwerkingsverhale in die gespreksgenote te eien asook om gefokusde vrae te stel waarmee die gespreksgenote kan worstel om sy eie verwerking van die verlies beter te verstaan. Voorts het die realiteit van die nuwe Suid-Afrika aan die orde gekom by wyse van 'n beskrywing oor Regstellende aksie, sosiale- en ekonomiese geregtigheid wat konteks aan die soeke van die wit Afrikaanse man in sy middeljare na werk gee.

Die interpreterend taak is in die navorsing gebruik om gefokusde vrae aan gespreksgenote te stel. Deur dit te doen word die potensiaal daargestel vir die ontwikkeling van alternatiewe verhale vanuit gespreksgenote se verhale van frustrasie.

# HOOFSTUK 4

# DIE NORMATIEWE TAAK

# 4. HOOFSTUK 4: DIE NORMATIEWE TAAK

## 4.1 INLEIDING

Soos reeds in die voorafgaande hoofstukke beskryf, word die prakties-teologiese model van Osmer (2008:4) vir die navorsing gebruik. In hoofstuk 1 het die vraag: "Wat is besig om te gebeur?" aan die orde gekom. Daar is na die verhale van die gespreksgenote geluister en hulle belewenisse asook die betekenis wat hulle gegee het as middeljarige wit Afrikaanse man wat, as gevolg van verpligte aflegging, sy werk verloor het. In hoofstuk 2 is daar na die stem van die verskillende wetenskappe geluister waar die vraag gevra is: "Waarom gebeur hierdie dinge?" Dit het die navorser in staat gestel om deur refleksie weer vrae aan die gespreksgenote te stel. Die doelwit met hoofstuk 4 is om die Normatiewe taak aan die orde te stel, waar die oorweging die volgende is: "Wat behoort te gebeur?"

## 4.2 METODOLOGIE

Die metodologie wat hier gebruik word, behels Osmer (2008:129) se normatiewe taak wat die oorweging vra: "Wat behoort te gebeur?" By die Normatiewe taak is die doel om unieke uitkomste saam met gespreksgenote raak te sien. Hierin is die gespreksgenote se geloofsverhale reeds ingebind wat eintlik die manier is hoe mens 'n keuse maak oor waar om in die Skrif– tesame met kommentare en studies – te gaan soek/verken.

Die gespreksgenote het in hul verhale te kenne gegee dat hulle verhouding met die Here vir hul belangrik is. Die meeste gespreksgenote vertel ook verhale waar hulle, te midde van hierdie krisis van verpligte werksverlies, 'n dieper verhouding met die Here beleef het. Ander beleef weer 'n "wipplank" ervaring in hul verhouding met die Here. Die gespreksgenote vertel ook dat hulle beleef hoe God deur mense vir hulle tot hulp is. Daar is ook gespreksgenote wat met die volgende vraag worstel: "Hoekom, ek, Here?" Die gespreksgenote se verhale is met identiteit asook die soeke na identiteit verweef. Hul verhale vertel ook van 'n emosionele worsteling na verpligte werksverlies. Na aanleiding van die gespreksgenote se verhale help dit die navorser om 'n keuse te maak om die Skrif, ook by wyse van kommentare, te gaan verken.

Vervolgens kom 'n beskrywing van die identiteitsbeskouing van die Christengelowige en sy werksbeskouing vanuit die Skrif aan die orde. Daar word ook na voorbeelde van verlies, rou en hoop in die Skrif verwys asook sosiale geregtigheid vanuit die Skrif.

## 4.3 IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE CHRISTENGELOWIGE

By die identiteitsbeskouing van die Christengelowige word daar oor die mens se identiteit as deel van God se verbond, as beeld van God asook sy identiteit in Jesus Christus besin.

### 4.3.1 Inleiding

In ŉ teologiese antropologie beteken identiteit dat mense ontdek dat God ŉ roeping vir hul gee: om God lief te hê en om mense lief te hê soos hulself. Christengelowiges moet opreg in hulle gehoorsaamheid aan God wees en die wyse waarop hulle God en die naaste liefhet (Louw, 2014: 7). Wat die Christengelowiges en hul identiteit betref leef hul met vrae na wie God is en hoe kan die mens God beter ken, die vraag na onsself en ons selfverstaan, die vraag hoe ek sin van die wêreld daarbuite kan maak en hoe vind ek my plek daarin (Burger, 2005:13-14).

Cilliers (2008:5-6) wys daarop dat die ontdekking van God se identiteit en ook die Christengelowige se identiteit in die heilige ruimtes plaasvind waar God tot die ruimtes toetree, die mens daar ontmoet en Homself aan die mens openbaar. Vervolgens is die Godsbeeld van die Christengelowige nagevors, omdat sy Godsbeeld ŉ impak op sy geloofsidentiteit het. Die vraag wat gevra word, is: "Wie is die mens, in terme van God?"

### 4.3.2 Die mens se identiteit as deel van God se verbond

God neem eerste inisiatief om met die mens in verhouding te staan. Die verbond is die wyse waarop God die verhouding tussen hom en die mense reël (König, 1995:67). Die eerste plek in die Skrif waar ons van die verbond lees, is in Genesis 17:7 "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag." Dit word ook in Levitikus 26:11 en 12 gelees: "Ek sal by julle woon en nie 'n afsku van julle hê nie. Ek sal by julle bly en julle God wees, en julle sal my volk wees."

König (1995:69) gaan voort en wys daarop dat by die verbond God en die mens verantwoordelikhede het. Die klem val meer op God se verantwoordelikheid, en wanneer God sy verantwoordelikheid uitvoer (Jesaja 31:33), stel Hy juis die mens in staat om sy verpligting na te kom (Jesaja 31:34). Daar word in die Skrif altyd van God se verbond met die mens gepraat en nie andersom nie. ŉ Kenmerk van die verbond is

dat God nie toelaat dat die mens deur sy sondige handeling Sy verbond met die mens verbreek nie. Die verbond is in God se hande en nie in die mens se hande nie, dit is Sy keuse of Hy die breuk gaan ervaar. Deur die geskiedenis van Israel en hul ontrou, het die Here nooit die verbond opgehef nie. Inteendeel hy het die verbond in stand gehou en selfs Jesus na die mens gestuur om namens die mens, sy deel van die verbond na te kom en as gawe aan die mens te skenk (König, 1995:69).

Die verhaal van God wat skep word in Genesis 1 en 2 vertel. Hierdie verhaal van Skepper word ook in die wysheidsliteratuur en die profetiese literatuur gevind. Daar is 'n intieme verhouding tussen die skeppende teenwoordigheid van God asook God se voorsiening en sorg. Net soos wat God vir die diere en die voëls sorg sal God ook vir die mens sorg: Matteus 6:26 *"*Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? "

Dit was nie vir God nodig om te skep nie, maar dit was Sy wil. God kies om in verhouding tot Sy skepping te staan. Migliore (2004:100) wys daarop dat God deur sy genade ruimte gemaak het sodat God en mens in 'n verhouding kan staan. God nooi die mens uit om in 'n verhouding met Hom te staan.

**4.3.3 Die mens se identiteit as beeld van God**

Die mens se identiteit word streng deur die feit bepaal dat die mens na die beeld van God (*Imago Dei*) geskep is. *Genesis 1:27* "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep*."* Liefde kenmerk die Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees), wat beteken dat die wat as beeld van God lewe, se lewe deur die liefde gekenmerk moet word, in elke faset van die Christengelowige se lewe.

God het die mens na Sy beeld geskep om in nederigheid sy verteenwoordiger te wees. Die Christengelowige herinner voortdurend andere dat God in beheer van die wêreld is. God het die mens na sy beeld geskep om God hier op aarde te weerspieël sodat die mense kan besef wie God is. Dit is 'n groot verantwoordelikheid wat die Christengelowige het om God se verteenwoordiger te wees. Van Dyke (1997:149) stem saam dat die mens na die beeld van God geskape is en dit bring 'n verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Die mens word rentmeesters van Sy skepping. Beisner (1997:186)

noem dat dit veronderstel dat rentmeesterskap in ŉ positiewe lig gesien moet word. Menslike heerskappy word veronderstel en daarom moet die mens die aarde versorg.

Die Nuwe Testament eggo ook dat Jesus die beeld van God is. Paulus sê in Kolossense 1:15 *"*Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die eerste, verhewe bo die hele skepping*."* Daar staan ook in Hebreërs 1:3 die volgende:

> Uit Hom (Jesus Christus) straal die heerlikheid van God, en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

Vanuit die feit dat Jesus ook die beeld van God is, sal daar na die mens se identiteit in Jesus Christus in die hieropvolgende gedeelte verwys word.

#### 4.3.4 Die mens se identiteit in Jesus Christus

In Jesus se kruisiging en opstanding uit die dood bring Hy herstel in die verhouding tussen God en mens en vind daar versoening plaas. Net soos by die verbond is dit God wat die eerste tree gee, deur Jesus, vanuit Sy liefde, na die wêreld toe te stuur (Johannes 3:16) en so God en die mens met mekaar versoen (McKim, 2001:87). McKim wys daarop dat dit nie slegs God is wat die skepping tot stand bring nie, maar Hy is ook die God wat versoening inisieer en wat die skepping in Jesus Christus nuut maak.

Die openbaring van God is vir die Christengelowige nou met sy godsdienstige narratiewe identiteit verweef. Die Christengelowige se identiteit lê in die wese van Jesus Christus. Stroup (1981:15) beskryf die wese van Jesus Christus as ŉ tweeledige vraag na Christelike identiteit. Eerstens die verstaan wie Jesus van Nasaret is en tweedens wat dit beteken om Jesus as Here te bely. Dit is die kern van die Christelike geloof.

Paulus gebruik die term *ἐν Χριστῷ*, wat beteken dat die mens in Christus is, een met Christus Jesus is. In en deur Jesus Christus is daar vir die mens toegang tot God die Vader. Keck (2000:507) stel dit dat die Christengelowige deel van Christus is, in Christus opgeneem is en deel van sy liggaam is. Die Christengelowige se identiteit is in Christus, toon Kolossense 3:1-3:

> "Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God*."*

As dit waar is, wil die Christengelowige lewe soos wat Christus wil hê ons moet leef en meer en meer aan Hom gelyk wees. Keck (2000:507) wys daarop dat volgens Kolossense 3:4 *("*Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel*."*) is Christus die Christengelowige se lewe en is hulle deel van Sy liggaam en vorm dit hulle identiteit. Die term 'in Christus' veronderstel ŉ nuwe verwysingsraamwerk van waaruit gedink, gevoel en opgetree word. Hawthorne (1996:163-169) stel dit dat die dood en opstanding van Jesus Christus, die Christengelowige noop om sy lewe te herinterpreteer. Om 'In Christus' te wees, is tekenend van die gelowige se identiteit, hier en nou, maar dit het ook ŉ toekomswaarde (Fee, 1995:233). Paulus skets in Filippense 3:20 *("*Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag") dat die Christengelowige burgers van die hemel is, wat ook vir die Christengelowige op sy identiteit dui.

Die gespreksgenote se verhale spreek van lyding en worsteling maar niks, nie eers om hul werk te verloor, kan hulle van hul identiteit in Christus losmaak nie. Romeine 8:35 vra die vraag: *"W*ie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?" Die antwoord word in Romeine 8:38 gevind:

> Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Dit is gerusstellend dat niks die gelowige van die liefde van God kan skei nie. Soms beleef die Christengelowige lyding, soos wat ook die geval met die wit middeljarige Afrikaanse man is wat sy werk, het as gevolg van verpligte aflegging, verloor het. In Filippense 1:29 *("*God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly*.*") word lyding ook as ŉ kenmerk van die lewe van ŉ Christengelowige beskryf. Engberg-Pedersen (2000:91) wys daarop dat,

soos Jesus gely het, ly Paulus en sal die Filippense, asook die hedendaagse mens ook ly.

Die Christengelowige is in Christus en nie in die wêreld nie en daarom word sy lewe deur ŉ nuwe waardestelsel bepaal. Hy het ŉ nuwe identiteit in Christus. Die Christengelowige word nou ŉ dienaar van Christus want sy identiteit is in Christus. Hy staan nou in Christus se diens. Filippense 2:6-11 is die kern van die gelowige se nuwe identiteit in Christus. Wolter (2006:209) toon aan dat dit ŉ identiteit is wat tot selfopofferende liefdesdiens en agting vir ander lei. Christenskap vra nie slegs om Jesus te volg nie, maar dit vra ŉ nuwe identiteit en om die lewe daarvolgens in te rig. Die tweede brief van die Korinte toon op ŉ nuwe identiteit omdat ons aan Christus behoort. 2 Korintiërs 5:1: *"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom".* Gräbe (2006:293) wys daarop dat Paulus nie slegs ŉ nabootsing van Christus hier voorstel nie, maar dat Christengelowiges hul nuwe identiteit sal uitleef.

In die Kolossense brief skryf Paulus breedvoerig oor gelowiges se identiteit. Die rede hoekom Paulus klem op hul identiteit plaas is om hulle voortdurend te herinner wie hulle werklik is. Paulus toon aan dat die gelowiges in Kolosse bekwaam vir die ryk van die lig (Kolossense 1:12-14) gemaak is. Die lesers van die Kolossense brief word opgeroep om vir God dankie te sê omdat God hul bekwaam gemaak het om saam met God te lewe. In Kol 1:12-14 staan die volgende:

> Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik [bekwaam] gemaak het om deel te hê aan die wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

God het die mens uit die mag van die duisternis verlos en na die koninkryk van die Seun gebring in wie daar verlossing en vergifnis van sonde is. In Christus het ŉ verandering in identiteit plaasgevind, van die mag van die duisternis na die koninkryk van die Seun. Gelowiges se lewe word nou deur Christus beheer. Hulle het nou ŉ nuwe identiteit, posisie en status. Hierdie nuwe heerskappy tree nie in werking as die dood ingetree het nie – nee hulle is nou reeds bekwaam gemaak om in die ryk van die lig te leef.

Kolossense 1:14 wys in wie die Christengelowige se verlossing is, naamlik die Seun. Roberts (1997:44) wys hierop dat redding as bevryding beskryf word wat uit die vergifnis van sonde bestaan. In Kolossense 3:9 en 10 word die gelowiges van Kolosse opgeroep om met die ou sondige gewoontes te breek en nou die lewe van die nuwe mens te leef. As nuwe mens moet die Christengelowige ook na die beeld van sy Skepper vernuwe word.

Christelike simbole en waardes word gebruik wat ook op die Christengelowige se identiteit in Christus dui. Die tradisie van die Christendom is ten diepste Christosentries. As Christengelowiges is die belydenis dat God op ŉ unieke, historiese wyse Hom in die wese en lewe en inkarnering van Jesus van Nasaret geopenbaar het. Om identiteit beter te verstaan is dit nodig dat die boodskap van Jesus van Nasaret binne elke kultuur geïnterpreteer moet word. Bosch (1991:452-457) noem die oordrag hiervan "*inculturation*". Hy wys daarop dat die Christelike geloof herdink en herformuleer moet word asook in elke menslike kultuur uitgeleef word. Bosch (1991:452-457) sê dit moet geleef word "in a vital way, in depth and right to the cultures' roots".

As wit Afrikaanse man en binne die kultuur van hierdie groep vind die boodskap van Christus en die identiteit van wie die wit Afrikaanse man is, in Christus neerslag. Die kultuur van die Afrikaanse man ontvang die boodskap van die oorspronklike kultuur en maak dit deel van die grammatika van sy nuwe kultuur. Daar is dus ŉ interaksie tussen die evangelie en kultuur (Bosch, 1991:454). Die hart van die evangelie bly Christosentries, maar die taal, simbole en gebruike mag moontlik van die oorspronklike kultuur se tradisie verskil.

### 4.3.5 Velerlei teksgedeeltes oor die Christengelowige se identiteit in Christus

Daar is velerlei teksgedeeltes uit die Skrif wat in meer besonderhede die Christengelowige se identiteit in Christus beskryf.

**Tabel 4-1: Christengelowiges se identiteit in Christus**

| **Die Christengelowige is** | **Die Christengelowige is** |
|---|---|
| verlos en vergewe – Ef1:6-8 | ŉ heilige – Ef1:1; 1 Kor 1:2; Fil 1:1 |

| | |
|---|---|
| regverdig gemaak – Rom 5:1 | ŉ medeburger in die koninkryk van God- Ef 2:19 |
| vry van enige veroordeling – Rom 8:1 | nader gebring aan Christus – Ef 2:13 |
| ŉ deelgenoot van die hemelse roeping – Heb 3:1 | regverdig en heilig soos God – Ef 4:24 |
| saam met Christus gekruisig – Gal 2:20 | ŉ burger van die hemel – Fil 3:20 |
| ŉ nuwe skepping – 2 Kor 5:17 | gered van die koninkryk van Satan – Kol 1:13 |
| saam met Christus lewendig gemaak – Ef 2:5 | verborge in Christus – Kol 3:3 |
| God se handewerk – Ef 2:10 | uitverkies deur God, heilig en ŉ geliefde van Hom – Kol 3:12 |
| verbind aan die ware wynstok – Joh 15:1,5 | ŉ kind van die lig en nie van die duisternis nie – 1 Thess 5:5 |
| ŉ slaaf van geregtigheid – Rom 6:18,22 | ŉ deelnemer van Christus – Heb 3:14 |
| ŉ tempel van God – 1 Kor 3:16; 6:19 | een van God se lewende stene – 1 Pet 2:5 |
| een in gees met Christus – 1 Ko. 6:17 | deel van die heilige priesterdom – 1 Pet 2:9 |
| **Die Christengelowige is** | **Die Christengelowige het** |
| ŉ vreemdeling vir die wêreld – 1 Pet 2:11 | die volheid van Christus ontvang – |

| | |
|---|---|
| | Kol2:10 |
| ŉ vyand van die duiwel – 1 Pet 5:8 | die ewige lewe – Joh 5:24 |
| die sout vir die aarde – Mat 5:13 | saam met Christus gesterwe vir die mag van sonde – Rom 6:1-6 |
| ŉ lig in die wêreld – Mat 5:14 | die Gees van God ontvang – 1 Kor 2:12 |
| verkies en aangestel om vrug te dra – Joh 15:16 | die gedagtes van Christus – 1 Kor 2:16 |
| ŉ lid van die liggaam van Christus – 1 Kor 12:27 | direkte toegang tot God – Ef 2:18 |
| ŉ dienaar van die nuwe verbond – 2 Kor 3:6 | die bediening van versoening – 2 Kor 5:18,19 |
| | geestelike gesag – Luk 10:19 |

### 4.3.5 Samevattend opmerkings oor identiteitsbeskouing

Die mens is deel van die verbond van God wat beteken dat God eerste inisiatief met die mens neem. Die verbond is in God se hande en nie in die mens se hande nie. God verbreek nie sonder meer sy verbond nie en die geskiedenis is vol bewyse hoe God die mens ook ŉ tweede kans gee. Die mens se identiteit lê ook daarin dat hy na die beeld van God geskep is. Hier, binne die beeld van God, vind die mens die geneigdheid om lief te hê. Die mens se identiteit is om God se verteenwoordiger op die aarde te wees wat ŉ verantwoordelikheid en aanspreeklikheid veronderstel.

Die Christengelowige se identiteit lê ook in die liefde van God, dat hy die mens so lief gehad het, dat Hy sy seun na die wêreld gestuur het. Die Christengelowige se identiteit lê in Christus en daarom wil die mens meer en meer soos Christus word. Die

Christengelowige word ŉ dienaar van Christus, nie net by wyse van nabootsing nie, maar by wyse van inkarnasie deur die werking van die Heilige Gees. Sy lewe word nou deur Christus beheer, daarom eer die Christengelowige Christus in alles wat hy/sy doen. Dit veronderstel dat die lewe nie om die eie ek draai nie, maar om Christus.

## 4.4 WERKSBESKOUING IN DIE SKRIF

In die volgende gedeelte sal daar oor die Ou Testament en werk asook die Nuwe Testament en werk besin word. Werk as ŉ roeping sal in oënskou geneem word en daar sal ook op werk in die werkplek in Suid-Afrika gefokus word.

### 4.4.1 Inleiding

ŉ Definisie van werk oftewel arbeid volgens Heyns is soos volg:

Arbeid is daardie bewustelike-beplande, vormgewende aktiwiteite waartoe die mens van Godsweë geroep word en wat op ŉ buite die arbeidsaktiwiteite gerigte doel gerig is, naamlik: sy eie lewensonderhoud, ŉ algemene lewensontplooiing, op die heil van sy naaste en op die instandhouding van die samelewing (Heyns, 1986:250).Werk is fundamenteel tot die mens se skeppingsbestaan, die uitdrukking en uitvoering daarvan (Cosden, 2006:17). Daar is ŉ verband tussen die werk van God en mense. Reeds in Genesis 1:26 en 28 word hierdie verband gevind waar God ŉ opdrag aan die mens gee om oor die visse, voëls en diere te heers.

> Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip".... "Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.
>
> (Genesis 1:26, 28).

In die skeppingsverhaal, word daar mense gevind wat na die beeld van God gemaak is, wie die opdrag het om te heers en dit te bewerk van wat God gemaak het. Die gedagte wat hieruit voortvloei beteken dat die mens verantwoordelikheid vir die wêreld in die breedste sin van die woord moet neem. Wat die mens maak, waar die mens werk en wat die mens produseer, doen hy met dit wat God tot die mens se beskikking gestel

het. Soos die mens kreatief hiermee met sy eie gawes en talente omgaan, begin die mens al meer en meer word waarvoor hy/sy geroep is om te wees (Haughey, 1989:32).

God skep en gee aan die mens die opdrag om te werk, om te heers, om saam te regeer, om die tuin te bewerk en te bewaak. Die mens werk in opdrag en onder die mandaat van God. Van Wyk (1988:55) wys daarop dat werk sinvol is, indien werk deur die lens van ŉ groter verband van die mens se lewe, roeping en doel en dus ook van God se plan en werk beskou word. Werk is op sy beste, diens. Werk kan bevrydend wees wanneer dit in verband met God se werk gedoen word.

God se werk word soms in menslike terme beskryf, soos byvoorbeeld ŉ bouer (1 Korintiërs 3:10) en dit toon die verwantskap tussen die werk van God en mens. Dit is duidelik dat Jesus in Johannes 5:17 daarop wys dat Sy Vader werk en so ook Hyself. Johannes 5:17*:* "Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.*"*

God se werk moet as eenheid gesien word. Van Wyk (1988:47) wys daarop dat daar drie kernpunte in God se werk met die wêreld is:

- Skepping as werk van die Vader.
- Vleeswording as werk van die Seun.
- Verheerliking as werk van die Heilige Gees.

Dit is tog belangrik om te noem dat die werke van die Drie-eenheid nie los van mekaar staan nie. In die werk van die skepping, verlossing (vleeswording van Jesus) en voleinding (verheerliking) is al drie Persone aan die werk en is hulle saam aan die werk. God handel ook in wysheid, volgens Sy plan en doel. Al God se werke dra die kenmerk van ŉ plan en doel van wysheid. Mense kan soms naby aan hierdie wysheid kom soos Jesaja 11:1,2 aandui maar dit is ŉ gawe van God.

> *"*ŉ Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra. Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.
>
> (Jesaja 11:1,2)

God handel in geregtigheid. God is getrou aan homself. Waar die reg in die skepping deur die sonde verdraai en omgekeer is, stel God dit reg.

> *"*God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk.
>
> (Romeine 1:18).

God se werke is goed. Die goedheid van God se werke kom uit God self omdat God self goed is. 1 Johannes 1:5 beskryf dit in die volgende woorde: " Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.*"* God se werke dui grense aan. Reeds in God se skeppingswerk het God onderskei: daar is plek vir landdiere, plek vir voëls en plek vir seediere en plek vir die mens. God maak ook skeidings in sy skeppingwerk naamlik lig en duisternis, dag teen nag, droë grond teen die oseaan. God se werk dra vrug. God werk skeppend wat beteken dat daar iets tot stand gekom het wat voorheen nie daar was nie.

> *...* soos daar geskrywe staan: "Ek het jou die vader van baie nasies gemaak." Dít is hy in die oë van God in wie hy geglo het, God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord.
>
> (Romeine 4:17).

Wanneer God werk, kom Hy in ŉ besondere verband met sy skepsels te staan. Deur die skeppingshandeling van God ontstaan ŉ verhouding van onderlinge betrokkenheid, van ŉ op mekaar aangewesenheid tussen God en sy skepping. Dit is binne hierdie konteks dat God se werk plaasvind. Vervolgens sal daar op werk in die Ou en Nuwe Testament gefokus word.

#### 4.4.2 Ou Testament en werk

Hier sal vanuit die Ou Testament oor werk besin word. Daar sal veral op Genesis 1-2 gefokus word, asook wat werk na die sondeval betref. Daarna sal daar ŉ oorsigtelike blik oor werk, soos in die Ou Testament vervat, gegee word.

##### 4.4.2.1 Skepping en werk: Genesis 1

Die Bybel se heel eerste sin handel oor werk. Die gedeelte begin deur te verklaar dat God (*Elohim*) die Werker is wat die hele wêreld skep. Die woord "*Elohim*" is hier in meervoud. Dit is duidelik dat hier van meer as een persoon gepraat word. "*In die begin het God die hemel en die aarde geskep"* (Genesis 1:1). Dit is duidelik dat die Drie-eenheid deel van die Skepping was. Die mag van God word ook in die Psalms vanuit God se skeppingsdaad beklemtoon.

- *"K*inders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het." (Psalm 8:3)
- "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend." (Psalm 19:2)
- "In die voortyd al het U die aarde gevestig en die hemele met u eie hande gemaak." (Psalm 102:26)

In God se wysheid het Hy ŉ verskeidenheid wesens geskep: *"U het baie dinge geskep, Here, die aarde is vol van wat U gemaak het, en tog, U het alles in wysheid* geskep" (Psalm 104:24). Genesis 1 beskryf ook die werk van God deur die aarde vir die mens voor te berei om in te leef, te werk en saam te heers. Die natuur van God se werk word as "goed" verklaar:

- *"God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei."* (Genesis 1:4)
- *"God het die droë grond "aarde" genoem, en die waters wat bymekaargekom het, het Hy "see" genoem. En God het gesien dit is goed."* (Genesis 1:10)
- *"Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed."* (Genesis 1:12)
- *"...om oor dag en nag te heers en om lig en donker van mekaar te skei. En God het gesien dit is goed."* (Genesis 1:18)
- *"God het die groot seediere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed."* (Genesis 1:21)
- *"God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed."* (Genesis 1:25)

Nadat God ses dae geskep het, het God teruggekyk en gesê dit was “baie goed”: “*Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.”* (Genesis 1:31).

#### 4.4.2.2 Heers en bewerk: Genesis 1:1-2:4

In Genesis 1:26 en 28 ontvang die mens die opdrag om te heers en om die aarde te bewerk. God is die Skepper en heerser, wat oor al die mag beskik en wat orde uitoefen, so word die mens, wat na die beeld van God geskep is, ook as medeheerser deur God aangestel. Die mens word as vennoot van God gesien maar wat afhanklik van God is. Daarom die verwysing na seën, die mens het God se seën nodig om hierdie werk te kan doen. Die aanduiding as bewerker word ook in Genesis 2:15 gevind waar God aan die mens die opdrag gee om die grond te bewerk. As bewerker van die grond beteken dit om te ploeg, te plant en te oes: “Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas*”* (Genesis 2:15). Oorspronklik, voor die sondeval, was die werk van die mens nie vol dorings en frustrasies nie, maar het hulle ŉ ware gesonde uitdaging gehad om die aarde te tem en tot sy potensiaal te bring. Daar sal by punt 4.4.2.4 op werk na die sondeval gefokus word.

#### 4.4.2.3 Rus: Genesis 2:1-3

God het na sy skeppingswerk voltooi is gerus. God word nie deur sy werk gedryf nie, Hy is nie gelyk aan sy werk nie, maar werk is die funksionele uitdrukking van sy wil. Carson (1994: 24) wys daarop dat hier ŉ duidelike verandering in pas en styl by die sewende dag is. Hier, in hierdie teksgedeelte, word nog nie na die Sabbat verwys nie, maar slegs die sewende dag. Dit belangrikheid van die sewende dag is dat hierdie dag geheilig is. Later het dit as die Sabbat bekend gestaan wat “Hy rus”, beteken.

> Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop. Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het*.*

(Genesis 2:1-3).

Die mens word deur sy rusdag uit sy arbeid weggeroep om te onthou dat hy afhanklik van God en nie van homself is nie. Deuteronomium 8:7-20 wys daarop dat deur die rusdag te vier, dit beteken om die dag aan die Here te gee. Dit word ook duidelik in die wet van die Here in Deuteronomium 5:14 gestel dat die werker ŉ rusdag moet hê.

> Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy.
>
> (Deuteronomium 5:14).

Daarom, wanneer die mens van sy arbeid rus, erken die mens dat God die mens tot werk geroep het, maar ook dat die mens erken dat God steeds die uiteindelike voorsiener van sy behoeftes is (Sherman & Hendricks, 1987:210).

**4.4.2.4 Na die sondeval gaan werk voort**

Die mens se arbeid is nie opsigself ŉ vloek nie. Die verhouding tussen God en mens is na die ongehoorsaamheid van die mens versteur en die mens word uit die paradys verdryf. Werk, as ŉ opdrag, was nie met Adam en Eva se uitsetting uit die paradys herroep nie. Die opdrag om te werk het steeds voortbestaan, maar die karakter daarvan het verander (Green, 2005:15). Werk het in ŉ nuwe dimensie ontwikkel wat vreemd aan die wêreldbeeld van die mensdom was. Genesis 3:17 toon aan hoe dit verander het

> Vir die mens het die Here God gesê: Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank.
>
> (Genesis 3:17).

Die aarde is vervloek en nie die mens nie. Die verhouding met God is versteur en so ook die verhouding met die aarde, maar die mens moet met sy arbeid voortgaan. Die gebod om te bewerk en oor die aarde te heers is nie herroep of verander nie. Adam en Eva is uit die paradys verdryf, maar hulle moes steeds aanhou werk: "*Daarom het die*

*Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is"* (Genesis 3:23). Werk sou net moeiliker wees – Genesis 3:17 wys daarop: "... *met "swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak",* maar hy sou steeds 'n bestaan kon maak, die vrug sou steeds daar wees. Dieselfde geld vir die vrou met geboorte, dit sal nou vol pyn wees, maar daar sal ook, net soos by die man, 'n beloning, naamlik 'n kind wees.

**4.4.2.5 Verskeie ander Skrifgedeeltes oor werk in die Ou Testament**

Salomo het ook oor aspekte van werk geskryf. Salomo wys in Prediker daarop dat die mens sy werk kan geniet: "*God gee aan 'n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet. God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God"* (Prediker 5:18). "*Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is"* (Prediker 2:24). Om jou werk te geniet kom uit die hand van die Here. Die mens word opgeroep om sy werk met vreugde te doen: "*Ek het gesien dat daar niks beter is nie as dat die mens vreugde vind in sy werk; dit is wat hom toekom*" (Prediker 3:22).

Die Eksodus boek vertel die Christengelowige meer van werk, veral wat die bou van die tabernakel betref. In die boek van Eksodus lees die mens van samewerking tussen God en sy mense met die bou van die tabernakel. Die vaardigheid en arbeid wat nodig was om die tabernakel te bou, was 'n intensiewe, kreatiewe gebeurtenis. God het hoë verwagtings van sy mense gehad. God het die spesifikasies van die tabernakel gegee en Moses het opdrag gegee om dit te bou – net soos die plan wat Hy vir Moses op die berg gewys het. God het elke persoon met vaardigheid gebruik om sy plan uit te voer: *"Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon. Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het."* (Eksodus 25:8.9).

*"Die kandelaar is so gemaak: van die voetstuk af tot by die kroonblare is dit van geslae goud. Aäron het dit gemaak volgens die model wat die Here vir Moses gewys het"* (Numeri 8:4).

Eksodus 35:1,2 is belangrik vir die verstaan van die verhouding wat die Skepper met kreatiewe en geskoolde mense het. God skep ’n pragtige wêreld (God sê elke keer na Hy iets geskep het, dat dit goed was en na die sesde dag, verklaar Hy dit was “baie goed”) en God roep mense, God gee aan hulle gawes en vervul hul met die Heilige Gees om skoonheid in hierdie wêreld te bring. So gebruik God elke generasie (Bruckner, 2008:274):

> Besaleël, Oholiab en al die ander vakmanne vir wie die Here die vaardigheid en verstand gegee het om te weet hoe om al die werk aan die heiligdom uit te voer, moet die werk doen soos die Here beveel het.” Moses het toe vir Besaleël en Oholiab geroep en al die ander vakmanne vir wie die Here die vaardigheid gegee het, almal wat aangebied het om die werk te doen.

(Eksodus 35:1,2).

God roep mense en gee aan hulle spesifieke vaardighede om die tabernakel te versier, onder meer mense wat kan weef, borduurwerk en parfuum kan maak. Ander was weer vaardig met goud, silwer en brons asook om edelstene te verwerk.

- *“*Jy moet 'n voorhangsel maak van blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne. Jy moet gerubs daarop laat uitborduur. Hang dit aan vier doringhoutstyle wat met goud oorgetrek is en wat op vier silwervoetstukke staan. Daar moet goue kramme aan die style wees.” (Eksodus 26:30,31).
- “Jy moet 'n tabernakel maak. Gebruik daarvoor tien stukke materiaal: goed geweefde linne en blou, pers en bloedrooi wolstof. Jy moet gerubs daarop laat uitborduur.” (Eksodus 26:1).
- “Jy moet vir die ingang van die tent 'n afskorting maak van blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne. Dit moet borduurwerk wees.” (Eksodus 26:36).
- “Maak daarvan gewyde salfolie, goed gemeng soos wanneer 'n vakman parfuum maak. Dit is die gewyde salfolie.” (Eksodus 30:25).
- “Hulle het ook priesterklere van linne geweef vir Aäron en sy seuns.” (Eksodus 39:27).
- “Kyk, die Here het vir Besaleël uitgekies vir die werk. Hy is 'n seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda. Die Here het hom toegerus met sy Gees sodat hy met

> vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen: ontwerpe maak en dit in goud, silwer en brons uitwerk, edelstene verwerk en monteer, en houtwerk doen. Hy sal enige werk kan doen." (Eksodus 35:30-33).

Die boek Eksodus illustreer ook treffend dat God mense bemagtig om ander te leer. God het van Oholiab en Besaleël meester ambagsmanne gemaak en die gawe gegee om ander op te lei om te kan werk.

> *Di*e Here het vir hom en vir Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, die begaafdheid gegee om ander as vakmanne op te lei. Die Here het aan hulle die vaardigheid gegee om al die werk van 'n vakman te verrig: om te ontwerp, om blou, pers en bloedrooi wolstof en linne te borduur, en om te weef. Hierdie manne kan enige werk doen en ontwerpe maak*."*
>
> (Eksodus 35:34,35).

Om te werk impliseer ook spanwerk. Terwyl die Israeliete besig was om die tabernakel te bou, het God helpers voorsien:" *Ek het vir Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, aangestel om saam met hom te werk. Aan elke vakman het Ek vaardigheid gegee sodat hulle alles kan maak wat Ek jou beveel het."* (Eksodus 31:6).

Vanuit die Bybel lees ons ook dat Salomo opsigters aangestel het. Salomo het tydens die bou van die tempel 70 000 draers en 80 000 klipkappers in diens gehad. Om seker te maak dat die werk gedoen word, het hy 3300 opsigters aangestel.

> *"Salomo het sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge aan die werk gehad, behalwe nog die drie duisend drie honderd opsigters oor die werk, wat moes toesien dat die arbeiders die werk doen."* (1 Konings 5:15,16).

Werkers wat hard werk verdien hul geld en moet volgens Jeremia 22 besoldig word: '*Ellende wag vir hom wat sy huis met onreg bou, sy bokamers met minagting van die reg, vir hom wat sy mense sonder betaling laat werk, wat hulle nie hulle geld gee nie*." (Jeremia 22:13).

Spreuke vermaan baie sterk teen luiheid en die gevolge daarvan as jy nie werk nie.

- *"Harde werk bring beloning; om net te praat, bring gebrek."* (Spreuke 14:23)
- *"Een wat nalatig is met sy werk en een wat alles afbreek, is tweelingbroers."* (Spreuke 18:9)
- *"'n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie."* (Spreuke 21:15)

#### 4.4.2.6 Samevattende opmerkings oor die Ou Testament en werk

Die heel eerste sin in die Bybel wys dat God aan die werk is, dat God skep. As God skep is dit "goed" en selfs "baie goed". God skep die mens met 'n doel, om te heers en te bewerk. Na die sondeval hou werk nie op nie, inteendeel dit gaan voort, maar sou net moeiliker wees. Salomo wys daarop dat die werker sy werk moet geniet en dit met vreugde moet doen. God gee ook verskeie vaardighede vir die werker om Sy plan uit te voer. Hy bemagtig ook hierdie persone wat reeds vaardighede het om ander te leer hoe om die werk te doen. Daar word ook opsigters aangestel wat moet sorg dra dat die werk gedoen word. Dit is ook so dat werk spanwerk behels, dus is werk ook sosiaal. Dit is ook belangrik dat die werker regverdig vir hul harde werk betaal moet word. Werkers word ook vermaan om nie lui te wees nie. Die mens moet ook soos God van sy werk rus, daarmee is dit 'n bewys dat hy/sy afhanklik van God en nie op hom-/haarself is nie.

### 4.4.4 Nuwe Testament en werk

Vervolgens sal daar op Jesus en sy siening van werk asook 'n refleksie op Paulus en werk gefokus word.

#### 4.4.3.1 Jesus en werk

Die tempel was tradisioneel as die plek beskou waar God gewoon het. Jesus verskuif die bediening (evangelie) van die tempel en plaas die evangelie op die straathoeke, op die bergtoppe, by 'n etenstafel en selfs in die hart van werk in die antieke tyd, naamlik vissersbote. Jesus is die ideale model wat gevolg moet word as dit oor die evangelie in die werkplek handel. Jesus se werk is nooit los van die Vader nie (Haughey, 1989:65), daarvan getuig Johannes 5:19: "Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: "Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so." (Johannes 5:19). Johannes 14:10 getuig ook dat Jesus nie los van die Vader werk nie.

> Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen.
>
> (Johannes 14:10).

Jesus het self klem gelê dat, deur werk, mense besig is om in die aktiwiteit van die Skepper te deel. In Matteus 13:55 word Jesus as die Seun van 'n timmerman bekend gestel*: "Is hy dan nie die timmerman se seun nie?"* (Matteus 13:55). Dit is duidelik in Johannes 5:17 dat Jesus ook werk: *"Hy moes hom verweer teen die Jode en het hy gesê: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.""* Jesus het tot die werkende wêreld behoort, net soos sy dissipels en hulle wat na hom geluister het. As Jesus oor die koninkryk van God preek, gebruik Hy voorbeelde uit die wêreld van werk (Droel, 2008:18). Met die vertel van gelykenisse dra Jesus die boodskap uit dat, binne hul onderskeie werke, dit die ruimte is waarbinne God ook kan werk.

- Boer: *"Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer"* (Johannes 15:1)
- Herder: "*Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder*;" (Johannes 10:2)
- Vissers*: "sien Hy twee skuite aan die kant van die meer lê. Die vissers het uitgeklim en was besig om die nette uit te spoel."* (Lukas 5:2)
- Tollenaar*: "Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar."* (Lukas 18:10)
- Slaaf: "*Op die vasgestelde tyd het hy 'n slaaf na die boere toe gestuur om by hulle sy deel van die wingerd se opbrengs te kry."* (Markus 12:2)

In die bergrede (Matteus 6:19-34) word arbeid as die daaglikse voorsiening beskryf wat al sy moeite en sy sorge en die arbeid in belang van die koninkryk van God plaas. Die bekommernis oor die lewe van vandag word ondergeskik aan die koninkryk van God gestel. Daaglikse werk is steeds nodig, maar moet sonder kwellinge en moeite gedoen word. Dit is nie net Jesus wat werk nie, maar ook sy dissipels. Ten minste vier van sy dissipels was vissermanne. Vergelyk die gedeelte in Matteus 4:18-20:

> *"Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas. Hulle was besig om 'n*

> *werpnet in die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep. Hy sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg."* (Matteus 4:18-20).

Jesus stuur die dissipels uit om te gaan werk, om te verkondig dat die koninkryk van die hemel naby gekom het. In die dissipels se opdrag sal hulle vind dat God sal voorsien wat hulle nodig het.

> *"Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee... Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom.' ...en moenie vir die pad 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie. 'n Arbeider is tog geregtig op onderhoud."* (Matteus 10:5, 7 en 10).

Arbeid staan ook nie los van Christus nie. Wie in Christus is, arbei vanuit sy verbondenheid met Christus, tot eer van Christus en in diens van Christus. So word alle dinge, ook arbeid in die naam van die Here gedoen: "*En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."* (Kolossense 3:17).

Matteus ontvang sy roeping van die Here by sy werkplek: "*Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My!" Hy het toe opgestaan en Hom gevolg."* (Matteus 9:9).

Lukas skryf in Handelinge dat die mens ook aan die armes moet voorsien.

> *"Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* (Handelinge 20:35).

#### 4.4.3.2 Paulus en werk

Paulus wys dat Jesus Christus deel van die skepping en dus saam geskep het en dat Jesus die onderhouer van die skepping is.

> *"Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles*

*geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand."* (Kolossense 1:15-17).

Dit is bekend dat Paulus as ŉ tentmaker gewerk het: "... *en omdat hulle net soos hy tentmakers van beroep was, het hy by hulle ingetrek en saam met hulle gewerk."* (Handelinge 18:3).

Paulus werk ook volgens 1 Korintiërs 4:12 en Handelinge 20:34 met sy hande:

- *"...en werk hard met ons eie hande."* (1 Korintiërs 4:12).
- *"Julle weet self dat ek vir myself en vir die mense wat saam met my was, gesorg het deur met hierdie twee hande van my te werk."* (Handelinge 20:34).

2 Tessalonisense 3 help die leser om te verstaan wat Paulus se instruksies oor werk is. Paulus sê aan die gemeente dat hy nie kom leeglê nie, hy het kom werk om nie ŉ las vir die gemeente te wees nie. *"Inteendeel, ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle 'n las te wees nie."* (2 Tessalonisense 3:8b).

Paulus voel baie sterk oor werk as hy in 2 Tessalonisense mense konfronteer wat nie wil werk nie en wat leeglê: *"Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê: "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."* (2 Tessalonisense 3:10).

Die mens het dus ook ŉ verantwoordelikheid en ŉ plig teenoor homself. Hy voorsien nie net deur sy arbeid aan sy eie lewensmiddele nie, maar ook in sy geestelike behoeftes: *"Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het."* (1 Tessalonisense 4:11). Paulus skryf dat dit goed is om self in lewensonderhoud te voorsien en nie afhanklik van ander mense te wees nie. Die konteks van hierdie gedeelte is dat Jesus gou weer sou terugkeer, so waarom moet jou tyd deur werk gemors word. Paulus vermaan hulle in die volgende woorde:

> *"Ons sê dit omdat ons verneem dat daar mense by julle is wat leeglê, wat self nie werk nie en hulle net met ander se sake bemoei. Sulke mense beveel en gebied ons op gesag van die Here Jesus Christus dat hulle hulle aandag by hulle werk*

> *moet bepaal en hulle eie brood verdien. Wat julle betref, broers: Moenie moeg word om goed te doen nie.”* (2 Tessalonisense 3:11-13).

Aan die Efesiërs sê hy in Efesiërs 4:28 dat deur harde werk, word daar in jou lewensonderhoud voorsien: *“As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.”* (Efesiërs 4:28). Paulus wys daarop dat die doel van die mens se arbeid diens aan God is; *“Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.”* (1 Kor 10:31). God het arbeid aan die mens gegee om Hom daarin en daarmee te dien. Paulus leer die gemeente van Korinte dat daar ŉ beloning vir al hul harde werk is: *“Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.”* (1 Korintiërs 15:58).

Paulus dui aan dat hulpverlening en materiële bystand begin die naaste aan die huis, naamlik die huweliksmaat, kinders en familie.

> *“Dit is nou die derde keer dat ek gereed is om na julle toe te kom, en ek sal nie vir julle 'n las wees nie: ek soek nie julle geld nie, maar vir julle. Dit is immers nie die kinders wat vir die ouers sorg nie, maar die ouers vir die kinders.”* (2 Kor 12:14).

Die geloofsgenote is die volgende op Paulus se lys: *“So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.”* (1 Kor 9:14).

#### 4.4.3.3 Samevattende opmerking oor werk in die Nuwe Testament

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Jesus nie los van sy Vader werk nie. Paulus wys daarop dat Jesus ook by die skepping betrokke was en nog steeds die onderhouer daarvan is. As die mens betrokke by werk is, deel die persoon ook in die aktiwiteit van die Skepper. Verskeie beroepe word in die Nuwe Testament vermeld, naamlik: timmerman; boer; herder; vissermanne, tollenaars en slawe en Jesus maak ook van hierdie beroepe in sy gelykenisse gebruik. Jesus stuur mense uit om te werk, hy roep mense om Hom te volg, om vir Hom te werk. Die werk wat die Christengelowige doen, is in Christus, tot eer van Hom en in diens van Christus. Dit is nodig om deur die

persoon se werk aan die eie lewenskoste te voorsien, om nie afhanklik van ander mense te wees nie. Die mens word ook aangemoedig om deur sy werk aan die armes te voorsien. Paulus self het as tentmaker gewerk en het met sy hande gewerk. Hy is baie ernstig oor mense wat leeglê en wys daarop dat die mens moet werk en nie net vir Christus se terugkoms moet wag nie. Paulus sien ook arbeid as diens aan God en wys daarop dat daar ŉ beloning aan harde werk is.

### 4.4.4 Werk as roeping

Werk as roeping het by Martin Luther ontstaan (Volf, 2001:105). Hy het hierdie konsep binne sy lering van regverdiging deur geloof ontwikkel. Vanuit die protestantse geloof interpreteer hierdie groep instinktief werk as ŉ roeping. Die persoon wat werk is eintlik met geestelike groei besig. Gehoorsaamheid, as ŉ roeping van God, word in die alledaagse lewe in die domein van werk vertaal. Werk is ŉ wyse om ook aan die behoeftes van die medemens te voldoen (Cosden, 2006:40). Werk as roeping is nie slegs vir ŉ selektiewe groep beskore nie – vanuit die protestantisme word roeping vir alle gelowiges gesien. Luther se leer oor roeping is op 1 Korintiërs 7:20 gebaseer: *"In die samelewing moet elkeen bly in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het."* (1 Korintiërs 7:20).

Luther verstaan die mens se roeping in die sin dat dit werk insluit. Daar moet net versigtig met Luther se leer oor roeping omgegaan word. Luther se idee van roeping was nie net tot werk beperk nie. Aanvanklik het Luther roeping as ŉ roeping om ŉ kind van God te word beskryf. Hardy (1990:46) interpreteer Luther se siening soos volg:

> More precisely, a vocation is that specific call to love one's neighbor which comes to us through the duties which attach to our social place or 'station' within the earthly kingdom. A station in this life need not be a matter of paid employment, although it may be. As conceived by Luther, our stations include all the typical ways in which we are related to people. Being a husband or a wife is a station in life, as well as being a patient or a child, a magistrate or a subject, a master or a servant, as well as a baker, a cobbler, or a farmer (Hardy, 1990:46).

Dit is duidelik dat roeping vir Luther ook die mens se werk insluit, maar dit is veel meer as om vir jou werk betaal te word. Luther het vanuit ŉ dualistiese roeping vir elke Christen geredeneer en deel roeping in die volgende kategorieë in:

- ŉ Geestelike roeping (*vocatio spiritualis*)
- ŉ Eksterne roeping (*vocatio externa*)

Die geestelike roeping is vir almal wat op God se roeping antwoord om die koninkryk van God binne te gaan. Dit is wat mense as die evangelie ervaar wat aan hul verkondig word. Hierdie oproep is algemeen by Christene wat hul tydens bekering ervaar (Bosch, 1991:125). Die eksterne roeping is ŉ oproep om God en die mensdom in die breë deur ŉ lewensberoep te dien. Luther het probeer om elke dag se konstante werk met die Christelike geloof te koppel. Werk, in elke beroep, en nie net die in kerklike kringe nie, berus op Goddelike roeping. Omdat elke roeping van God kom, is daar nie een roeping (eksterne roeping) wat belangriker vir die Here is as die ander nie.

Volf (1991:109-111) stem nie saam met Luther as dit oor werk as roeping handel nie. Hy stel voor dat die mens ŉ nuwe Bybelse begrip hiervoor kry. Werk as roeping, laat nie meer reg geskied aan die karakter van die hedendaagse werk nie. Hy doen aan die hand dat daar eerder van gawe of charisma gepraat moet word. Roeping moet na Volf se mening losgemaak word van werk. Roeping is vir hom slegs die algemene roeping, om tot bekering te kom en as gelowige te leef. Hierdie algemene roeping vertaal in menigte gawes wat deur individue in die werkplek uitgeleef moet word.

#### 4.4.5 Werkplek in Suid-Afrika

Forster en Oostenbrink (2015:2) skryf in ŉ artikel getiteld: *“Waar is die kerk op Maandag?”* oor die ontwaking van die kerk tot die teologie en praktyk van bediening en sending in die markplein. Deur hierdie artikel wil hulle aantoon dat ’n herontdekking van ’n teologie van werk belangrik is ten einde die kerk in die algemeen asook individuele Christene te bemagtig en vir die bediening in die markplein toe te rus. Die mens is deur God geskep om sy skeppingsdoel uit te leef, en dit geld ook die werkomgewing. Daar is ŉ groeiende bewustheid dat die groot sendingopdrag, soos dit in Matteus 28:18-20 gevind word, net suksesvol kan wees as dit geleef word daar waar mense die meeste van hul tyd spandeer, naamlik by die werk (Forster & Power, 2011:70-71). Forster en Oostenbrink (2015:2) wys daarop dat die kerk nie sy plek in die werkplek volstaan nie

en dat para-kerkorganisasies, soos *Unashamed Ethically,* geweldig die afgelope paar jare gegroei het. Greene (2001:4-8) toon aan dat, as gevolg van ŉ gebrekkige teologie, daar ŉ verwronge beeld van werk is en ekonomie teenwoordig. Dit lei daartoe dat mense die werkplek as ŉ korrupte en bose domein sien. In sulke uiterstes word welvaart en ekonomiese produksie as die produk van gierigheid gesien. Enige wins afkomstig van die werkswêreld is boos en is nie in die wil van God nie. Aan die ander kant kan werk weer slegs as ŉ las gesien word wat net verduur moet word en op Sondae kan daar van hierdie euwel ontsnap word by wyse van die geestelike ervaring en betrokkenheid by die kerk.

Daar is ŉ groot gaping tussen dit wat op ŉ Sondag binne die plaaslike gemeente plaasvind en dit wat lidmate in die week doen. Navorsing wys dat lidmate goed toegerus is om gemeentelike leiding, gebedsbediening en ander gemeentelike bedieninge te gee, maar hulle word nie geleer hoe om konflik, druk, versoeking of etiese dilemmas te hanteer nie, wat meer in die werkomgewing toepaslik is (Greene 2001:4-8; 2010:5-16). Cosden (2006:i) wys daarop dat hierdie kompartementele denke, waar Sondag en Maandag ver van mekaar verwyder is, nie die Evangelie reg verstaan nie. Daar is groot potensiaal vir kerkgroei by die nuwe generasie, wat meer na betekenisvolle verhoudinge in die werkomgewing hunker. Toenemend, met die multi-etniese werkomgewing in die Weste, bied dit die geleentheid om in die lewe van alle nasies ŉ geestelike verskil te maak. Dit beteken dat die kerk nuut oor die rol van die kerk sal moet dink as dit by die werkplek kom asook hoe om lidmate te motiveer om by die werkplek hul geloof uit te leef. Forster en Oostenbrink (2015:7) kom tot die gevolgtrekking dat die kerk weer sy strategie van missionale teologie moet herbesoek. Die kerk moet herfokus op die breë gemeenskap en sy lidmate bemagtig en voorberei om bediening in die markplein te doen, om sodoende gehoorsaam aan God se groot Sendingopdrag te wees.

### 4.4.6 Samevattende opmerkings oor Werksbeskouing in die Skrif

Die tweede hooftema het die soeklig op werksbeskouing vanuit die normatiewe taak, vanuit die Skrif, geplaas. Dit het aan die orde gekom by wyse van ŉ bespreking van werk in die Ou en Nuwe Testament. Daar is oor werk as roeping asook die werkplek in Suid-Afrika en hoe werk uitspeel besin, nie net op Sondae nie maar ook in die week. Vanaf die heel eerste vers in die Bybel word daar oor werk gelees – God skep, God

werk. Daarna skep God die mens met die opdrag om te heers en te bewerk, dus om te werk. Werk is diens aan God en God word deur die werk wat gedoen word, geëer. Daar moet ook van werk gerus word, sodoende besef die mens dat hy afhanklik van God is en nie van hom-/haarself nie. Na die sondeval gaan werk voort, dit word net moeiliker. Werk kry betekenis in Christus. Werk word in Christus, tot eer van Christus en in diens van Christus gedoen.

Elke werk is 'n roeping, 'n "*vocatio externa*". Die Christengelowige se werkplek is nie net 'n plek waar daar geld gemaak word nie. Elke oomblik by die werk is 'n roeping van God en word dit ook 'n plek van aanbidding. Die mens se skeppingsdoel moet ook by die werkplek uitgeleef word. Die uiteinde daarvan is dat die werkplek anders beskou sal word. Christengelowiges sal beter bemagtig moet word om in die werkplek as gelowiges te leef.

## 4.5 BYBELSE VERWYSING NA VERLIES, ROU EN HOOP

Die geloofsgenote het in hul verhale van verliese vertel wat hul, op verskeie vlakke, hetsy emosioneel, finansieel en sosiaal beleef het. Verlies sal vervolgens vanuit 'n Bybelse oogpunt aan die orde kom.

### 4.5.1 Inleiding tot Bybelse voorbeelde van verlies, rou en hoop

Dwarsdeur die Bybel is die tema van verlies en rou toepaslik en sal dit deur die primêre navorser ondersoek en aangetoon word. Met verlies wat mense ervaar kom daar eienskappe van rou voor, soos in die interpreterende taak (Hoofstuk 3) bespreek. Die gespreksgenote het van hul verhouding met die Here vertel en vir die meeste is hierdie verhouding met die Here dit wat hulle staande laat bly het in die krisis van verpligte werksverlies (2.9.5.2.1). Skrifgedeeltes wat met die tema van verlies en rou verband hou en wat vervolgens aan die orde gestel gaan word, is die volgende:

- Genesis 1-4.
- Die boek Rut.
- Die boek Job.

- Psalm 22.
- Johannes 11.

### 4.5.2 Verlies deur God en mens is deel van die heel eerste oomblikke van die mens se interaksie met God in Genesis 1 tot 4

Vanaf die heel eerste hoofstukke in die Bybel, word daar van verliese gelees wat ervaar word. Die eerste verlies in die Bybel word vervolgens hier bespreek, by name die verlies van God, Adam en Eva.

#### 4.5.2.1 Struktuur van Genesis 1-4

Blenkinsopp (1995:2-3) wys op die volgende struktuur van Genesis 1-4.

| | |
|---|---|
| 1: 1-2:4a | Skepping van die wêreld. |
| 2: 4b-3:24 | Die tuinverhaal. |
| 4: 1-16 | Die verhaal van Kain en Abel. |
| 4: 17-24 | Die nageslag van Kain. |
| 4: 25-26 | Set en sy nageslag. |

#### 4.5.2.2 God en mens ervaar verlies: Genesis 2-3

Dit word duidelik gestel dat God die eienaar van die tuin van Eden is (Von Rad, 1987:77). In Genesis 2:9 word melding gemaak van die boom van die lewe en die boom van alle kennis. O'Reilly (1992:165-204) wys ook daarop dat die verwysing na twee bome nie eksklusief aan die verhaal in Genesis is nie, maar dat dit ook in verskeie verhale van die Ou-Nabye-Ooste figureer. Inhoudelik wys Van Wolde (1991:191-206) dat hierdie bome op inhoudelike vlak saam gelees moet word, maar apart hanteer moet word. In Genesis 2:17 word daar gestel dat van die boom van alle kennis mag daar nie geëet word nie, as daarvan geëet word, sal die persoon sterf. Genesis 2:17 handel oor gehoorsaamheid en die lewe, of ongehoorsaamheid en die dood vir die mens. Badenhorst (1994:65) stel dit onteenseglik, dat die eet van die boom van alle kennis ŉ grens is wat nie oorgesteek mag word nie. Die mens is nie toegerus om soos God te wees nie.

In Genesis 3:1 wys Westermann (1990:239) daarop dat die slang nie werklik aan die leser voorgestel word nie, maar daar word eerder op ŉ kwaliteit van die slang gefokus. Die slang word as listiger as al die wilde diere beskryf (Badenhorst, 1994:66). Sawyer

(1992:66-72) wys hierop dat die slang die slim en slinkse een is wat die mens verlei. Die daaropvolgende dialoog tussen die vrou en die slang is deurslaggewend. Die slang begin met ŉ onskuldige vraag: *"Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?"* (Genesis 3:1). Hier word ŉ tikkie simpatie beleef deur hoe die vraag deur die slang aan die vrou gestel word. Die vrou antwoord die slang baie duidelik dat dit ŉ gebod van God is. God voorsien (vrugte van al die bome in die tuin mag ons eet), maar God beskerm hulle ook van gevaar. Vanaf Genesis 3:4 skep die slang wantroue tussen die vrou en God en bring so twyfel mee. Die slang sê vir die vrou dat hulle beslis nie sal sterf as hulle van daardie boom in die middel van die tuin eet nie. Hy gaan voort deur te sê dat God weet dat hulle oë sal oopgaan as hulle van daardie boom eet en hulle sal soos God wees en soos God alles ken. Die absolute vertroue dat God ŉ regverdige en liefdevolle God is, word aangetas. Die slang toon ook nie aan wat die gevolge vir die mens, as hy die grens oorsteek deur van die boom in die middel van die tuin te eet, sal wees nie (Van Wolde 1991:167).

Rasioneel verwoord sy dit in haar gedagtes in Genesis 3:6 soos volg; *"... die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee."* Sy het dit vir haar man gegee om te eet en toe het hul oë oopgegaan, maar nie op die wyse waarop hulle dit beoog het nie – om soos God te wees nie – maar dat hul kaal was. Hepden (1992:21) wys hierop dat Adam en Eva se nuwe "insig" vanuit hulle besluit om ongehoorsaam te wees, hulle eenkant en skuldig laat voel het. Vosloo dui aan dat die tuin oorspronklik ŉ toonbeeld van harmonie tussen die mens en die vrou, en die diere en die natuur was.

> Dit was moontlik omdat daar harmonie tussen God en mens was. Dit is die basis van alle goeie verhoudings. Wanneer dit hier skeefloop, affekteer dit ook die mens se verhouding op alle terreine. Dit is presies wat gebeur nadat die mens en die vrou oortree. Want sonde bring verwydering tussen God en mens omdat dit die harmonie tussen God en mens verbreek. Daarom vermy hulle God se teenwoordigheid
>
> (Vosloo, 1993:14).

Sodra die sonde aan die lig kom, begin die mens homself verontskuldig en soek ŉ sondebok. God ken die waarheid en hy hou die mens daarvoor verantwoordelik. God

kondig die oordeel aan. Die slang word vervloek, die vrou bring met pyn kinders in die wêreld en die man sal met swaarkry ʼn bestaan maak. Dit is duidelik dat die mensdom in sy totaliteit hier in Genesis verlies ervaar. Vrouens (Genesis 3:16) sal baie swaar kry met swangerskappe. Vir die man het God gesê: *"...* met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank...net deur harde werk sal jy eet." (Genesis 3:17,19). Vosloo (1988:17) wys daarop dat die harmonie tussen die mens en God, asook tussen mens en mens (man en vrou), mens en die natuur en mens en arbeid, versteur is deurdat die gestelde grense oorgesteek is. God ervaar verlies want die skepping wat God as goed geoordeel het, is met ongehoorsaamheid en disharmonie besoedel. Deur ongehoorsaamheid verloor hulle bewoning in die tuin, die perfekte harmoniese verhouding met God asook hulle onskuld.

God ervaar ook 'n verlies deurdat die noue verhouding tussen God en mens versuur word (Genesis 3:10-19). Die volkome harmonie het nou aan skerwe gelê omdat daar ʼn breuk tussen God en mens ontstaan het (Vosloo, 1993:16). Die tuin was, volgens Genesis 2:9, ʼn pragtige plek*: "D*ie Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat spruit". In Genesis 2:15 gee die Here die mens opdrag om die tuin te bewerk en op te pas. Na die ongehoorsaamheid het die tuin, volgens Genesis 3:10-19, 'n plek van vrees, skaamte en 'n wegkruipplek (Hepden, 1992:21) geword.

God stuur die mens weg uit die tuin van Eden, waar hy deur harde werk (Genesis 3: 23) sy skeppingsopdrag moet gaan uitvoer om op hierdie lang pad weer gehoorsaam aan God te word. Die mens en sy vrou word uitgedryf en om te verhoed dat hulle terugkom, word die toegang tot die boom van die lewe deur Gerubs en deur ʼn vlammende swaard bewaak wat heen en weer beweeg. Vosloo (1993:16) wys daarop dat "waar die tuin voorheen seën vir die omliggende gebiede gebring het, het die sonde in die tuin nou ook vervloeking vir die grond en die natuur (Genesis 3:17) meegebring." Buite die tuin is daar disharmonie tussen God en mens. Die mens het vir hom ʼn wêreld van disharmonie geskep. Verlies, deur God en mens, is deel van die heel eerste oomblikke waarvan ons in die boek Genesis lees. Daar sal nou, aan die hand van die verhaal van Kain en Abel, verder oor verlies besin word.

### 4.5.3 Verlies in die verhaal van Kain en Abel in Genesis 4

Net na die verlies van Adam en Eva, waar hul ook uit die paradys gedryf is, word daar van hul kinders, Kain en Abel, in Genesis 4 gelees. Dit is ook waar van beide die seuns dat hul ook verliese beleef het.

#### 4.5.3.1 Struktuur van Genesis 4

Die verhaal van Kain en Abel kan struktureel soos volg beskou word:

- Genesis 4:1-5 Die vertelling van die geboorte van Kain en Abel, met begrip van God se seën.
- Genesis 4:6-7 Die gesprek tussen God en Kain oor die mag van sonde.
- Genesis 4:8 Die geveg tussen Kain en Abel.
- Genesis 4:9-15a Die gesprek tussen God en Kain oor die gevolge van sonde.
- Genesis 4:15b-16 Die vertelling van God se beskerming en Kain se vertrek.

#### 4.5.3.2 Kain beleef verlies dat hy nie goed genoeg is nie

Eva het met Kain swanger geword en hom in die wêreld gebring (Genesis 4:1). Met uitbundigheid word hierdie aankondiging gedoen. Die geboorte van die tweede seun, Abel, word nie so opspraakwekkend oorvertel nie (Genesis 4:2). Hierdie geboortes van beide seuns is ŉ bewys van die seën van God. Met albei van die kinders se boerdery gaan dit voorspoedig. Soos wat God vir Adam in 2:15-16 die opdrag gegee het om die land te bewerk, net so is Kain en Abel ook met hul onderskeie boerderye besig.

Kain was ŉ saaiboer en Abel was ŉ veeboer. Beide broers het offers aan die Here gebring. Kain het van die opbrengs van die land ŉ offer aan die Here gebring (Genesis 4:3). Abel het ook ŉ offer gebring, maar van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle vet (Genesis 4:4). God het vir Abel en sy offer aangeneem en nie vir Kain en sy offer nie (Genesis 4:5). Wat die rede is waarom Kain se offer nie aangeneem is nie, is nie duidelik nie. Heelwaarskynlik, juis vanuit Kain se woede, kan die leser aflei dat dit as gevolg van sy gesindheid was dat sy offer nie aanvaar is nie. Kain beleef self hier ŉ verlies aangesien hy, asook sy offer nie goed genoeg geag is nie en hierdie verlies bring emosionele bedruktheid en woede soos in Genesis 4:6 verwoord. Kain was baie kwaad (Genesis 4:6) en het sy broer Abel doodgemaak (Genesis 4:8). Die wyse waarop Kain daarna optree, gee goeie insig hoe persone wat ŉ verlies beleef, soms hul verlies verwerk. Voordat Kain vir Abel vermoor het, het God hom teen die jaloesie gewaarsku wat besig was om in hom te broei (Genesis 4:6). Kain moes kies: of hy kon vir God

luister en sy gesindheid verander; of hy kon toelaat dat sy emosies hom beheer. Vosloo (1993:17) wys daarop dat die breuk tussen God en mens verder versprei het. Om iemand anders se lewe te neem, is nie slegs ʼn daad wat teenoor die betrokke persoon gerig is nie, maar dit druis teen God self in. Slegs God kan lewe gee, daarom mag slegs Hy ʼn lewe neem.

De Man (2000:137) wys daarop dat onverwerkte woede en teleurstelling wat gekoester word en broei, vind hier in moord neerslag. Kain doen egter die sonde; dit gebeur nie met hom nie! Hy het ʼn keuse gehad wat God (*Jahwe*), tesame met die gevolge van die verskillende opsies, baie duidelik vir hom uitgestippel het (Genesis 4:6 en 7). Vosloo (1993:18) wys daarop dat Kain deur God tot verantwoording geroep word, maar hy toon geen berou nie. Kain se straf word in die vorm van ʼn vloek aangekondig (Genesis 4:11). De Man verwoord dit soos volg:

> Dit is interessant om daarop te let dat al drie die strafelemente verband hou met die "grond" wat die bloed van Abel ingedrink het nadat Kain hom doodgeslaan het: Hy word van die (dieselfde) "grond" af verban; wanneer hy in die toekoms "grond" bewerk, sal dit nie vir hom ʼn opbrengs gee nie; en hy sal ʼn doellose swerwer "op aarde/op die grond" wees (Genesis 4:11-12). Dieselfde grond wat Kain bevlek het met sy sonde en Abel se bloed, word nou ʼn teken van sy straf: Hy word dus gedoem tot die swerwersbestaan waarop hy neergesien het
>
> (De Man, 2000:137).

Die straf wat Kain ervaar is nie die doodstraf nie. Dit wys hoe belangrik God lewe sien. Lewe moet gerespekteer en beskerm word.

#### 4.5.3.3 Adam en Eva beleef as ouers verlies met die dood van hul seun Abel.

Kain se optrede bring weer verlies aan sy ouers wat ʼn seun (Abel) verloor het en daarmee verloor hul eintlik ook hul enigste seun Kain, want na die moord op Abel het hy in Nod gaan woon wat "swerwersland" beteken. Om ʼn kind te verloor is traumaties, soveel te meer as sy broer die moordenaar is. Daar word nie presies gelees wat Adam en Eva se gevoel was nie, maar indirek kan die emosies in die woorde van Eva in Genesis 4:25 waargeneem word. Duidelik worstel Eva steeds daarmee as sy haar kind

Set noem en vervolgens die volgende opmerk: *"*God het vir my 'n ander kind gegee in die plek van Abel omdat Kain hom vermoor het*."*

#### 4.5.3.4 Kain se verlies behels ook sy grondgebied

Kain se verlies was dat God hom van die grond af verban het waar hy gesaai het. In Genesis 3:17 het God vir Adam gesê dat met swaarkry sal hy 'n bestaan uit die aarde maak. Nou se God vir Kain in Genesis 4:12*: "*Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal 'n doellose swerwer op aarde word*."* Al wat Kain kon doen was om te boer en sy lewensaar word as gevolg van die moord op Abel, van hom weggevat. Hierdie verlies was vir Kain net een te veel. Hy word nie net van die grond verdryf nie, maar hy ervaar ook dat die Here Sy rug op hom draai en hy vra vir die Here in Genesis 4:13:

> *"*My straf is te swaar om te dra. U verdryf my nou van my grond af en tot U het ek nie meer toegang nie. Ek sal 'n doellose swerwer op die aarde wees en wie my raakloop, sal my vermoor*."*

Die Here gee daarna aan Kain 'n teken in Genesis 4:15 sodat niemand wat hom raakloop, hom sou doodmaak nie. Hierdie teken van Kain was dus nie 'n teken van vervloeking nie, maar van beskerming en genade maar Kain moes steeds van die bekende grond af trek.

### 4.5.4 Verlies in die Rutverhaal

Die Rutverhaal is 'n boek waar verlies voortdurend plaasvind en hoe God mense gebruik om andere in verlies by te staan.

#### 4.5.4.1 Inleiding tot die Rut verhaal

Harrelson (1990:777-778) toon aan dat die boek Rut oor verlies, krisistye en 'n gelukkige einde handel. Hy verwoord dit soos volg: "The book moves from deep human want and need to abundance and rich fulfilment of life, from trials and testing's of life and character to a happy outcome of all the trials." In die verhaal van die boek Rut word daar van traumatiese verliese gelees wat grondgebied, eggenoot, pa, seuns en die verstaan van God betref. Vanuit 'n Joodse Ou Testamentiese perspektief, is die primêre fokus op Rut. Dit word geboekstaaf deur die feit dat Rut 'n Moabitiese vreemdeling is en dat haar kind deur Naomi aangeneem is. Hierdie kind Obed, sou die oupa van Dawid,

die Koning van Israel, wees. ’n Sekondêre tema, is die liefdevolle omgee-verhouding tussen Naomi en Rut. Hulle vriendskap word in die woorde van Rut 1:16 vergestalt: *“... want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God...”*

#### 4.5.4.2 Outeurskap en datering van die boek Rut

Daar is nie duidelikheid oor wie die boek Rut geskryf het nie, maar dit maak dit nie minder belangrik nie. Hierdie boek is in die kanon opgeneem. Wat die datering van die boek Rut betref, wil dit voorkom of die boek in die voor-eksilliese tyd geskryf is en die byvoeging van die geslagsregister, het eers in die na-eksilliese tyd plaasgevind.

#### 4.5.4.3 Die opbou en struktuur van die boek Rut

Prinsloo (1982:11) wys daarop dat die boek op ’n kunstige wyse opgebou is en vorm ’n afgeronde geheel. Om ’n geheelindruk van die boek te kry, word daar slegs na die makrostruktuur verwys. Die boek Rut word volgens Prinsloo (1982:1), in vyf afgebakende perikope verdeel:

##### 4.5.4.3.1 Hoofstuk 1:1-22

a) Verhalende gedeelte: Inleiding: Tyd, plek, probleemsituasie en karakters (1:1-7).
b) Gesprekke:
   Gesprek 1: Naomi en skoondogters (1:8-10).
   Gesprek 2: Naomi en skoondogters (1:11-14).
   Gesprek 3: Naomi en Rut (1:15-19a).
   Gesprek 4: Vroue van Bethlehem en Naomi (1:19b-21).
c) Samevatting en oorgang na hoofstuk 2 (1:22).

##### 4.5.4.3.2 Hoofstuk 2:1-23

a) Inleiding: Nuwe karakter en nuwe situasie (2:1).
b) Gesprek: Rut en Naomi (2:2-3).
c) Gesprek: Boas en graansnyers (2:4-7).
d) Gesprek: Boas en Rut (2:8-15a).
e) Gesprek: Boas en graansnyers (2:15b-16).
f) Handeling: Oorgang tussen voorafgaande en daaropvolgende dialoog (2:17-18).
g) Gesprek: Naomi en Rut (2:19-22).

h) Samevatting (2:23).

#### 4.5.4.3.3 Hoofstuk 3:1-18

a) Gesprek: Naomi en Rut (3:1-5).

b) Handeling: Oorgang tussen voorafgaande en daaropvolgende gesprek (3:6-8).

c) Gesprek: Boas en Rut (3:9-16a).

d) Naomi en Rut (3:16b-18).

#### 4.5.4.3.4 Hoofstuk 4:1-17a

a) Boas, die losser en die oudstes (4:1-12).

b) Handeling: Boas, Rut en die Here (4:13).

c) Vroue van Bethlehem, Naomi en buurvroue van Naomi (4:14-17a).

#### 4.5.4.3.5 Hoofstuk 4:17b-22

a) Kort geslagsregister: Obed tot Dawid (4:17b).

b) Langer geslagsregister: Peres tot Dawid (4:18-22).

### 4.5.4.4 Verskeie verliese in die boek Rut

#### 4.5.4.4.1 Verlies van Naomi en haar twee seuns

In Rut 1:3 word daar vertel dat Elimelek, Naomi se man, sterf. Geen rede of verduideliking word aangevoer nie en geen inligting word rakende Elimelek se begrafnis verskaf nie. Hier vind 'n reuse verlies plaas want die vrou in die Ou Testament was altyd in terme van die man gesien en sodoende word die primêre gesinsverhouding deur die dood herdefinieer. Van 'n getroude vrou verskuif Naomi se status na die van weduwee. Naomi word, as gevolg van die dood van haar man, in 'n tyd van rou geforseer en hierdie rou affekteer ook haar twee seuns (Rut 1:3). Daar is geen aanduiding in hierdie gedeelte hoe Naomi haar verlies verwerk het nie. Ook haar twee seuns beleef die verlies van 'n pa. Tesame met die feit dat die gesin, as gevolg van hongersnood (Rut 1:1), van Bethlehem na Moab moes wegtrek en waar daar nie veel van 'n ondersteuningsisteem teenwoordig was nie, maak hierdie verlies van Elimelek, as man en pa, nog soveel te meer erger. Hierdie verlies is nie net 'n verlies van 'n eggenoot en vader nie, maar ook 'n verlies van land en as weduwee van sosiale stand.

#### 4.5.4.4.2 Verdere verliese van Naomi, Orpa en Rut

Daar word ŉ nuwe verhaal van hoop, met die twee seuns Maglon en Kiljon, geskep. Beide trou (Rut 1:4) met Moabitiese meisies, naamlik Orpa en Rut (Hubbard 1988:93). Nuwe verhoudinge word hier geskep wat ondersteunend met die rouproses kan wees. In Rut 1:5 ervaar die leser nog ’n skok, as beide die twee seuns Maglon en Kiljon,  net so skielik soos hul pa, Elimelek, sterf. Noudat Naomi se man en seuns gesterf het, laat dit Naomi met ’n nuwe krisis in haar lewe. Sy woon op buitelandse grondgebied en die drie persone wat tradisioneel na haar moes omsien, is oorlede. Nielsen (1997:44) noem hierdie krisis ’n omvattende krisis. Naomi en haar familie kom van *“Efrata in Betlehem in Juda”* volgens Rut 1:2. Uit die hart van Israel en die leser sou verwag dat God Sy verbond hier in stand sal hou. Hubbard (1988:91) dui aan dat hierdie familie van Kaleb afkomstig is as gevolg van die verwysing na Efrata. Duidelik was hulle as familie nie die normale familie nie, maar hulle was van aristokratiese afkoms. Hiermee dui Hubbard (1988:91) daarop dat hierdie verlies en die situasie waarin Naomi haar bevind, ’n vernederende tragedie is.

Traumatiese gebeure, soos hierdie intense verlies van ŉ eggenoot en seuns, laat Naomi met dringende besluite wat ter wille van oorlewing gemaak moet word. Verliese laat ons besluite neem wat ons nie andersins sou neem nie. Die lewe vir weduwees, weeskinders en buitelanders was, volgens Nielsen (1997:44), in die Ou Testament as uiters onseker gesien. Naomi neem die besluit om na haar wortels, na Bethlehem (Rut 1:6 en 7) terug te keer. Haar skoondogters (Rut 1:7) het haar na Bethlehem in Juda vergesel. Die rede waarom sy terugkeer is die feit dat *“... die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle ’n goeie oes te gee...”* (Rut 1:6). Die vraag wat gevra kan word, is of God werklik vir die menslike verhaal hier op aarde omgee? Rut 1:6 antwoord hierdie vraag wanner God uitkoms aan Sy volk gee deur aan hulle ’n goeie oes te gee.

Wanneer daar tot die besef gekom word dat God uitkoms aan die mense van Bethlehem gegee het,  is God in hierdie verhaal teenwoordig en is God essensieel tot die verhaal. Die teenwoordigheid van God is fundamenteel deel van Elimelek en sy gesin se verhaal en is deel van hul identiteit. Hierdie familie het vanuit die verbond geleef wat God met Abraham (Genesis 17:7) en sy nageslag gesluit het. Dieselfde Verbondsgod is die God wat die wêreld geskep het en daarom is die verhouding tussen

God en Sy skepping ’n verhouding van intimiteit. Daar is ’n afhanklikheid van die skepping en skepsels waardeur God voorsien.

Die werkwoord פָּקַד (besoek/uitkoms) in Rut 1:6 fokus op die gedagte dat *Jahwe* ’n God is wat diep en betekenisvol omgee, bekommerd is en wat God tot aksie dryf (Hubbard 1988:100). Die traumatiese verliese wat Naomi beleef (haar man en seuns) laat die leser wonder oor die teenwoordigheid van God in hierdie verhaal. Deur die vloei van hierdie narratief in die boek Rut word dit duidelik dat God nie sy Skepping alleen laat nie. As God bekommerd oor Sy volk is wat honger ly en aktief uitkoms bring (hul besoek) hoe sal God, wat die Verbondsgod is, teenoor mense wat verlies ervaar optree?

#### 4.5.4.4.3 Twee weduwees moet in ’n man se wêreld oorleef

Vanaf Rut 2 is die hoofkarakters in hierdie verhaal Naomi, Rut en Boas. Die kruks van hierdie narratief in die boek Rut is dat God mense gebruik om heling te bring. Interpersoonlike verhoudinge tussen hierdie drie hoofkarakters bring lig in Rut en Naomi se lewe. In Rut 1:8-13 moedig Naomi haar twee skoondogters aan om *“liewer terug te gaan na julle ouerhuise toe”* (Rut 1:8). Aanvanklik het beide skoondogters in Rut 1:10 aangedui dat hul saam met Naomi gaan. Naomi het haar versoek weer twee maal herhaal (Rut 1: 11 en 12) en Orpa het besluit om afskeid te neem, maar Rut het by Naomi gebly (Rut 1:14). Rut is lojaal teenoor Naomi en in Rut 1:16 antwoord sy:

> Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan nie en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê ’n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei.”

Naomi en Rut kom in Bethlehem met die aanbreek van die garsoes aan (Rut 1:22). Die leser ervaar saam met Naomi en Rut die gevoel van desperaatheid. Twee weduwees wat in ’n man se wêreld moet oorleef. Beide van hulle is haweloos, daarmee saam is Rut ’n buitelandse vlugteling, ’n Moabiet. Sy is nie deel van die verbond nie, alhoewel sy haar tot die Here verbind het. Rut se geloof in die God van Israel was juis as gevolg van haar verbintenis aan Naomi. In Naomi se verlies speel die lojaliteit van Rut ’n buitengewone rol om Naomi se verlies meer draagliker te maak. Rut kon vir Naomi by wyse van kosvoorsiening tot hulp wees asook deur vir haar ’n toekoms met die geboorte

van Obed te gee. Die liefdevolle verhouding tussen ma (Naomi) en skoondogter (Rut) word treffend in hierdie verhaal geïllustreer en hul spesiale verhouding met mekaar weerklink dwarsdeur die verhaal van pyn en verlies. God gebruik mense soos Boas en Rut in Naomi se verlies. Met die garsoes wat begin het, het Rut besef dat hier 'n geleentheid vir haar is om vir haar en Naomi te voorsien.

#### 4.5.4.4.4 Naomi se worstelstryd met God

Naomi, net soos Job, beleef dat die Here teen haar gedraai het (Rut 1:13b). Job het ten spyte van sy worstelstryd nog aan die Here vasgehou, maar Naomi is openlik verbitterd as gevolg van haar verliese. Haar verstaan van haar verliese is dat God die teëspoed gestuur het. Wanneer Naomi na Bethlehem terugkeer, verwoord sy haar emosies in Rut 1:20: *"*Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak.*"*

Die kontras tussen die naam Naomi, wat aangenaam en soet beteken en die nuwe naam, Mara, wat bitter of verbitterd beteken, is noemenswaardig. Naomi is verbitterd weens die feit dat sy aanvanklik uit Bethlehem as Naomi vertrek het wat soet beteken. Sy het toe nog 'n man en twee seuns gehad. Sy keer terug na Bethlehem as Mara, verbitterd, want sy het haar man en twee seuns verloor, 'n kinderlose weduwee. Verlies kan so intens ervaar word dat dit die persoon se identiteit kan wysig.

Wat sê hierdie situasie van God se natuur? Hoe verstaan ons die Teodisee vraagstuk? Hoe is dit moontlik vir 'n goeie God om sulke seer en kwaad in die skepping toe te laat? Hierdie vrae veronderstel dat die mens in 'n posisie is om God te beoordeel. Die mens se persepsie van goed en kwaad, reg en verkeerd is die meetstok hoe ons God oordeel. Die mens is nie in die posisie om God te oordeel nie, daarvan getuig Job 38-40.

Naomi se selfgesentreerde bitterheid het haar op die seer van haar lewe laat fokus en sy vergeet die mooi herinneringe van haar land, Bethlehem, die getrouheid van haar skoondogters en die unieke lojaliteit van Rut. Haar lewenswyse het plek vir bitterheid gemaak. Verlies kan die mens se perspektief vernietig deurdat hierdie trauma en verlies van Naomi nie net die siening van haarself raak nie, maar dit word ook na haar siening en ervaring van God geprojekteer.

#### 4.5.4.4.5 God voorsien deur menslike handeling

Boas was ’n vermoënde man (Rut 2:1). Die Afrikaanse vertaling is nie so omvattend soos die Hebreeuse teks nie en dit wil voorkom of die vertaling van גִּבֹּור uitgelaat is. Bush (1996:98) beskryf Boas as ’n man wat sterk sosiale status en ’n goeie reputasie daarby gehad het. Die konteks hiervan is dus nie net rykdom nie, maar ook vermoëns en eer. Die verhaal wat hier afspeel, is ’n verhaal van hoe daar aan Rut en Naomi voorsien word en aan die einde van hierdie verhaal, trou Boas met Rut en verwek ’n seun, Obed (Rut 4:13).

God gebruik Boas om uitkoms aan Naomi en Rut te bring. Toe Obed gebore is, het Naomi “die seuntjie op haar skoot gevat en as haar eie aangeneem*”* (Rut 4:16) en die buurvrou het gesê: *“’*n Seun is vir Naomi gebore*”* (Rut 4:17). Die geboorte van Obed is die finale uitkoms in die lewe van Naomi. Wat sy verloor het, is nou weer herstel. Sy het haar toekoms verloor met die verlies van haar man en haar seuns en nou is haar toekoms weer deur ’n geskenk van God herstel. Rut 4:13 beskryf dat die Here self uitkoms gebring het met die bewoording: *“Die Here het haar [Rut] swanger laat word”*. Die belangrikheid van interpersoonlike verhoudinge in die verhaal van verlies word dus kragtig deur die verhaal in die boek Rut beskryf.

#### 4.5.4.4.6 Tussenkoms van God deur Sy seun Jesus Christus

Daar word in Rut 4:14 gelees dat ’n losser gebore is en hierdie seun wat as losser gebore is, is juis in Bethlehem gebore. Dit is ’n tussenkoms van God wat nooit sy skepsels in tye van verlies alleen laat nie. Eeue later sou daar weer in die stad Bethlehem ’n Verlosser, met die naam Jesus, gebore word. Jesus se lewe, dood en opstanding sou die algehele verlossing vir die mensdom bring (Romeine 8:20-23). God het, deur Sy seun Jesus, na die wêreld te stuur (Johannes 3:16) Sy betrokkenheid en liefde aan die mensdom bewys. God se verhouding met die mensdom word op ’n nuwe vlak gefundeer wanneer Jesus, ook in die stad Betlehem, gebore word. Dood en die effek daarvan, wat enige verlies insluit, word in die lewe, dood en opstanding van Christus uitgedaag. Romeine 8:35, 37 getuig dat niks ons van die liefde van Christus kan skei nie, selfs nie eens lyding, benoudheid, gevaar of dood nie.

Paulus skryf aan die Efesiërs as hy daarop wys dat dieselfde kragtige werking van God, wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het, dieselfde mag en krag is wat in die persoon werk wat glo dat Jesus die Seun van God is (Efesiërs 1:19-20).

Lincoln (1990:61) wys daarop dat God, met die sterwe en opstanding van Jesus Christus, ŉ hart vir die mensdom het.

#### 4.5.4.5 Opsomming van die boek Rut

Volgens Prinsloo (1982:108-110) is die kernmomente van die boodskap van Rut soos volg:

a) Daar is ŉ geweldige groot kontras tussen die begin en die einde van die boek Rut. Aan die begin lees ons net van verskeie verliese en ellende waardeur Naomi en Rut moes deurgaan. Dit verskuif van ŉ situasie sonder hoop na ŉ hoopvolle situasie met die geboorte van Obed.

b) Wie bring die verandering van hooploos na hoop te weeg? Dit is baie duidelik dat menslike inisiatief ook hier ŉ rol speel. Daar word nie hande gevou en gewag dat God iets moet doen nie.

c) Daar is ŉ nou verband tussen die menslike handeling en God se handeling. Dit is dus 100% die mens maar ook 100% God.

d) Dit is ook duidelik dat menslike inisiatief sonder die Here se seën tot niks in staat is nie. In punt 4:13 is dit duidelik dat dit die Here is wat vir Rut met die swangerskap geseën het. Dit is God wat die toekoms bepaal, daarom is daar ŉ beperking op die menslike handeling.

e) Interessant, daar word nie van groot skouspelagtige wonderdade van God gelees waar alles net eensklaps reg vir Rut en Naomi verloop nie. Die Here werk as't ware in die agtergrond en op ŉ subtiele manier.

f) God is ŉ getroue God en is ŉ God vir almal. Ook ŉ nie-Israeliet (Rut) het die versorging van God beleef en speel ŉ belangrike rol in die geslagsregister wat op die geboorte van Jesus Christus uitloop.

g) God gebruik mense soos Boas om ander se nood te help verlig. Hier word in die alledaagse lewe godsdienstige beginsels van naasteliefde uitgeleef. Die Here gebruik doodgewone mense, selfs ŉ nie-Israeliet, om sy doel te bereik.

h) God gebruik die noodsituasie van Rut en voorsien nie slegs vir ŉ klein familie nie, maar voorsien vir ŉ volk en die wêreld met die geboorte van Jesus. Dit word tot seën van ons almal.

### 4.5.5 Verlies in die Job verhaal

In die Job verhaal word daar van Job en sy reaksie op die verskeidenheid verliese wat hy beleef het asook sy vriende se gesprekke vanuit die wysheidsliteratuur gelees.

#### 4.5.5.1 Inleiding van die boek Job

Die boek Job word saam met die boeke Spreuke en Prediker tradisioneel as wysheidsliteratuur beskou. Loader (1987:1) wys daarop dat die boek Job allerweë as een van die grootste werke, nie net van die Ou Testament of ou Israel nie, maar van die wêreldliteratuur, beskou word. Die boek Job word uit ŉ proloog en ŉ epiloog saamgestel wat saam ŉ enkel verhaal in prosa uitmaak, en die hoofdeel van Job, bestaan uit digwerk tussenin.

#### 4.5.5.2 Die struktuur van die boek Job

Gevolglik word die hoofmomente van die boek Job hier in struktuur geplaas.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Job word beproef: | 1:1-2:13. |
| 2. | Drie vriende antwoord Job: | 3:1-31:40. |
| 2.1 | Job begin die gesprek: | 3:1-26. |
| 2.2 | Die eerste gespreksiklus: | 4:1-14:22. |
| 2.3 | Die tweede gespreksiklus: | 15:1-21:34. |
| 2.4 | Die finale gesprekrondte: | 22:1-31:40. |
| 3. | ŉ Jong man antwoord Job: | 32:1-37:24. |
| 4. | Die Here antwoord Job: | 38:1-41:25. |
| 5. | Job se situasie word herstel: | 42:1-17. |

#### 4.5.5.3 Inleiding in die Job verhaal

Die boek Job begin met die worstelstryd van ŉ Joodse man met die naam Job wat deur verlies moet werk. Verliessimptome vererger en verdiep met verhoudinge wat verbrokkel. Hierdie verbrokkeling van verhoudinge skep diep negatiewe emosies wat

die mens noop om, of aan die een kant dapper aksies te neem om hoop te weeg te bring, of aan die ander kant om bloot aan ŉ gevoel van selfbejammering te klou. Tullock en McEntire (2009:338) toon aan dat Job al die ortodokse antwoorde geken het as dit by lewensvrae gekom het. Die basisteorie van hierdie ortodokse lewensvrae was, dat as daar reg opgetree word (gehoorsaamheid aan God), sal dit voorspoedig met die individu gaan, maar die teendeel is ook waar, as die individu verkeerd optree (ongehoorsaamheid aan God) sal daar straf wees.

Hierdie basisteorie was bekend soos dit ook in Psalm 1:6 gevind word*: "Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang"* asook Spreuke 3:33 *"Die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is."*

Binne hierdie wysheidsliteratuur het Job dit moeilik gevind om sy eie verliese te hanteer. Job se vriende probeer ook gereeld vir Job teregwys, juis vanweë die vriende se ortodokse siening van lyding. Job het met sy vriende se ortodokse raad geworstel en hierdie optrede van sy vriende het 'n negatiewe effek op sy vriendskap met hulle gehad. Job word as ŉ Hebreeuse patriarg, ryk en ŉ man van aansien geteken asook ŉ persoon wat deur die samelewing gerespekteer word. ŉ Man wat ŉ intense geloofspad saam met God stap en wat eensklaps alles verloor. 'n Tema in Job se wanhoop is die woorde in Job 3:3 en 4: "Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom. Daardie dag moes net donkerte gewees het.*"*

Die woorde versterk die pyn en trauma wat Job gehad het en dit verwys ook indirek na die pyn wat hy met die dood van sy kinders beleef. Verlies en die verwerking daarvan skep 'n geleentheid van keuse. Hierdie rouprosesse kan as 'n gawe van die Here gesien word om ook in die verlies met die Here te worstel en om op hierdie wyse met God te wees. God kan ook hierdie verlies gebruik en dit na iets positiefs omdraai, soos Job later beleef het. Sy verlies is nie slegs ekonomies van aard nie, maar dit het ook ŉ traumatiese effek op nabye verhoudinge. Die persone wat hy die meeste liefhet, sterf. Sy verlies is ook gesondheid georiënteerd as hy sere op sy lyf ontwikkel. Job verloor alles waarvoor hy sy hele lewe lank gewerk het in ŉ oogwink. Die enigste "besitting" wat Job werklik oor het, is sy geloof in God.

Job reflekteer oor sy lewe in Job 3 en verder. Hoe meer Job oor sy lewe en in sy wroeging met die Here reflekteer, kom hy tot ’n punt waar hy oorgee. Job sê vervolgens aan God in Job 42:2: *“N*ou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit.” en Job 42:5 en 6: “Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.*”*

#### 4.5.5.4 Job 1: Dialoog tussen God en Satan

Daar vind ŉ dialoog tussen God en Satan plaas as Satan saam met die hemelwesens voor die Here kom staan, soos in Job 1:6 beskryf: *“Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle”.*

Hierdie dialoog wat volg skep ŉ dramatiese spanning wat rigting aan die narratief van Job gee (Clines, 1989:8). Die leser is in die gunstige posisie want die drama speel vanuit God se oogpunt af. Die leser besef wat hier aan die gebeur is, maar Job is nie hiervan bewus nie. Ten spyte van die verlies wat Job ervaar, bly God dwarsdeur die gesprek in beheer. God begin en eindig die gesprek. In die tweede hemelse toneel is dit ook die geval dat God in beheer bly (Clines, 1989:8).

#### 4.5.5.5 Daaropvolgende reaksie van Job op die enorme verlies wat hy beleef

Clines (1989:34) maak drie belangrike waarnemings oor hoe Job teenoor die verliese wat hy verduur, reageer.

- Handeling gaan woorde vooraf

In Job 1:20 en 21 word die volgende gelees: “Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê*: “*Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.” Job se reaksie dui op die wyse waarop mense in die antieke tyd getreur het. Nie woorde nie, maar dade help Job in hierdie eerste fase van rou.

- Woorde is doelbewus maar min

In Job 1:21 sê hy: *“S*onder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem*.”* Job verklaar sy hulpeloosheid teenoor hierdie verlies. Newsom (1996:352) gee meer agtergrond oor Job 1:21 as hy

aantoon dat die beeldspraak wat hier gebruik word, beter in terme van die Ou Nabye-Ooste se gebruik verstaan kan word om liggame in ʼn fetale posisie tydens begrafnisse te plaas. So word die moeder se skoot die metafoor vir die graf, en inderdaad vir die aarde, van waar die persoon kom en waarna hy toe terugkeer as hy sterf (Ps 139: 13-15). Job kyk hierdie harde realiteit in die oë, as hy besef dat *"God het geneem".* Interessant is dat Job nie dadelik met die Here hieroor praat nie maar eers in hoofstuk 3 en verder.

- *Dade en woorde is konvensioneel en ekstern*

Hierdie woorde van Job in 1:21: *"Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here"* was bekende woorde in die wysheidsliteratuur. Hierdie selfde strekking word in 1 Samuel 2:6-7 gevind: *"*Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom. Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien*."* Job plaas homself in die hande van die Here wat die gewer van die goeie en die slegte is. Die broosheid van die lewe en die diepgaande verlies is net hanteerbaar as dit *Jahwe* is wat gee en *Jahwe* is wat neem (Ps. 4: 27-30).
Newsom sê hieroor dat:

> Human words of blessing addressed to God are an act of worship that reaffirms relationship with God. It is not in spite of his loss but precisely because of its overwhelming dimensions that Job moves from the ritual of grief to words of blessing which echo the liturgical formula in Ps 113:2 (Newsom, 1996:352).

Job gee hiermee uitdrukking aan sy vaste geloof in God wat hom deur sy verlies en rou sal begelei. Dit is belangrik om daarop te let dat in Job se tyd daar nie ʼn siening van lewe na die dood was waar Job en sy vrou hul troos kon vind nie. Job se vrou, die enigste van die familie wat nog geleef het, het Job as't ware aangemoedig om God te vervloek. Interessant is dat Job se vrou nie as een van Job se seëninge in Job 1:2-3 gelys word nie. Dit is ook moontlik dat sy ook een van die beproewinge was wat Job moes hanteer.

In Hoofstuk 3 begin Job sy geboortedag vervloek: Job 3:1 *"Toe het Job begin praat en sy geboortedag vervloek."* Daar is ʼn duidelike kontras tussen die voorafgaande twee hoofstukke en wat hier in Hoofstuk 3 afspeel. Dit is moontlik dat die trauma van skok en

ontkenning deurgewerk is en hy nou woede ervaar. Hy besef nou die volle omvang van sy verlies. Job, die man van geloof, bekla sy lot in wanhoop en moedeloosheid. God het sy vyand geword en hy wens hy was nooit gebore nie (Job 3:3-10).

Job, wat een van die oudste boeke in die Bybel is, bevat heelwat stellings in verband met hopeloosheid vir die dooies. Job sê in 17:13-15:

> *"*As ek my hoop vir ’n huis op die doderyk sou vestig, sy donkerte my bed sou maak, as ek vir die graf sou sê: "Jy is my vader," en vir die wurms: "Julle is my moeder en my susters, watter hoop sou ek dan hê en wie sou vir my enige hoop kon gee*?"*

Oor hierdie verlies skryf Clines (1989:399) dat waarna Job in die dood moes uitsien veel erger as sy huidige situasie is. Hier op aarde het hy die solidariteit van sy familie verloor: in die doderyk (*sheol*) sal hy nie met hulle herenig word nie, maar sal hy eerder die graf en wurms teëkom.

#### 4.5.5.6 Job se drie vriende, Elifas, Bildad en Sofar, se reaksie op sy verlies

Job se vriende het vir hom troos in die verlies wat hy ervaar het gebring, maar hul kon nie anders as om op te tree soos hulle ortodokse geloof hul geleer het nie. Hulle verduideliking van Job se verlies is, getrou aan hul ortodokse geloof, dat daar iewers ongehoorsaamheid in Job se lewe moes wees, daarom al die pyn en lyding wat hul goeie vriend Job ervaar. Die feit dat Job straf beleef, is duidelik vir hulle dat Job iets gedoen het om dit te verdien.

- Elifas, die Telamiet sê in Job 4:8 en 9: "*Ek het ondervind: dié wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook. Deur die toorn van God gaan hulle te gronde, deur sy woede gaan hulle tot niet."*
- Bildad, die Suagiet verklaar in Job 8:4: *"As jou kinders teen Hom gesondig het, het Hy hulle vir hulle oortredings gestraf."*
- Sofar die Naämatiet wys in Job 11:11 vir Job daarop dat: *"God ken skynheilige mense, Hy sien die sonde raak, sonder nader ondersoek."* En ook in Job 11:13: *"Maar jy, as jy jou verstand reg wil gebruik en jou hande in gebed na God toe uitsteek, as jy jou sonde van jou af sou verwyder en nie toelaat dat onreg in jou woon nie, kan jy jou kop sonder skaamte oplig."*

Die drie vriende van Job wou hê dat Job vinnig deur sy verlies moes werk. Dit is duidelik dat die vriende vir Job aanmoedig om bloot sy sonde te bely en dan sal dit beter met hom gaan. Job toon in Job 6:29 aan dat hy nie gesondig het nie: *"Besin julle, moenie dat daar onreg geskied nie, besin julle, my saak is reg."*

Hoe meer Job aandui dat hy niks verkeerds gedoen het nie, hoe meer krities raak die vriende oor hom. Elifas se geduld raak op en hy bevraagteken in Job 22:4-11 Job se verhouding met God. Ook Bildad (Job 8:4-6) en Sofar (Job 11:13-15) lê klem daarop dat Job nou sy sogenaamde onskuld moet laat staan en bely. Job het nie sy geloof verloor nie, inteendeel Job het met die Here bly worstel. Na God se gesprek met Job in Job 38 en verder besef Job dat sy hoop in God is en herbevestig dit God se betrokkenheid by die mens. Job was 'n kritiese denker en het nie by die hermeneutiek van lyding gehou soos in die Bybelse tyd bekend was nie. Die vriende daarenteen kan nie verstaan hoekom Job so optree nie, want hulle het al die antwoorde. Job se integriteit was op sy geloof in God gebou en daarom kon hy God nie sommer meer vaarwel roep nie. Harrison (2013:2016) toon aan dat hierdie reis van Job 'n reis van godsdienstigheid tot openbaring was.

#### 4.5.5.7 Verdere gesprekke tussen Job 29-42

##### 4.5.5.7.1 Gesprekke met Job in Job 29-31

Job hou deurgaans in hierdie gesprekke vol dat hy nie gesondig het nie en konfronteer God daaroor. Hy hou vol dat hy 'n persoon van integriteit is. In hierdie gedeelte hou Job ook aan die trou van God vas, maar wil graag antwoorde op sy lyding hê. Hy is so ernstig daaroor dat hy selfs God vra om van aangesig tot aangesig met hom te praat. Hy wil nie sy geloof verloor nie, maar is nie seker wat hy onder hierdie omstandighede moet doen nie. Job worstel hiermee want hy het grootgeword met die idee dat, as jy straf verduur, dit as gevolg van ongehoorsaamheid is. Hierdie lyding skep meer vrae as enige iets anders want hy verstaan nie wat hier gebeur nie. Job leer die gelowige dat hy/sy in lyding in gesprek met God kan tree.

##### 4.5.5.7.2 Gesprek van Elihu in Job 32-37

Elihu, 'n vierde vriend kom later op die toneel en ook hy deel die siening van lyding van sy tyd in Job 32:6-10. Hy toon aan dat Job nie sonder meer vir God kan afkraak nie.

God gee wel geleentheid om jou sondes te bely en om tot inkeer te kom. Hy maak melding van genade (Job 33:24-26) wat die ander vriende nie genoem het nie.

**4.5.5.7.3 Gesprek van God in Job 38-42**

Die boek van Job bereik sy hoogtepunt as God vanuit ŉ storm met Job praat. God se wysheid vernietig die sogenaamde wysheid van Job se vriende. Die tradisionele en ortodokse verklarings vir Job se lyding word deur God en Job verwerp. Job word deur God geprys, maar hy word ook tereggewys. Met verwagting sien die leser uit hoe lyding verduidelik sal word, maar God antwoord nooit daardie vraag spesifiek nie. Eerstens vra God vir Job ŉ klomp vrae wat Job nie kan antwoord nie, byvoorbeeld in Job 38:4 *"Waar was jy toe Ek die aarde se fondamente gelê het? Praat as jy die antwoord het."* Job kan nie die natuur beheer nie en hy word daaraan herinner dat die heelal se onstaan en bestaan in God se hande lê. Job word tereggewys omdat hy God blameer om sodoende sy eie onskuld te probeer bewys (Job 40:1-2,6). Job kom tot inkeer en bely dat hy nie al die kennis soos God het nie en hy erken dat God al die mag het (Job 42:1-6).

God se vrae aan Job daag hom en alle gelowiges uit om God te vertrou. Juis vanuit God se mag, wysheid en Sy vermoë om die wêreld in stand te hou kan God ook in tye van verlies vertrou word.

**4.5.5.8 Slot van Job in hoofstuk 42:7-17**

God praat met Job se vriende in Job 42:7 *"N*adat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: "Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie*."* So word Job weer voor sy vriende geregverdig. Job is nie iemand wat ŉ wrok hou nie, inteendeel Job se vriende het hom later vyandig behandel, maar Job het in hierdie laaste hoofstuk genade met sy vriende. Hy bid selfs vir sy vriende in Job 42:10. Nadat Job vir sy vriende gebid het, eindig die verhaal dat God vir Job ryklik geseën het. Dit weerklink in Job 42:10b: *"... het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het"* en in Job 42:12 en 13 *"Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry, en ook sewe seuns en drie dogters,"* asook in Job 42:16 en 17: *"Job het nog honderd en veertig jaar*

*gelewe. Hy het sy kinders en kindskinders tot in die vierde geslag gesien. Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad."*

#### 4.5.5.9 Gevolgtrekking van die boek Job

Die boek Job kan as 'n reis van geloof gelees en verstaan word. Die doktrine van vergelding het 'n groot rol gespeel in hoe Job en sy vriende lyding beskou het. Dit was oorsaak en gevolg teologie. As jy verkeerd optree, sal jy gestraf word en ook omgekeerd. Hierdie vergeldingsteologie is moeilik met genade te versoen wat die mens in die Nuwe Testament beleef met verwysing na Rom. 5:8 *("Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.")*

Aan die begin van die verhaal van Job, val Job in aanbidding voor die Here, al het hy reeds so baie verloor (Job 1:21: *"Die Here het gegee, die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.")* Later, soos vroeër aangetoon, het Job met sy vriende en die Here geworstel. Roy (1991:158) argumenteer dat as mense obsessief oor die verlies raak, verskuif die fokus na die mens. Wanneer die fokus van geloof egosentries raak, handel dit net oor die self en dié se behoeftes. Hy toon aan dat meer objektiwiteit benodig word om van onbevredigende siening van die self en geloof na 'n meer omvattende siening van wat werklike aanbidding is te verskuif.

Die leser word met die siening, dat lyding van die regverdige bo menslike logika is, gekonfronteer en uitgedaag. Efird (1982:251-252) toon aan dat die skrywer van die boek Job argumenteer dat 'n mens nie alles wat gebeur rasioneel kan verklaar nie maar 'n mens kan God "ken" en hierdie kennis, dit wil sê die verhouding met God, sal jou deur goeie of slegte tye deurdra. God is God en daar is niemand soos Hy nie, soos wat Job ook in Job 38-40 uitgevind het. Lyding is deel van die lewe hier op aarde en baie keer voel die mens dat hy nie die lyding verdien nie. Job het ook gevoel dat sy lyding onregverdig was – net soos wat die gespreksgenote in hul verpligte aflegging beleef het. Hy het traumatiese verliese beleef wat nie eers as gevolg sy eie toedoen was nie. Die waarheid van die lewe is dat die lewe soms nie regverdig is nie. Job se verhaal leer ons dat daar nie 'n direkte korrelasie tussen 'n regverdige lewe en die afwesigheid van lyding is nie. Nêrens in die Bybel word die gelowige beloof dat hy geen lyding sal ervaar nie. Sogenaamde goeie mense en slegte mense beleef lyding. Die realiteit is dat God nooit vir Job alleen gelaat het nie en die genade van God loop soos 'n goue draad in die verhaal van Job. Job kon sy emosies en hartseer met God deel. Net soos Job, sal die

mens ook nie al die antwoorde vir al sy vrae hê nie maar Job leer ons om in geloof selfs sonder al die antwoorde te leef. God gee Sy liefdevolle teenwoordigheid en genade aan die mens en dit is meer as genoeg om die lewe in die oë te kyk en voluit, te midde van lyding, te leef.

Die Bybel fokus op God wat mense gebruik en as God in die leiersposisie bly, word hoop gesaai. In Job se worstelstryd met sy verlies, het Job gesoek na wie hy vir God is en God openbaar Homself aan Job. Newbegin (1989:128) stel voor dat die evangelie in terme van sy geskiedenis verstaan moet word en dat elke mens op die punt moet kom om oor die vraag: “Wie is ek?” te besin. Die Bybel is die beginpunt van die unieke interpretasie van die mens en die wêreld se geskiedenis en van hierdie wegspringpunt (Die Bybel) moet die mens begin sin maak wat die betekenis en sin van sy/haar persoonlike lewe is.

Job gee aan die leser heelwat praktiese insigte oor hoe om vir mense te begelei as hul ’n verlies verwerk. Wees versigtig om te uitgesproke, soos Job se vriende, te wees. Liefde en omgee se karaktertrek is om te luister, om te wag, mense aan te moedig om aan die Here vas te hou en te bemoedig dat God ook in hul hartseer en seer by hulle is (Jesaja 43:1-5). Verlies diskonnekteer verhoudinge en die wat intense verlies ervaar, beleef heelwat onsekerheid binne hulself. Daar is ’n kwesbaarheid en dit is gelowiges se taak om hulle, wat deur hierdie verlies werk, by te staan sodat hul weer genoeg moed en innerlike krag het om te weet dat hul behoort.

Gutiérrez (1987:96) toon aan dat die boek Job met twee verskillende stemme gelees moet word wat met mekaar verweef is. Aan die een kant moet Job met ŉ profetiese stem gelees word, om die moed te hê om die lyding in die oë te kyk en om selfs ŉ klaaglied voor God te sing. Aan die ander kant moet Job ook met ŉ kontemplatiewe stem gelees word, om stil te raak en binne die hartjie van lyding die ongelooflike interpersoonlike liefde van God te beleef. Om hieroor te mediteer en jou dank aan God te bewys, al is jy besig om deur hierdie lyding te gaan met die wete dat God die mens in sy lyding dra. Gutiérrez som dit op soos volg:

> The journey of prophecy and the journey of contemplation are precisely that: a journey. The road must be travelled in freedom without turning from it because of its pitfalls, and without pretending ignorance of its every new forms, for unjust human suffering continues to be heartrending and insatiable, it continually raises

> new questions and causes new dilemmas. It never ends; neither does protest, after the manner of Job. Although the way of talking about God has become clearer, it continues to be mysterious, as awesome and as alluring as ever (Gutiérrez, 1987:96).

Vir gelowiges, is daar ŉ vorentoe en terugbeweeg tussen hierdie twee stemme. In lyding worstel ŉ mens met God, maar binne die worstel ervaar ŉ mens ook momente van die liefdevolle teenwoordigheid van God in lyding. Om mense in lyding by te staan is dit as't ware nodig om langs mense te gaan staan, sodat hul gevoel van alleenheid verlig word. Om ook seker te maak dat mense na hulself op emosionele vlak omsien en om aan hulle, wat verlies ervaar, hoop te gee.

Loader (1987:7) som die boek Job op en noem dat net God alleen al die geheimenisse van die skepping en die lewe ken. As die mens nie al die kennis het nie en met die geheimenisse van die skepping kan saamleef, kan hy ook met die misterie van die lewe saamleef. Die mens kan nie God in ŉ sekere skema indruk nie, want God is groter as enige teologie of denkwerk. God het wel ŉ diepe respek vir mense wat in hul lyding soms verbitterd raak en selfs verantwoording van Hom eis. God gee nie toe tot die verantwoording nie, maar stap ŉ pad met die rebel. So kan elke mens in sy krisis en in sy lyding rus in die gemeenskap met God vind. Wanneer die mens ŉ persoonlike verhouding met God het (Job 42:5), het die mens nie meer verstandelike antwoorde nodig nie. Dit geld op al die vrae van menslike lyding en mense wat teen God in opstand kom.

### 4.5.6 Psalm 22

In Psalm 22 word daar bekende woorde gevind wat Jesus aangehaal het toe Hy op die kruis van Golgota was. Hier word ŉ soeke na die Here gevind, soveel so dat die Psalmdigter Godsverlate gevoel het.

#### 4.5.6.1 Die Struktuur van Psalm 22

Psalm 22 se struktuuranalise kan soos volg saamgevat word:

- Psalm 22:2-3 Klag
- Psalm 22:4-6 Vertroue

- Psalm 22:7-9 Klag
- Psalm 22:10-11 Vertroue
- Psalm 22:12 Gebed
- Psalm 22:13-19 Klag
- Psalm 22:20-22 Gebed
- Psalm 22:23-32 Lofprysing

**4.5.6.2 Die Genre van Psalm 22, asook Klaagliedere in die besonder**

Dit is duidelik dat die digter hier in sy persoonlike hoedanigheid aan die woord is. Hierdie individu ervaar op verskeie terreine verlies, naamlik verlies aan gesondheid, armoede, valse beskuldigings teen hom, spottery, vrees vir sy vyande maar die ergste verlies is om Godsverlate te wees. Hierdie psalm verwoord die tipiese krisisse en verliese waarmee persone vandag nog worstel. Om die Psalm te dateer is problematies, heelwaarskynlik is die ontstaan van die Psalm tydens die ballingskap. Hierdie psalm word as ŉ Klaaglied van die enkeling beskryf en dit val dus in die skopus van die Klaagliedere. Klaagliedere het ŉ belangrike rol in die godsdiens van Israel gespeel en vind sy oorsprong in die erediens van Israel (Broyles, 2005:265). Die Klaaglied is veral in die erediens gebruik en daarom is hierdie individuele klaaglied van Psalm 22 ŉ individuele gebed maar ook ŉ gemeenskaplike belydenis.

ŉ Belangrike vereiste van die meeste klaagpsalms is ŉ persoonlike verhouding met God, asook ŉ terugverwysing na die Verbondsgod in tye van nood en hoe God redding in die verlede bewerk het. Die teenwoordigheid van God waarborg vir die digter en die volk van God dat hulle gebede verhoor sal word en as God hul gebede verhoor, sal daar redding wees. Nog ŉ voorbeeld van ŉ klaagpsalm is Psalm 141 waar Dawid aan God vashou, juis as dit ook met hom nie goed gaan nie (Brueggemann, 2005:588). Hy roep na God in Psalm 22:1: *"Kom tog gou na my toe, luister tog na my, ek roep na U".* In Psalm 22:9 vra hy dat God hom sal beskerm*: "Beskerm my teen die strik wat hulle vir my gestel het, teen die valstrikke van dié wat onreg doen."*

ŉ Tipiese klaagpsalm bestaan gewoonlik uit twee uiterstes. Psalm 22 is ŉ duidelike voorbeeld waar daar in die klaagpsalms ŉ skielike wending voorkom. Aan die een kant van die spektrum van absolute verlorenheid (God wat ver van die digter is – Psalm 22:2-3) tot aan die ander kant van die spektrum waar God se lofgesange uitbasuin word (Psalm 22:23-32). Hier is ŉ vaste oortuiging dat die klaaggebed verhoor sal word.

McCann (1996:764) stel dit duidelik dat die antwoord nie na die lyding kom nie, maar presies in en selfs uit die worstelstryd van die spesifieke lyding of klag.

#### 4.5.6.3 Inhoud van Psalm 22

##### 4.5.6.3.1 Inleiding

Hierdie Psalm wissel af met ŉ klagte maar ook lofgesange wat die psalm karakteriseer. Die psalmdigter kla dat daar van hom vergeet is, maar adresseer God steeds as "my God". Psalm 22, word as behorende tot die groep "Die klaaglied van die enkeling" beskryf. Presies waaroor die klag handel is nie baie duidelik nie, omdat die digter nie baie spesifiek daaroor is nie. Psalm 22 is ook ŉ tipiese gebed om hulp, maar tog het baie kommentators die Psalm as ŉ unieke psalm beskryf. Die rede is omdat vers 1a deur Jesus aan die kruis aangehaal word (Matteus 27:46; Markus 15:34) en omdat Psalm 22 prominent in die lydingsverhaal van Jesus is (vergelyk die gebruik van vers 7 in Matteus 27:34 en Markus 15:29; vers 8 in Matteus 27:43; vers 15 in Johannes 19:28; vers 18 in Matteus 27:35; Markus 15:24; Lukas 23:34 en Johannes 15:24). Daar is ŉ intensiteit en ŉ mate van inklusiwiteit wat Psalm 22 anders as die res van die Psalms maak. Wat die klag spesifiek betref, bestaan dit veral uit twee belangrike dele:

**a) Psalm 22:1-11**

Psalm 22:1-5 dui aan hoe dit voel om Godsverlate te wees en vanaf vers 6 tot 11 word die skokkende wyse waarop mense optree, vertel.

**b) Psalm 22:12-21**

Psalm 22:12-21 word as ŉ gebed weergegee en weer ŉ klagte van die Psalmdigter. Die psalmdigter gebruik sterk emosioneel gelaaide metafore sodat ons redelik noukeurig ŉ afleiding kan maak. Die bron van sy krisis en klag is aggressiewe vyandskap. Psalm 22:13-21 help die leser om hierdie klag beter te verstaan. Ook die lofprysingsgedeelte in Psalm 22:22-31 word uitgebrei. Hierdie lofprysingsgedeelte val uit in twee dele, naamlik Psalm 22:22-26 en verse 27 tot 31. Hier is ŉ duidelike klag aan die een kant van die weegskaal wat swaar weeg, maar die ontploffende lofprysing weeg swaarder aan die einde. Laasgenoemde maak Psalm 22 uiters uniek en pas dit soos ŉ handskoen om die verhaal van Jesus se lyding en kruisiging te beskryf. Psalm 22 is nie uniek bloot omdat

Jesus hierdie woorde aan die kruis uiter nie, dit word eerder in die Nuwe Testament gebruik omdat dit uniek is.

#### 4.5.6.3.2 Godsverlatenheid: Psalm 22:1-11

Die lied is op die wysie van *Die wildsbok van die daeraad* gesing. Terrien (2003:230) dui daarop dat die LXX se opskrif na hulp verwys wat vroegoggend gegee is. Dit sluit by 'n algemene tema in die Psalms aan dat God in die oggend vroeg uitkoms gee. Psalm 46:6 getuig ook daarvan: *“God sal help nog voor die more kom.”* God word as *“my God”* geadresseer, en verteenwoordig ŉ intieme verhouding met God wat op ŉ diep persoonlike verhouding met die Here dui. Daar was ŉ noue band tussen die Psalmdigter en God. Dit is hoekom die klag so bitter was en waarom die Psalmdigter intense verlies ervaar het. Anderson (1995: 185) gee vir die eerste ses verse die volgende opskrif: Die ondraaglike stilte van God. Die feit dat *“my God, my God”* herhaal word, beklemtoon die ontsettende lyding en geestelike nood wat die digter beleef.

As dit waar is dat hy ŉ intieme verhouding met die Here het, is die vraag noodwendig:” “Hoekom?” Hoekom het God sy eie verlaat? Die werkwoord wat hier gebruik word, is **עֲזַבְתָּ֑נִי.** God wat so naby was, is nou *“vêr”* weg (vers 2). Die woord vêr רָחֹוק kom twee keer voor as die psalmdigter vra dat God sal terugkom (verse 11, 19). Dit is duidelik dat die belewenis van die Psalmdigter se nood en verlies aan sy belewing gekoppel is dat hy Godverlate was. Die ergste vorm van lyding, vir die Ou Testamentiese persoon, was om van God verlate te wees. Verlatenheid het op die verlies van die seën van God gedui en om uit die verbondsgemeenskap verwyder te word. As die digter vra waarom hy alleen gelaat word, druk dit sy vrees uit dat hy van God geïsoleer sal wees. Die twee pole van *“my God”* aan die een kant en *“waarom het u my verlaat”* aan die ander kant, is die diepste lyding wat daar kan wees. *“Verlate wees”* grens aan in die steek laat. Hy roep om hulp maar God hoor nie sy hulpkrete nie. ŉ Sterk kontras word hier tussen die individuele klag en die klag van die voorvaders in vers 6 geskep. God antwoord in vers 3 nie die digter nie, daarom kan hy nie anders as om steeds aanhoudend na God te roep nie, want God antwoord hom nie. Hy gun homself nie rus nie, hy hou aan en aan en wil hê God moet antwoord. Vers 4 is eintlik ŉ geloofsbelydenis, as hy sê maar *“U is tog die Heilige”*. God is verhewe en eerbiedwaardig. God laat mos nie mense in die steek nie. God is hier by sy volk, hoe kan Hy my as psalmdigter nie antwoord nie. Hy

kyk met heimwee terug hoe God die volk bevry het. Hoekom help God nie? Hoekom is Hy vêr weg?

Vers 5-6 staan in  kontras met vers 2. Hy plaas sy nood direk in lyn met die nood van die volk en fokus op hoe God in die volk se nood gereageer het. Hy is mos deel van hierdie volk, hoekom help God hom nie? Vanaf vers 7 word daar  van ŉ totale verlies aan identiteit en minderwaardigheid asook verlies aan menswaardigheid gelees. *"Ek is niks, ek is ŉ wurm, nie ŉ mens nie. Mense spot my en die volk verag my."* In vers 8a spot hulle die digter en steek hulle tong uit as ŉ gebaar van veragting en hul skud hulle koppe spottend. *"Jy, as digter, wat nou glo God sal jou help, waar is jou God nou?"* Mense dryf met hom die spot want in Sy krisis en ellende hou hy steeds aan God vas. Sy eie belydenis dat God die verlossing bring, word teen hom gehou. As God nou sy verlosser is, laat hulle (die spotters) dit sien. Dit is duidelik dat die eer van God nou in vers 9 op die spel kom. Hy pleit in vers 10 en 11 dat daar ŉ sterk band tussen hom en God is.

#### 4.5.6.3.3 Psalm 22:12-22

Vanaf vers 12-21 word van skrikwekkende beelde van die krisis vertel waarmee die psalmdigter worstel. Die eerste deel van vers 12 is ŉ regstreekse bede, net soos in vers 20. Die bede is dat God nie vêr van hom af moet wees nie. Hy raak benoud en God is vêr. Die beelde van wreedaardige mense wat soos beeste uit Basan kom en ook die beeld van verskeurende brullende leeus wys die digter se absolute benoudheid en vrees. Sy smeekgebed in vers 12 sluit by sy klag in vers 2 aan. Vers 2 kla hy dat God hom verlaat het maar nou word dieselfde klag, ŉ smeekgebed dat die Here wat vêr is, vir hom sal help (Terrien, 2003:232).

Hy is in ŉ staat van uitputting in vers 15. Alles voel of dit uitmekaar val, sy hele lewe is besig om weg te smelt. Hy het geen energie meer nie en geen moed om terug te baklei nie. Wat die beeld hier betref wil hy sê dat die digter net so goed soos dood is. Die vyand neem ook aan dat die dood spoedig sal intree en begin klere onder mekaar verdeel (vers 18). Vers 20 wys weer terug na vers 12, met die sleutelterme *"vêr"* en *"help".* Vers 21 wys daarop dat al is daar slegs net ŉ klein bietjie lewe in die bidder oor, bly dit sy kosbaarste besitting (Van Zyl, 1989:602).

Die twee verse, naamlik vers 1 en vers 22b, staan teenoor mekaar. Terrien (2003:233) dui daarop dat vers 22b, *"U het my gebed verhoor!"* die tema van die digter se soeke na en vind van God in lyding is. Vers 22b word deur Declaisse-Walford (2005:148) as die keerpunt van die psalm beskou en dui daarop dat dit ŉ geloofsdaad was. Die God van die verbond het uitkoms gegee. In vers 22c is sy gebed nie tevergeefs nie. Die Here het hom geantwoord en hy sal dit uitbasuin dat almal dit hoor.

Vosloo en Janse van Rensburg (1999:621) wys daarop dat daar byna na elke klaaglied, ŉ skielike wending kom waar die klaaglied na ŉ loflied transformeer. Dit is duidelik dat ŉ klaaglied die leser leer om eerder na God toe in ŉ noodsituasie te vlug en nie weg van Hom af nie. Vertrou God, ook in moeilike omstandighede en so verander klag in lof.

#### 4.5.6.3.4 Psalm 22:23-32

Vanaf vers 23 tot vers 27 gee die digter aan God die eer, want God het naby gekom. Hy dank God in die tempel. Hy doen dit nie alleen nie, maar tydens ŉ fees waar daar baie mense is. Hy roep sy volksgenote op, hy is aan sy medegelowiges verbind. Saam met hom dien hulle die Here en ondervind hulle sy goedheid. Hulle is die nageslag van Jakob, almal broers in die geloof (Van Zyl, 1989:603). Terrien (2003:234) aksentueer die laaste verse soos volg: "From the initial cry of cosmic isolation, the poet now engages himself to live 'for' or 'in' the Lord. The generation to be born shall then proclaim the fidelity of Yahweh to his beloved servant." As God verlossing bring, bring hy vir die wêreld verlossing. Die hele wêreld sal erken dat God die enigste Here is en hulle tot Hom bekeer (Vosloo en Janse van Rensburg, 1999:623).

### 4.5.6.4 Interpretering van die Psalm

Die term: "My God, my God" verskyn elf keer in die Hebreeuse Bybel en is aanduidend van die intieme verhouding tussen die digter en God en hierdie verhouding maak dit moontlik om aan God ŉ paar vrae of klag te stel. Die vokatiewe gebruik van die taal van ŉ klag word tipies gebruik om die moeilike vrae te vra, veral hier in terme van sy gevoel van Godsverlatenheid (Balentine, 1993:99). Vrae wat met die woord לָמָּה begin, is nie noodwendig op soek na antwoorde nie maar word God as't ware aangekla. לָמָּה word hier gebruik om die rede vir hierdie klag of petisie te gee. Onderliggend hieraan is die gevoel van die digter dat hy onskuldig is en wil hy eerlik en ernstig vir God vra om hierdie saak reg te stel. Die verlies en krisis wat hy ervaar is juis omdat God hom

eenkant gelaat het. Dit is vir hom pynlik, in die oortreffende trap, dat die vergelyking van die brul van ŉ leeu gebruik word. Die intensiteit van die pyn is enorm. As digter wil hy slegs hê dat God moet antwoord, heeldag en nag roep hy na God, maar God antwoord nie. Die stilte van God laat hom nie ophou nie en hy hou steeds aan God vas.

Hierdie psalm beklemtoon die konflik wat daar tussen geloof en ervaring is. Hierdie psalm begin met ŉ bitter ervaring van Godsverlatenheid maar eindig op ŉ triomfantelike noot van hernude geloof in God wat tog gehoor het en tot aksie oorgegaan het. Ten spyte van die feit is daar steeds die onderliggende gevoel van onskuldige lyding en Godsverlatenheid. Geen rede word hiervoor gegee nie. Die siekte en die gespot deur die vyand se hoofrede was omdat hulle geweet het dat die digter van God verlate is. Uiteindelik, kan hierdie gedig slegs in die lig van geloof wat getoets word, verstaan word. Die digter beleef die onsekerheid van geloof te midde van konfliksituasie maar hy moet aan die wete vashou dat God tog in beheer is en dat hy God steeds kan vertrou.

#### 4.5.6.5 Wat leer Psalm 22 die leser van God?

1. God is die Heilige: Vers 4 “U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink”.

2. God se liefde is ewig en Hy is aan sy verbond verbind: Vers 5 en 6 “Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered. Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie.”

3. God voorsien van die geboorte af. Vers 10: “U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder.”

4. God verhoor gelowiges se gebede: Vers 22: “Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit. U het my gebed verhoor!

5. God sien die nood en noodlydende raak en hoor sy roepstem. Vers 25: “Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.”

6. God bly in beheer. Vers 29: "... want die koningskap behoort aan die Here; Hy heers oor die volke."

7. God bring uitkoms, nie altyd op die psalmdigter se tyd nie. Vers 32: "Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen."

#### 4.5.6.6 Opsommende gevolgtrekkings uit Psalm 22

Lyding is deel van die alledaagse lewe, hetsy of jy ŉ kind van God is al dan nie. Die Here kan in jou lyding vertrou word en God is betroubaar maar sal uitkoms op sy tyd gee. Wanneer die individu in sy lewe terugkyk, sal hy sien hoe die Here vir hom in moeilike tye daar was. Dit is belangrik dat die individu in sy tyd van krisis, as hy Godsverlate voel, na die verlede kan teruggryp (in die Psalmdigter se konteks, die verbondsgeskiedenis) waar hy aktief God se teenwoordigheid beleef het. Dit is nodig dat die gespreksgenote ook voor die Here hulle nood bring. God hoor die gebed en nood van die noodlydendes, daarom kan God vertrou word om uitkoms op Sy tyd te gee. Volhard in die Here en vertrou God vir uitkoms en as die uitkoms teweeggebring is, loof en prys die Here en getuig van sy uitkoms vir die wêreld.

### 4.5.7 Johannes 11: Die opwekking van Lasarus

#### 4.5.7.1 Inleiding

Daar word nie veel in die Bybel van Jesus se groot word jare tot en met die begin van sy bediening vertel nie. Wat wel bekend is, is dat Jesus ten volle mens was. Jesus het troues bygewoon, vriende besoek, geëet en gedrink, moeg geword en geslaap. Jesus het ook verskeie emosies net soos elke mens gehad, hy het soms jammer gevoel (Markus 1:41), woede beleef (Markus 3:5), deernis met mense gehad (Markus 8:2) en soms was hy teleurgesteld (Markus 8:17; 9:19). Hy het vreugde beleef (Lukas 10:21) en liefde as emosie beleef (Lukas 7:36-50). Jesus het ŉ verskeidenheid menslike emosies beleef.

Die evangelie van Johannes kan in twee gedeeltes verdeel word. Die eerste kan die boek van tekens genoem word (Hoofstuk 2 tot 12). Dit behels Jesus se openbare bediening en die sewe wonders wat hy gedoen het, wat vir mense aangedui het dat Hy

die Seun van God is. Die tweede is die boek van Eer (Hoofstuk 13-20) wat die dood en opstanding van Jesus beskryf.

Aangesien die dood van Lasarus in hoofstuk 11 voorkom sal daar meer in besonderhede na die struktuur van Johannes 1-12 gekyk word.

**4.5.7.2 Die struktuur van Johannes 1-12**

- Johannes 1:1-51 Bekendstelling van die hooffiguur Jesus.
- Johannes 2:1-12:50 Jesus maak Sy heerlikheid in die openbaar deur tekens bekend

**4.5.7.3 Die mikrostruktuur van Johannes 2:1-12:50**

- Johannes 2:1-4:54 Jesus kom geloof sowel as ongeloof by die mense, as antwoord op sy wondertekens, teë
- Johannes 5:1-10:42 Konflik met die geestelike leiers van die dag bou op
- Johannes 11:1-12:50 Jesus openbaar sy heerlikheid om lewe te skenk

**4.5.7.4 Lasarus se opstanding**

Daar is ŉ groter konteks waarvan Lasarus se verhaal een is. Hierdie verhaal van Lasarus se opwekking is die laaste teken waar Jesus vir mense geopenbaar het wie hy is. Jesus is die een wat lewe gee, ook hier in die verhaal van Lasarus. Die ironie is dat Hy lewe gee deur sy eie lewe aan die kruis te gee. Deur Lasarus uit die dood op te wek, het Jesus eintlik begin om sy eie dood in beweging te bring. Die familie wat uit Marta, Maria en Lasarus bestaan was ŉ familie wat vir Jesus liefgehad het, en die gevoel was wedersyds. Maria, Marta en Jesus het ŉ spesiale verhouding gehad. Die feit dat hulle hierdie besondere verhouding gehad het, het nie gekeer dat Lasarus ernstig siek geword en gesterf het nie.

Die verhaal van Lasarus begin met Maria en Marta wat ŉ boodskap na Jesus stuur dat Lasarus siek is. In vers 3 word dit gestel: "Here, hy vir wie U lief is, is siek." Vers 5 dui aan dat "Jesus vir Marta en haar suster en Lasarus liefgehad". Hier word twee verskillende woorde van liefde gebruik: φιλεῖς en ἠγάπα. Dieselfde Griekse woord vir "liefde" (ἠγάπα) word in vers 5 gebruik, as die woord "liefde" (ἠγάπα) wat in Johannes 3:16 gebruik word. Dit word hier beklemtoon dat daar ŉ diep emosionele band tussen Jesus, Maria, Marta en Lasarus was.

Nadat Jesus nog twee dae gebly het waar hy was, sê Jesus vir die dissipels in vers 7: "Kom ons gaan terug na Judea toe". Vanaf vers 7 was daar verskillende gesprekke met die dissipels en in vers 17 word daar gelees dat Jesus na Betanië toe gereis het, daar aangekom het Hy gehoor dat Lasarus al vier dae in die graf is. Die feit dat Lasarus vier dae in die graf was, is betekenisvol want dit dui daarop dat Lasarus werklik dood was. In hul verlies het baie mense na Marta en Maria uitgereik om hulle oor hul broer te troos (vers 19). In die antieke kultuur was dit belangrik om soveel as moontlik roubeklaers te hê want ŉ groot groep was ŉ aanduiding van die familie se eer. In die warm klimaat moes die begrafnis op die dag van sterwe plaasvind het en die rou moes dadelik begin. Volgens die tradisie het mans en vrouens apart in die begrafnisprosessie gestap. Na die begrafnis het die vroue terugbeweeg huis toe om die dertig dae van rituele-rou periode te begin. Vroue het gewoonlik op die vloer gesit en dit het met harde huilklanke en ŉ dramatiese uitdrukking van hul rou gepaard gegaan deur op hul bors te slaan.

Wanneer Marta vir Jesus sien, praat sy in ŉ toon wat sterk aan die klaagliedere herinner. Marta sê vir Jesus: *"Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."* Wanneer ons hierdie gedeelte lees, is dit duidelik dat ŉ versoek hier gerig word, alhoewel hierdie versoek geïmpliseer is. As Marta met Jesus praat, is daar ŉ verwagting dat Jesus iets kan doen om heling in die situasie te bring. Dit is waar van die meeste roubeklaers. Vrae na die teenwoordigheid van God in hul seer, is pynlik, maar werklik. Die meeste roubeklaers lewe met ŉ verwagting dat God iets sal doen en wanneer God nie doen soos die mens dit verwag nie, is daar gronde vir klagtes. Hierdie klagte, is in die hart van Marta en kom vanuit haar diepste rou. O'Day skryf hieroor:

> Commentators are reticent to identify Martha's words here as complaint, seeing them only as an expression of regret and faith in Jesus as a healer. To overlook their edge of complaint, however, is to overlook the thorough going Jewishness of Martha's remarks. Complaint belonged to the language of faith in Judaism (e.g., Psalms 4; 6; 13; 22) and does not cast doubts on Martha's piety
>
> (O'Day, 1995:688).

Die doel van ŉ klaaglied is aanbidding, met die belewenis dat God iets sal doen om verligting te bring. Dit gesê, het Marta steeds ŉ diep vertroue in Jesus gehad as sy in vers 27 sê: *"Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van*

*God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.*" Wanneer roubeklaers van aangesig tot aangesig met die God, te midde van hul hartseer, pyn en rou, kom is daar ruimte en vryheid om met God te praat. Om te sê watter gevoelens beleef word en om openlik, soos klaagliedere, te kla. Dit is in en deur Jesus dat God volledig verstaan wat die lyding van die mensdom is. Om teenoor God te kla is nie ʼn gebrek aan geloof nie toe Marta vir Jesus sê*: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."* Direk hierna word die belydenis van haar in vers 22 gehoor: *"Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra."* Om jou hartseer na die Here te bring, is ʼn uiting van vertroue dat God die God is wat die vermoë het, die liefde en omgee het om hierdie pyn en lyding in Jesus te dra. Hierdie uitdrukking van rou en lyding is nodig om weer bande in ons verhouding met God te herbou.

In vers 33 word daar gelees dat Jesus aangedaan was. *"Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan.*" Na Jesus in vers 34 gevra het waar Lasarus begrawe is, word die enigste verwysing in *(vers 35 "Jesus het gehuil")* die Bybel gevind waar Jesus huil. Hier word verskillende Griekse woorde vir huil gebruik. Die woord wat by Maria in vers 33 vir huil gebruik word, is die woord κλαίουσαν wat hardop huil beteken. Die woord ἐδάκρυσεν wat Jesus se huil beskryf, beteken om sagkens binne jouself te huil, maar die emosie van rou en hartseer was steeds diep. Die feit dat Jesus gehuil het, noop die Jode om tot die volgende gevolgtrekking in vers 36 te kom: *"Kyk hoe lief het hy hom gehad!"*

Dit is nodig om op hierdie woorde van Maria in vers 32 en Jesus se reaksie daarop te fokus omdat daar verskillende betekenis hieraan gegee word. Die konteks van die Lasarus verhaal suggereer dat Jesus se reaksie gesneller was deur Maria se optrede. Vers 32 lees*: "Toe Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en vir Hom gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."* Hierdie woorde van Maria het saam met trane, pyn en hartseer gekom. Die gevolg was dat Jesus (v 33) se gemoed vol geskiet het en Hy was aangedaan. Dit wil voorkom of Jesus deur simpatie, meegevoel en hartseer beweeg is. Hy het vir Maria jammer gevoel want hy het haar hartseer beleef. Jesus self was vir Maria, Marta en Lasarus lief, hy het ook oor sy goeie vriend gerou. Daar is nie by kommentare konsensus oor hierdie betekenis van simpatie, meegevoel en hartseer van Jesus nie.

Story (1991:51) wys daarop dat daar ŉ dubbelvertaling teenwoordig is. Die Griekse woord ἐνεβριμήσατο wat in die Afrikaanse vertaling met aangedaan vertaal is, kan ook beteken om te snuif oftewel te snork soos ŉ perd, wat eerder beteken dat Jesus kwaad was, om te skel of te bestraf. Moloney (1998:341) wys daarop dat Jesus nie vanuit simpatie met die noodlydendes nie of deur hartseer gereageer het nie.

Deur die studie word dit al moeiliker om die redenasie dat Jesus simpatie met Maria gehad het, te ondersteun. Jesus se woede by Betanië was heelwaarskynlik deur die teenwoordigheid van die Judese owerheid aangemoedig en was eintlik op hulle gerig. Van die owerhede het na Betanië gekom met die bose doelstelling om nog ŉ rede te vind om ŉ saak teen Jesus te bou (Milne, 1993:168). Jesus het hulle teenwoordigheid as ŉ bedreiging ervaar en daarom Jesus se optrede. Jesus se woede het niks met die opmerkings van Maria te doen nie. Jesus is nie teen die tradisie waar mense oor die verlies van ŉ geliefde rou nie. Jesus is kwaad en woedend oor hulle wat lyding veroorsaak, veral teenoor die wat onskuldig is. Jesus se woede teenoor die Judese owerhede, trek die mens se aandag na die belangrike sake van Lasarus se verhaal, naamlik God se identiteit en God se liefde. God gee om vir hulle wat deur moeilike, hartseer tye gaan en hier word ook aangedui dat Hy vir die wat ly omgee. In vers 38 word dieselfde woord vir aangedaan weer gebruik.

Jesus vra in vers 39 dat die klip verwyder moet word, maar Marta herinner Jesus dat Lasarus reeds vier dae dood is, en dit word deur die term "hy ruik al" geaksentueer. Jesus reageer in vers 40 dat dit hier oor die mag van God handel (Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?"). Dit sluit nou aan by wat Jesus in vers 4 gesê het – "Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

Die klimaks van die verhaal is verse 43-44 waar Jesus met ŉ harde stem uitroep: *"Lasarus, kom uit!"* In Johannes 11:1-45 demonstreer Jesus ŉ omgekeerde benadering tot die dood wat die hele benadering tot dood verander het. In hierdie gedeelte, as Jesus vra dat die klip (grafsteen) weggerol moet word, verbreek Jesus die sosiale grense en antieke taboes van die kontak van die lewendes met die dooies. Die intensionele nabyheid van Jesus tot die siekes en die dood was in skerp kontras

teenoor die antieke Judaïsme wat die menslike oorskot as ŉ bron van onreinheid gesien het. Daar word daarna in Numeri 19:11-13 verwys:

> Iemand wat aan die lyk van 'n mens raak, sal sewe dae lank onrein wees. Hy moet hom op die derde en die sewende dag met die reinigingswater reinig, dan sal hy rein wees. As hy hom nie op die derde en die sewende dag reinig nie, bly hy onrein. Elkeen wat aan die lyk van 'n mens raak en homself nie reinig nie, verontreinig die tabernakel van die Here. So 'n persoon moet van Israel afgesny word. Omdat die reinigingswater nie op hom gesprinkel is nie, is hy onrein, en bly sy onreinheid op hom.

Aries (1981:30) toon aan dat die heidense Romeinse wêreld negatief oor die dooie liggaam geoordeel het. Die betekenis wat hul daaraan geheg het, was dat so liggaam ŉ afsku vir die gode was. Daarom moes daar dadelik ŉ afstand tussen die dooies en die lewendes gebring word. Die dooies moes *extra muros*, buite die mure van die stad, begrawe word. Jesus se omgee strek oor die grense van mense wat siek en dood is. Jesus het ŉ hart vir mense wat treur, mense wat siek is. Hy verstaan mense se hartseer en die rou wat hulle beleef.

Net soos wat Jesus in die sinoptiese evangelies uitgeroep het voordat hy gesterf het, net so roep hy vir Lasarus uit die graf met ŉ harde stem (Johannes 11:43; Matteus 27:50; Markus 15:37; Lukas 23:46). Jesus se dood en opstanding en Lasarus se dood en opstanding handel albei oor die eer van God (Johannes 11:40; 17:1;21:19). Wanneer Jesus Lasarus se graf nader, is Jesus reeds besig en op pad om die mag, krag en die vrees wat die dood oor mense het, te oorwin. Lasarus se opwekking gee eer aan God en bevestig Jesus se spesiale verhouding met sy Vader. Jesus se eie opstanding bring so ook eer tot die Vader en bevestig Jesus se identiteit as die een wat deur die Vader gestuur is. Lasarus se dood en opstanding is eintlik ŉ voorskou van Jesus se eie dood en opstanding.

In beide hierdie verhale van Lasarus en Jesus se opstanding word daar van ŉ graf en ŉ klip gelees wat verwyder moet word. Lasarus het grafdoeke (Johannes 11:44 "*Die oorledene het uitgekom. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak hom los dat hy kan huis toe gaan.")* en ŉ kopdoek aangehad terwyl in Jesus se geval het die doeke daar gelê (Johannes 20:6 *"Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die*

*graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê...")* Lasarus het uit die dood opgestaan maar was steeds kwesbaar vir die dood, met Jesus se opstanding het Hy oor die dood triomfeer. Die parallelle tussen die dood van Lasarus en Jesus verskaf ʼn ironiese angel tot die voorskou van Lasarus se opstanding en Jesus se arrestasie en kruisiging in die Johannes evangelie (Johannes 11:45-53). Net na Jesus se finale opdragte aan die dissipels en direk na die Jesus se gebed op die berg gee Jesus homself oor om gearresteer te word. Daarna lees ons van Jesus se eie kruisiging.

Lasarus kom uit met sy grafdoeke en al. Dit was ʼn vervulling van die woorde van Johannes 5:25 *"Daar kom ʼn tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe."* Die familie beleef by die graf van Lasarus, die mag van God. In die voorafgaande hoofstuk, Johannes 10, gebruik Jesus die beeld van die goeie herder wat vir sy skape sorg. Jesus identifiseer homself met die ingang van die skape in vers 9*: "Ek is die ingang, as iemand deur my ingaan, sal hy gered word*. Jesus sê ook dat Hy die goeie herder in vers 14 en 15 is: *"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken my, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape."* Jesus bring beskerming, sekuriteit en koester die skape, net soos wat Lasarus dit aan die einde met sy opwekking ervaar het.

Hierdie eksegese van Lasarus bied ook ʼn wonderlike voorbeeld van eenheid en vrede. Dit is iets wat die familie bymekaar gebring het, gemeenskap met familielede en vriende. Die siekte, lyding en dood van ʼn geliefde is momente wat intens en krities is. Dit is ʼn situasie wat stilte, innerlike vrede, rus, privaatheid, omgee, simpatie en solidariteit benodig. Terwyl hierdie ʼn moment vir geliefdes is wat mense verloor, maak sommige dit ʼn tyd van probleme, vyandigheid en verdeling, naamlik die owerhede wat Jesus wil doodmaak. Deur die opstanding van Lasarus het Jesus homself as die outeur van die opstanding verklaar. Hyself sou net daarna op die kruis sterf en die dood oorwin, en die mag hê om die ewige lewe te gee. Die lewe wat Jesus gee (Johannes 10:10) is die ewige lewe wat vry van lyding, rou en hartseer sal wees. Die prys wat Jesus moes betaal, was sy lewe. Hy het die goeie herder geword wat sy lewe vir sy skape gegee het (Johannes 10:14,15). Vir die Christen roubeklaers, is die goeie nuus van Jesus se opstanding, dat dit die simbool van hul grootste hoop word. Juis in die verhaal van Lasarus basuin Johannes 11:25 en 26 dit uit: "Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat

lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?” Dit word deur Paulus in 1 Tess 4:16-17 verwoord:

> “Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.”

#### 4.5.6.5 Opsommende gevolgtrekking uit Johannes 11

Johannes 11 bemoedig die leser met die wete dat God ruimte en vryheid skep, dat die mens sy verlies met God kan deel. Die roubeklaer mag sy gevoelens deel en kan sy hartseer na God bring. Dit is ook duidelik in hierdie verhaal dat God vir mense omgee wat deur hartseer gaan en verlies beleef. Jesus doen steeds moeite, al is dit twee dae later, om by Maria en Marta te wees.

Jesus maak verlies, hetsy siekte of dood, deel van die lewe. Hy verbreek die sosiale grense dat dood en kontak met dooies vermy moet word. In die bediening van die navorser het hy meermale ervaar dat geliefdes juis die tyd koester net nadat iemand gesterf het. Dit gebeur selfs dat hul in die bed vir ŉ uur of twee saam met hul afgesterfde geliefde gaan lê. Johannes 11 help ook die leser om die identiteit te besef van wie Jesus werklik is en sy liefde vir die mensdom veral by wyse van vers 25 en 26 waar Jesus sê dat Hy die opstanding en die lewe is. Wie in Hom glo sal lewe, al sterwe hy ook en elkeen wat lewe en in Jesus glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. ŉ Wonderlike bevestiging dat die dood nie die mag het nie, maar dat die mag in Jesus lê. Die dood, wat die mens se grootste vrees was, word die simbool van die mens se grootste hoop – die dood en opstanding van Jesus Christus.

## 4.6 SOSIALE GEREGTIGHEID

In hierdie afdeling word sosiale geregtigheid bestudeer. Wolterstorff se siening van sosiale geregtigheid sal bespreek word en daarna kom Filippense 2:1-11 ten opsigte van sosiale geregtigheid aan die orde. Verskeie ander Bybelse teksgedeeltes, waar sosiale geregtigheid voorkom, sal ook kortliks genoem word.

### 4.6.1 Inleiding

Sosiale geregtigheid het volgens Heyns (1989:1) met die vraag: “Wie kry wat?” te doen. Wat vereis sosiale geregtigheid? Vereis dit gelyke verdeling van grond, rykdom, geleenthede om te studeer en om te werk, politieke seggenskap? Kan dit geregverdig word dat sommige meer as andere kry?

### 4.6.2 Nicholas Wolterstorff se siening van sosiale geregtigheid

Wolterstorff (2002:194) skryf oor geregtigheid in die godsdienstige sfeer. Hy definieer die godsdienstige sfeer as die samelewing waar volle vryheid van woord en aksie teenwoordig is solank die mens homself aan ’n sekere godsdienstige dogma hou. Hy wys verder daarop dat godsdiens ŉ stem verdien om hom/haar oor geregtigheid uit te spreek. Godsdiens moet nie verhinder word om oor geregtigheid te praat nie, maar moet vryheid gegun word om sy/haar stem te laat hoor.

Die godsdienstige sfeer kan deur die uitleef van geregtigheid ŉ positiewe verskil maak. Hy gaan voort deur te sê dat ekonomiese eiebelang en nasionalisme die vakuum in die openbare domein gevul het waar godsdiens tot stilswye geroep is (Wolterstorff, 1997:177). Die stem van die kerk in die breë het in die openbare domein stilgeraak. Die stem wat veronderstel is om, in die naam van God, die wêreld te herinner dat ons ons naaste moet eer. Hierdie stem het stilgeraak en selfs in die openbare domein verdwyn.

Wolterstorff (1984:69) lê veral klem op geregtigheid in, soos hy dit noem, “*shalom*”. Sy definisie van “*shalom*” is breed en die visie daarvan kom vanuit die Ou Testament se poëtiese en profetiese literatuur en wat ook in die Nuwe Testament tot uitdrukking kom. As voorbeeld van praktyk “*shalom*” identifiseer hy Jesus. Jesus het in sy dade en woorde asook die mens ŉ idee gegee wat “*shalom*” is (Wolterstorff, 1993:35). *Shalom* word deur hom in drie elemente verdeel.

Eerstens is “*shalom*” ŉ verwysing na ŉ harmonieuse verhouding met God, met die ander en die wêreld. Geregtigheid in “*shalom*” behels om in vrede met mekaar binne hierdie drie entiteite te leef. Tweedens wys hy daarop dat “*shalom*” onvoldoende is as daar nie vreugde is nie. ŉ Gesindheid van tevredenheid word benodig. “*Shalom*” word nie slegs in vrede en geregtigheid bereik nie, daar moet ook ŉ vreugde in God wees, vreugde in die samelewing en verantwoordelike gebruik van die natuur. Die derde komponent van “*shalom*” is geregtigheid. “*Shalom*” kan nie sonder geregtigheid realiseer nie (Wolterstorff, 1991:15).

Daar is twee belangrike temas wat uit geregtigheid voortvloei. Om geregtigheid in "*shalom*" te hê kan alleen bereik word deur die erkenning van die mens se regte en die erkenning van die kwaad wat mense aan ander doen. Wolterstorff wys daarop dat die konsep van geregtigheid die volgende behels:

> …the concept of justice in the Biblical writings is the same as what it is in almost all other writings: Justice is receiving what is one's due, what is owed one, what one has a morally legitimate claim to, what one has a right to. Justice is present when one enjoys those goods to which one has a morally legitimate claim
>
> (Wolterstorff, 1989:9).

Moraliteit vir Wolterstorff (2002:277) het twee dimensies. Die dimensie van verantwoordelikheid en die dimensie van 'n wettige aandrang op basiese behoeftes. Geregtigheid bestaan uit beide hierdie dimensies. Vir hom het geregtigheid met regte te doen; die mens het die reg op sekere basiese menseregte. Menseregte wat elke mens op grond van menswaardigheid toekom, wat as gevolg van morele regte verkry word. Hy som sy verstaan van regte soos volg op: 'n Persoon het die reg tot basiese behoeftes as hy of sy moreel wettiglik aanspraak daarop kan maak. Daardie regte moet die mens kan geniet en die mens se sosiale reg moet teen bedreigings in die samelewing gewaarborg word (Wolterstorff, 1987:83). Die samelewing moet so herrangskik word dat die mens die basiese kan geniet.

Die element wat vir Woltertsorff die meeste klem dra, is die gedagte dat mense op die morele wetlike kan aandring. Die Christelike tradisie beklemtoon gewoonlik die mens se verantwoordelik teenoor God maar nie die reg wat die mens het wat deur God gegee is nie. Hy lys vier soorte regte vanuit die morele vlak, naamlik die reg tot beskerming, die reg tot vryheid, die reg om jou stem te laat hoor en die reg tot lewensmiddele. Wolterstorff (1987:84) brei oor die reg tot lewensmiddele uit en sê dat lewensmiddele drie sake behels:

- Die samelewing het die plig om te keer dat mense van die basiese behoeftes ontneem word en om in armoede te beland.
- Die samelewing het die plig om mense te help en van armoede te beskerm.
- Die samelewing het die plig om, sodra mense in armoede beland, hul daar uit te help.

Die regte van mense is aanwesig omdat God die mens na Sy beeld geskape het. Die regte is dus deur God gegee. Wolterstorff (1986:12) wys daarop dat wanneer met ŉ hart van geregtigheid teenoor die swak en arm persoon opgetree word, ons besig is om die beeld van God te wees. Ons leef God uit en stal God as't ware uit wanneer ons in die lewensmiddele van mense voorsien. Omdat mense waarde as gevolg van God het, het mense regte en geregtigheid beteken dat die mens, asook die samelewing, vir sy naaste se regte moet opstaan. Die waarde van mense is juis wat teoloë motiveer om oor sosiale geregtigheid te skryf. Wolterstorff neem geregtigheid nog ŉ stap verder deur aan te dui dat dit nie net gaan oor om vir jou naaste se regte om te gee nie, maar om ŉ liefde te hê wat omgee. Hierdie liefde word deur Volf beskryf. Volf (1996:100) wys daarop dat God die mens in die Nagmaal laat welkom voel en dit is ŉ model vir hoe mense in verhouding saam met mekaar moet staan. Hy gaan voort om hierdie idee uit te bou deur na elemente van bekering, vergifnis, heling te verwys en om ruimte vir ander binne jouself te skep. Die naaste word die fokus en sodoende het die mens altyd ŉ keuse oor hoe die naaste hanteer gaan word (Volf, 1996:99). Die vraag wat spontaan hieruit ontstaan is: "Wie is jou naaste?"

Wolterstorff (2011:132) verwys na die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. Hy dui aan dat Jesus ons die opdrag gee om bedag te wees op die verpligtinge wat op die mens deur die behoeftes van die behoeftige persoon gestel word. Veral moet die mens meer sensitief wees as dit ŉ persoon is wat tot ŉ groep behoort wat geminag word. Wees oop om die verpligtinge wat die nood van die naaste op die mens plaas, raak te sien. Moenie toelaat dat enige "in groep/uit groep" klassifikasies die mens se oor doof maak of die hart verhard nie. Dit kom daarop neer dat die mens eerder van hulp teenoor sy naaste sal wees en nie ras, ouderdom, geslag of enige ander klassifikasie sal raaksien nie (Wolterstorff, 2011:133). Die volgende vraag wat hieruit voortvloei, is hoe het die mens sy naaste lief?

Volf (2009:27) werk met die gedagte dat dit eers geregtigheid en dan welwillendheid is. Geregtigheid moet op grond van die menswaardigheid van die mens geskied en vandaar kan daar welwillendheid aan die mens bewys word. In die Bybel is daar nog ŉ belangrike element wat bykom, wat die evangelie omvat en dit is die liefde. Omdat daar liefde is, is daar geregtigheid. Wanneer geregtigheid as ŉ liefde wat omgee gesien word, sal mens se regte respekteer word (Volf, 2009:27). Omgee kan ook

welwillendheid vereis, maar altyd binne die sfeer van die liefde. Dit handel nie oor net blote simpatie nie. Die mens moet in die waarde van ŉ ander persoon glo sodat sosiale geregtigheid kan geskied en dit is die taak van die kerk (Wolterstorff, 2008:392). Menswaardigheid vind sy plek binne Wolterstorff se eie siening van menseregte. Die basis van menseregte word deur God gelê en word as Godgegewe regte gesien wat vir die mens waarde gee. Daarom is mens se waardigheid onaantasbaar. Habermas (2011:75) wys daarop dat menswaardigheid die bron is waaruit alle basiese regte gebore word. Menswaardigheid vorm die basis van menseregte. Elke persoon word opgeroep om die naaste lief te hê, maak nie saak wie dit is nie. Dit moet met die gesindheid van omgee liefde gedoen word. Dit sluit in en strek selfs verder as sosiale geregtigheid. Wolterstorff (2003:96) wys ook daarop dat die Bybelskrywers verklaar dat God lief vir geregtigheid en vir herstellende geregtigheid is. Die Bybelse ideaal van geregtigheid is konkreet. Wanneer die Bybel van geregtigheid praat, verwys dit na die weduwees, wees en die vreemdelinge. In die Ou Testament het profete, soos Amos, geregtigheid aan die weerlose en die stemlose van die gemeenskap gekoppel. Die Bybel plaas die klem van geregtigheid in terme van die regte van die gemarginaliseerde groepe, soos die armes (Wolterstorff, 1989:17).

Wolterstorff (1991:11) dui aan dat die voorsiening van basiese lewensmiddele direk na ŉ tema van geregtigheid vloei, naamlik die erkenning van die kwaad wat mense aan ander doen. As daar oor "*shalom*" gepraat word en by wyse van die voorsiening van lewensmiddele, wys Wolterstorff daarop dat die mens iemand se menswees oortree as hy nie aan sy basiese behoeftes voorsien nie.

### 4.6.3 Sosiale geregtigheid en Filippense 2:5-11

Hierdie skrywe van Paulus staan in die kern van die brief Filippense. Op ŉ pastorale wyse gee hy sy opdragte wat die Christengelowige se gesindheid in die lewe moet wees en hoe bepalend hierdie gesindheid ten opsigte van sosiale geregtigheid is. Die struktuur van Filippense, soos deur van Rensburg (1993:1837) verwoord, word kortliks genoem.

#### 4.6.3.1 Struktuur van Filippense

1:1-2 Briefaanhef.
1:3-11 Danksegging en voorbidding.
1:12-26 Paulus se eie omstandighede.
1:27-2:18 Verskillende oproepe.
2:19-30 Twee afvaardigings.
3:1-4:9 Blydskap in die Here.
4:10-20 Blydskap oor die geskenk vir lewensonderhoud.
4:21-23 Briefslot.

#### 4.6.3.2 Mikrostruktuur van Filippense 1:27-2:18

Hoofstuk 2 wat die skopus van hierdie gedeelte is, word in die volgende dele verdeel:

1:27-2:18 Verskillende groepe word verdeel in:

- 1:27-30 Oproep tot volharding.
- 2:1-11 Oproep tot eensgesindheid.
- 2:12-18 Oproep om as verloste mense te lewe.

#### 4.6.3.3 Beskrywing van Filippense 2:1-11 ten opsigte van sosiale geregtigheid

Sosiale geregtigheid sal bespreek word, soos dit in Filippense 2:1-11 gevind word. Die aanhef van Hoofstuk 2 handel oor ŉ oproep tot eensgesindheid.

In Filippense 2:1-4 wys Holloway (2001:23) daarop dat Paulus vir eenheid en nederigheid in die kerk pleit. Hier is ŉ verwysing na sosiale geregtigheid waar Paulus vir die Filippense daarop wys dat hulle nie in die eerste plek na hul eie belange moet omsien nie, maar die belange van ander moet vooropstel (vers 4). Paulus weet nie of hy sal lewe en vrygelaat word en die gemeente kan besoek en of hy vir altyd aangehou sal word of selfs sterf nie. Hoofstuk 1 eindig in vers 30 waar Paulus vir die gemeente van Filippi sê dat hy en die gemeente dieselfde stryd stry en nou in Filippense 2:1-4 moedig Paulus die gemeente aan om hierdie moeilike omstandighede deur middel van onderlinge eenheid te trotseer (Wright 2007:137). Hierdie eenheid moet op die troos gegrond wees wat daar in Christus is, die gemeenskap van die Gees en die daaruit vloeiende meegevoel en meelewing. As hierdie laasgenoemde drie eienskappe teenwoordig is, sal daar eenheid wees, eenheid wat in die liefde gegrond is.

Filippi was ŉ kosmopolitiese stad. Die gemeente het uit mense van uiteenlopende agtergronde en van verskillende sosiale stande bestaan. Met soveel uiteenlopendheid het dit die eenheid bedreig. Dunn (2009:1014) wys daarop dat hierdie eenheid nie ŉ eenmalige intellektuele aksie is nie, maar ŉ onderliggende gesindheid is wat die Filippense se denke vul en rig. Die karakter van hierdie onderlinge liefde word in die voorbeeld van Christus gevind. Daar is net ŉ sekere gesindheid wat onderlinge eenheid in die gemeente bevorder, die voorbeeld en gesindheid van Jesus Christus (Wright, 2007:139). Direk na Paulus se oproep om eensgesindheid (Fil 2:2) sê hy aan die gemeente dat hul niks uit selfsug en eersug moet doen nie, maar in nederigheid. Selfsug word vermy wanneer mense bereid is om te dien, want dan het die Christengelowige dieselfde gesindheid as wat daar in Christus Jesus was. Nederigheid word ook met vers 4 verbind: *"Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander."*

In Filippense 2:5-11 word die nederigheid van Jesus uitgelig wat deur die inkarnasie van Jesus (vers 7) en Christus se passievolle gehoorsaamheid aan God tot in die dood (vers 8) bewys word. Filippense 2:5 lei die leser in met ŉ imperatief en die daaropvolgende Filippense 2:6-11 word teen die agtergrond van daardie imperatief gelees. Dit is duidelik dat die mens nie na ander mense moet kyk in wie se lewe heiligheid konkreet gestalte kry nie. Die voorbeeld en praktyk is Christus Jesus (Fil 2:5). Vanuit die imperatief (opdrag) is dit nie ŉ vraag of dit wenslik is om hierdie gesindheid te openbaar nie. Die opdrag is duidelik: dieselfde gesindheid van Christus Jesus moet die mens se lewenswandel kenmerk. Die Filippense moet dieselfde gesindheid as Christus Jesus hê, hulle moet oor ander mense dink soos wat Jesus oor ander mense dink (Louw & Nida, 1989:325). Vanaf Filippense 2:6-11 word die leser aangemoedig om hul dissipelskap op Filippense 2:5 te skoei. As Christene moet daar na die voorbeeld van Christus geleef word (Hawthorne, 1996:169). Vanaf vers 6-11 word beskryf wat die aard van hierdie voorbeeld is.

Filippense 2:6-11 staan bekend as die Christuslied (Keck, 2000:501). Daar is heelwat ooreenkomste tussen hierdie lied en Jesaja 53. Belangrike eienskappe van Christus kan vanuit die lied afgelei word. Die vraag is wat wil Paulus oor die nuwe identiteit van die Christengelowige deel. Filippense 2:6-11 is die kern van die Christelike etiek wat as kind van God geleef moet word. Christenskap is nie bloot net ŉ navolging van Jesus Christus nie, maar dit is om nuut vanuit ŉ nuwe identiteit te lewe. Vers 6 dui aan dat

Jesus vanuit sy posisie die reg gehad het om Goddelik op te tree, hy het Goddelike mag gehad maar Hy het nie daaraan vasgeklou nie. Vrywilliglik het Jesus sy Godheid opgeoffer en aan mense gelyk geword. Ons moet bereid wees om ons regte ter wille van ander prys te gee, om hulle so te dien. As die persoon homself/haarself as ʼn Christen sien moet die persoon bereid wees om te leef soos Christus geleef het. Om in nederigheid te leef en nie aan die eie regte vas te klou nie. Jesus het homself verneder. In Paulus se tyd het dit beteken om jouself volledig tot iemand anders se beskikking te stel (Bateman IV, 2002:42). Jesus het as God, nie aan die mag vasgeklem nie, maar homself weggegee, ontledig tot die status van ʼn slaaf.

Jesus het in sy aardse bestaan hom aan die menslikheid van ons bestaan onderwerp (Fowl, 2005:254). Tot in die dood (vers 8) was hy mens. Die dood aan die kruis was ʼn geweldige pynlike en vernederende manier om te sterf. Christus Jesus het nie net soos ʼn mens kom word nie, Hy het werklik, volledig mens onder mense geword. Die Christengelowige van Filippi beleef in die voorbeeld van Christus wat dit is om ʼn dissipel van Jesus Christus te wees (Gräbe, 2006:291). Dit is nie net modellering van Jesus nie, maar ʼn nuwe identiteit wat volkome gehoorsaamheid van die Christengelowige vra. In vers 9-11 word Jesus Christus as die gekruisigde uit sy diepste vernedering deur God verhoog en ʼn waardigheid as die Here van hemel en aarde gegee. Dit loop op ʼn wêreldwye aanbidding en verering uit. Jesus Christus is meer as net ʼn voorbeeld, Hy is Here.  Tydens die laaste oordeel sal almal, selfs die wat veroordeel word, erken dat Jesus Christus die Here is. Wanneer ons hierdie gesindheid van Jesus Christus aanneem en met hierdie liefde leef, kan sosiale geregtigheid nie anders as om aangespreek te word nie.

#### 4.6.3.4 Bondige opmerkings ten opsigte van soteriologie en etiek in Filippense 2:1-11

Vervolgens word daar op die funksie van verse 9-11 in verhouding tot vers 6-8 gefokus. Die interpretasie van 2:6-11 is nie uitsluitlik soteriologies of eties nie. Albei hierdie elemente moet teenwoordig wees om 2:6-11 te interpreteer. Christus se etiek word soomloos in die reddende elemente van inkarnasie en kruisiging geïntegreer. Die

eksplisiete noem van *die dood aan die kruis* (v8) toon op soteriologie. Die naam Jesus Christus (2:9-11) identifiseer Christus as God en as redder. In Filippense 2:6-11, Christus se verheffing dien om Christus as God en redder te identifiseer. Dit stem met die inkarnasie en kruisiging van 2:6-8 ooreen. Op etiese vlak in 2:3-4 word beskryf dat, indien die mens gered is, en hy/sy is, moet die geredde mens aan die etiek van Christus voldoen. Dit is duidelik dat etiek en soteriologie in die teksgedeeltes geïntegreer word.

Vers 9-11 vertel nie net van Christus se verheerliking nie, maar meer spesifiek bevestig dit die verheerlikte Christus se identiteit vanuit God se oogpunt (vers 9). Christus se heerskappy en "Heer"-skap word onomwonde gestel. Filippense 2:9-11 dien om te bevestig dat Christus se etiek nie onafhanklik van sy identiteit is nie. Dit is intrinsiek deel van sy Goddelike identiteit. Hoofstuk 2:6-8 openbaar God se karakter. Bauckham stel dit soos volg:

> The passage (2:6-11) amounts to a Christological statement of the identity of God. The exaltation of Christ to participation in the unique divine sovereignty shows him to be included in the unique divine identity. But since the exalted Christ is first the humiliated Christ, since indeed it is because of his self-abnegation that he is exalted, his humiliation belongs to the identity of God as truly as his exaltation does. The identity of God- who God is- is revealed as much in self-abasement and service as it is in exaltation and rule
>
> (Bauckham, 1996:61).

#### 4.6.4 Verskeie ander Bybelse teksgedeeltes van sosiale geregtigheid

Teksgedeeltes word hier aangehaal wat aantoon dat die Skrif onomwonde oor sosiale geregtigheid praat. Dit word in die Wette, Psalms en Spreuke, die Profete, Evangelies asook Handelinge en die Briewe verdeel.

##### 4.6.4.1 Wette ten opsigte van sosiale geregtigheid

In die wette van vroeë Israel word die Israeliete gewaarsku om mense met menswaardigheid te hanteer.

- Eksodus 22:21-23 “Jy mag nie 'n vreemdeling verdruk of laat swaarkry nie, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte. “Jy mag geen weduwee of weeskind veronreg nie. As jy tog so iemand veronreg, en hy na My roep, sal Ek na sy hulpgeroep luister.”
- Eksodus 22:25-27 “As jy aan 'n arm man uit my volk geld leen, moet jy nooit teenoor hom soos 'n skuldeiser optree nie. Jy mag hom ook nie rente vra nie. “As iemand sy klere by jou verpand, moet jy dit voor sononder teruggee, want dit is al wat hy het om hom mee toe te maak. Onder wat anders kan hy slaap? As hy My hieroor aanroep, sal Ek na hom luister, want Ek is barmhartig.”
- Eksodus 23:6-9 “Wanneer jy regspreek, mag jy 'n arme nie in 'n hofsaak veronreg nie en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie.”
- Levitikus 19:9-10 “Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes nie en ook nie die are wat bly lê, agterna optel nie. Julle moet ook nie die wingerde 'n tweede keer oes of die korrels wat val, optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.”

#### 4.6.4.2 Psalms en Spreuke ten opsigte van sosiale geregtigheid

Daar is ŉ verskeidenheid gedeeltes in Psalms en Spreuke wat die mens se optrede jeens sosiale geregtigheid rig.

- Psalm 82:3-4 “Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red
- Psalm113:7-8 Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan om hom by vernames te laat sit, by die vernames van sy volk.”
- Psalm 140:13 “Ek weet, die Here behartig die regsaak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme.”
- Spreuke 14 “Wie 'n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor 'n arm mens ontferm, eer God.”
- Spreuke 29:7 “'n Regverdige mens is besorg oor die reg van arm mense, 'n goddelose mens het nie begrip vir dié besorgdheid nie.”

- Spreuke 31:8-9 "Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; praat, en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges."

#### 4.6.4.3 Die Profete ten opsigte van sosiale geregtigheid

Die Profete het ook klem op sosiale geregtigheid geplaas.

- Jesaja 10:1-2 *"Ellende wag vir julle wat kwaad bevorder met die wette wat julle maak, wat met julle ordonnansies mense laat ly: julle verdraai die reg van die armes, julle ontsê die armes van my volk hulle regte, julle buit weduwees uit, julle plunder weeskinders."*
- Jesaja 58:6-7 *"Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?"*
- Jeremia 22:3 *"So sê die Here: Handhaaf die reg en wees regverdig! Red dié wat beroof word, uit die mag van die uitbuiter, ook die vreemdeling, die weeskind en die weduwee. Moenie die reg vertrap nie, moenie geweld pleeg en moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie plek nie."*
- Miga 6:8 *"Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God."*

#### 4.6.4.4 Die evangelies ten opsigte van sosiale geregtigheid

Sosiale geregtigheid kom ook by die evangelies voor.

- Matteus 19:21 *"Jesus het hom geantwoord: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My."*
- Matteus 25:34-40 *"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink;*

*Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'*

- Lukas 4:18-*19 "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig."*
- Lukas 10:33-36 *"Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.' "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"*
- Lukas 14:21 *"Die slaaf kom toe terug en vertel dit alles aan sy eienaar. Toe word die man kwaad en sê vir sy slaaf: 'Gaan uit na die strate en gangetjies van die stad en bring die armes en kreupeles en blindes en verlamdes hierheen."*

#### 4.6.4.5 Handelinge en die Briewe ten opsigte van sosiale geregtigheid

Ook Handelinge en die briewe spreek hul oor sosiale geregtigheid uit.

- Handelinge 2:44-47 *"Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk*

*was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."*

- Handelinge 4:34-35 *"Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte."*
- 2 Korintiërs 8:13-14 *"Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig."*
- Jakobus 2:15-17 *"Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."*
- Jakobus 5:4 *"Ja, julle hou die loon agter van die werkers wat julle lande afgeoes het. Dit skreeu ten hemel; die geroep van dié wat geoes het, het tot by die Here die Almagtige gekom."*

#### 4.6.4.6 Enkele samevattende opmerkings oor sosiale geregtigheid

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat sosiale geregtigheid aan die orde kom in beide die Ou en Nuwe Testamente. Geregtigheid vloei voort omdat God ʼn regverdige God is. God het die mens na sy beeld geskep en daarom moet daar geregtigheid geskied. Die reg op mens wees kom van God wat beteken mense moet menswaardig behandel word. Juis omdat mense waarde, as gevolg van God het, het mense regte. God openbaar sy wil aan die mens en die mens moet hierdie geregtigheid tussen mense gaan uitleef. God is ʼn God van liefde en vra van ons om ook sy liefde, teenoor God self en die naaste, uit te leef. Die mens het die verantwoordelikheid om vir die naaste se regte op te staan. Die mens moet bereid wees om te dien, want dan het jy dieselfde gesindheid as wat daar in Christus Jesus was.

## 4.7 SAMEVATTING

Die prakties-teologiese model van Osmer (2008) is in hierdie hoofstuk geraadpleeg, in ʼn poging om na die wil van God te vra vir die mens se optrede in ʼn praktyk van Christelike

hulpverlening met betrekking tot verskeie verliese wat die mens beleef. ŉ Beskrywing van die identiteitsbeskouing van die Christengelowige en sy werksbeskouing vanuit die Skrif is bespreek. Daar is ook na voorbeelde van verlies, rou en hoop in die Skrif verwys. Skrifgedeeltes wat met die tema van verlies en rou wat bespreek is verband hou, sluit in Genesis 1-4; die boek Rut, die boek Job, Psalm 22 en Johannes 11.

Verlies in die Skrif het van die tuinverhaal in Genesis 2 en 3 aan die orde gekom by wyse. In Genesis 4 het Kain, Adam en Eva se verlies aan die orde gekom. Die Rut verhaal asook Job se verlies en hanteringsverhale is breedvoerig bespreek. Daar is ook op Psalm 22 en die psalmdigter wat sekerlik die ergste vorm van verlies kon beleef gefokus, en dit is om Godsverlate te wees. Die laaste teksgedeelte wat bespreek is, was Johannes 11, waar verlies van lewe na die grootste hoop van die mensdom in die sterwe en opstanding van Jesus Christus verander is. Daar is ook gefokus om aan te dui hoe hierdie onderskeie Bybelkarakters hulle verliese hanteer het, sommige op ŉ positiewe wyse en ander meer negatief.

Daar is ook gepoog om Skriftuurlike perspektiewe ten opsigte van die volgende te bestudeer:

- Die wyse hoe God in tye optree waar God self verlies beleef.
- Die wyse hoe God ten tyde van die mens se verlies optree.
- Die wyse waarop die mens opsigself teenoor verlies reageer.
- Die wyse hoe mense wat om die betrokke persoon, wat verlies beleef staan, die persoon hanteer.
- Teksgedeeltes is ook bestudeer oor wat sin en betekenis volgens die Skrifgedeeltes gee.

Ten laaste het sosiale geregtigheid vanuit die Bybel aan die orde gekom. In die volgende hoofstuk sal daar gepoog word om as deel van die pragmatiese taak, praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne saam te stel om die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, te begelei.

# HOOFSTUK

# PRAGMATIESE TAAK

## HOOFSTUK 5: PRAGMATIESE TAAK

### 5.1 INLEIDING

Die voorafgaande drie take se perspektiewe sal in hierdie hoofstuk geïntegreer word om ŉ praktyk-teoretiese hulpverleningsriglyn daar te stel. Hoofstuk 1 het as inleiding van die studie gedien waarin die doel van die studie, die verlangde doelwitbereiking en die metodologie uiteengesit is. Die beskrywende-empiriese taak in Hoofstuk 2 bied die navorsingsmetode en die empiriese ondersoek aan, die verhale van die medenavorsers waartydens hulle hul verhale as middeljarige wit Afrikaanse mans vertel wat hulle werk, as gevolg van verpligte aflegging, verloor het. Nege wit Afrikaanse mans wat in hul middeljare is en wat hul werk verloor het, is mee onderhoude gevoer. Vanuit die gesprekke is daar drie hooftemas geïdentifiseer, te wete:

- Identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.
- Werksbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.
- Werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

In Hoofstuk 3 het die interpretatiewe taak, deur middel van ŉ literatuurstudie in multidissiplinêre dialoog met aangrensende wetenskappe getree om inligting en perspektiewe rondom die aspekte van die identiteitsbeskouing, werksbeskouing en werksverlies en die omvang daarvan op die middeljarige wit Afrikaanse man te ondersoek.

In Hoofstuk 4 is die normatiewe taak uitgevoer deur Skrifperspektiewe in sake die identiteit van die Christengelowige, sy werksbeskouing, verlies asook sosiale geregtigheid te verkry.

In hierdie hoofstuk word daar op die pragmatiese taak van prakties-teologiese interpretasie gefokus. Die pragmatiese taak is die laaste van die vier take in die model van Osmer, wat hierdie taak soos volg beskryf:

> … determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the "talk back" emerging when they re-enacted. Together, these four tasks constitute the

basic structure of practical theological interpretation

(Osmer, 2008:4).


In die pragmatiese taak word daar op die ontwikkeling van alternatiewe verhale gefokus wat verandering of vernuwing tot gevolg sal hê. Die interaksie en wedersydse beïnvloeding van al vier hierdie take onderskei Praktiese Teologie van ander gebiede. Die vraag wat volgens Osmer (2008:11) hier aan die orde kom, is: "How might we respond?" Die doel hiervan is om verandering of vernuwing tot gevolg te hê.

Die volgende navorsingsvraag word hier beantwoord:

Watter praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne kan vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man, tydens verpligte aflegging, saamgestel word?

Die doelwit van die pragmatiese hoofstuk is om uit praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man, tydens verpligte aflegging, saam te stel.

Die pragmatiese taak behels die voortdurende in gesprek wees met die gespreksgenote. Die gespreksgenote is 'n reisgenoot deur Osmer (2008) se take. Dit sal die normatiewe perspektiewe, wat na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende taak versamel is en wat deur die beskrywende empiriese taak bevestig is, implementeer. Riglyne sal deur 'n hermeneutiese interaksie tussen die normatiewe perspektiewe en bevindinge van die kwalitatiewe ondersoek, waarvolgens hulpverlening behoort te geskied om die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging te begelei, daargestel word. Transformasie en rypwording van die identiteit sal hier belig word en riglyne kan daargestel word oor hoe die gespreksgenote persoonlik sin en betekenis verkry het. Hierdie transformasie is die antwoord op Osmer (2008) se vraag: "Wat moet ons nou hieraan doen?"




**Figuur 5-1: Praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.**

## 5.2 DIE BESKRYWENDE EMPIRIESE TAAK, INTERPRETERENDE TAAK EN NORMATIEWE TAAK IN GESPREK MET MEKAAR

In hierdie afdeling word daar by wyse van subtitels die volgende temas daargestel: selfvertroue, skok en ontkenning, woede, gevoel van depressie, gevoel van selfdood, verlies van gesondheid asook onderhandeling. Die subtitels en die stellings wat voorts hiermee gepaard gaan kom vanuit die afsonderlike dele waar die empiriese, interpreterende en normatiewe taak afsonderlik hanteer is. Vervolgens is die doel om verder uitdrukking te gee aan die imperatief van die pragmatiese taak deur om by wyse van die subtitels die ander vermelde take met mekaar in gesprek te bring.

### 5.2.1 Verlies aan selfvertroue

Werk is die hoofaar van die man se lewe. Die mens werk in opdrag en onder die mandaat van God. Werk is sinvol as dit binne die groter lens van God se opdrag gesien word. Dit bied vir die man ’n gevoel van genoegdoening, sinvolheid en bied die geleentheid om te sosialiseer. Om trots te wees op jou werk en om jou werk na die

beste van jou vermoë te doen, asook om vir jou gesin te voorsien, is ʼn integrale deel van die wit Afrikaanse man en bou die man se selfwaarde.

Die gespreksgenote vertel verhale waar hul selfvertroue geknou is vanweë die feit dat hulle hul werk verloor het. "Alles lyk "*fine"* [van buite af], maar ek is verpletterd. Ek is stukkend. Ek kan nie vir my vrou en kinders sorg nie - Gespreksgenoot 1". Werk het vir hul selfvertroue gegee en noudat hulle hul werk verloor het, is hul verpletter. Hul voel nikswerd en nutteloos. Hulle wys ook daarop dat hul trots gebreek is. "Later het ek gevoel dat ek baie depressief is en my trots was gebreek. Ek het nog altyd ander mense gehelp en nou moes ander my help. Dit was ʼn bitter pil -Gespreksgenoot 2."

In die identiteitsbeskouing van middeljarige wit Afrikaanse man speel trots ʼn vername rol. As hierdie trots negatief geraak word, dan lei dit tot verlies aan selfvertroue. Die wit Afrikaanse man sal self so ver gaan deur elke dag op te staan, werksklere aan te trek en "werk" toe te gaan vir ʼn jaar lank, net sodat mense nie weet hy het sy werk verloor nie. "Ek het vir ʼn jaar elke oggend opgestaan, aangetrek vir "werk" en "werk" toe gegaan en dan by ʼn riviertjie gaan sit en as die werksdag om is, het ek weer huis toe gegaan. My selfbeeld was verpletterd - Gespreksgenoot 2."

Die middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk verloor beleef verliese wat insluit posisie, mag, ekonomiese stabiliteit, erkenning en invloed.

Dit is duidelik dat die wit Afrikaner man se selfwaarde, beroep en identiteit met mekaar verweef is. Hy sien homself as primêre voorsiener van die gesin en sy selfvertroue ly daar onder as hy nie kan voorsien met betrekking tot huisvesting, voedsel en veiligheid nie. "Ek kan nie meer ʼn dak oor my vrou en kinders se kop sit nie. Soos ek hier sit moet ek nog die huur betaal. Ek kan nie die huur betaal nie en die eienaar het my verlede maand gedreig dat hy my bene gaan afskiet as ek nie betaal nie en dit bou alles spanning en stres. Dit leef in jou agterkop die hele tyd. Om jou werk te verloor het ʼn helse effek – Gespreksgenoot 1."

"Die man is die voorsiener en hy moet sorg vir ʼn dak oor sy gesin se kop, klere en die behoeftes van die gesin. Ek kan nie meer voorsien nie en dit maak jou terneergedruk - Gespreksgenoot 4."

Die feit dat die man sy werk verloor het, laat hom voel dat hy ŉ mislukking is en dat dit die stabiele balans wat in die gesin is, versteur. Hy beleef ŉ verlies van sekuriteit. Werk skep inkomste wat moontlikhede vir die gesin skep soos deur saam te braai. Braai is ŉ eg Suid-Afrikaanse manlike tradisie. Die feit dat hy nie meer gemaklik saam met sy gesin of vriende kan braai nie, is ŉ intense sosiale verlies vir die man. "Werk het ŉ effek op alles. Elke tweede week het ek en my vriende gebraai maar hulle nooi my nie meer nie want hulle weet ek kan dit nie bekostig nie. Dit is vir my baie sleg. Ek het heelwat vriende in die proses verloor – Gespreksgenoot 1."

Saterdagaande het ons altyd gebraai. Ek het 2 pakke wors gekoop en elkeen braai sy eie wors en ons kuier saam en geniet die samesyn. Daardie gesinslewe is weg. My verlies is die gesin se verlies – Gespreksgenoot 1."

Om te werk skep vir hom ŉ doel en bring selfrespek vir hom. "Jy wend jou kennis en jou vaardighede aan en dit maak jou goed voel en bou jou selfrespek en jou selfwaarde - Gespreksgenoot 8." Hy voel ook dat hy besig is om te doen waarvoor God hom geroep het. Om te werk is om gehoorsaam te wees aan die Here se opdrag dat jy deur die sweet van jou aangesig, jou brood moet verdien. "Die Here sê ons moet werk. Deur die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien - Gespreksgenoot 8."

Dit bring ook ŉ geloofskrisis mee. God sal voorsien, maar dit gebeur nie. Die gesin kry net maand na maand al swaarder en so met verloop van tyd neem sy selfvertroue nog meer af. Geloof is een van die bakens van die wit Afrikaanse man en om te voel God hoor hom nie, is vir die man nog ŉ terugslag. God gee die opdrag om te werk, hy is gewillig om te werk. Hy doen oral aansoek maar is onsuksesvol en dit lei tot ŉ verlies aan selfvertroue.

Hy het ŉ positiewe werksetiek, hy glo hy kan sy werk die beste doen, maar hy kry nie die geleentheid om te werk nie. Hy het homself al male sonder tal bewys, kollegas vra selfs raad by hom, maar na sy aflegging kry hy nie meer werk nie. "Werk skep vir my baie selfvertroue want as jy jou werk goed doen, dan kom vra ander raad by jou en jy voel goed – Gespreksgenoot 1." Hierdie magteloosheid breek sy selfvertroue nog meer af.

Om nie te werk nie, word deur die gemeenskap in die breë beleef dat die man lui is. Hy probeer hierdie “lui” etiket so ver moontlik vermy, want dit is teen sy identiteit. Hy probeer dadelik enige iets waaraan hy sy hand kan slaan maar dit is die een mislukking op die ander. Sy groot krisis is dat hy alles self wil uitsorteer. Dit is teen die man se grein om met ander sy werksverlies te deel. Hy het ŉ ondersteuningsraamwerk nodig om hom hierdeur te dra, maar sy trots verhinder hom. Sy trots word eerder ŉ negatiewe karaktertrek in hierdie situasie.

Deur sy werk te verloor, verloor hy sy status in die samelewing en dit het ŉ negatiewe effek op sy selfvertroue. “My status in die gemeenskap was aangetas en ek kon nie meer kuier by die mense by wie ek altyd gekuier het nie – Gespreksgenoot 4.”

As gevolg van sy gebrek aan selfvertroue sukkel hy om sosiaal te kan verkeer, soos voorheen. Mense word in die samelewing volgens hulle werk geklassifiseer. “By die wit Afrikaanse man word jy geklassifiseer na aanleiding van die werk wat jy doen. As jy ŉ sekere werk het, word jy sosiaal hoër aangeslaan as ander werke - Gespreksgenoot 3.” Gesprekke in die Afrikaanse kultuur verloop in die volgorde van wat is jou naam en wat doen jy? Om nie die tweede vraag te kan antwoord of te wil antwoord nie, beleef die man dat hy nie goed genoeg is nie. Dit het ook ŉ negatiewe effek op sy vriendskap, soms oor sy eie optrede omdat hy selfvertroue verloor het en ander kere weer omdat die vriende nie meer met hom wil assosieer nie.

Dit is soms moeilik vir die middeljarige wit Afrikaanse man as sy kinders nuwe klere nodig het, en hy weet hy kan nie voorsien nie. “Die man is die persoon wat moet voorsien vir die gesin. Dit is vir my moeilik want my seun het *“toks”* nodig en ek kan nie dit vir hom koop nie. Dit maak my stukkend. Al sy vriende het *“toks”* maar ek kan nie dit vir hom gee nie. Dit maak dat ek wil handdoek ingooi – Gespreksgenoot 1.”

Dit breek sy hart en sy selfvertroue verder af. As geestelike leier van die gesin, is dit ook moeilik om die gesin geestelik te begelei as die man nie in beheer voel nie. Die feit dat sy selfvertroue kwyn laat die man bedreig voel as die hoof van die gesin. Oproepe, soos ŉ Angus Buchan, wat die man oproep om priester, voorsiener en koning van sy huis te wees bring ŉ warboel van emosies by die man, want hy probeer om te kan voorsien, maar is nie in staat nie omdat hy werkloos is. Dit laat die man net nog meer selfvertroue verloor.

Magteloosheid lei tot ’n gebrek aan selfvertroue. Die wit Afrikaanse man het groot geword dat ’n boer maak ’n plan, maar hierdie magteloosheid as gevolg van regstellende aksie lei daartoe dat maak nie saak wat die wit Afrikaanse man probeer nie, hy is nie in beheer van die proses nie. Magteloosheid is die gevolg van wanneer die individu nie die uitkoms wat in die vooruitsig gestel word, deur sy eie gedrag kan bepaal nie. Deur die jare was die wit Afrikaanse man in beheer van die meeste prosesse maar dit is nie nou meer die geval nie. Om afhanklik te wees van ander is teenproduktief ten opsigte van die wit Afrikaanse man se identiteit.

Werk stel die man in staat om erkenning en agting te geniet en dit bou die man op. Die feit dat hy sy werk verloor het, haal hom uit hierdie sfeer. Erkenning dat hy sy werk goed gedoen het, word hom ontneem. Sy identiteit by die werk, is ’n verlies vir die man wat ’n negatiewe effek het op sy selfvertroue.

Om mens te wees en om te werk in onlosmaaklik verweef. Deur nie meer te werk nie, kan hy homself nie meer uitleef deur sy werk nie. Die man het groot geword met die gedagte dat sy werk sy eer is en daar moet trots in sy werk wees. “Die Afrikaanse man is trots op sy werk. Hy moet hard werk. Dit is wie hy is. Werk laat jou beter voel oor jouself. – Gespreksgenoot 9.”

Hy het groot geword dat as wit Afrikaanse man steel jy nie, maar moet jy werk vir alles wat jy het. “Die wit Afrikaanse man se trots is sy werk en dit wat gedoen word, word op ’n eerbare wyse gedoen. Jy steel nie, jy werk daarvoor. Jy moet trots wees op jou werk en so moet jy jou kinders ook grootmaak. Maak nie saak in watter omstandighede ek myself bevind nie, ek as Afrikaanse man sal nog steeds probeer om iets te “*create*” maar ek sal nie met ’n bordjie om my nek staan en bedel nie. Al is ek blind, sal ek werk. – Gespreksgenoot 4.”

Hy voel in sy eer gekrenk want hy is onsuksesvol in sy werkaansoeke. Jy staan nie bakhand en bedel nie, daar moet gewerk word. “Maak nie saak in watter omstandighede ek myself bevind nie, ek as Afrikaanse man sal nog steeds probeer om iets te “*create*” maar ek sal nie met ’n bordjie om my nek staan en bedel nie. Al is ek blind, sal ek werk. – Gespreksgenoot 4.”

Dit tref die man diep deurdat hy in sy onderbewussyn al hierdie elemente beleef maar tog kan hy nie werk kry nie. Dit is degraderend vir homself en sy gesin en kan selfs lei dat hy moet verhuis. Dit breek sy selfvertroue nog meer af.

### 5.2.2 Skok en ontkenning

Die oomblik toe die meeste mans die boodskap ontvang het dat hulle, hul werk verloor het, was daar geweldige skok. Hulle het letterlik lam gevoel, in trane, koue sweet het by hul uitgeslaan en ŉ gevoel van angstigheid beleef. "Ek was geweldig geskok toe ek hoor ek moes afgaan. Ek het letterlik lam gevoel en ek het gevoel hoe my gesig gegloei het. Terwyl ek terug gery het huis toe, het ek in trane uitgebars en met die Here gepraat en vir genade gepleit. – Gespreksgenoot 2." "Ek sal dit nooit vergeet nie. Koue sweet het my uitgeslaan. – Gespreksgenoot 7."

Al hierdie gevoelens het hulle vir hulself gehou want as man moet jy sterk staan. Hy het groot geword met die gedagte dat hy nie pyn moet wys as hy seerkry nie. Hy moet onafhanklik wees en sterk staan teen alles wat die lewe na hom bring. Dit behels die fisiese- asook geestelik krisisse wat oor die man se pad kom.

Hy moet as't ware ŉ masker dra om te wys hy kan alles hanteer. Niks kan hom onderkry nie maar diep in sy binneste worstel hy met die geweldige skok van aflegging. Hy is groot gemaak met die gedagte om te presteer en om sukses te behaal, nie om jou werk te verloor nie. Dit is ŉ belewingservaring om onsuksesvol te wees. Hieroor mag nie gepraat word nie, want die man het selfrespek en trots. Vanuit sy identiteit word hier nie met ander gepraat nie en geen erkenning word gemaak dat hy hulp benodig nie. Hy glo hy sal self regkom met sy eie planne. Dit kan lei tot ŉ verborge roureaksie omdat alle emosies van rou onderdruk word.

Die man worstel met die boodskap van werksverlies eers in sy eie gedagtes voordat hy sy vrou daarvan sal vertel. "Ek het die feit dat ek my werk verloor het, eers net vir myself gehou. Ek kon dit nie oor my hart kry om dit vir my vrou te sê nie. Ek het besef dat ek een of ander tyd met haar moes praat hieroor. – Gespreksgenoot 1." Hierdie boodskap van werksverlies bedreig sy vermoë as hoof van die huishouding.

As iemand sy werk verloor is daar baie redes daarvoor hetsy ekonomies of polities. Dit bly vir die wit Afrikaanse man ŉ skandvlek op sy naam om sy werk te verloor, al is dit

nie sy skuld nie. Die wit Afrikaanse man is iemand wat groot geword het dat werk sy trots is en dat dissipline by die werk belangrik is. Hy is iemand wat hard werk en wat meer as sy kant bring en om ewe skielik die boodskap te hoor dat hy sy werk verloor het, is ŉ gevoelige slag vir homself en sy gesin. Die feit dat dit nie eers sy eie skuld is hoekom hy sy werk verloor nie, maak die skok nog soveel meer. Die skok wat hy beleef met die wete hy nie meer ŉ dak oor sy vrou en sy kinders se kop kan plaas nie, dreineer die man van sy menswees en sy identiteit.

Hierdie skok en ontkenning is nie iets wat net eenmalig plaasvind nie. As gevolg van die werksverlies beleef hul dit gereeld. Net met die wete ek kan nie voorsien nie, is elke keer weer ŉ skok en ŉ teleurstelling vir die man. As gevolg van die werksverlies, na ŉ verloop van tyd, het een van die gespreksgenote se vrou hom ook gedagvaar vir egskeiding. Ook dit was opnuut ŉ skok vir hom. Daarna het hy nog ŉ skok beleef, deurdat hy ook nie meer sy kinders gesien het nie. Hierdie skok is soos ŉ negatiewe spiraal wat voortdurend weer en weer maalkolk. Tereg wys die verliesverwerkingsmodelle daarop dat hierdie modelle nie liniêr opmekaar volg nie.

Die wit Afrikaanse man sien homself inherent as ŉ planmaker. Vanuit sy Afrikaneridentiteit het hy geleer dat hoe swaarder dit gaan, hoe sterker is hy. "Hoe swaarder dit gaan met die Afrikaner, hoe sterker is hy. Ek dink die Afrikaner het die vermoë om hom uit die omgewing te lig, want ek moet vir my gesin sorg. Die Afrikaner het ruggraat, hy kan homself uit ŉ gat grawe. Ek dink ons het ruggraat, rêrig ruggraat en dit is die manier waarop ons grootgemaak is. – Gespreksgenoot 8."

Dit het die geskiedenis van die Afrikaner homself geleer, voor 1948. Die Afrikaner het ruggraat en hy glo hy kan alles self doen. Hy probeer hy sy beste om uit hierdie situasie te kom en hy kry dit nie reg nie. Dit val sy identiteit aan, deur dit wat hy van homself glo. Hy is nie groot gemaak om hande in die lug te gooi en oor te gee nie. Dit raak vir hom ŉ worstelstryd en voed die ontkenning en ŉ gevoel van mislukking.

As gevolg van sy verlies aan werk gebeur dit dat die rolle tussen man en vrou omruil wat ŉ gevoelige slag is vir die man. Hy word nou die "huisman" en doen al die take wat nie van die tradisionele man verwag word nie. "Ek help baie by die huis om alles reg te maak, ek is nou die "huisman", was skottelgoed, wasgoed, maak dinge reg rondom die

huis, ry die kinders rond. Ek probeer kompenseer om te help in die huishouding, om haar las minder te maak. – Gespreksgenoot 5."

Hy is nou nie meer die broodwinner nie maar sy vrou word nou die primêre voorsiener. Vir hom voel dit of sy aandeel in die gesin al minder werd is en dit breek sy selfvertroue verder af.

Hy weet nie meer wat sy rol en identiteit in sy gesin of in die samelewing is nie.

### 5.2.3 Woede

Dit is duidelik dat daar intense woede na buite en woede na binne ervaar word by die wit Afrikaanse man wat sy werk verloor het. Gespreksgenoot 1 beleef woede en terwyl hy sy verhaal vertel, begin hy van aggressie bewe. Ander gespreksgenote beleef woede en aggressie op ŉ ander wyse, van hulle wou selfs moord pleeg teenoor diegene wat hulle voel aandadig aan hul verpligte werkverlies was. Gespreksgenoot 1 vertel dat hy die rewolwer teen die persoon se kop gedruk het. Gespreksgenoot 4 vertel dat hy by ŉ hofsitting was en reg was om die man wat die rede vir die aflegging was, leed aan te doen. Hierdie wraakgedagtes word in die terme "seermaak", "vermoor" en "doodskiet" verwoord.

Hierdie woede word geventileer deur te vloek en skel (Gespreksgenoot 4). Onderliggend aan die wit Afrikaanse man se woede is sy diepgaande pyn. Hy voel meestal alleen en verlate omdat hy nie sy verhaal deel met andere nie. Woede kan ook as ŉ anker dien deurdat dit tydelik struktuur gee aan die betekenisloosheid van sy verlies.

Die woede spoel oor na verskeie lewensareas van die man. Die wit Afrikaanse man is baie sterk gefokus op familiebande en dit maak hom woedend dat hy nie aan hulle kan voorsien nie.

Dit affekteer sy huwelik, sy gesinsopset, sy ouers asook sy vriende. As gevolg van die aflegging beleef die man spanning en stres en word dit oorgedra na die huishouding. Hy voel heeltyd of hy op die aanval is en dit bring net meer konflik.

Die man beleef ook woede deurdat hy nie meer sy rekeninge kan vereffen nie. Sy skuldlas neem net toe, soveel dat van hulle alles verloor het. Alles wat bymekaar

gemaak is deur die jare, is eensklaps weg as gevolg van sy verlies aan werk. Hy was veronderstel om gemaklik te leef, om op die toppunt te wees van sy werk, vanuit die middeljare, en nou moet hy weer van heel onder begin.

Interessant, waar die identiteit van die Afrikaanse man sterk gefokus is op dissipline en respek vir ander mense wil dit voorkom dat as die krisis aan sy eie lyf gevoel word, hierdie dissipline en respek nie so sterk funksioneer nie. Dit is dan wanneer die wit Afrikaanse man se trots op ŉ negatiewe wyse funksioneer, om weerwraak te beplan vir die wat hom kwaad aangedoen het. Dit wat die Afrikaanse man hier aangedoen word, gaan nie net ongesiens aanvaar word nie, sy trots noop hom om op te staan vir homself en, soos hy glo, vir sy vrou en sy kinders.

Dus word hierdie woede geprojekteer op hulle wat hom in hierdie situasie geplaas het, juis omdat sy werksverlies nie net sy eie toekoms steel nie maar ook die van sy kinders. “Dit is nou ŉ tyd om te help om jou kind te laat leer. Dit is nou onmoontlik. Die feit dat ek my werk verloor het, steel my aftrede en my kind se toekoms. – Gespreksgenoot 1.”

Die woede is juis daar omdat hy magteloos voel om sy situasie te kan verander maak nie saak watter planne hy maak nie.

By terugskouing was een van die grootste faktore wat op hierdie stadium woede teweeg bring by van die manne, die gewaarwording dat sy kinders deur hul tienerjare is en hy het hul tienerjare gemis omdat hy net rondgeskarrel en gefokus was om almal finansieel te versorg. Die kinders se tienerjare is verby en hy was emosioneel nie betrokke by sy kinders nie. “Ek het verander. Ek is ontneem van my kinders se grootword jare, hulle tienerjare. Ek het glad nie gefokus op hulle nie. Jy vee jou oë uit en jou meisiekind is in matriek. Jy was so besig met jou krisis dat hulle voor jou oë grootgeword het. Dit is van jou ontneem. Ek het vir die dokter, toe ek die aneurisme in die hospitaal gehad het, gesê, spuit my net dat ek kan slaap. Ek het nooit angs en depressie gehad nie tot ek hierin was nie. – Gespreksgenoot 7.” Dit is ŉ reuse verlies en maak hom woedend dat aflegging hierdie mees kosbaarste besitting, sy kinders se grootword jare by hom gesteel het. Dit het ook ŉ negatiewe effek op sy eie verhouding met sy kinders.

Die wyse waarop mense, na sy aflegging, sy vrou en sy kinders hanteer, stem hom ook tot onrus. Hy voel hy kan maar self mense se argwaan hanteer maar dit is vir hom hartseer dat hul sy vrou en kinders verkleineer. Woede vlam ook op in die man, as hy

die bekommernis en seer in sy vrou se oë sien as gevolg van die aflegging maar hy is magteloos en kan niks daaraan doen nie. “Dit was vir my onsettend hartseer as ek die bekommernis in my vrou se oë sien en ek is magteloos om iets daaraan te doen. – Gespreksgenoot 2.” Weereens is die man, tradisioneel, die een wat ŉ plan moet maak, maar hy voel onmagtig.

Aan die een kant breek die man se hart in stukke as hy nie vir sy kinders se gewone buitemuurse aktiwiteite kan betaal nie. Die kerk  gaan op ŉ uitstappie maar sy kinders moet agterbly en hy sien die hartseer in hulle. “My twee kinders is saam by die jeug by die kerk. Die een kind se vriend borg hom om op die uitstappie te gaan, maar die ander seun het nie ŉ borg nie. Hoe sê jy ja vir jou een kind en vir jou ander kind wat in die jeug is, nee? Dit laat jou hart breek as pa.” – Gespreksgenoot 1.” “My seuns was in die hoërskool en hulle kon nie meer op skoolkampe en die kerk se jeugkampe bywoon nie. Ek het ook gevoel dat ek nie meer my seun se held was en ŉ pa waarop hulle trots kon wees nie. – Gespreksgenoot 2.”

Hy moet “toks” koop vir sy kind se rugby maar hy is nie finansieel in staat nie. “Dit is vir my moeilik want my seun het *“toks”* nodig en ek kan nie dit vir hom koop nie. Dit maak my stukkend. Al sy vriende het *“toks”* maar ek kan nie dit vir hom gee nie. Dit maak dat ek wil handdoek ingooi.” – Gespreksgenoot 1

Dit maak hom woedend en breek sy selfbeeld af. As voorsiener kom hy nie die mas op nie.

Aan die ander kant as gevolg van al die stres wat hy beleef, speel woede ook ŉ rol in die huis in die wyse waarop hy sy kinders behandel. Hy vloek, skel, gooi huisitems rond en aan die einde van die dag voel hy skuldig as hy daaroor dink. “Ek is aanvallerig en baklei die heeltyd met my kinders en hierdie aggressie bring baie konflik in die huis. Ek weet ek is verkeerd. My seun bring nou die dag vir my water en dit was nie presies soos ek dit wou gehad het nie, toe gooi ek die glas stukkend en sê ek doen dit eerder self. Ek kan nie verstaan wat met my aangaan nie, want ek baklei oor sake wat niks beteken nie. Vanaand as ek in die bed klim en daaroor dink, dan weet ek, ek is verkeerd. Omdat ek heeltyd spanning en stres het word dit oorgedra na die gesin en ek weet nie hoe om dit te hanteer nie. – Gespreksgenoot 1.”

Ander mans wend hul na oordrewe alkohol gebruik om te probeer ontvlug van hul omstandighede.

Dit is vir hom geweldig traumaties dat die gemeenskap en selfs vriende hulle in die steek laat. Vriende wat saam met hulle gekuier het, het eensklaps verdwyn en dit bring woede. “Jou beste vriende is die wat eerste stert onder die bene gesit het en verdwyn. Om jou ŉ idee te gee, ons was regtig groot vriende. Toe dit gebeur, is hulle weg. – Gespreksgenoot 7.” Dit bring mee dat hul nou nie meer baie vriende het nie en meer ingetrokke is. Hy beleef ambivalensie dat aan die een kant wil hy weer saam met sy vriende kuier maar aan die ander kant wil hy homself onttrek.

Die meeste middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk verloor, in hierdie studie, is oortuig daarvan dat regstellende aksie die oorsaak is hoekom hy nie kan werk kry nie. “Ek het aansoek gedoen vir werk, maar as gevolg van regstellende aksie sukkel ek om werk te kry. – Gespreksgenoot 2.”

Hul is nie teen regstellende aksie nie maar voel dit word verkeerd geïmplementeer. “Ek het nie ŉ probleem met regstellende aksie nie maar die uitvoering is problematies. Die uitvoering is te rou en kru, daar is geen verfyndheid in die manier van doen nie en daar was geen oordrag van vaardighede nie. As ons die wit bestuurders in plek gehou het en gesê het, help ons, het ons vandag ŉ baie groter ekonomie gehad. – Gespreksgenoot 8.”

Hul is ook woedend want dit voel of die land hul in die steek gelaat het. Hulle het in die tagtigerjare deel gehad aan die bosoorlog maar hulle word net aan hulself oorgelaat. Hul voel dat Suid-Afrika nie meer hul tuiste is nie. “Dit het my baie seer gemaak, want die vorige regering het jou net sowel verloor, vergeet en jou gelos. Ek sukkel nou nog met daai traumatiese omstandighede waar ek angsaanvalle kry. Ek hanteer dit moeilik. Jy het jou beste probeer, vir die vorige regering, waar jy gedwing was om iets te doen wat jy nie eintlik wou doen nie en nou word daar totaal en al teen jou gediskrimineer as wit man van my ouderdom, waar jy sukkel om werk te kry en waar daar pertinent aan jou gesê word, jy moet besef BEE geniet voorkeur. – Gespreksgenoot 6.”

Woede word ook geprojekteer teenoor die Here. Hoekom laat die Here dit toe? Hul raak kwaad vir God, soos ŉ Naomi van ouds wat sê dat haar naam verander moet word na

Mara, want die almagtige maak haar lewe bitter. Die wit Afrikaanse man probeer gewoonlik om eers selfs sy planne te beraam en as dit nie werk nie plaas hy soms die blaam op die Here. Die Here help hom nie. Hy bid, maar hier is nie uitkoms nie. Selfs Job het gevoel dat God sy vyand geword het. Hulle smeek om uitkoms maar daar is nie. Dit is nie dat hy skatryk wil wees nie, hy wil net vir sy gesin kan sorg. Hy beleef nog ŉ verlies in terme van sy vertroue in God.

Die gevoel wat die navorser beleef is dat die woede manifesteer vanuit vrees. Vrees dat as man sal hy nie meer kan voorsien aan sy vrou en kinders nie. Vrees, dat sy vrou en kinders hom sal verlaat, dit wat vir hom die belangrikste is in sy lewe. "Ek is stukkend. Ek het alles verloor; my vrou; my kinders, alles. Jou kop is te klein om alles te verwerk. – Gespreksgenoot 4." Die vrees is die broeiplek waar woede, haat en selfsug groei.

Woede kan ŉ vernietigende emosie wees as dit onderdruk word. Dit is nodig dat die pyn erken moet word soos verwoord in die verliesverwerkingsmodelle. Hierdie mans het die reg om te voel soos hulle voel en om hierdie gevoelens ook in hul taal en kultuur te verwoord. Dit is ook nodig om vir die wit Afrikaanse man te help deur te sê dat dit normaal is om so te voel. Die wit Afrikaanse man se woede en bitterheid is ŉ poging om weer beheer te kry oor die onregverdige situasie waarin hy homself bevind.

As gevolg van die wit Afrikaanse man se woedeuitbarstings kan hy ook sukkel om homself te vergewe. Daar kan ook ŉ woede teen hulself wees. Hierdie bitterheid kan maklik oorgaan tot selfveroordeling, selfverwerping en selfhaat. Hy moet ook homself kan vergewe. Woede help dat die man wat juis sukkel om sy gevoelens te wys, hierdie gevoel van woede na die oppervlak bring. Woede bevestig dat die man kan voel en dat ander gevoelens ook na die oppervlak gebring kan word juis vanuit die narratiewe benadering.

#### 5.2.4 Gevoel van depressie

Vanuit die literatuur word daar aangevoer dat middeljarige mans wat verpligte aflegging ervaar, depressie beleef (Cassidy, 2001:303-315). Ebberwein *et al.* (2004:292-308) asook Guindon en Smith (2002:73-82) stem hiermee saam. Heelwat van die gespreksgenote het aangedui dat hul ook gevoelens van depressie beleef het. ŉ Aantal gespreksgenote (Gespreksgenote 4, 6 en 7) het aangetoon dat hul met depressie gediagnoseer is en medikasie (antidepressante) daarvoor moet gebruik. Van hulle toon

aan dat hul slaappatrone aangetas is. Hulle sukkel om te slaap want hul situasie is die heeltyd in hul gedagtes. Gespreksgenoot 7 het aangedui dat hy elke oggend met naarheid, as gevolg van spanning vir wat daardie dag vir hom voorlê, opstaan. Hulle het gewig verloor, kry hartkloppings en hul bloeddruk verhoog. Gespreksgenoot 6 tipeer sy gevoel as ŉ zombie-gevoel, hy is hier en in die nou teenwoordig, maar eintlik ook nie. Meeste van die gespreksgenote beleef angsaanvalle wat hul nie voor die aflegging gehad het nie. Gespreksgenoot 6 wys daarop dat as hy angs kry, hy onwillekeurig begin bewe.

Wanneer hierdie scenario begin plaasvind, is dit duidelik dat die gespreksgenote hulself begin onttrek. Hy wil nie opstaan nie, hy wil nie by mense wees nie, selfs nie by sy vrou of in die huis wees nie (Gespreksgenoot 6). Hy voel hy wil net weghardloop en "in die berg gaan sit" (Gespreksgenoot 8) of "by ŉ rivierstroom" (Gespreksgenoot 2). Van hulle het beleef dat hul persoonlikheid na die aflegging verander het.

Hulle beleef dat hul nie meer krag het nie, geen lewenslus nie en worstel met vrae oor hoekom hulle nog op die aarde is. "Ek het nie meer krag nie. Ek het nie meer lewenslustigheid om te baklei nie. Alles waarvoor jy baklei het, is weggeskeur in ŉ oogwink. Elke dag gaan ek deur moeilike tye en is ek depressief en vra ek hoekom is ek op hierdie aarde? - Gespreksgenoot 1."

Om nie te kan werk nie beleef die man as lynreg teen dit wat hy glo vanuit sy geloofsbeskouing. Reeds in Genesis 1 word daar gelees dat werk ŉ Bybelse opdrag en beginsel is. Daar is ŉ innerlike worstelstryd by die man want hy wil doen wat hy glo God van hom verwag. Werk is vir die man diens aan God en hy mis sy doel deur nie diensbaar te wees nie en dit raak hom op ŉ negatiewe wyse.

Die wit Afrikaanse man voel ook ontoereikend, onseker en is pessimisties oor die toekoms. Hul onttrek hul van die meeste sosiale interaksies. Deel van die krisis hier is dat die middeljarige wit Afrikaanse man nie oor sy emosies praat nie. Hy deel nie sy gevoelens nie en as hy wil, is hy onbeholpe met emosionele taal. Hy is geweldig trots en glo hy moet krisisse self oorkom. Hy moet dit self maak werk en begin dan na binne toe leef en onttrek. Hierdie trots maak dat hy nie eers aan sy vrou wil erken dat hy emosioneel sukkel nie. Vanuit sy Afrikaneridentiteit glo hul moet hulself net afskud en aangaan maar kom dan agter dat hy nie in staat is om dit te doen nie. Om ander mense se hulp te vra, is nie deel van die Afrikaanse man se woordeskat nie. As hy homself in

hierdie situasie bevind is dit nodig om ander mense soos sielkundiges te raadpleeg. Om ŉ sielkundige te gaan sien beteken vir die wit Afrikaanse man dat jy nie die lewe kan hanteer nie en hy is nie in beheer nie, met die gevolg dat hy soos ŉ mislukking voel. Hy wonder ook oor die sin van sy bestaan.

Heelwat van die gespreksgenote het almal male sonder tal aansoek gedoen vir werk met die antwoord dat dit ŉ Regstellende pos is. Die ervaring van die middeljarige wit Afrikaans man na elke onsuksesvolle werksaansoek neig dat hul meer depressief raak en meer gefrustreerd raak met Suid-Afrika asook sy sienswyse van Suid-Afrika. Waar die meeste trots Suid-Afrikaans was in die tagtigerjare neig hul na die ander kant van die spektrum. Hulle beleef ŉ gevoel van waardeloosheid. Hy beleef homself as neerslagtig, onbekwaam, onbevoeg en selfs ŉ mislukking in die lewe, soos die skrywer van Psalm 22. Hy ervaar ook verwerping met elke onsuksesvolle aansoek.

Hulle is energieloos en beleef ŉ voortdurende moegheid. Hulle sukkel om te konsentreer en te dink. Hulle probeer dinge aanpak maar skarrel rond en doen eintlik niks. Selfs daaglikse aktiwiteite word as sinloos en leeg beskou. Dit is lynreg teen die werksetiek van die man, wat dinge moet laat gebeur en wat baie hard kan werk.

Sosiale kontekste speel ook ŉ geweldige negatiewe rol by die man, waar hy sterk vriendskappe gevestig het en nadat hy sy werk verloor het, het die vriende hulle in die steek gelaat. Heelwaarskynlik weet die vriende ook nie hoe om hierdie situasie te hanteer nie, omdat die wit Afrikaanse mans self sukkel om oor emosies te praat en sodoende vermy die vriende eerder die situasie. Die persepsie van die man wat sy werk verloor het, is dat sy vriende hom in die steek laat juis toe hy hulle nodig gehad het. Trots weerhou ook hierdie gespreksgenote om die telefoon op te tel en om kontak te maak met hierdie vriende wat hul in die steek laat. Die wit Afrikaanse man se gedagtegang is dat as hulle nie vriende met hom wil wees nie, kan hul maar gaan. Hy sal op sy eie kan voortgaan. Hy probeer wys dat hy nog iewers in beheer is.

Die wit Afrikaanse man kan so ŉ gevoel van depressie ervaar dat hy nooit uit die huis kom nie en selfs bang raak om met mense in gesprek te tree. Hy kry later letterlik niks gedoen, al is hy die heeldag by die huis. Dit is nodig vir die wit Afrikaanse man om met mense te gesels wat vir hom van hulp sal wees. Dat hy sy eie gevoelens kan weergee, al is dit teen sy eie identiteitsbeskouing.

Daar moet vir die wit Afrikaanse man kans gegee word om oor sy verlies te rou maar sy DNS is dat hy moet aan die gang kom en nie tyd verspil nie. Dit voel vir hom of hy kosbare tyd vermors alhoewel hy nie die energie het om iets te doen nie. Dit is ŉ intense roufase waar die emosioneel verwonde man aangemoedig moet word om sy emosies te deel.

### 5.2.5 Gevoel van selfdood

As gevolg van hul gevoel van depressiwiteit, wou meeste van die gespreksgenote selfdood pleeg hetsy by wyse van miergif drink of deur om 'n rewolwer op homself te rig. Hy kom op so ŉ punt dat hy homself as neerslagtig, onbekwaam en onbevoeg beskou. Hy beleef ŉ toestand van opgee, onttrek en oorgee.

Die middeljarige wit Afrikaanse man voel later so afgestomp dat dit wat vir hom inderwaarheid identiteit gee, naamlik sy trots, respek, sy gesinsopset later minder saak maak omdat hy al so baie van homself verloor het. Hy voel hy is ŉ mislukking want hy kan nie meer vir sy gesin sorg nie. As hoof van die huishouding het hy gefaal en voel hy dat dit beter is vir homself en sy gesin as hy nie meer daar is nie. Dit wat deels vir hom selfwaarde gee, naamlik sy werk, is nie moontlik vir hom in Suid-Afrika nie.

Sy Skeppingsdoel, om deur die sweet van jou aangesig jou brood te verdien, is nie meer vir hom beskore nie. Hy kan nie eers voldoen aan die Here se opdrag om te werk nie. Sosiaal word hy gesien as te sleg om te werk. Hy is afhanklik van ander se sorg wat indruis teen sy trots. Hy doen aansoek vir werk maar bly werkloos omdat hy glo dat regstellende aksie hom uit die werksmag hou. Dit laat hom voel dat hy net teen mure vasloop en hy voel net meer skuldig want hy kan nie voorsien nie. Hy begin al meer egosentries optree in sy werksverlies. Soos ŉ Job handel alles nou net oor die self en ervaar hy ŉ slagoffermentaliteit. Dit laat hom met ŉ gevoel van ontvlugting en om selfdood eerder te oorweeg. Die druk het net te veel geraak en hy kan nie sy identiteit en werksbeskouing versoen met sy huidige situasie nie.

### 5.2.6 Verlies van gesondheid

Tradisioneel gesien, was die wit Afrikaanse man ŉ outoritêre militaristiese persoon. ŉ Man wat gesondheid en manlikheid uitstraal. Hy het met trots in die 1970's en 1980's Suid-Afrika in die Angolese bosoorlog verdedig. Hulle was gesien as ŉ sterk, gesonde

kryger. Sterk, kompeterend, besluitnemer en alleen seggenskap was aan die orde van die dag. Hy was gesien as dominant en aggressief. Die wit Afrikaner man het die reëls bepaal en het so struktuur in sy gesin en gemeenskap geskep. Dit is die absolute teenpool wat geskets word teenoor die middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk verloor het. Dit is duidelik dat as die man nog steeds met eersgenoemde beeld na homself gekyk het, dit vir hom moeilik aanvaarbaar is om ewe skielik kragteloos en weerloos te wees. Om hoë bloeddruk te beleef, om nie te kan slaap nie, hartkloppings te kry en angs wat ontwikkel saam met depressie asook selfs diabetes as gevolg van stres is die teenpool van sterk, kompeterend en om in beheer te wees.

Die wit manlike Afrikaanse samelewing kan hierdie mans beskou as die manne wat nie die lewe kan hanteer nie. Wat nie ware manne is nie, want hul kan hulself nie handhaaf nie. Daar is gevalle waar die samelewing vir die manne wat hul werk verloor het, net sê staan op en skud jou af en gaan aan. Dink net ŉ bietjie positief, dan sal jy weer die lewe in die oë kan kyk. Die literatuur wys dat dit nie so eenvoudig is nie en dat hierdie werklose mans mediese hulp benodig.

Hul eindig selfs in die hospitaal met hartkrampe. In een van die onderhoude maak ŉ gespreksgenoot melding van ŉ vriend wat in die intensiewe sorg is as gevolg van ŉ beroerte nadat hy sy werk verloor het. Die vriend het ŉ paar dae na die onderhoud gesterf. Werksverlies kan jou laat beleef dat die lewe uit jou geneem is, soos Psalm 22 dit ook verwoord. Hierdie manne se verlies is nie net ŉ verlies aan werk nie maar ook ŉ verlies van gesondheid.

Die wit Afrikaanse man het nie baie geduld met persone wat aanmekaar siek is nie. Die wit Afrikaanse man wat sy werk verloor het, het al beleef dat mense vir hul sê dat hul moet nou opstaan en aan die gang kom. Dit is tyd om werk te gaan soek, hy kan nie heeltyd in die bed lê nie. Die wit Afrikaanse man het nie baie simpatie met veral mans wat siek is nie en wat depressie ervaar nie. Hulle moet die lewe net weer in die oë kyk en begin leef. Hul word gesien as swakkelinge wat nie trots en respek vir hulself het nie. As hy trots gehad het, het hy al lankal tot beweging gekom om te probeer om vir sy vrou en kinders te sorg. Hy is te sleg om te werk. As wit Afrikaanse man moet jy dinge laat gebeur en nie net lê nie. Hierdie gedagtegang is afbrekend vir die wit Afrikaanse man wat werklik worstel met sy gesondheid.

### 5.2.7 Onderhandeling

Onderhandeling het ten diepste te doen met vrae byvoorbeeld: “Wat as die lewe net weer kan terugkeer soos wat dit was?” “Wat kan ek doen om dit reg te kry?”. Die persoon wil in tyd terug beweeg om weer terug te kry wat hy gehad het. Dit is in hierdie omstandighede waar skuldgevoelens ŉ groot rol speel. Waar die wit Afrikaanse man homself kan afvra of hy miskien iets anders kon doen wat aflegging kon weerhou. Hy wil probeer om die pyn te verminder of selfs te vermy.

Onderhandeling vind ook plaas in die man se verhouding met die Here. Die meeste gespreksgenote het aangedui dat dit wat vir hul sin en betekenis in die lewe gee, hul verhouding met die Here en hul gesin is. Die Christengelowige se identiteit hang af wat hy ervaar hoe God oor hom dink- wie God vir hom is en hoe hy God beter kan ken asook hoe hy homself kan verstaan en sy plek daarin vind.

Die middeljarige wit Afrikaanse man leef wipplank tussen hoop en wanhoop. Aan die een kant voel hy, hy moet probeer om vir homself werk te skep. Hy beraam eers self sy eie planne. Hy doen sy beste om ŉ werk aan die gang te kry maar as hierdie planne nie tot sy reg kom nie, soek hy buite homself. Dit is dan wanneer hy in gesprek tree en selfs worstel met die Here, soos ŉ Job van ouds. Soms vra hulle vir die Here dat as die Here vir hulle werk sal gee, dan sal hulle een of ander belofte uitleef. As God hul net hieruit sal red dan sal hul enige iets vir die Here doen. Hul gaan ŉ kontrak aan met hulself en die Here in die onderhandelingproses met die doel om hul lyding te kan verlig.

Die wit Afrikaanse man het die begeerte dat dinge anders moet wees. Onderhandeling is om te kies om saam met hierdie situasie te vloei eerder as om dit teen te staan. Om die werklikheid te besef waarin hy homself bevind.

Die wit Afrikaanse man moet sy oordrewe trots laat en mense geleentheid gee om hom tot hulp te wees. God gebruik mense om ander mense te help, leer die Rutverhaal by wyse van Boas se optrede. Dit beteken dat die man soms teen sy identiteit moet optree en hulp van ander moet aanvaar.

In die onderhandeling moet die man ook leer, soos wat Job ervaar het, dat daar nie vir alles antwoorde is nie. Die wit Afrikaanse man glo dat hy enige saak kan beredder en om te dink hy sal nie ten volle antwoorde kry op sy lewe nie, is soms moeilik vir die man. Daar is ŉ spanning binne die man om aan die een kant in geloof te lewe sonder

antwoorde en om voortdurend te soek na antwoorde. God kan nie in ŉ skema ingedruk word nie. Die wit Afrikaanse man hou daarvan om in beheer te wees maar God kan nie beheer word deur die man nie. God gee Sy liefdevolle teenwoordigheid en genade aan die mens en dit is meer as genoeg om die lewe, met sy voorspoed en teëspoed, in die oë te kyk en voluit te leef, te midde van lyding. Dit beteken dat die man bewus moet wees van sy eie gebrokenheid, wat hy normaalweg eerder wil vermy.

In die onderhandeling met die Here, ervaar die mans dat die Here tog hoor. Nie op die man se tyd soos wat hy wil beheer uitoefen nie, maar op God se tyd. Van die gespreksgenote het uitkoms gevind in ŉ nuwe werksituasie en ander is nog steeds werkloos maar hul getuienis is wel dat God die noodlydende hoor en dat God uitkoms gee. Soms is hierdie uitkoms op ŉ meer emosionele wyse as met ŉ werksaanbod. Daar is ŉ ruimte om met God te praat (Johannes 11) en te onderhandel selfs binne die verlies.

## 5.3 NARRATIEWE PASTORALE HULPVERLENINGSRIGLYNE VIR DIE BEGELEIDING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

Daar word van die narratiewe benadering (3.3) gebruik gemaak wat onder die breër sambreel van Pastorale Teologie (3.2.3) hoort. Pastorale Teologie is slegs een afdeling van die breë Praktiese teologie (3.2).

Daar gaan intensioneel na die dominante verhaal (3.3.3.2) van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging geluister word. Daar gaan ook na die taal (3.3.3.1) wat gepraat word geluister word, asook betekenisse wat toegeken word sodat die taal van die gespreksgenoot ook by die terapeut aan die woord kom. Die begeleier werk vanuit die oogpunt dat die gespreksgenoot die kenner is, want hy ken sy lewe die beste. Daar word ook vanuit ŉ “nie-weet-nie” (3.3.3.6) posisie gewerk en dit stel die begeleier in staat om duidelik en intensioneel na die verhaal (3.3.2.1) van die gespreksgenoot te luister. Daar sal geleentheid gegee word aan die kliënt/ gespreksgenoot om sy verhaal van frustrasie te verwoord en om hierdie dominante diskoers met die gedagte dat die probleem die probleem bly (3.3.3.3) verder uit te bou.

Eksternalisering (3.3.3.4) van die probleem sal plaasvind en vandaar sal dekonstruksie(3.3.3.7) plaasvind.

By eksternalisering kan al die verhoudinge, soos in die onderhoude, aan die orde kom. Daar sal deur die kliënt ŉ naam gegee word waarvolgens die "geëksternaliseerde probleem" of emosie benoem word. Daar sal gevra word wat die effek van die "geëksternaliseerde probleem" op die man se verhouding met sy werk, met regstellende aksie, sy vrou en kinders, die feit dat hy in sy middeljare is, die gemeenskap, die toekoms en ook sy verhouding met die Here asook die self is. Dekonstruksie sal ook plaasvind waar daar op kultuur en identiteit van die wit Afrikaanse man gefokus word.

Vanuit hierdie uitpak van die "geëksternaliseerde probleem" sal die belewenis van die wit Afrikaanse man ook aandag kry en sal sy emosies verdiskonteer word soos hy dit in die verskillende verhoudinge beleef. Daar kan verder intensief en intensioneel na die verhaal van die "geëksternaliseerde probleem" op die wit Afrikaanse man geluister word, veral ten opsigte van die roufases – ontmaskering vind hier plaas.

Daar sal dan op die unieke uitkomste oftewel die uitbou van die alternatiewe verhale (3.3.3.9) gefokus word waar die middeljarige wit Afrikaanse man ŉ invloed op die "geëksternaliseerde probleem" het. Dit sal vervolgens raadsaam wees om ŉ "*statement of position*" daar te stel met die moontlike vraag of hy dink of dit regverdig is dat die "geëksternaliseerde probleem" so effek op sy lewe het. Moontlik sou dit nuwe perspektiewe of alternatiewe verhale by hom losmaak wat voorheen nie sigbaar was nie. Daar sou ook ŉ ritueel gedoen kon word, ter wille van vaslegging van die alternatiewe verhaal en die aflê van die oorspronklike dominante verhaal. Die winspunte wat vir die betrokke wit Afrikaanse man betekenis gee word op gereflekteer en visionering vind oor die pad vorentoe plaas waar daar moontlik by doelgerigtheid, waardes en rigting waarin nuut beweeg sal word stil gestaan kan word.

Dit is belangrik dat dit veral hier handel oor wat vir die middeljarige wit Afrikaanse man betekenis in sy lewe gee. Hier kan nuwe betekenis gevorm word wat die middeljarige wit Afrikaanse man kan help om hierdie verliese om te sit na iets wat hom sal help om sin in sy lewe te vind. Vir almal sal die uiteinde nie dieselfde wees nie, want elkeen het sy eie verhaal maar sodoende kan elke persoon op sy unieke wyse en verhaal sin en betekenis vind.

### 5.3.1 Narratiewe hulpverleningsriglyne

Die deel wat volg, berus op narratiewe vraagstelling en word die riglyn as 'n voorstel oor hoe om met die middeljarige wit Afrikaanse man wat verpligte aflegging ervaar het, te werk.

#### 5.3.1.1 Aanvangsfase

*a) Wat bring ons vandag hier bymekaar?*

*b) Hoekom is dit vir jou belangrik om vandag hier te wees?*

Hier word diepgaande en intensioneel geluister. Daar moet geluister word en nie bloot gewag word om self te praat nie. Die dominante verhaal (3.3.3.2) sal hier heelwaarskynlik op die tafel geplaas word, te wete die probleemdeurdrenkte verhaal ("*problem saturated story*") – ***Hooftema 3: Werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.*** Die begeleier kan van parafrasering en reflektering op die kliënt se verhaal gebruik maak. Die kliënt plaas as't ware die klei op die tafel en saam vorm die kliënt en die begeleier die klei, maar dit is die kliënt se klei – hulle is die kenner ("*expert*") van hul klei.

#### 5.3.1.2 Uitbou van dominante verhaal: Hooftema 3: Werksverlies by die wit Afrikaanse man in sy middeljare.

*a) Deel asseblief jou verhaal van doodloop by die werk?*

Hier word dit duidelik dat die probleem die probleem is (3.3.3.3) en nie die kliënt nie.

Vrae soos die volgende kan hier gevra word:

"Vertel my van daardie ervaring wat jy beleef het toe jy jou werk verloor het?"

"Wat is die betekenis daarvan nou in jou lewe?"

"Kan jy vir my verduidelik wat jy bedoel met....?"

"Kan jy vir my vertel hoe jy gevoel het toe hulle jou die boodskap gee dat jy jou werk verloor?

### 5.3.1.3 Eksternalisering van die dominante verhaal

"Watter naam sou jy vir hierdie belewenis of gevoel wou gee?"

Dit is belangrik om die taal (3.3.3.1) en beelde van die kliënt te gebruik. Die kliënt het moontlik ŉ metafoor (3.3.3.5) gebruik waarmee die begeleier kan werk. Hierdeur probeer daar afstand tussen die persoon en die probleem geskep word.

### 5.3.1.4 Dekonstruksie van die dominante verhaal

As voorbeeld word die geëksternaliseerde naam *"kop hou en aangaan"* gebruik (Gespreksgenoot 9). Dwarsdeur hierdie dekonstruksie van die dominante verhaal word daar gefokus op hoe die kliënt dit beleef, sy gevoelens, sy ervaringe, sy optrede, sy houding. Die kliënt se taal moet deurgaans deur die begeleier geëggo word. Die diskoers sal hier uitgepak word.

a) Dit klink vir my of "kop hou en aangaan" nou deel van jou lewe is?

b) Van wanneer af het jy beleef dat "kop hou en aangaan" sy kop uitgesteek het?

c) Watter invloed en effek het "kop hou en aangaan" op hoe jy grootgeword het?

Hier kan op die verlede en die kultuur waarin die man grootgeword het gefokus word. ***Hooftema 1: Die Identiteitsbeskouing van die wit Afrikaanse man.*** Watter impak sy kultuur het by wyse van hoe die wit Afrikaanse man oor sy identiteit dink? Wat is die diskoers oor hoe en wie die middeljarige wit Afrikaanse man is en wat word van hom verwag?

e) Watter invloed het "kop hou en aangaan" op werk? **Hooftema 2: Die werksbeskouing van die wit Afrikaanse man.** Hoe sien die wit Afrikaanse man werk in sy konteks? Watter invloed het "kop hou en aangaan" op regstellende aksie?

f) Wat is die invloed van "kop hou en aangaan" op jou verhouding met jou vrou en kinders?

g) Wat is die invloed van "kop hou en aangaan" op die feit dat jy in jou middeljare is?

h) Wat is die invloed van "kop hou en aangaan" op die gemeenskap?

i) Wat is die invloed van "kop hou en aangaan" op jou self?

j) Wat is die invloed van “kop hou en aangaan” op hoe jy die toekoms beskou?

k) Wat is die invloed van “kop hou en aangaan” op jou verhouding met die Here?

**5.3.1.5 Invloed van die probleem (“kop hou en aangaan”) op die spesifieke kliënt**

By bogenoemde is die probleem redelik uitgepak (dit kon huiswerk wees, waar die man intensief met sy gedagtes kon omgaan en op papier sit) en selfs emosies is verdiskonteer. Ontmaskering vind vervolgens plaas.

As jy na al hierdie verhoudinge kyk waaroor ons gepraat het, watter gevoelens ervaar jy? Wat is dit wat hier by jou opborrel? Hier kan op die verskillende verliesverwerkingsmodelle gefokus word wat deur vrae aan die kliënt aan die orde kom, byvoorbeeld: Hoe het “kop hou en aangaan” ’n impak op jou energievlakke? Ek het gehoor dat jy beskryf, dat as gevolg van jou angs, dit vir jou moeilik is om uit die huis te kom en dat jy jouself onttrek. Vanoggend sit jy hier? Is dit die eerste keer nadat jy hierdie angs beleef, dat jy uit die huis gekom het? Wat dink jy het dit moontlik gemaak om op te staan en om al die pad tot hier te kom? Is daar enige voorbereidings wat jy moes tref om tot hier te kom? Het jy, terwyl jy gereed gemaak het om hierheen te kom, aan iets spesifieks gedink wat dit moontlik gemaak het om tot hier te kom? Wat het jou aangemoedig om hierdie tree te gee? Hierdie vrae dring en dwing die man om betekenis aan sy optrede te gee. Dit is betekenisvol om ’n stap te gee om mense weer in die oë te kyk.

Deur vraagstelling word vermyding aangespreek en so kan daar ’n ryk beskrywing gegee word van hoe die kliënt hierdie vermyding beleef het en hoe hierdie eerste tree moontlik betekenisvol kan wees om nog treë te kan gee. ’n “*Re-authoring*” begin by die kliënt plaasvind. Daar kan voorts gevra word of die man al ooit so tree voorheen gegee het? Was daar ’n ander oomblik waar jy ook van hierdie angs kon wegglip?

a) Wat voed “kop hou en aangaan” in jou lewe?
b) Wat staan in die pad om “kop hou en aangaan” aan te spreek?
c) Watter ondervindinge in die verlede voed “kop hou en aangaan”?

**5.3.1.6 Invloed van die spesifieke kliënt op die probleem (“kop hou en aangaan”)**

Hier word op unieke uitkomste oftewel die uitbou van die alternatiewe verhaal gefokus.

a) In watter situasie het “kop hou en aangaan” nie ŉ effek op jou nie?
b) Was daar ooit ŉ tyd waar “kop hou en aangaan” nie beheer oor jou lewe geneem het nie? Vertel my meer daarvan.
c) Ek hoor by jou dat jy vir ŉ tyd lank hiermee stoei. As jy dit met ander tye in jou lewe vergelyk, was daar ŉ tyd toe “kop hou en aangaan” in ŉ mindere mate ŉ rol gespeel het?

#### 5.3.1.7 Verklaring van die kliënt en sy posisie/"*Statement of position*"

a) Is dit regverdig dat “kop hou en aangaan” hierdie effek op jou lewe het?

b) Aanvaar jy wat “kop hou en aangaan” besig is om met jou te doen? Hoekom nie?

c) Wat is die verhouding wat jy met “kop hou en aangaan” sou wou hê?

d) Wat sou jy wou hê moet gebeur?

#### 5.3.1.8 Skep van perspektief

a) Wat sou hierdie nuwe perspektief en verklaring vir jou van jouself vertel?

b) Wat sou jy anders wou doen?

c) Hoekom sou jy sê, dat hoe jy nou oor “kop hou en aangaan” dink, beter is as toe jy hier ingestap het?

d) Wat het by jou in ons gesprek wortel geskiet? Veral in jou hart, jou emosies en jou verhoudinge?

e) Hoe sien jy die toekoms met “kop hou en aangaan”? Hier word van verbeelding gebruik gemaak.

f) Wat is besig om aan die deur te klop ten opsigte van ons gesprek?

#### 5.3.1.9 Ritueel

Wanneer mens aan jou verhouding met “kophou en aangaan” dink, wat sou jy daarmee wil doen? Sou jy 'xyz' wil begrawe? Indien wel, wat sal so iets inhou? Moontlik sou hier ŉ praktiese ritueel gedoen kon word waar iets letterlik begrawe word, of in ŉ stroom iets laat wegvloei, natuurlik met die nodige betekenis wat die persoon self daaraan heg. Dit

gaan nie slegs oor die ritueel nie maar wel oor die betekenis wat vanuit die ritueel bevryding en uitkoms op ŉ praktiese wyse bring.

**5.3.1.10. Refleksie**

In die proses van refleksie werk die begeleier met die persoon mee in die vorming van ŉ narratief van hoop. Vrae wat hiermee verband kan hou, is soos volg:

a) Wat is die gawes of geskenke wat jy nou verder in hierdie proses wil neem?

b) Wat het vir jou in jou hart, gedagtes en verhoudinge wortel geskiet? Wat neem jy nou met jou saam vir die pad vorentoe?

**5.3.1.11. Visionering**

a) Hoe gaan jy vorentoe noudat jy afskeid van "kop hou en aangaan" geneem het?

b) Hoe en waar sien jy jouself in 10/20 jaar?

c) Hoe laat dit jou nou oor werk dink?

**5.3.1.12 Doel en doelwitstelling**

a) Hoe sien jy jou bydrae in die wêreld?

b) Wat is jy veronderstel om te doen?

c) Wat kan jy doen om ŉ verskil te maak?

**5.3.1.13 Bevestiging van waardes**

a) Watter waardes is vir jou belangrik?

b) Waarom sou jy hierdie spesifieke waardes kies?

c) Het dit ŉ rol gespeel in wie jy vandag is?

d) Wat is dit wat jy wil nalaat waarvoor jou kinders jou gaan onthou?

**5.3.1.14 Rigtingbepaling**

a) Wat is nou volgende?

b) Hoe moet ek die wêreld betrek?

## 5.4 OPSOMMING VAN HULPVERLENINGSRIGLYNE

Dit is baie duidelik dat elke kliënt se verhaal moontlik ŉ ander uitkoms sou hê. Hierdie hulpverleningsriglyne kan die begeleier help om die kliënt te begelei om nuwe sin en betekenis in sy verhouding met homself asook ander verhoudinge te vind.

Vanuit die wit Afrikaanse man se grootword jare is daar ŉ onderliggende negatiewe sentiment as dit by terapeutiese situasies kom. Hulle het grootgeword om in beheer te wees, of te maak asof hulle in beheer is (trots). Daarmee saam het hul ook grootgeword dat hy nie kwesbare emosies mag wys nie, want dit maak hom nie ŉ man nie, daarom moet hy maar net kop hou en aangaan. Dit wit Afrikaanse man moet begelei word om die winspunte te sien en om so moedig in hierdie terapeutiese situasie ter wille van homself te gaan.

Dit is baie duidelik dat die wit Afrikaanse man verskeie emosies tydens werksverlies beleef maar nie weet wat om met die wip-wa emosies te doen nie. Die spektrum van gevoelens wat die wit Afrikaanse man beleef, is so twyfelagtig soos die lewe self. Nie almal kan sonder meer al hierdie wisselvalligheid van gevoelens hanteer nie.

Deur hierdie pastorale proses kan die stukkies van die verpletterende kliënt se lewe, stukkie vir stukkie en dag vir dag tot ŉ alternatiewe verhaal groei waar nuwe sin en betekenis gevorm word. Om ook nuwe betekenis binne lyding te vind, soos Job, Rut en andere ervaar het.

Binne hierdie lyding, soos die Psalmdigter van Psalm 22 beleef het, kan die wit Afrikaanse man ook met God worstel, as't ware vir God sê dat Hy wat "my God" (Ps.22:2) is, my nou verlaat het –ŉ God doen dit mos nie. Ons mag selfs ook verbitterd raak soos Naomi en Job, om selfs die dag te vervloek waarop hy (Job) gebore is. Die wit Afrikaanse man mag in sy lyding worstel oor wie God is, net soos Job.

Dit mag ook vir die wat naby aan die wit Afrikaanse man is ook verhinder om maklike antwoorde in hierdie situasie te gee en om eerder vir hul (wit Afrikaanse man) geleentheid te gee om te ventileer hoe hy oor hierdie saak voel, sonder om ŉ oordeel daaroor te fel. Die verwerkingsmodelle in Hoofstuk 3, sal hier van onskatbare waarde wees.

Dit wit Afrikaanse man, kan wat sy werk soeke betref, ervaar dat sy lewe nie iets werd is nie. Deur hierdie narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne sal dit duidelik word dat sy lewe definitief die moeite werd is, vir homself en vir hulle wat hy ervaar naby aan hom is.

## 5.5 PRAKTIESE INLIGTING WAT VANUIT DIE ONDERHOUDE VOORTGEVLOEI HET WAT DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING SAL KAN HELP

- Sonder ŉ ondersteuningsraamwerk sal die wit Afrikaanse man moeilik deur hierdie intense verlies kan werk.
- Kry iemand wat vertrou kan word, buiten jou huweliksmaat, om jou situasie mee te bespreek, iemand wat meer objektief staan.
- Die heel laaste wat gekanselleer moet word, is die mediese hospitaalplan.
- Wees uiters versigtig om van alles te onttrek en sodoende jouself van enige verhoudinge te isoleer.
- Die versugting van die manne word soos volg deur gespreksgenoot 8 verwoord:

  > “As daar net iemand was wat vir my kon sê, die volgende regstegniese sake is wat nou prakties gaan gebeur, sou dit my gehelp het. Wanneer kom die balju, wat word van jou verwag, kan jy met hulle reëlings tref? Moet jy in ŉ hof gaan staan, sal jou naam in die koerant kom?”

- Dit beteken daar moet moeite gedoen word om ŉ kundige te gaan spreek wat die praktiese implikasies kan uitwys wat noodgedwonge vra dat die man sy trots in sy sak moet steek.
- Gaan so gou moontlik vir professionele hulp al is dit teen jou grein as man. Gaan besoek ŉ psigiater, sielkundige of begeleier en as dit nodig is, kry vir jou medikasie. Soos een man dit verwoord: “Om antidepressante te drink maak jou nie minder manlik nie, dit help jou om meer sinvol planne te maak en te evalueer waar jy nou is.”
- Gaan so gou moontlik vir kredietberading oftewel skuldberading. Hierdie persone haal geweldige druk van die wit Afrikaanse man wat werksverlies ervaar het af. Hierdie instansies tref reëlings met almal wat geskuld word en die wit Afrikaanse man kan op dit fokus wat in die kort termyn van belang is, naamlik sy soeke na werk. Die wit Afrikaanse man kan fokus en geldeisers skakel jou nie heeltyd net as jy

energie bymekaar geskraap het om te begin werk soek nie. Hierdie oproepe steel die bietjie energie wat die man het.

- Daar is ŉ spreekwoord: "Benoude katte maak benoude spronge." Wees versigtig om binne hierdie kritiese situasie oorhaastige besluite te neem.
- Die wit Afrikaanse man moet in hierdie situasie homself met positiewe mense omring en hy moet homself weghou van enige negatiewe invloed want hierdie negatiwiteit is soos ŉ groot monster wat jou insluk. Die wit Afrikaanse man moet intensioneel sy lewe bestuur en dit kan nie gebeur as daar, soos een man tereg opgemerk het, "as jy nie reg kan dink nie".
- "Moenie skaam wees nie, steek jou trots in jou sak en vat die probleem dadelik aan. Vra raad van mense wat reeds daardeur is."
- "Hou ŉ gesonde verhouding met jou hemelse Vader, bly op jou knieë."
- Vermy die versoeking om van pensioengeld gebruik te maak om vir die korttermyn te oorleef. Daardie pensioengeld wat onttrek is, word nooit weer terug gesit nie.
- "Praat, praat, praat! Praat met mense waardeur jy gaan, maar ons manne praat mos nie." Moenie jou krisis vir jouself hou nie, net omdat die wit Afrikaanse man te trots is nie.
- "Pasop weer aan die ander kant om alles te oordink. Jy oordink elke scenario."
- "Kry jou kop skoon en gaan speel muurbal of slaan ŉ paar gholfballe." Die wit Afrikaanse man kan so binne hierdie krisis staan dat hy niks anders kan of wil doen nie. Dit is nodig om soms, ter wille van homself asook die mense naby aan hom, dinge te doen (stokperdjies) wat jou gedagtes vir ŉ oomblik van die krisis kan verskuif.
- "Kom op ŉ punt en sluit die hoofstuk af en kyk vorentoe."
- "Probeer uit die boks dink. Na vele onsuksesvolle aansoeke vir werk het ek my self afgevra: "Watter vaardighede het jy?"; Waar lê daar vir my ŉ geleentheid waar ek onafhanklik my vaardighede kan aanwend, sonder dat ek iewers moet aansoek doen vir ŉ pos? Stadig maar seker het ek begin kliënte kry."
- "Daar lê ŉ reuse berg voor jou en as jy elke keer na die piek van die berg kyk, kom jy nêrens nie. Breek dit af in duisende stukke en gee treetjie vir treetjie. Al is dit net een tree per dag. So vorder jy en is jy verder as gister. Ek is nog nie waar ek was ŉ paar jaar terug nie, maar ek is verder vorentoe as ses maande gelede.
- Wees versigtig om elke oomblik so besig te wees dat jy eintlik niks doen nie.


# HOOFSTUK 6

# Samevatting en Bevindings

## Hoofstuk 6:  Samevatting en Bevindings

### 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die navorsing soos wat dit in elke hoofstuk bespreek is. Die breë oorsig gee 'n samevatting van die navorsing en illustreer die wyse hoe die vier take van die prakties-teologiese navorsing (Osmer 2008:10) uitgevoer is om narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.




**Figuur 6-1: Osmer (2008:4) se model vir die vier take van Prakties-Teologiese navorsing**

'n Empiriese kwalitatiewe studie is gedoen onder die gespreksgenote waar daar gefokus is op die identiteitsbeskouing van die wit Afrikaanse man, hoe die groep werk beskou, asook die impak (emosioneel, finansieel en sosiaal) van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man wat sy werk verloor as gevolg van verpligte aflegging. Daar is ook besin oor die effek van werksverlies op hierdie groep se verhouding met die Here en wat vir hul sin gee asook die effek van regstellende aksie in die soeke na werk. Die reis saam met die gespreksgenote het getoon dat hierdie belewenis van werksverlies 'n traumatiese impak het op die middeljarige wit Afrikaanse man en hul verhoudinge. Dit is nodig dat narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne

daargestel moet word vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Vanuit die interpreterende taak is daar beskryf waar die narratiewe benadering tuiskom in Praktiese Teologie. Die interpreterende taak vra die vraag: “Hoekom gebeur dit?” Die interpreterende taak gaan voort om ryker in gesprek te gaan met gewaarwordinge vanuit die beskrywende-empiriese taak. In hierdie hoofstuk is die aangrensende wetenskappe nagevors oor die beskouing van man wees deur die wit Afrikaanse man, hoe die wit Afrikaanse man werk beskou asook die kenmerke van werk, watter effek die middeljare op die wit Afrikaanse man het wat sy werk verloor asook emosionele aspekte wat die wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, met inbegrip van trauma en die rouproses, ervaar. Die soeke na nuwe werk is ook aan die woord gestel met spesifieke verwysing na regstellende aksie. Daar is ook ’n literatuurstudie oor sosiale geregtigheid asook ekonomiese geregtigheid gedoen.

By die normatiewe taak is die gespreksgenote se geloofsverhale reeds hier ingebind wat eintlik die wyse is waarop daar ’n keuse gemaak kon word waar om in die Skrif te soek. Voorts het die normatiewe taak gefokus op die identiteitsbeskouing van die Christengelowige vanuit die Skrif en wat die Skrif se siening is oor werk. Verlies en voorbeelde van verlies in die Skrif is bespreek en sosiale geregtigheid is aan die orde gestel. Daar is verhale uit die Skrif wat toon dat mense met God kan worstel oor hul situasie, waar hul, hul nood kan uitspreek. God is in die genoemde verhale van die Skrif by die noodlydende, al word die krisis situasie nie opgelos nie. Die gespreksgenote wys daarop dat om saam met God deur verlies te werk skep hoop. Hooploosheid is om sonder God te wees in verlies situasies.

Die beskrywende-empiriese-, interpreterende- en normatiewe take het voorts in die pragmatiese taak in gesprek getree met mekaar. Vanuit hierdie gesprek is narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging daargestel. Die Narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging wat voorgestel word, is ’n praktiese wyse waarop die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging begelei kan word om nuwe betekenis te gee aan hul situasie.


## 6.2 Uitvoering van vier take van praktiese teologie

### 6.2.1 Oorkoepelende navorsingsvraag

Die oorkoepelende navorsingsvraag wat in Hoofstuk 1 gestel is, is die volgende:

- *Watter narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne kan saamgestel word vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?*

In die beantwoording van die oorkoepelende navorsingsvraag, is vier vrae geïdentifiseer. Die onderstaande figuur illustreer op watter wyse die vier vrae en die hoofstukke ooreenstem met die take van prakties-teologiese navorsing, soos uiteengesit deur Osmer (2008:10).




**Figuur 6-2: Navorsingsvrae volgens hoofstukke in ooreenstemming met Osmer (2008:4) se model vir die vier take van Prakties-Teologiese navorsing**

Beskrywing volg oor hoe die oorkoepelende navorsingsvraag beantwoord is deur die navorsingsdoel:

- Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Die doel van die navorsing was om deur kwalitatiewe empiriese navorsing vernuwende insigte en perspektiewe te formuleer waardeur die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging begelei kan word. Daarna is daar ŉ literatuurstudie onderneem. Om deur ŉ literatuurstudie gebruik te maak van die resultate van die navorsing vanuit aangrensende wetenskappe met betrekking tot die formulering van riglyne en uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Skriftuurlike en teologiese perspektiewe het daarna aan die orde gekom. Toepaslike skrifgedeeltes is ondersoek met verwysing na begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. Al bogenoemde kulmineer om ŉ praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyn saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

### 6.2.2 Die beskrywende empiriese navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 2 gevra is, behels:

- *Watter bydrae en perspektiewe kan die empiriese navorsing na die tafel bring met betrekking tot die verhale wat uit die narratiewe onderhoudvoering, insake die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, voortvloei?*

Die navorsingsvraag in Hoofstuk 2 het gefokus op die beskrywende empiriese taak van prakties-teologiese navorsing (Osmer, 2008:10). In die beantwoording van die navorsingsvraag is ŉ volledige aanbieding gekategoriseer en aan die hand van die hooftemas, subtemas en onderskeie kategorieë weergegee. Uit die empiriese gegewens wil dit voorkom of die middeljarige wit Afrikaanse man se identiteit sterk op sy werkidentiteit leuen. In die gesprekke is dit insiggewend dat met die gepaardgaande werksverlies, dit blyk dat die man se werkidentiteit ŉ invloed op die man se totale lewe het. Die trauma wat hier beleef word, is uiters intens en in baie gevalle ŉ kwessie van lewe en dood. Gevolglike werksverlies het ŉ beduidende effek op die man se verhouding met sy vrou, kinders, vriende, breë gemeenskap en ook sy verhouding met die Here. Dit is ŉ tyd van geweldige onsekerheid, mismoedigheid, depressiwiteit, angstigheid, spanning, stres en hopeloosheid. Die man word van sy selfvertroue gestroop en sy lewenslus word gesteel. Een van die gespreksgenote beskryf hierdie as

die hoogste wip-wa rit van jou lewe en daar moet met mening vasgehou word om heel aan die ander kant uit te kom.

Beskrywing volg oor hoe die navorsingsvraag beantwoord is deur die doelwit:

- Om deur kwalitatiewe empiriese navorsing vernuwende insigte en perspektiewe te formuleer waardeur die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging begelei kan word.

In hierdie hoofstuk is die navorsingsproses in diepte bespreek. Daar is besluit om van nege individuele gesprekke gebruik te maak en om soveel as moontlik inligting te bekom. Die navorsingsmetodologie, navorsingsontwerp asook die navorsingsmetode is bespreek. Etiese oorwegings is aangedui en kortliks bespreek. Vernuwende insigte is bekom by wyse van die verskeie onderhoude wat gevoer is. Daar is in diepte na geluister en die dele wat met mekaar verband hou, is kategories en tematies weergegee. Hierdie dele wat met mekaar verband hou is in hooftemas, subtemas en kategorieë verdeel. By die beskrywende-empiriese taak is daar by die Vraag: Wat gebeur? Of wat is aan die gang?, stilgestaan.

Vernuwende perspektiewe is as volg gekategoriseer:

**HOOFTEMA 1: IDENTITEITSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING**

| HOOFTEMA 1 | SUBTEMAS | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Identiteitsbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Karaktereienskappe van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Kenmerke van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging:<br>• dissipline<br>• respek<br>• praat nie oor emosies nie<br>• trots<br>• kan nie saam werk nie<br>• veerkragtig<br>• werksetiek<br><br>Primêre voorsiener in terme van<br>• behuising,<br>• voedsel, kleding en skoolfonds oftewel tersiêre kostes<br>• hoof van die huishouding. |

## HOOFTEMA 2: WERKSBESKOUING VAN DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

| HOOFTEMA 2 | SUBTEMA | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Werksbeskouing van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Werksgebaseerde identiteit as 'n dinamiese interpreterende aktiwiteit | Algemene menslike behoeftes van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging in onder meer:<br>• selfwaarde<br>• 'n doel in die lewe<br>• gehoorsaamheid aan die Here se opdrag<br>• sosiale kontekste |

## HOOFTEMA 3: WERKSVERLIES BY DIE MIDDELJARIGE WIT AFRIKAANSE MAN TYDENS VERPLIGTE AFLEGGING

| HOOFTEMA 3 | SUBTEMA | KATEGORIEË |
|---|---|---|
| Werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Emosionele aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Die roufases en die verwerking van werksverlies as gevolg van verpligte aflegging van die middeljarige wit Afrikaanse man:<br>• skok en ontkenning<br>• woede<br>• gevoel van depressie<br>• gevoel van selfdood pleeg<br>• skuldgevoelens<br>• verlies van gesondheid<br>• onderhandeling |
| | Finansiële aspekte in sake werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Die effek van werksverlies by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging asook sy siening van aftrede beplanning:<br>• finansiële versorging van naderende aftrede<br>• finansiële ondersteuning van kinders<br>• finansiële ondersteuning vir ouers<br>• finansiële skuldlas |
| | Sosiale aspekte in sake verlies van werk by die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging | Verandering aan die gesinslewe as gevolg van die middeljarige wit Afrikaanse man se verpligte verlies aan werk:<br>• effek op die gesin<br>• effek op die verhouding met sy vrou<br>• effek op sy verhouding met die kinders<br><br>Verandering wat die middeljarige wit Afrikaanse man beleef by die gemeenskap ten tyde van verpligte |

| | | |
|---|---|---|
| | | werksverlies:<br><br>• besigheidsektor laat hul in die steek<br>• gemeenskap laat hul in die steek<br>• vriende laat hul in die steek<br>• introspeksie van die man ten opsigte van sosiale interaksie |
| | Regstellende aksie en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging, wat soekend is na nuwe werksgeleenthede | Die effek van regstellende aksie op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging:<br><br>• regstellende aksie is die oorsaak hoekom die middeljarige wit Afrikaanse man nie werk kry nie<br>• regstellende aksie is nodig maar word verkeerd geïmplementeer<br>• regstellende aksie noop die middeljarige wit Afrikaanse man om sy eie besigheid te begin<br>• die land het my in die steek gelaat |
| | Werksverlies en die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here | Die effek van werksverlies op die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging se verhouding met die Here:<br><br>• positiewe ervaring in sy verhouding met die Here<br>• "wipplank" ervaring in sy verhouding met die Here<br>• ervaring van kerke in werksverlies<br>• ervaring dat God mense gebruik in werksverlies<br>• Here, hoekom ek?<br><br>Wat gee sin en betekenis vir die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?<br><br>• Geloof in God<br>• Vrou en kinders<br>• Versorging van gesinne |

**Tabel 6-1: Samevatting van Hooftema 1, 2 en 3**

### 6.2.3 Die interpretatiewe navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 3 gevra is, behels:

- *Watter verheldering bring ander verwante wetenskappe ter uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?*

In Hoofstuk 3 is daar gefokus op die interpreterende taak van die hermeneutiese sirkel, soos uiteengesit deur Osmer (2008:10-11). In die beantwoording van die navorsingsvraag, is daar in hierdie hoofstuk gefokus op die interpreterende taak deur middel van ŉ literatuurstudie. In hierdie hoofstuk 3 het die interpretatiewe taak, deur middel van ŉ literatuurstudie in multidissiplinêre dialoog met aangrensende

wetenskappe getree om inligting en perspektiewe rondom die aspekte van die identiteitsbeskouing, werksbeskouing en werksverlies en die omvang daarvan op die middeljarige wit Afrikaanse man te ondersoek.

Beskrywing volg oor hoe die navorsingsvraag beantwoord is deur die doelwit:

- Om deur ŉ literatuurstudie gebruik te maak van die resultate van die navorsing vanuit aangrensende wetenskappe met betrekking tot die formulering van riglyne en uitbouing van die verstaan en verduideliking van die huidige situasie van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Die narratiewe benadering is binne pastorale teologie gevestig wat ŉ onderafdeling van Praktiese Teologie is. Die vraag van Osmer wat aan die orde kom, is: "Hoekom gebeur dit?" Hier is in dialoog met die sosiale wetenskappe getree om vas te stel, volgens die literatuurstudie, wat die identiteit van die wit Afrikaanse man is en hoe dié sy werk beskou. Die begrip "middeljare" is omskryf asook die belangrikheid van werk tydens die middeljare. Die konsep, verpligte aflegging is ook beskryf.

Die interpreterende taak bied insig aangaande die soorte verlies wat persone kan beleef en dat die begeleier hiervan bewus moet wees. Dit het duidelik by die beskrywende-empiriese taak geword dat die wit Afrikaanse man in sy middeljare met die verwerking van hierdie verlies worstel, wat ŉ impak op al sy verhoudinge het. Die verliesverwerkingsmodelle gee aan die terapeut meer inligting en dit help die terapeut om sekere verwerkingsverhale in die gespreksgenote te eien asook om gefokusde vrae te stel waarmee die gespreksgenote kan worstel om sy eie verwerking van die verlies beter te verstaan. Voorts het die realiteit van die nuwe Suid-Afrika aan die orde gekom by wyse van ŉ beskrywing oor regstellende aksie, sosiale- en ekonomiese geregtigheid wat konteks aan die soeke van die wit Afrikaanse man in sy middeljare na werk gee.

### 6.2.4 Die normatiewe navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 4 gevra is, behels:

- *Watter normatiewe perspektiewe bied skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging?*

Hoofstuk 4 fokus op die normatiewe taak van die hermeneutiese sirkel, soos uiteengesit deur Osmer (2008:4). In die beantwoording van die normatiewe vraag is daar gefokus op Skrifperspektiewe in sake die identiteit van die Christengelowige, sy werksbeskouing, verlies asook sosiale geregtigheid te verkry.

Beskrywing volg oor hoe die navorsingsvraag beantwoord is deur die doelwit:

- Om vas te stel wat skriftuurlike en teologiese perspektiewe bied na aanleiding van die Skrifondersoek van toepaslike Skrifgedeeltes met verwysing na begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Die prakties-teologiese model van Osmer (2008) is in hierdie hoofstuk geraadpleeg. Dit vind neerslag in ŉ poging om na die wil van God te vra vir die mens se optrede in die praktyk van Christelike hulpverlening met betrekking tot verskeie verliese wat die mens beleef. ŉ Beskrywing van die identiteitsbeskouing van die Christengelowige en sy werksbeskouing vanuit die Skrif is bespreek.

Teologiese perspektiewe ten opsigte van die identiteitsbeskouing wys daarop dat die mens deel is van die verbond van God wat beteken dat God eerste inisiatief met die mens neem. Die verbond is in God se hande en nie in die mens se hande nie. God verbreek nie sonder meer sy verbond nie en die geskiedenis is vol bewyse hoe God die mens ook ŉ tweede kans gee. Die mens se identiteit lê ook daarin dat hy na die beeld van God geskep is. Hier, binne die beeld van God, vind die mens die geneigdheid om lief te hê. Die mens se identiteit is om God se verteenwoordiger op die aarde te wees wat ŉ verantwoordelikheid en aanspreeklikheid veronderstel.

Die Christengelowige se identiteit lê ook in die liefde van God, dat hy die mens so lief gehad het, dat Hy sy seun na die wêreld gestuur het. Die Christengelowige se identiteit lê in Christus en daarom wil die mens meer en meer soos Christus word. Die Christengelowige word ŉ dienaar van Christus, nie net by wyse van nabootsing nie, maar by wyse van inkarnasie deur die werking van die Heilige Gees. Sy lewe word nou

deur Christus beheer, daarom eer die Christengelowige Christus in alles wat hy/sy doen. Dit veronderstel dat die lewe nie om die eie ek draai nie, maar om Christus.

In terme van die werksbeskouing soos vervat in die Skrif het die volgende perspektiewe na vore gekom. Die heel eerste sin in die Bybel wys dat God aan die werk is, dat God skep. As God skep is dit "goed" en selfs "baie goed". God skep die mens met 'n doel, om te heers en te bewerk. Na die sondeval hou werk nie op nie, inteendeel dit gaan voort, maar sou net moeiliker wees. Salomo wys daarop dat die werker sy werk moet geniet en dit met vreugde moet doen. God gee ook verskeie vaardighede vir die werker om Sy plan uit te voer. Hy bemagtig ook hierdie persone wat reeds vaardighede het om ander te leer hoe om die werk te doen. Daar word ook opsigters aangestel wat moet sorg dra dat die werk gedoen word. Dit is ook so dat werk spanwerk behels, dus is werk ook sosiaal. Dit is ook belangrik dat die werker regverdig vir hul harde werk betaal moet word. Werkers word ook vermaan om nie lui te wees nie. Die mens moet ook soos God van sy werk rus, daarmee is dit 'n bewys dat hy/sy afhanklik van God en nie op hom-/haarself is nie.

Vanuit die Nuwe Testament is dit duidelik dat Jesus nie los van sy Vader werk nie. Paulus wys daarop dat Jesus ook by die skepping betrokke was en nog steeds die onderhouer daarvan is. As die mens betrokke by werk is, deel die persoon ook in die aktiwiteit van die Skepper. Verskeie beroepe word in die Nuwe Testament vermeld, naamlik: timmerman; boer; herder; vissermanne, tollenaars en slawe en Jesus maak ook van hierdie beroepe in sy gelykenisse gebruik. Jesus stuur mense uit om te werk, hy roep mense om Hom te volg, om vir Hom te werk. Die werk wat die Christengelowige doen, is in Christus, tot eer van Hom en in diens van Christus. Dit is nodig om deur die persoon se werk aan die eie lewenskoste te voorsien, om nie afhanklik van ander mense te wees nie. Die mens word ook aangemoedig om deur sy werk aan die armes te voorsien. Paulus self het as tentmaker gewerk en het met sy hande gewerk. Hy is baie ernstig oor mense wat leeglê en wys daarop dat die mens moet werk en nie net vir Christus se terugkoms moet wag nie. Paulus sien ook arbeid as diens aan God en wys daarop dat daar 'n beloning aan harde werk is.

Daar is ook na voorbeelde van verlies, rou en hoop in die Skrif verwys. Skrifgedeeltes wat met die tema van verlies en rou wat bespreek is verband hou, sluit in Genesis 1-4; die boek Rut, die boek Job, Psalm 22 en Johannes 11. Verlies in die Skrif het van die

tuinverhaal in Genesis 2 en 3 aan die orde gekom by wyse. In Genesis 4 het Kain, Adam en Eva se verlies aan die orde gekom. Die Rut verhaal asook Job se verlies en hanteringsverhale is breedvoerig bespreek. Daar is ook op Psalm 22 en die psalmdigter wat sekerlik die ergste vorm van verlies kon beleef gefokus, en dit is om Godsverlate te wees. Die laaste teksgedeelte wat bespreek is, was Johannes 11, waar verlies van lewe na die grootste hoop van die mensdom in die sterwe en opstanding van Jesus Christus verander is. Daar is ook gefokus om aan te dui hoe hierdie onderskeie Bybelkarakters hulle verliese hanteer het, sommige op 'n positiewe wyse en ander meer negatief.

Lyding is deel van die alledaagse lewe, hetsy of jy 'n kind van God is al dan nie. Die Here kan in jou lyding vertrou word en God is betroubaar maar sal uitkoms op sy tyd gee. Die mens kan sy lyding met God deel. Die roubeklaer mag sy gevoelens deel en kan sy hartseer na God bring. Wanneer die individu in sy lewe terugkyk, sal hy sien hoe die Here vir hom in moeilike tye daar was. Dit is belangrik dat die individu in sy tyd van krisis, as hy Godsverlate voel, na die verlede kan teruggryp waar hy aktief God se teenwoordigheid beleef het. Dit is nodig dat die gespreksgenote ook voor die Here hulle nood bring. God hoor die gebed en nood van die noodlydendes, daarom kan God vertrou word om uitkoms op Sy tyd te gee. Volhard in die Here en vertrou God vir uitkoms en as die uitkoms teweeggebring is, loof en prys die Here en getuig van sy uitkoms vir die wêreld.

Skriftuurlike perspektiewe wat in hierdie hoofstukke behandel kon word is die volgende:

- Die wyse hoe God in tye optree waar God self verlies beleef.
- Die wyse hoe God ten tyde van die mens se verlies optree.
- Die wyse waarop die mens opsigself teenoor verlies reageer.
- Die wyse hoe mense wat om die betrokke persoon, wat verlies beleef staan, die persoon hanteer.
- Teksgedeeltes is ook bestudeer oor wat sin en betekenis volgens die Skrifgedeeltes gee.

Ten laaste het sosiale geregtigheid vanuit die Bybel aan die orde gekom. Geregtigheid vloei voort omdat God 'n regverdige God is. God het die mens na sy beeld geskep en daarom moet daar geregtigheid geskied. Die reg op mens wees kom van God wat beteken mense moet menswaardig behandel word. Juis omdat mense waarde, as

gevolg van God het, het mense regte. God openbaar sy wil aan die mens en die mens moet hierdie geregtigheid tussen mense gaan uitleef. God is ŉ God van liefde en vra van ons om ook sy liefde, teenoor God self en die naaste, uit te leef. Die mens het die verantwoordelikheid om vir die naaste se regte op te staan. Die mens moet bereid wees om te dien, want dan het jy dieselfde gesindheid as wat daar in Christus Jesus was.

### 6.2.5 Die pragmatiese navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 5 gevra is, behels:

- *Watter pastoraal praktyk-teoretiese narratiewe hulpverleningsriglyne kan vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging saamgestel word?*

In die beantwoording van die pragmatiese vraag is narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne daargestel. Hoofstuk 5 fokus op die vierde fase van Osmer (2008:4) se hermeneutiese spiraal, naamlik die pragmatiese taak van praktiese teologie. Dit implementeer die normatiewe perspektiewe, wat na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende taak versamel is en wat deur die beskrywende empiriese taak bevestig is. Riglyne is daargestel deur die hermeneutiese interaksie tussen die normatiewe perspektiewe en bevindinge van die kwalitatiewe ondersoek, waarvolgens hulpverlening behoort te geskied om die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging te begelei. Transformasie en rypwording van die identiteit word belig en riglyne word daargestel oor hoe die gespreksgenote persoonlik sin en betekenis verkry het. Hierdie transformasie is die antwoord op Osmer (2008) se vraag: "Wat moet ons nou hieraan doen?"

Beskrywing volg oor hoe die navorsingsvraag beantwoord is deur die doelwit:

- Om praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne saam te stel vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging.

Daar word van die narratiewe benadering (3.3) gebruik gemaak wat onder die breër sambreel van Pastorale Teologie (3.2.3) hoort. Pastorale Teologie is slegs een afdeling van die breë Praktiese Teologie (3.2).

ŉ Praktyk-teoretiese narratiewe pastorale hulpverleningsriglyn is saamgestel by 5.3.1. Praktiese vrae wat in die hulverleningsriglyn gestel kan word, word aan die hand gedoen en in detail bespreek. Daar word intensioneel na die dominante verhaal (3.3.3.2) van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging geluister. Daar word ook na die taal (3.3.3.1) wat gepraat word geluister word, asook betekenisse wat toegeken word sodat die taal van die gespreksgenoot ook by die terapeut aan die woord kom. Die begeleier werk vanuit die oogpunt dat die gespreksgenoot die kenner is, want hy ken sy lewe die beste. Daar word ook vanuit ŉ "nie-weet-nie" (3.3.3.6) posisie gewerk en dit stel die begeleier in staat om duidelik en intensioneel na die verhaal (3.3.2.1) van die gespreksgenoot te luister. Daar word geleentheid gebied aan die kliënt/ gespreksgenoot om sy verhaal van frustrasie te verwoord en om hierdie dominante diskoers met die gedagte dat die probleem die probleem bly (3.3.3.3) verder uit te bou. Eksternalisering (3.3.3.4) van die probleem kom voor en vandaar vind dekonstruksie (3.3.3.7) plaas.

By eksternalisering kom al die verhoudinge na vore, soos dit in die onderhoude voorkom. Daar word deur die kliënt ŉ naam gegee waarvolgens die "geëksternaliseerde probleem" of emosie benoem word. Daar word gevra na die effek van die "geëksternaliseerde probleem" op die man se verhouding met sy werk, met regstellende aksie, sy vrou en kinders, die feit dat hy in sy middeljare is, die gemeenskap, die toekoms en ook sy verhouding met die Here asook die self is. Dekonstruksie vind plaas waar daar op kultuur en identiteit van die wit Afrikaanse man gefokus word.

Vanuit hierdie uitpak van die "geëksternaliseerde probleem" kry die belewenis van die wit Afrikaanse man ook aandag en word sy emosies verdiskonteer soos hy dit in die verskillende verhoudinge beleef. Daar kan verder intensief en intensioneel na die verhaal van die "geëksternaliseerde probleem" op die wit Afrikaanse man geluister word, veral ten opsigte van die roufases – ontmaskering vind hier plaas.

Daar word op die unieke uitkomste oftewel die uitbou van die alternatiewe verhale (3.3.3.9) gefokus waar die middeljarige wit Afrikaanse man ŉ invloed op die "geëksternaliseerde probleem" het. Vervolgens is dit raadsaam om ŉ "*statement of*

*position*" daar te stel met die moontlike vraag of hy dink of dit regverdig is dat die "geëksternaliseerde probleem" so effek op sy lewe het. Dit is hier waar nuwe perspektiewe of alternatiewe verhale moontlik lewe kan verkry wat voorheen noodwendig verberg was. Rituele kan hier ook hul plek vind ter wille van vaslegging van die alternatiewe verhaal en die aflê van die oorspronklike dominante verhaal. Die winspunte wat vir die betrokke wit Afrikaanse man betekenis gee word op gereflekteer. Visionering vind oor die pad vorentoe plaas waar daar moontlik by doelgerigtheid, waardes en rigting waarin nuut beweeg kan word stil gestaan word.

Dit is belangrik dat dit veral hier handel oor wat vir die middeljarige wit Afrikaanse man betekenis in sy lewe gee. Hier word nuwe betekenis gevorm wat die middeljarige wit Afrikaanse man help om verliese om te sit na iets wat hom sal help om sin in sy lewe te vind. Die uiteinde is nie vir almal dieselfde nie, want elkeen het sy eie verhaal maar sodoende kan elke persoon op sy unieke wyse en verhaal sin en betekenis vind.

## 6.3 Moontlike beperkings van die navorsing

Die studie het nie soseer gefokus op regstellende aksie en diskriminasie nie, daar is wel geraak aan hierdie elemente, maar hierdie elemente kan nog veel wyer uitgebou word.

In die studie het werk en die belangrikheid van werk na vore getree. Daar kon meer gemaak word van wat dit is wat werksbevrediging skep en faktore wat 'n invloed het op die werker.

Die navorsing was beperk tot die middeljare en miskien kon daar meer diepte gevind word ten opsigte van die verskillende lewensstadia van die werkende wit Afrikaanse man.

## 6.4 Moontlikhede vir verdere navorsing

Daar moet ander navorsers aangespoor word om dieper te delf in die wêreld waar mense hul werk verloor. Die rol van werkersunies kan ondersoek word veral in terme van hul emosionele ondersteuning by hul kliente. Dit het aan die lig gekom dat hul regstegnies goed presteer maar op emosionele ondersteuning is daar nog baie werk wat gedoen moet word.

Nie alle mans sien hulself of funksioneer meer vanuit ŉ patriargale paradigma nie, hoekom het daar ŉ skuif gekom en watter impak het die skuif op die gemeenskap asook die wit Afrikaanse man?

Heelwat wit Afrikaanse mans verhuis na die buiteland, watter rol sou hul Afrikaner identiteit speel in die buiteland ten opsigte van hul werksituasie?

Dit sou ook goed wees om navorsing te doen met die hele gesin en wat hul onderskeidelik mag beleef met die aflegging van hul eggenoot en pa.

Dit sal interessant wees om navorsing te onderneem oor die verskil in identiteit van verskeie bevolkingsgroepe.

## 6.5 Bydrae van hierdie navorsing

Die bydrae van die studie word gevind in die samestelling en onderbou van om narratiewe pastorale teologiese hulpverleningsriglyne te bied vir die begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging. Hierdie praktiese hulpverleningsriglyne kan die begeleier help om die kliënt te begelei om nuwe sin en betekenis in sy verhouding met homself asook alle ander verhoudinge te vind. Die narratiewe benadering is in besonderhede verduidelik wat dit vir die berader maklik sal maak om in gesprek te tree met die kliënt. Vanuit die kliënt se beskouing sou hy deur hierdie studie berusting kon vind dat dit wat hy ervaar in sy verlies, nie iets vreemds is nie.

## 6.6 Samevatting van die navorsing

Vanuit die wit Afrikaanse man se grootword jare is daar ŉ onderliggende negatiewe sentiment as dit by terapeutiese situasies kom. Hulle het grootgeword om in beheer te wees, of te maak asof hulle in beheer is (trots). Daarmee saam het hul ook grootgeword dat hy nie kwesbare emosies mag wys nie, want dit maak hom nie ŉ man nie, daarom moet hy maar net kop hou en aangaan. Dit wit Afrikaanse man moet begelei word om die winspunte te sien en om so moedig in hierdie terapeutiese situasie ter wille van homself te gaan.

Dit is baie duidelik dat die wit Afrikaanse man verskeie emosies tydens werksverlies beleef maar nie weet wat om met die wip-wa emosies te doen nie. Die spektrum van

gevoelens wat die wit Afrikaanse man beleef, is so twyfelagtig soos die lewe self. Nie almal kan ewe maklik al hierdie wisselvalligheid van gevoelens hanteer nie.

Deur hierdie pastorale proses kan die stukkies van die verpletterende kliënt se lewe, stukkie vir stukkie en dag vir dag tot ŉ alternatiewe verhaal groei waar nuwe sin en betekenis gevorm word. Om ook nuwe betekenis binne lyding te vind, soos Job, Rut en andere ervaar het.

Binne hierdie lyding, soos die Psalmdigter van Psalm 22 beleef het, kan die wit Afrikaanse man ook met God worstel, as't ware vir God sê dat Hy wat "my God" (Ps.22:2) is, my nou verlaat het –ŉ God doen dit mos nie. Ons mag selfs ook verbitterd raak soos Naomi en Job, om selfs die dag te vervloek waarop hy (Job) gebore is. Die wit Afrikaanse man mag in sy lyding worstel oor wie God is, net soos Job.

Dit mag ook vir die wat naby aan die wit Afrikaanse man is verhinder om maklike antwoorde in hierdie situasie te gee. Hierteenoor om eerder vir hul (wit Afrikaanse man) geleentheid te gee om te ventileer hoe hy oor hierdie saak voel, sonder om ŉ oordeel daaroor te fel. Die verwerkingsmodelle in Hoofstuk 3, sal hier van onskatbare waarde wees.

Die wit Afrikaanse man, kan wat sy werk soeke betref, ervaar dat sy lewe nie iets werd is nie. Deur hierdie narratiewe pastorale hulpverleningsriglyne sal dit duidelik word dat sy lewe definitief die moeite werd is, vir homself en vir hulle wat hy ervaar naby aan hom is.

## BRONNELYS


Adams-Wescott, J., Dafffon, T.A. & Sterne, P. 1993. Escaping victim life stories and co-constructing personal agency. (*In* Gilligan, S.G. & Price, R., *eds*. Therapeutic conversations. New York: Norton. p. 258-271.)

Aldridge, D. 2005. Case studydesigns in music therapy. London: Jessica Kingsley Publishers.

Allen, J.C. 2012. Christian community and the care of families experiencing grief due to the death of a child. Indiana: Anderson University School of Theology. (Thesis-DTh.)

Almeida, O.P., Alfonso, H., Yeap, B.B., Hankey, G. & Flicker, L. 2011. Complaints of difficulty to fall asleep increase the risk of depression in later life: the health in men study. *Journal of affective disorders*, 134:208-216.

Alvesson, B. & Willmott, H. 2002. Identity regulation as organisational control: producing the appropriate individual. *Journal of management studies*, 39(5):619-644.

American Psychiatric Association. 2013. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 5th ed. Washington, D.C.: American Psychiatric Association.

Andersen, L. 2007. Intuitive grief, Instrumental grief. About living with grief. *Quarterly bereavement newsletter, February*.

Anderson, A.A. 1995. The book of Psalms (1-72). New century Bible commentary. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Anderson, H. 1997. Conversation, language, and possibilities: a postmodern approach to therapy. New York: Basic Books.

Anderson, H. & Goolishian, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family process,* 27(4):371-392.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1992. The client is the expert: a not-knowing approach to therapy. (*In* McNamee, S. & Gergen, K.J. Therapy as social construction. London: Sage. p. 25-39.)

Archer, J. & Rhodes, V. 1987. Bereavement and reactions to job loss: a comparative review. *British journal of social psychology,* 26(3):211-224.

Archer, J. & Rhodes, V. 1993. The grief process and job loss: a cross-sectional study. *British journal of psychology*, 84(3):395-410.

Aries, P. 1981. The hour of death. New York: Alfred Knopf. Inc.

Babbie, E.R. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Oxford University Cape Town Press.

Badenhorst, T. 1994. Die boom, die slang, vryheid: 'n dogmatiese vlug. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 35(1):65-66.

Balentine, S. 1993. Prayer in the Hebrew Bible: the drama of divine-human dialogue. Minneapolis, Minn.: Fortress.

Ballard, P. & Pritchard, J. 2006. Practical theology in action. 2nd ed. London: SPCK.

Bateman IV, H.W. 2002. Authentic worship: learning scripture's voice, applying it's truth. Kregal Publication: Grand Rapids.

Bauckman, R. 1996. God crucified: monotheism and Christology in the new testament. Carlisle: Paternoster.

Baumann, G. 2003. Love and violence: marriage as metaphor for the relationship between YHWH and Israel in the Prophetic books. Collegeville, Minn.: Liturgical Press.

Beisner, E.C. 1997. Imago Dei and the population debate. *Trinity Journal*, 18(2):173-197.

Bertrando, P. 2000. Text and context: narrative, postmodernism and cybernetics. *Journal of Family therapy*, 22(1): 83-103.

Beukes, C.J. 1996. Michel Foucault en die historisering van anderswees. *HTS teologiese studies / Theological studies,* 52/(2-3):233-251.

Bezuidenhout, P.H.S. 2015. Die diensplig-SAW generasie en die soeke na heling, versoening en sosiale geregtigheid. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif - Ph.D.)

Blenkinsopp, J. 1995. P and J in Genesis 1:1-11:26: an alternative hypothesis. (*In* Beck, A. B., Hartels, A.H., Raabe, P.R. & Franke, C.A. Fortunate the eyes that see. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 1-15.)

Bonnano, G.A. 2001. Bereavement: psychological aspects. *American behavioral scientist,* 44(5):718-725; 798-817.

Bosch, D.J. 1991. Transforming mission. New York: Orbis Books.

Botha, A. 1998. Pastoral therapy and extra-marital affairs: a narrative approach. Pretoria: Unisa. (Thesis - DTh.)

Brief, A.P., Konovsky, M.A., Goodwin, R. & Link, K. 1995. Inferring the meaning of work from the effects of unemployment. *Journal of applied social psychology,* 25(8):693-711.

Browning, D.S. 1991. A fundamental practical theology. Fortress Press, Minneapolis.

Browning, D.S. 2007. Equality and the family. A fundamental, practical theology of children, mothers, and fathers in modern societies. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Broyles, C.C. 2005. Psalms concerning the liturgies of temple entry. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms: composition and reception. Leiden: Brill. p. 248-287.)

Bruckner, J.K. 2008. Exodus. The New International Biblical Commentary. MA: Hendrickson Publishers.

Brueggemann, W. 1989. Finally comes the poet: Daring speech for proclamation. Minneapolis: Fortress Press.

Brueggemann, W. 1993. Texts under negotiation: the Bible and postmodern imagination. Minneapolis, Minn.: Fortress Press.

Brueggemann, W. 2005. The psalms in theological use: on incommensurability and mutuality. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms: composition and reception. Leiden: Brill. p. 581-602.)

Brunsdon, A.R. 2009. Troos as unieke uitkoms in 'n pastoraal-narratiewe benadering tot rousmart. *HTS Teologiese studies/ Theological studies*, 65(1), Art.#275.

Brunsdon, A.R. 2010. 'n Narratiewe benadering tot die pastoraat: kritiese opmerkings na aanleiding van die huidige teologiese debat. *Acta Theologica,* 30(2):1-20.

Brunsdon, A.R. & Lotter, G.A. 2011. Outo-etnografie as selfhulp vir predikante met bedieningsmoegheid: Verkennende opmerkings. *Acta Theologica,* 32(1):1-7.

Buchan, A. 2012. The Mighty Men journey. Vereeniging: Christian Art Publishers.

Burck. J.R. & Hunter, R.J. 1990. Protestant Pastoral Theology. *Dictionary of Pastoral Care and Counseling.* Nashville: Abingdon Press.

Burger, C.W. 2005. Ontmoetings met die lewende God: Hoe God ons roep, nuut maak en stuur. Wellington: Lux Verbi BM.

Burr, V. 2003. Social constructionism. 2nd ed. London: Routledge.

Bush, F.W. 1996. Ruth/Esther. World Biblical commentary, 9. Dallas, Tex: Word Books.

Bybel. 1993. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Caputo, J.D. & Scanlon, M.J. 1999. God, the gift, and postmodernism. Bloomington, Ind.: Indiana University Press.

Carson, D.A. & Wenham, G.J. 1994. New Bible Commentary: 21st Century edition. Illinois: Intervarsity Press.

Cassidy, T. 2001. Self-categorization, coping and psychological health among unemployed mid-career executives. *Counselling psychology quarterly,* 14(4):303-315.

Chang, H. 2008. Autoethnography as method. California: Left Coast Press.

Clandinin, D.J. 2007. Handbook of narrative inquiry: mapping a methodology.California: Sage publications.

Clines, J.A.D. 1989. World Biblical commentary. Dallas, Tex: Word Books.

Cloete, E. 1992. Afrikaner identity: culture, tradition and gender. *Agenda*, *empowering women for gender equity,* 13:42-56.

Cilliers, J.H. 2008. In die omtrek van die Gees: ‘n besinning oor die ruimtelikheid van liturgie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 23(2):1-21.

Cochran, S.V. & Rabinowitz, F.E. 2000. Men and depression: clinical and empirical perspectives. San Diego, Calif.: Academic Press.

Coetzer, W. 2007. Depressie, woede-angs, lewensvreugde. (Ongepubliseerde bundel.)

Coetzee, J.C. 1990. Die skrif van die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 15-30.)

Cohen, G.A. 2008. Rescuing justice and equality. London:Harvard University Press.

Corr, C. 2000. What do we know about grieving children and adolescents? (*In* Doka, K., *ed*. Living with grief: children, adolescents, and loss. Washington, D.C.: Hospice Foundation of America. p. 21-34.)

Cosden, D. 2006. The heavenly good of earthly work. Milton Keynes, England: Paternoster Press.

Davidson, J.C. & Cadell, D.P. 1994. Religion and the meaning of work. *Journal for the scientific study of religion,* 33(2):135-147.

Dawn, M. & Peterson, E. 2000. The unnecessary pastor: rediscovering the call. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

De Grunchy, J. & Villa-Vecencia, C. 1994. Doing theology in context: South African perspectives. Theology and Praxis, v. 1. Cape Town: David Philips Publishers.

De Man, J.A. 2000. Gewone mense, stories en Jahweh: ‘n teologie van die verhalende literatuur in Genesis 1-11. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - Ph.D.)

De Waal, J.J.P. 2004. Dekonstruksie van beperkende narratiewe in die lewe van individue. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. Vaaldriehoekkampus. (Verhandeling - MA.)

Debus, M. 1989. Handbook for excellence in focus group research. Washington, D.C.: Academy for Educational Development/Healthcom.

Declaisse-Walford, N.L. 2005. An intertextual reading of Psalms 22, 23, and 24. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms: composition and reception. Leiden : Brill. p. 139-152.)

Department of labour. 2004. National skills development strategy: implementation report 1 April 2003 to 31 March 2004. Pretoria: Department of labour.

Department of trade and industry. 2003. South Africa's economic transformation: a strategy for broad-based black economic empowerment.

Depree, M. 1989. Leadership is an art. New York: Doubleday.

Deskin, G. & Steckler, G. 1996. When nothing makes sense: disaster, crisis, and their effects on children. Minneapolis, Minn.: Fairview.

Doherty, M. 2009. When the working day is through: the end of work as identity? *Work, employment and society,* 23(1):84-101.

Doster, A.E. 1996. A qualitative study of adaptation to job loss of managerial males at mid-life. Raleigh, N.C.: North Carolina State University. (Thesis - EdD.)

Droel, W. 2008. Pope John Pauls II's gospel of work. New London: Twenty-Third Publications

Du Pisani, K. 2001. Puritanism transformed: Afrikaner masculinities in the apartheid and postapartheid period. (*In* Morrell, R., *ed*. Changing men in Southern Africa. Scottsville: University of Natal Press. p. 157-175.)

Du Pisanie, T.G. 2013. Verteerbare Patriargie? Angus Buchan, die mighty men en manlikheid. http://www.litnet.co.za/verteerbare-patriargie-angus-buchan-die-mighty-men-en-manlikheid/. Datum van gebruik: 5 Februarie 2017

Du Toit, P. 2004. Affirmative action and the politics of transformation: a survey of public opinion. Kaapstad: FW de Klerk Foundation.

Dumas, J.E., Rollock, D., Prinz, R.J., Hops, H. & Blechman, E.A. 1999. Cultural sensitivity: problems and solutions in applied and preventive intervention. *Applied & preventive psychology,* 8(3):175-196*.*

Dunn, J.D.G. 2009. Christianity in the making: beginning from Jerusalem. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Durand, J. 2002. Ontluisterde wêreld: die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika. Wellington: Lux Verbi.

Ebberwein, C.A., Krieshok, T.S., Ulven, J.C. & Prosser, E.C. 2004. Voices in career transition: lessons on career adaptability*.* *Career development quarterly,* 52(4):292-308*.*

Efird, J.M. 1982. The Old Testament writings: history, literature and interpretation. Atlanta, Ga.: John Knox.

Egan, K.A. & Arnold, R.L. 2003. Grief and bereavement care. *American journal of nursing,* 103(9):42-52.

Engberg-Pedersen, T. 2000. Paul and Stoics. Edinburgh: T&T Clark.

Engelbrecht, A.S. 1998. The posttraumatic effects of criminal violence on the family. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth. (Proefskrif - PhD.)

Epston, D. & White, M. 1992. Experience, contradiction, narrative and imagination: selected papers of David Epston & Michael White, 1989-1991. Adelaide: Dulwich centre publications.

Essau, C.A., Lewinsohn, P.M., Seeley, J.R. & Sasagawa, S. 2010. Gender differences in the developmental course of depression. *Journal of affective disorders*, 127:185-190.

Fagin, L. & Little, M. 1984. The forsaken families: the effects of unemployment on family life. Harmsworth: Penguin Books

Feather, N.T. 1989. Reported changes in behaviour after job loss in a sample of older unemployed men. *Australian journal of psychology,* 41(2):175-185.

Fee, G.D. 1995. Pauls letter to the Philippians. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Feinstein, C.H. 2005. An economic history of South Africa: conquest, discrimination and development. Cambridge: Cambridge University Press.

Ferreira, S. & Botha, D. 1998. ‘n Sosiaal konstruktivistiese benadering in maatskaplike werk: die stories waarvolgens gesinne leef. *Maatskaplikewerk navorser-praktisyn,* 11(1):78-93.

Fischer, S. 1996. Affirming equal opportunities for white males. *People dynamics*,14(3):30-34.

Fish, V. 1993. Poststructularism in family therapy: interrogating the narrative / conversational mode. *Journal of marital and family therapy*, 19(3):221-232.

Flinspach, S.L. 2001. Interpretive synthesis: A methodology for reviewing qualitative case study research. Chicago: University of Chicago. (Dissertation – PhD.)

Flora, C. 2008. A complicated grief. *Psychology today,* 8 December. http://www.psychologytoday.com/articles/200812/complicated-grief Date of access: 27 September 2017.

Foster, D.A. & Oostenbrink, J.W. 2015. Where is the church on Monday? Awakening the church to the theology and practice of ministry and mission in the

marketplace. *Die Skriflig*, 49(3), Art.#1944. http://dx.doi.org/10.4102/ ids.v49i3.1944

Forster, D.A. & Power, G. 2011. Transform your work life. Boise: Russell Media.

Foucault, M. 1991. Discipline and punish: the birth of the prison. London: Penguin Books.

Fouché, J.P., Berendt, G., Hattingh, M.J. & Fourie, M.C. 1986. Die psigologiese effek van afdanking en werkloosheid. Potchefstroom: PU vir CHO.

Fowl, S.E. 2005. Philippians. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Fox, M. 1994. The reinvention of work: a new vision of livelihood for our time. New York: Harper Collins.

Frankl, V.E. 1992. Man's search for meaning. Boston: Beacon Press.

Franscisco-La Grange, F. 1991. Die betekenis wat werk vir die mens het. *Welsynsfokus,* 26(2):3-9.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. Narrative therapy: the social construction of preferred realities. New York: Norton.

Freeman, S. 2007. Rawls. London & New York: Routledge.

Freeman, S. & Cameron. K. 1993. Organizational downsizing: a convergence and reorientation framework. *Organization science*, 4(1):10-29.

Freeman, S.J. & Ward, S. 1998. Psychological aspects of grief. *Journal of mental health and counseling,* 20(3):216-227.

Ganzevoort, R.R. 2006. The social construct of revelation. *International Journal of Practical Theology*. 8(2), 1-14.

Ganzevoort, R.R. 2012. Narrative approaches. *The Wiley-Blackwell companion to practical theology,* 214-223.

Gergen, K.J. 1994. Realities and relationships: soundings in social construction. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Gergen, K.J. & Gergen, M.M. 2011. Narrative tensions. Perilous and productive. *Narrative Inquiry,* 21(2):374–381. https://doi.org/10.1075/ni.21.2.17ger

Gil, D.G. 1998. Confronting injustice and oppression; concepts and strategies for social workers. New York: Columbia University Press.

Gluhoski, V.L. & Wortman, C.B. 1996. The impact of trauma on world views. *Journal of social and clinical psychology,* 15(4):417-429.

Godin, I., Kornitzer, M., Clumeck, N., Linkowski, P., Valente, F. & Kittel, F. 2009. Gender specificity in the prediction of clinically diagnosed depression: results of a large cohort of Belgian workers. *Social psychiatry and psychiatric epidemiology*, 44:592-600.

Goodwin, J. & Schiff, B. 1995. Heart of whiteness: Afrikaners face black rule in the new South Africa. New York: Schribner.

Gordus, J. 1986. Coping with involuntary job loss and building a new career: workers problems and career professional's challenges. *Journal of career development,* 12(4):316-326.

Gräbe, P.J. 2006. "… As citizens of heaven live in a manner worthy of the gospel of Christ:Perspectives on the ethics of Philippians," (*In* Van der Watt, J.G. *ed.*, Identity, Ethics, and Ethos in the New Testament. De Gruyter: Berlin. p. 289-302.)

Graham, L. & Whitehead, J. 2007. The role of pastoral theology in theological education for the formation of pastoral counselors. *American journal of pastoral counseling,* 8(3/4):9-27.

Greeff, M. 2005. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313.)

Green, M. 2005. Thank God it is Monday: ministry in the workplace. London: Scripture Union.

Greene, M. 2001. Supporting Christians at Work, London Institute of for Contemporary Christianity: London.

Grenze, J. & Franke, J.R. 2001. Beyond foundationalism: shaping theology in a postmodern context. Louisville, Ky.: Westminster John Knox Press.

Guindon, M.H. & Smith, B. 2002. Emotional barriers to successful reemployment: implications for counselors. *Journal of employment counseling,* 39(2):73-82.

Gutiérrez, G. 1987. On Job. Maryknoll. NY: Orbis Books.

Habermas, J. 2011. The crisis of the Europian union: A response. Cambridge:Polity Press.

Hanisch, K. 1999. Job loss and unemployment research from 1994 to 1998: a review and recommendations for research and intervention. *Journal of vocational behavior,* 55(2):188-220.

Hardy, L. 1990. The fabric of this world: inquiries into calling: career choice, and thedesign of human work. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Harrelson, W. 1990. Book of Ruth. Mercer Dictionary of the Bible. Macon: Mercer University Press.

Harrison, J.J. 2013. The book of Job. http://www.totheends.com. Date of access: 3 September 2017.

Haughey, J.C. 1989. Converting 9 to 5:bringing spirituality to your daily work. New York: The Crossroad Publishing Company.

Hawthorne, G.F. 1996. The imitation of Christ: discipleship in Philippians in patterns of discipleship in the new testament. William. B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Hearn, J. & Morrell, R. 2012. Reviewing hegemonic masculinities and men in Sweden and South Africa. *Femenist theory*, 5:49-72.

Heitink, G. 1993. Practical theology: history, theory, action domains. Kampen: Kok

Heitink, G. 1999. Practical theology. history, theory, actions, domains. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Hepden, S. 1992. Explaining rejection. Kent: Sovereign World.

Herbert, T. 1994. Affirmative action in the South African work place: allowing black eagles to soar. Cape Town: Trevor Herbert.

Hermans, H.J. & Oles, P.K. 1999. Midlife crisis in men: affective organization of personal meanings. *Human relations,* 52(11):1403-1426.

Heyns C. 1989. 'n Belangrike teorie van sosiale geregtigheid. http://journals.co.za/docserver/fulltext/derebus/1989/256/2547.pdf. Date of access: 19 May 2018.

Heyns, L. M. & Pieterse, H.C. 1990. A Primer in Practical Theology. Pretoria: Gnosis Books & Publishers.

Heyns, J.A. 1986. Teologiese etiek, dl. 2/1: Sosiale etiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Hoffman, L. 1991. A reflexive stance for family therapy. *Journal of strategic & systemic therapies*, 10(special edition):4-17.

Holloway, P. 2001. Consolation in Phillippians: philosophical sources and rhetorical strategy. *Society for New Testament studies Monograph series 112.* Cambridge: Cambridge University Press. doi:10.1017/CBO9780511487996

Horowitz, I., 2001. Cultural practices of masculinity in post-apartheid South Africa. (*In* Pease, B. & Pringle, K. A man's world: changing men's practices in a globalized world. London: Zed Books. p. 231-244.)

Hubain, P., Le Bon, O., Vandenhende, F., Van Wijnendaele, R. & Linkowski, P. 2006. Major depression in males: effects of age, severity and adaptation on sleep variables. *Psychiatry research*, 145:169-177.

Hubbard, R.L. 1988. The Book of Ruth. The New International Commentary on the Old Testament. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Human, L. 2003. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 18(3):40-58.

Human, L.H. 1993. Die invloed van werkloosheid op die gesin as sisteem: 'n pastorale perspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - MDiv.)

Hutto, D.D. 2007. Narrative and understanding persons. Cambridge: Cambridge University Press.

Jackson, P.R. & Warr, P.B. 1984. Unemployment and psychological ill-health: the moderating role of duration and age. *Psychological medicine,* 14(3):605-614.

Jankowski,P.J. 1998. A developmental-constructivist framework for narrative therapy. *Family therapy*, 25(2):111-119.

Karner, T.X. 1998. Engendering violent men: oral histories of military masculinity. (*In* Bowker, L.H., *ed*. Masculinities and violence. Thousand Oaks, Calif.: Sage. p. 197-232.)

Keck, L.E. 2000. Second Corinthians to Philemon. (*In* Keck, L.E.,Gundry-Volf, J.M. & Smith, A. *eds.* The new interpreters Bible, volume XI. Nashville, Tenn.: Abingdon Press. p. 501-507.)

Kirpal, S. 2004. Work identities of nurses: between caring and efficiency demands. *Career development international*, 9(3):272-304.

Klicker, R.L. 2000. A student dies, a school mourns: dealing with death and loss in the school community. Philadelphia, Pa.: Accelerated Development.

Kofodimus, J.R. 1990. Regaining balance. *Executive excellence,* 7(8):3-5.

Kornstein, S.G., Schatzberg, A.F., Thase, M.E., Yonkers, K.A., McCullough, J.P., Keitner, G.I., *et al*. 2000. Gender differences in chronic major and double depression. *Journal of affective disorders*, 60:1-11.

König, A. 1995. Stof jou doop af: Sê die Bybel meer oor die doop as wat ons dink? Lux Verbi: Kaapstad.

Kotze, E. 1995. The social construction of a family therapy training programme. Johannesburg: RAU. (Proefskrif - DLitt. et Phil.)

Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 1997. Social construction as a postmodern discourse: an epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica,* 17(1):7-8.

Krog, A. 2005. ‘n Ander tongval. Kaapstad: Tafelberg

Krueger, R.A. & Casey, M.A. 2009. Focus groups: a practical guide for applied research. 3rd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage.

Kübler-Ross, E. & Kessler, D. 2005. On grief and grieving: finding the meaning of grief through the five stages of loss. London: Simon & Schuster.

Kruger, J. 2012. Navorsingsmetodes. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. Studiegids.

Labich, K. 1993. The new unemployed. *Fortune,* 127(5):40-49.

Labuschagne, J.N.R. 2008. Die ander vrou- ‘n Outo-etnografiese studie van die beroepsbelewenis van ‘n predikant. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (Proefskrif-Ph.D.)

Lachman, M.E. 2001. Handbook of midlife development. New York: Wiley.

Lachman, M.E. 2004. Development in midlife. *Annual review of psychology,* 55:305-331.

Lamott, A. 1995. Bird by bird. Some instructions on writing and life. New York: Anchor books.

Lara, T. & Kindsvatter, A. 2010. A structural approach to assisting families recovering from job loss. *Family journal: counseling and therapy for couples and families,* 18(4):344-348.

Leana, C.R. & Feldman, D.C. 1990. Individual responses to job loss: empirical findings from two field studies. *Human relations*, 43(11):115-1181.

Leitch,R.A. 2006. Prepared for a world that no longer exists: white Afrikaner males revise identity for a transformed world. Cape Town: University of Cape Town. (Thesis - Ph.D.)

Lieblich, A., Tuval-Mashiach, R. & Zilber, T. 1998. Narrative research: reading analysis and interpretation. Thousand Oaks, Calif.: Sage.

Lincoln, A.T. 1990. Ephesians. World Biblical commentary, 42. Dallas, Tex.: Word Books.

Lloyd,S., Roodt, G. & Odendaal, A. 2011. Critical elements in defining work based identity in post-apartheid South-Africa. *SA journal of industrial psychology* / *SA tydskrif vir bedryfsielkunde*, 37(1):Art.#894, 15 pages.

Loader, J. 1987. Die boek Job. (*In* Burden, J.J. & Prinsloo, W.S., *ed*. Tweegesprek met God. Die literatuur van die Ou Testament, v. 3. Kaapstad: Tafelberg. p. 1-7.)

Logan, L. 1998. South Africa tries affirmative action. *CNN News*, 8 October. [Electronic document.] http://www.cnn.com/WORLD/africa/9810/08/safrica.affirmative.action/ Date of access: 10 August 2017.

Loubser, J. 2010. The spiritual and psychosocial gender specific stories of adolescent orphans affected by HIV and AIDS in the absence of a father figure: a postfoundational practical theological approach. Pretoria: University of Pretoria.

Louw, D.A., Van Ede D.M. & Louw A.E. 1998. Human development. 2de uig. Kaapstad: Kagiso Tertiary.

Louw, D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Wellington: Lux Verbi.

Louw, D.J. 2008. Cura vitae: Illness and the healing of life in pastoral care and counseling: a guide for caregivers. Wellington: Lux Verbi.

Louw, D.J. 2014. Identity and dignity within the human rights discourse: An anthropological and praxis approach. *Verbum et Ecclesia* 35(2), Art. #876, 9 pages.

Louw, J.P.L. & Nida, E.A. 1989. Greek-english lexicon of the new testament based on semantic domains. Bible Society of South Africa: Cape Town.

Lowe, R. 1991. Postmodern scenes and therapeutic practices: notes towards the definition of family therapy, part 2. *Dulwich Centre newsletter,* 3:41-52.

Maddox, R. 1990. The recovery of theology as a practical discipline. *Theological studies*, 51:650-672.

Maharaj, K., Ortlepp, K. & Stacey, A. 2008. Psychological contracts and employment equity practices: a comparative study. *Management dynamics / Bestuursdinamika,* 17(1):16-30.

Malina, B. 2001. The New Testament world: insights from cultural anthropology. 3rd ed. Louisville, Ky.: Westminster John Knox Press.

Mallinckrodt, B. & Fretz, B.R. 2002. Social support and the impact of job loss on older professionals. *Journal of counseling psychology*, 35(3):281-286.

Marais, H. 2001. South Africa, limits to change: the political economy of transition. Cape Town: Zed Books.

Marcus, S.M., Young, E.A., Kerber, K.B., Kornstein, S., Farabaugh, A.H., Mitchell, J., Wisniewki, S.R., Balasubramani, G.K., Trivedi, M.H. & Rush, A.J. 2005. Gender differences in depression. *Journal of affective disorders*, 87(2/3):141-150.

McArdle, S., Waters, L., Briscoe, J.P. & Hall, D.T. 2007. Employability during unemployment: adaptability, career identity and human and social capital. *Journal of vocational behavior,* 71(2):247-264*.*

McCann, J.R. 1996. The book of Psalms: introduction, commentary, and reflections. (*In* The New Interpreter's Bible: general articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes, v. 4. Nashville, Tenn.: Abingdon Press. p. 639-1280.)

McCaughey, N. 2003. The art of midlife: myths and new realities. Hudson Institute Coaching Certification: 1-17.

McFayden, R.G. & Thomas, J.P. 1997. Economic and psychological models of job search behavior of the unemployed. *Human relations,* 50(12):1461-1484*.*

McKenzie, W. & Monk, G. 1997. Theoretical approaches to personality. New York: Dutton.

McKim, D.K. 2001. Introducing the reformed faith: Biblical revelation, Christian tradition, contemporary significance. London: Westminster John Knox Press.

Meier, P., Arterburn, S. & Minirith, F. 1999. Mood swings. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers.

Migliore, D.L. 2004. Faith seeking understanding: an introduction to Christian theology. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Mills, C. 1997. The racial contract. London: Cornell University Press.

Milne, B. 1993. The message of John. Leicester: Intervarsity Press.

Moloney, F.J. & Harrington, D.J. 1998. The gospel of John. Minnesota: The Liturgical Press.

Monk, G., Winsdale, J., Crocket, K. & Epston, D. 1997. Narrative therapy in practice. San Francisco, Calif.: Jossey-Bass.

Moolman,B. 2004. The reproduction of an 'ideal' masculinity through gang rape on the Cape Flats: understanding some issues and challenges for effective redress. *Agenda, empowering women for gender equity*, 18(60):109-124.

Moore, Z. 2002. Introducing feminist perspectives on pastoral theology. New York: Sheffield Academic Press.

Morgan, A. 2000. What is narrative therapy? An easy-to-read introduction. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Morgan, D.L. 1997. Focus groups as qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage. (Qualitative research methods series, 16.)

Morse, N.C. & Weiss, R.S. 1995. The function and meaning of work and the job. *American sociological review,* 20(2):191-198.

Müller, J.C. 1996. Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie. Pretoria: RGN Uitgewery.

Müller, J.C. 1999. Companions on the journey. Johannesburg: Lagos Electronic Publishers.

Müller, J.C. 2004. HIV/AIDS, narrative practical theology and postfoundationalism: the emergence of a new story. *Hervormde teologiese studies*, 60(1&2):293-306.

Müller, J.C. 2009. Tranversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and Vigs as a case study. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 24(2):199-228.

Müller, J.C. & Maritz, B. 1998. Die waarde van metafore binne die hermeneutiese pastorale sisteem. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 13(1):64-71.

Müller, J & Trahar, S. 2016. Facing our whiteness in doing Ubuntu research. Finding spatial justice for the researcher. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 72(1), a3510. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i1.3510

Müller, J.C., van Deventer, W., & Human, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 16(2):76-96.

Munday, J.S. 2007. Hidden grief, forbidden grief. *Grief digest quarterly magazine*, 4(4):10.

Murphy, G.C. & Athanasou, J.A. 1999. The effect of unemployment on mental health. *Journal of occupational and organizational psychology,* 72*(*1):83-99.

Murray, J.A. 2001. Loss as a universal concept: a review of the literature to identify common aspects of loss in diverse situations. *Journal of loss and trauma,* 6(3):219-241.

Nadar, S. 2009. Who's afraid of the Mighty Men's Conference? http://iam.org.za/wp-content/uploads/2016/03/Evil-Of-Patriarchy-Report.pdf Date of access: 10 September 2017.

Nagel, T. 2003. Rawls and liberalism. (*In* Freeman, S., *ed.* The Cambridge companion to Rawls. Cambridge: Cambridge University Press. p. 66.)

Neck, C. & Milliman, J. 1994. Thought self-leadership: finding spiritual fulfilment in organizational life. *Journal of managerial psychology,* 9(6):9-16.

Newbigin, L. 1989. The gospel in a pluralist society. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Newman, I. & Benz, C.R. 1998. Qualitative-quantitative research methodology: exploring the interactive continuum. Southern Illinois University Press: Illionis

Newsom, C.A. 1996. The New Interpreter's Bible, v. 4. Nashville, Tenn.: Abingdon.

Nicholson, S. 1995. A narrative dance. *Australian and New Zealand journal of family therapy,* 16(1):23-28.

Nielsen, K. 1997. Ruth. The Old Testament Library. Louisville, KEI: John Knox Press.

Noordwes-Universiteit. 2013. Handleiding vir meestersgraad- en doktorale studie. Potchefstroom: NWU.

Nouwen, H.J.M. 1998. Ministry and spirituality. New York: Continuum.

O'Connor, K. & Chamberlain, K. 1996. Dimensions of life meaning: a qualitative investigation at mid-life. *British journal of psychology,* 87(3):461-477.

O'Day, G.R. 1995. The Gospel of John: Introduction, commentary and reflections. (*In* Keck, E. *ed.* The new interpreters Bible, volume IX. Nashville, Tenn.: Abingdon Press. p. 491-865.)

Okin, S.M. 1989. Justice as fairness: for whom? (*In* Fisk, M. Justice:key concepts in critical theory. New Jersey: Humanities Press.)

Olen, J. & Barry, V. 1991. Applying ethics: a text with readings Belmont, Calif.: Wadsworth.

Oles, P.K. 1999. Towards a psychological model of midlife crisis. *Psychological reports,* 84(3):1059-1069*.*

Onwuegbuzie, A.J., Dickinson, W.B., Leech, N.L. & Zoran, A.G. 2009. A qualitative framework for collecting and analyzing data in focus group research*. International journal of qualitative methods,* 8(3):1-21*.*

O'Reilly, J. 1992. The trees of Eden in mediaeval iconography. (*In* Morris, P. & Sawyer, D. A walk in the garden: biblical iconographical and literary images of Eden**.** Bloomsbury: T&T Clark. p. 167-204.)

Organization for Economic Cooperation and Development. 2011. Social justice in the OECD: How do the member states compare? Sustainable governance indicators 2011. http://www.sgi-network.org/docs/studies/SGI11_Social_Justice_OECD.pdf Datum van gebruik: 2 Mei 2018 .

Osmer, R.R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Osmer, R.R. 2011. Practical theology: a current international perspective. *HTS teologiese studies / Theological studies,* 67(2):1-7.

Padayachee, V. 2006. Development discourses in post apartheid South Africa. (*In* Padayachee, V. *ed.* The development decade? Economic and social change in South Africa: 1994-2004. Cape Town: Human Sciences Research Council. p. 7)

Parker, G., Fletcher, K., Paterson, A., Anderson, J. & Hong, M. 2014. Gender differences in depression severity and symptoms across depressive sub-types. *Journal of affective disorders*, 167:351-357.

Parkes, C.M., & Prigerson, H.G. 2010. Bereavement: studies of grief in adult life. New York: Routledge.

Parrish, P. & Parrish, G. 2011. Finding hope in times of grief. Eugene, Oreg.: Harvest House Publishers.

Payne, M. 2000. Narrative therapy. London: Sage.

Parry, A. 1991. A universe of stories. *Family process*, 30:37-54.

Parry, A. & Doan, R.E. 1994. Story re-visions: Narrative therapy in the postmodern world. New York: Guildford.

Pienaar, H.E. 2014. An epistemology of facilitation: A Julian Müller story. *Verbum et Ecclesia* 35(2), Art. #863, 12 pages.

Pienaar, H.E. & Müller, J.C. 2012. The practical theologian as decentred but influential facilitator. *HTS teologiese studies* / *Theological studies*, 68(2), Art. #1307, 10 pages.

Pieterse, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN uitgewery.

Pieterse, H.J.C. 2009. Prediking oor die koninkryk van God: 'n uitdaging in 'n nuwe konteks van armoede. *HTS teologiese studies* / *Theological studies*, 65(1), Art. #106, 6 pages.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1987. Psigologie woordeboek. 2de uitg. Johannesburg: McGraw-Hill.

Prigerson, H.G. & Maciejewski, P.K. 2008. Grief and acceptance as opposite sides of the same coin: setting a research agenda to study peaceful acceptance of loss. *British journal of psychiatry,* 193(6):435-437.

Prinsloo, W.S. 1982. Die boek Rut. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Qunta, C. 1995. Who's afraid of affirmative action: a survival guide for black professionals. Cape Town: Kwela Books.

Rando, T. 1993. Treatment of complicated mourning. Champaign, Ill.: Research Press.

Rawls, J. 1971. A theory of justice. Oxford: Oxford University Press.

Rawls, J. 2001. Justice as fairness. A Restatement. London: Harvard University Press

Rawls, J. 2003. A theory of justice. Harvard : Harvard University Press

Reid, J. 2002. ‘n Narratiewe dekonstruksie van aggressie by kinders. Vanderbijlpark: PU vir CHO. Vaaldriehoek Kampus. (Verhandeling - MA.)

Reyneke, C.J.S. 2005. ‘n Prakties-teologiese narratiewe navorsing van die aanpassingsproses van ‘n gesin wat van Suid-Afrika na Nieu-Seeland verhuis het. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - PhD.)

Ricoeur, P. 1983. Temps et récit, I. Paris: Seuil.Rip, C.M.

Rip, C.M. 1981. Contemporary social pathology. 2nd ed. Pretoria: Academica.

Roberts, J. 1997. Verlos en vry: Kolossense en Filemon. Die Woord vir mense. Orion: Halfway house.

Roy, A. 1991. The book of Job: A grief and human development interpretation. *Journal of religion and health*. 30: 149-159.

Rubin, H.J. & Rubin, I. 2005. Qualitative interviewing: the art of hearing data. Thousand Oaks, Calif: Sage.

Ruether, R. 1996. Patriarchy. (*In* Isherwood, L. & McEwan, D., *eds*. An A-Z of feminist theology. London: Sheffield Academic Press. p. 173-174.)

Sandel, M. 2009. Justice; what's the right thing to do? Farrar, Straus and Giroux:New York.

Santrock, J.W. 2006. Life-span development. New York: McGraw-Hill Education.

Savickas, M.L., Nota, L., Rossier, J., Dauwalder, J.P., Duarte, M.E., Guichard, J. & Van Vianen, A.E. 2009. Life designing: a paradigm for career construction in the 21st century. *Journal of vocational behavior,* 75930:239-250*.*

Sawyer, J.F.A. 1992. The image of God, the wisdom of serpents and the knowledge of good and evil. (*In* Morris, P. & Sawyer, J.J., *eds*. A walk in the garden: biblical iconographical and literary images of Eden. Sheffield: JSOT Press. p. 64-73.)

Scheibe, K.E. 1986. Self-narratives and adventure. (*In* Sarbin, T.R., *ed*. The storied nature of human conduct. Westport, Conn.: Praeger. p. 129-151.)

Scherlen, A. & Robinson, M. 2008. Open access to criminal justice scholarship: A matter of social justice. *Journal of Criminal Justice Education,* 19(1):54-74.

Schoenfeldt, M. 1999. Picking up the pieces: responding to school crisis. Marysville, Wash.: Schoenfeldt & Associates.

Schrag, C.O. 1997. The self after postmodernity. New Haven, Conn.: Yale University Press.

Schurink, E.M. 1998. Participatory action research as a tool for sustainable social development and reconstruction. (*In* De Vos, A.S. ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: J.L. van Schaik. p. 405-418.)

Schwefel, D. 1986. Unemployment, health and health services in German-speaking countries. *Social science & medicine,* 22(4):409-430.

Shallcross, L. 2012. Bring work home. *Counseling today,* 54(10):32-38.

Shanahan, M.J. & Porfeli, E.P. 2002. Integrating the life course and life-span: formulating research questions with dual points of entry. *Journal of vocational behavior,* 61(3):396-406*.*

Sherman, D. & Hendricks, W. 1987. Your work matters to God. Colorado Springs: Nav Press.

Shotter, J. 1993. Conversational realities: constructing life through language. London: Sage.

South Africa. Department of Labour. 1998. Chapter 1: Definitions, purpose, interpretation and application. Employment Equity Act. Electronic document. http://www.labour.gov.za/DOL/downloads/legislation/acts/how-tos/Employment%20Equity/Act%20-%20Employment%20Equity.pdf/view?searchterm=Employment%20act Date of access: 5 August 2017.

Stassen, S.L. 2004. Die benutting van die Rutverhaal in die pastoraal-terapeutiese begeleiding van onderdrukte en getraumatiseerde vrou. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling - ThM.)

Stets, J.E. & Burke, P.J. 2003. A sociological approach to self and identity. (*In* Leary, M.R. & Tangney, J.P. Handbook of self and identity. New York: Guilford Press. p. 128-152.)

Steyn, M. 2001. Whiteness just isn't what it used to be: white identity in a changing South Africa. Albany, N.Y.: State University of New York Press

Stewart, D.W., Shamdasani, P.N. & Rook, D.W. 2007. Focus groups: theory and practice. Thousand Oaks, Calif.: Sage.

Story, C.I.K. 1991. The mental attitude of Jesus at Bethany: John 11:33,38. *New Testament Studies* 37(1):51-66.

Stroebe, W. & Stroebe, M. 2001. Bereavement, grief and loss. American *behavioral scientist*, 44(5):854-866.

Stroup, G.W. 1981. The promise of narrative theology. Atlanta: John Knox Press.

Struwig, F & Stead, G. 2007. Planning, design and reporting research. Cape Town: Pearson Education South Africa.

Strydom, H. 1995. Die donker kant van regstellende aksie. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, Junie, 159-162.

Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in social sciences and human services professions. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grassroots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 56-70.)

Subich, L.M. 2001. Dynamic forces in the growth and change of vocational psychology. *Journal of vocational behavior,* 59(2):235-242*.*

Super, D.E. 1990. A life-span, life-space approach to career development. (*In* Brown, D., L. Brooks & Associates. Career choice and development: applying contemporary theories to practice*.* 2nd ed. San Francisco, Calif.: Jossey-Bass. p. 102-144.)

Swart, C. 2013. Re-authoring the world. Randburg: Knowledge Resources Publishing.

Swart, S. 1998. A boer and his gun and his wife are three things always together: republican masculinity and the 1914 rebellion. *Journal of Southern African studies*, 24(4):737-751.

Swart.S. 2001. Man, gun and horse: hard right Afrikaner masculine identity in post-apartheid South Africa (*In* Morrell, R., *ed*. Changing men in Southern Africa. Scottsville: University of Natal Press. p. 75-90.)

Swinton, J. & Mowat, H. 2006. Practical theology and qualitative research. London: SCM Press.

Terrien, S. 2003. The Psalms: strophic structure and theological commentary. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

Thatcher, A. 1999. Marriage after modernity: Christian marriage in postmodern times. New York: New York University Press.

Thompson, D. & Van der Walt, A. 2008. Affirmative action: only a shield? Or also a sword? Harmse v City of Cape Town (2003) 24 ILJ 1130 and Dudley v City of Cape Town (2004) 25 ILJ 305 (LC): case. *Obiter*, 28(3):636-646.

Tracy, D. 1987. Christianity in the wider context: demand and transformaions. (*In* Schweiker, W. & Anderson, M., *eds.* Worldviews and Warrants: plurality and authority in theology. Lanham: University Press of America. p2.)

Trolley, B.C. 1994. A bridge between traumatic life events and losses by death. *Omega journal of death and dying*, 28(4):285-300.

Tullock, J.H. & McEntire, M. 2009. The Old Testament Story. Upper Saddle River, NJ: Pearson Prentice Hall.

Turkel, G. 1990. Michel Foucault: law, power and knowledge. *Journal of law and society,* 17(2):170-193.

Van den Berg, J-A. 1998. Metaforiese pastorale gesinsterapie. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - PhD.)

Van den Berg, J-A. 2010. An (auto)biographical theologica habitus- future perspectives for the workplace. *Acta theologica,* 13:1-148.

Van der Merwe, J.C. 1994. Regstellende aksie: prinsipiële riglyne. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks F1: Instituut Vir Reformatoriese Studie. IRS-studiestukke 313.

Van Dyke, F. 1997. Bridging the gap: Christian environmental stewardship and public environmental policy. *Trinity Journal*, 18(2):139-172.

Van Niekerk, M. 2016. Glitz, bling, beef and guns: behind the chauvinism of white South Africa. *The conversation*, 5 May. http://theconversation.com/glitz-bling-beef-and-guns-behind-the-chauvinismof-white-south-africa-26254 Date of access: 25 May 2017.

Van Rensbug, F.J. 1993. Fillipense. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. *eds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: CUM. p. 1837.)

Van Staden, N. 2014. The Sunday service as a space of nurture towards an alternative masculinity in a context of a lower income white Afrikaans community. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Dissertation - MTh.)

Van Wolde, E.J. 1991. The story of Cain and Abel: a narrative study. *Journal for the study of the Old Testament*, 52:25-41.

Van Wyk, J.A. 1988. 'n Christelike etiek van die arbeid. NG Kerk Boekhandel: Pretoria

Van Zyl, A.H., *red.* 1989. Psalms. (*In* Van Zyl, A.H. Verklarende Bybel. Kaapstad: Lux Verbi. p. 141.)

Venieris, D. 2013. Crisis social policy and social justice: The case of Greece, Hellenic observatory papers on Greece and Southeast Europe. London: London School of Economics and Political Science.

Volf, M. 1991. Work in the Spirit: toward a theology of work. New York: Oxford University.

Volf, M. 1996. Exclusion and embrace. Nashville: Abingdon press.

Volf, M. 2001. Work in the Spirit: toward a theology of work. Oregon: Wipf and Stock Publishers.

Volf, M. 2009. God, justice and love: the grounds for human flourishing. *Books and culture: a christian review.* January/February: p 1-5.

Von Rad, G. 1987. Genesis. London: SCM Press.

Vosloo, W. 1988. Die tuinverhaal: 'n narratologiese ondersoek van Genesis 2-3. (*In* Prinsloo, W.S. & Vosloo, W. Die tuinverhaal: 'n narratologiese ondersoek van Genesis 2-3. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 158-173.)

Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. 1993. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: CUM.

Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J. 1999. Die Bybellennium: een volume kommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM).

Warren, L.W. 1983. Male intolerance of depression: a review with implications for psychotherapy. *Clinical psychology review*, 3:147-156.

Webster, J. & Schner, G. 2000. Theology after liberalism: a reader. Malden: Mass.: Blackwell Publishers.

Westermann, C. 1990. Genesis 1-11. Minneapolis, Minn.: Augsburg Publishing House.

Whiston, S.C. & Keller, B.K. 2004. The influences of family origin on career development: a review and analysis. *Counseling psychologist,* 32(4):493-568.

White, M. 1986. Negative explanation, restraint and double prescription: a template for family therapy. *Family process,* 25(2):169-184.

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Adelaide Dulwich Centre Newsletter,* 3:21-40.

White, M. 1995. Re-authoring lives: Interviews and essays. Adelaide: Dulwich Centre

White, M. 2002. Workshop notes on narrative therapy. Adelaide: Dulwich Centre publications. http://www.dulwichcentre.com.au Date of access: 28 September 2017.

White, M. & Epston, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. London: Norton.

Wiklund, L. 2010. Metaphors: a path to narrative understanding. *International journal for human caring,* 14(2):60-69.

Willard, D. 1999. The spirit of the disciplines: understanding how God changes lives. San Francisco, Calif.: Harper Collins Publishers.

Wilson, R.E. 2015. Positioning within a cultural context: using Ricoeur's preunderstandings as a heuristic for narrative data analysis in exploring identity, structure, and agency. *International journal of qualitative studies in education (QSE),* 28(8):887-905.

Witney, M.N. 2012. Using metaphor and narrative ideas in trauma and family therapy. *HTS Teologiese studies/ Theological studies*, 68(2), Art.#1165, 5 pages.

Wodak, R. 1996. Discourse analysis: sociolinguistics; group psychotherapy: social aspects. New York: Longman.

Wolter, M. 2006. Pauline ethics according to 1 Corinthians. (*In* Van der Watt, J.G. *ed.*, Identity, Ethics, and Ethos in the New Testament. De Gruyter: Berlin. p. 199-217.)

Wolterstorff, N. 1984. Until justice and peace embrace: two views and a response. *The reformed journal,* December:69.

Wolterstorff, N. 1986. Why care about justice. *The reformed journal,* August:12

Wolterstorff, N. 1987. Until justice and peace embrace. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Wolterstorff, N. 1989a. Liturgy, justice and holiness. *The reformed journal,* December:17.

Wolterstorff, N. 1989b. Theology, law and legitimate government. *Occasional paper.* (2):9.

Wolterstorff, N. 1991a. Justice as a condition of authentic liturgy. *Theology today,* 48:15, 17.

Wolterstorff, N. 1991b. The moral significance of poverty perspectives. *The reformed journal.* February:11.

Wolterstorff, N. 1993. Response. (*In* Cromartie, M. *ed.* Might and right after the cold war: can foreign policy be moral. Lanham: National book network. p69.)

Wolterstorff, N. 1997. Why should we reject what liberalism tells us: about speaking and acting in public for religious reasons. (*In* Wethman, P.J., *ed.* Religion and contemporary liberalism. Notre Dame. p177-178.)

Wolterstorff, N. 2002. Educating for life. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Wolterstorff. N. 2003. Justice and justification. (*In* Gerrish, B.A. *ed.* Reformed theology for the third Christian millennium: the 2001 sprunt lectures. Louisville" Westminster John Knox. p.83-96.)

Wolterstorff, N. 2008. Justice, rights and wrongs. Princeton: Princeton University Press.

Wolterstorff, N. 2011. Justice in love. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Worden, N. 2000. The making of modern South Africa. Oxford: Blackwell Publishing.

Wright, J.W. 2007. Telling God's story: narrative preaching for christian formation. InterVarsity Press: Illinois.

Zaff, J.F., Blount, R.L., Phillips, L. & Cohen, L. 2002. The role of ethnic identity and self-construal in coping among African American and Caucasian American seventh graders: an exploratory analysis of within-group variance. *Adolescence,* 37(148):751-753*.*

Zimmerman, J.L. & Dickerson, V.C. 1996. If problems talked: narrative therapy in action. New York: Guilford Press.

Zippay, A. 1995. Tracing behavioral changes among discouraged workers: what happens to the work ethic? *Psychologic*

## BYLAE

## BYLAE A: TOESTEMMINGSBRIEF

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOM CAMPUS

# PARTICIPANT INFORMATION LEAFLET AND CONSENT FORM FOR……………………

## TITLE OF THE RESEARCH STUDY: "Begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging: 'n Narratief-pastorale benadering."

**ETHICS REFERENCE NUMBERS: NWU- 00236-18-A6**

**PRINCIPAL INVESTIGATOR: Dr. H. E. Pienaar**

**POST GRADUATE STUDENT: M. Barnard**

**ADDRESS:9 Saundersclose, Fish Hoek, 7975**

**CONTACT NUMBER: 0842502168**

You are being invited to take part in a **research study** that forms part of my Phd thesis regarding white mid-life Afrikaans speaking men that involuntary lost their jobs. Please take some time to read the information presented here, which will explain the details of this study. Please ask the researcher or person explaining the research to you any questions about any part of this study that you do not fully understand. It is very important that you are fully satisfied that you clearly understand what this research is about and how you might be involved. Also, your participation is **entirely voluntary** and

you are free to say no to participate. If you say no, this will not affect you negatively in any way whatsoever. You are also free to withdraw from the study at any point, even if you do agree to take part now.

**This study has been approved by the** Health Research Ethics Committee of the Faculty of Health Sciences of the North-West University (NWU-00236-18-A6) **and will be conducted according to the ethical guidelines and principles of Ethics in Health Research: Principles, Processes and Structures (DoH, 2015) and other international ethical guidelines applicable to this study. It might be necessary for the research ethics committee members or other relevant people to inspect the research records.**

**What is this research study all about?**

- This study will be conducted on a date and in a private venue of your choice as and will involve a semi-structured interview by myself. I am in full time ministry (Masters degree) for 22 years and counselled many traumatized men and woman. I expect to eventually have approximately 12 participants included in this study.
- We plan to determine through this study a number of pastoral guidelines through which white Afrikaans speaking men in their mid-life that involuntary lost their jobs and are going through trauma, can be guided. We trust that the eventual outcome of this study would be beneficial to guide other men through this painful and traumatized process to adapt to live a functionally life.

**Why have you been invited to participate?**

- You have been invited to be part of this research because you are a white Afrikaans speaking man in his midlife that involuntary lost his job.
- You also fit the research because you went through involuntary job loss and you indicated that you would be willing to talk about your experiences.
- You will not be able to take part in this research if you did not lost you job involuntary, if you are not a white Afrikaans speaking man and did not lost your job whilst you were in mid-life.

**What will be expected of you?**

- You will be expected to discuss with me in the course of about 120 minutes your thoughts and feelings as well as be available on e-mail to help me to understand exactly what have been said in the interview. You are most welcome to add to your interview via e-mail. The questions will be along the lines of the following questions:
- What did you experience inside you the moment when you heard that you will be losing your job?
- Do you experience this situation as trauma? Please explain?
- How do you manage this trauma in your life?
- Does it make a difference to lose your job in mid-life?
- What effect did your job loss had on yourself, your marriage, family life, status in the community, income and security?
- What gives you purpose in life?

**Will you gain anything from taking part in this research?**

- The gains for you if you take part in this study will be that you have the opportunity to "download" your feelings and the emotional struggle that you have carried after you lost your job. Just by being able to speak your mind, maybe for the first time, could bring a lot of freedom. It could even have a positive influence on your relationships with those close to you.
- The other gains of the study are for a wider range of people: those who went through the same trauma as you. Those who will be in future struggle with the same emotions and questions. Then there is the research community in general who will also benefit tremendously from the results of a study like this because this field is to a large extend still unexplored is Pastoral Theology.

**Are there risks involved in you taking part in this research and what will be done to prevent them?**

- The biggest risk to you in this study could be that some of the previously psychologically trauma may be triggered. In such circumstances you would be referred to professional therapists.
- There are more gains for you in joining this study than there are risks.

**How will we protect your confidentiality and who will see your findings?**

- Anonymity of your findings will be protected by using codes or code names, safe keeping of the data. Your feeling of privacy will be enhanced by the fact that the interview(s) will take place in a familiar milieu where you can decide where you feel comfortable and private.
- Confidentiality will be ensured by changing identifying data during transcription and deleting the digital recording once it was transcribed, so that no information can be traced to a specific participant. Any possible deductive disclosure will also be prevented during analysis and reporting of data because only the researcher, the study leader will be able to look at your findings. Findings will be kept safe by locking hard copies in locked cupboards in the researcher's office and for electronic data it will be password protected. As soon as data has been described it will be deleted from the records. Data will be stored for 5 years.

## What will happen with the findings or samples?

- Recommendations will be made in the concluding chapter of this study that the findings of the study will most probably to a large extend be applicable to a number of other white Afrikaans men in their mid-life that involuntary lost their jobs. Regarding any further study in future which might make use of the findings of this study, the approval of the REC must however first be obtained and the REC will stand in on behalf of every respondent in this study. Only I and the study leader will have access to it. As already mentioned the data will be kept in a locked cupboard at home.

## How will you know about the results of this research?

- We will give you the result of this research when this study has finally been approved by the examination committee of the Theological Faculty of the North-West University and I will e-mail you that the final results of the study are available.

- You will be informed of all the relevant findings by means of an e-mail through which a summary of the final results of this study will be sent to you.

**Will you be paid to take part in this study and are there any costs for you?**

- This study is not funded by any person or institution.
- There is no remuneration for this study. There will be no costs involved for you, if you take part in this study.

**Is there anything else that you should know or do?**

- You can contact Martin Barnard at 0842502168 if you have any further questions or have any problems.
- You can also contact the Health Research Ethics Committee via Mrs Carolien van Zyl at 018 299 1206 or carolien.vanzyl@nwu.ac.za if you have any concerns that were not answered about the research or if you have complaints about the research.
- You will receive a copy of this information and consent form for your own purposes.

## Declaration by participant

By signing below, I ………………………………..…………. agree to take part in the research study titled: **"Begeleiding van die middeljarige wit Afrikaanse man tydens verpligte aflegging: 'n Narratief-pastorale benadering"**

**I declare that:**

- I have read this information/it was explained to me by a trusted person in a language with which I am fluent and comfortable.
- The research was clearly explained to me.
- I have had a chance to ask questions to both the person getting the consent from me, as well as the researcher and all my questions have been answered.
- I understand that taking part in this study is **voluntary** and I have not been pressurised to take part.
- I may choose to leave the study at any time and will not be handled in a negative way if I do so.
- I may be asked to leave the study before it has finished, if the researcher feels it is in my best interests, or if I do not follow the study plan, as agreed to.

Signed at (*place*) ......................…........…………….. on (*date*) …………....……….. 20....

| | |
|---|---|
| ................................................................... | ................................................................... |
| Signature of participant | Signature of witness |

## Declaration by researcher

I *(name)* **<u>MARTIN BARNARD</u>** declare that:

- I explained the information in this document to ………………………………..
- I did/did not use an interpreter
- I encouraged him/her to ask questions and took adequate time to answer them.
- The informed consent was obtained by an independent person.
- I am satisfied that he/she adequately understands all aspects of the research, as described above.
- I am satisfied that he/she had time to discuss it with others if he/she wished to do so.

Signed at (*place*) ......................…........……………….. on (*date*) …………....……….. 20....

| | |
|---|---|
| ................................................................................. | ............................................................................ |
| **Signature of researcher** | **Signature of witness** |

## BYLAAG B

## ONDERHOUDSKEDULE- INTERVIEW SCHEDULE

In hierdie studie sal daar gebruik gemaak word van Sandelowski (2010) se beskrywende kwalitatiewe ontwerp wat basies impliseer dat die nodige inligting versamel moet word, beskryf word en dan verwerk moet word. Die verdere implikasie van Sandelowski se ontwerp sal wees dat daar gebruik gemaak sal word van semi-gestruktureerde onderhoude. Die volgende vrae sal tydens hierdie onderhoude aan die orde wees:

1. Vertel my van jou huidige gesinsopset, asb?
2. Hoe dink jy as wit Afrikaner man oor werk?
3. Waarom, oordeel u, is dit nodig om te werk?
4. Wat het aanleiding gegee tot die verpligte aflegging?
5. Vertel my meer oor die tyd toe jy hoor daar is sprake dat jy jou werk gaan verloor?
6. Wanneer het jou vrou daarvan gehoor? By wie het sy dit gehoor?
7. Wat het jy beleef toe jy finaal hoor dat jy jou werk gaan verloor? Hoe het jy gevoel hier binne jou?
8. Maak dit ‘n verskil dat jy in jou middeljare is, toe jy jou werk verloor het? Verduidelik asb?
9. Watter druk plaas die feit dat jy jou werk verloor het op jou met betrekking tot jouself, vrou, gesin, ander mense in jou gemeenskap en jou verhouding met God?
10. Twyfel jy oor jou huwelik?
11. Watter effek het dit op jou selfbeeld in die geheel maar ook in die besonder met betrekking tot status, inkomste en sekuriteit?
12. Direk na die afleggingsproses, toe jy vir die laaste keer by die hek uitstap, hoe het jy oor die toekoms gevoel?
13. Hoe voel jy nou oor die toekoms?
14. Wat het die verskil gemaak?
15. Wat gee aan jou sin en betekenis in die lewe?
16. Hoekom dink jy laat werk ’n man beter voel?

17. Hoe dink jy oor aftrede?

Onderhoude sal gevoer word totdat daar 'n duidelike punt van saturasie bereik is, ander woorde totdat geen nuwe temas meer na vore kom nie.

Sandelowski, M. 2010, What's in a name? Qualitative description revisited. *Research in nursing & health,* 33 (1):77-84.